

ANTITESES IN DIE BOEK MALEAGI

deur

STEPHANUS DANIEL SNYMAN

Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad


DOCTOR DIVINITATIS

in die

Fakulteit Teologie
(Nederduitse Gereformeerde Kerk)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Mei 1985



1317227

Promotor: Prof. dr. W.S. Prinsloo

Vir my ouers
Vir Estie en ons kinders

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	xii
AFKORTINGS	xiv
<u>HOOFSTUK 1: INLEIDING</u>	
1. Algemene opmerkings	1
1.1 Objek en nadere omskrywing van die studie	1
1.2 Motivering vir die studie	1
1.3 Breë uiteensetting van die aanpak van die studie	6
2. Kursoriese oorsig oor die hoofprobleme in die onlangse navorsingsgeskiedenis van die boek Maleagi	7
2.1 Die naam van die profeet	7
2.2 Die datering van die boek	8
2.3 Rangskikking van die volgorde van die perikope	9
2.4 Maleagi as laaste boek van die twaalf Klein Profete	9
2.5 Die slot van die boek	10
2.6 Eksegetiese vraagstukke in die boek Maleagi	10
2.7 Die Gattung van die boek Maleagi	12
2.8 Die Teologie van die boek Maleagi	13
2.9 Gevolgtrekking	13
<u>HOOFSTUK 2: METODOLOGIESE VERANTWOORDING</u>	
1. Inleidende opmerkings	14
2. Die afbakening van die perikope	22
3. Tekskritiese ondersoek	26
4. Analise van die opbou van 'n perikoop	30
5. Ondersoek na die Gattung	35
6. Tradisiekritiek	37
7. Redaksiekritiek	39
8. Bepaling van die boodskap	40

**HOOFSTUK 3: DIE AFBAKENING VAN DIE PERIKOPE EN TEKSKRITIESE
ONDERSOEK VAN DIE BOEK MALEAGI**

1. Die afbakening van die boek Maleagi in die konteks van die Hebreëuse kanon	42
1.1 Die opskrif van Maleagi (1:1)	42
1.2 Die afbakening van die verskillende perikope van die boek Maleagi	44
1.2.1 Die afbakening van perikoop A - Maleagi 1:2-5	44
1.2.2 Die afbakening van perikoop B - Maleagi 1:6 - 2:9	46
1.2.3 Die afbakening van perikoop C - Maleagi 2:10-16	47
1.2.4 Die afbakening van perikoop D - Maleagi 2:17 - 3:5	49
1.2.5 Die afbakening van perikoop E - Maleagi 3:6-12	52
1.2.6 Die afbakening van perikoop F - Maleagi 3:13-21	53
1.2.7 Die afbakening van perikoop G - Maleagi 3:22-24	55
2. Tekskritiese ondersoek	56
2.1 Maleagi 1:13	56
2.2 Maleagi 2:3	57
2.3 Maleagi 2:10	57
2.4 Maleagi 2:16	58
2.5 Maleagi 3:8	59

**HOOFSTUK 4: DIE IDENTIFISERING VAN ANTITESES IN DIE BOEK
MALEAGI**

PERIKOOP A: MALEAGI 1:2-5

1. Struktuuranalise van Maleagi 1:2-5	60
2. Die strukturele opbou van Maleagi 1:2-5	61

2.1 Die verbinding van die kola	61
2.1.1 Motivering vir die verbindig van die subkola	61
2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola	63
2.2 Chiasmes in Maleagi 1:2-5	63
3. Die Gattung van Maleagi 1:2-5	67
4. Tradisiekritiek	70
5. Antiteses in Maleagi 1:2-5	71
5.1 Antitese tussen die liefde van Jahwe en die bevraagtekening daarvan deur die volk	71
5.2 Die antitese Jakob/Esau, liefde/haat	71
5.3 Antitese tussen kolon 2 en kolon 2.1	77
5.4 Antitese tussen Edom en Jahwe	77
5.5 Antitese in kolon 2.5	79
5.6 Antitese in die makrostruktuur van die boek Maleagi	79
6. Die boodskap van Maleagi 1:2-5	80
<u>PERIKOOP B: MALEAGI 1:6 - 2:9</u>	
1. Struktuuranalise van Maleagi 1:6 - 2:9	82
2. Die strukturele opbou van Maleagi 1:6 - 2:9	85
2.1 Die verbinding van die kola	85
2.1.1 Motivering vir die verbinding van die subkola	85
2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola	91
2.2 Onderverdeling van Maleagi 1:6 - 2:9	93
2.3 Inclusio in Maleagi 1:6 - 2:9	95

3. Die Gattung van Maleagi 1:6 - 2:9	95
4. Redaksiekritiek	96
5. Antiteses in Maleagi 1:6 - 2:9	99
5.1 Antitese tussen kolon 3 en kola 4-10	99
5.2 Antitese tussen 'n owerheidspersoon en Jahwe	100
5.3 Antitese tussen kolon 7 en die res van perikoop B1	101
<u>Ekskursie:</u> Maleagi 1:11 - 'n omstrede teks in die boek Maleagi	102
5.4 Antitese van seën:vloek in kolon 12-13	109
5.5 Antitese tussen goeie priesters en slegte priesters	110
5.6 Antitese tussen kola 3 en 12 en 14	112
5.7 Antitese tussen kolon 3 en subkolon 14.15	113
6. Die boodskap van Maleagi 1:6 - 2:9	114
 <u>PERIKOOP C: MALEAGI 2:10-16</u>	
1. Struktuuranalise van Maleagi 2:10-16	116
2. Die strukturele opbou van Maleagi 2:10-16	117
2.1 Die verbinding van die kola	117
2.1.1 Motivering vir die verbinding van die kola	117
2.2 Onderverdeling van Maleagi 2:10-16	119
2.3 Strukturele ooreenkoms tussen Perikope B en C	119
2.4 Die voorkoms van die אמר יהוה צבאות -formule	120
2.5 Die chiastiese opbou van Maleagi 2:10-16	120
3. Die Gattung van Maleagi 2:10-16	122
<u>Ekskursie:</u> Maleagi 2:10-16: 'n Eksegetiese en tekskritiese mynveld	123
4. Antiteses in Maleagi 2:10-16	128
4.1 Die antitese tussen kola 15-16 en die res van die perikoop	128

4.2 Die antitese tussen vroom godsdienstige handeling en gebrekkige horisontale verhoudinge	129
4.3 Enkele ander antiteses in Maleagi 2:10-16	131
5. Die boodskap van Maleagi 2:10-16	133

PERIKOOP D: MALEAGI 2:17 - 3:5

1. Struktuuranalise van Maleagi 2:17 - 3:5	136
2. Die strukturele opbou van Maleagi 2:17 - 3:5	137
2.1 Die verbinding van die kola	137
2.1.1 Motivering vir die verbinding van die subkola	137
2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola	138
2.2 Chiasmes in Maleagi 2:17 - 3:5	140
2.3 Sinonieme parallelisme in kola 35 en 36 en 38 en 39	141
2.4 Subjekwisseling in Perikoop D	141
3. Die Gattung van Maleagi 2:17 - 3:5	142
4. Tradisiiekritiek	143
5. Redaksiiekritiek	144
6. Antiteses in Maleagi 2:17 - 3:5	147
6.1 Antitese tussen diegene wat kwaad doen en diegene wat goed doen	147
6.2 Antitese met betrekking tot die reg van Jahwe	147
6.3 Antitese tussen die volk se verwagting van die God van die reg en die optrede van die God van die reg	148
6.4 Verskil in beklemtoning tussen kola 34-41 en 31-33, 42 Maleagi 3:1b-4 en 2:17 - 3:1a en 5	149
6.5 Antitese tussen Perikoop D en Perikope B en C	151

7. Die boodskap van Maleagi 2:17 - 3:5	151
--	-----

PERIKOOP E: MALEAGI 3:6-12

1. Struktuuranalise van Maleagi 3:6-12	154
2. Die strukturele opbou van Maleagi 3:6-12	155
2.1 Die verbinding van die kola	155
2.1.1 Motivering vir die verbinding van die subkola	155
2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola	158
2.2 Chiasmes in Maleagi 3:6-12	159
2.3 Parallelismes in Maleagi 3:6-12	160
2.4 Waar begin kolon 45?	162
3. Die Gattung van Maleagi 3:6-12	163
4. Tradisiekritiek	164
5. Antiteses in Maleagi 3:6-12	165
5.1 Antitese tussen die onveranderlike God en die onveranderde nageslag na Jakob	165
5.2 Antitese tussen vloek en seën	167
5.3 Antitese tussen God en mens	169
5.4 Antitese tussen סרתם en טוב	170
5.5 Antitese tussen קבע en בוא	170
6. Die boodskap van Maleagi 3:6-12	171

PERIKOOP F: MALEAGI 3:13-21

1. Struktuuranalise van Maleagi 3:13-21	173
2. Die strukturele opbou van Maleagi 3:13-21	175

2.1	Die verbinding van die kola	175
2.1.1	Motivering vir die verbinding van die subkola	175
2.1.2	Motivering vir die verbinding van die kola	177
2.2	Chiasmes in Maleagi 3:13-21	179
2.3	Die simmetriese opbou van die perikoop	180
2.4	Die voorkoms van die אמר יהוה צבאות -formule	180
2.5	Inclusio in kola 53-55	181
2.6	Die voorkoms van vergelykings in Maleagi 3:13-21	183
3.	Die Gattung van Maleagi 3:13-21	183
4.	Tradisiekritiek	185
5.	Antiteses in Maleagi 3:13-21	188
5.1	Antitese in kolon 47	188
5.2	Antitese in kolon 48	188
5.3	Antitese in kolon 48.3 - 48.6	189
5.4	Antitese tussen kola 53, 54 en 55	190
5.5	Antitese in subkola 53.4 en 55	193
5.6	Antitese tussen kola 48 en 49-52	195
5.7	Antitese tussen kola 47 en 49-52	197
5.8	Antitese tussen kola 48 en 53-55	198
5.9	Antitese tussen Maleagi 3:6-12 en 3:13-21	200
6.	Die boodskap van Maleagi 3:13-21	200
<u>PERIKOOP G: MALEAGI 3:22-24</u>		
1.	Struktuuranalise van Maleagi 3:22-24	203
2.	Die strukturele opbou van Maleagi 3:22-24	204
2.1	Die verbinding van die kola	204
2.1.1	Motivering vir die verbinding van die kola	204

2.2 Afwesigheid van parallelismes en inclusio	205
2.3 Chiasme in kolon 58	205
3. Die Gattung van Maleagi 3:22-24	206
4. Tradisiekritiek	207
5. Redaksiekritiek	208
6. Antiteses in Maleagi 3:22-24	209
6.1 Antitese tussen heil en onheil	209
6.2 Antitese tussen Maleagi 3:22-24 en Maleagi 2:17 - 3:5	210
7. Die boodskap van Maleagi 3:22-24	212
<u>HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING</u>	213
SAMEVATTING	220
SUMMARY	222
BIBLIOGRAFIE	223

VOORWOORD

Niemand voltooi 'n proefskrif in isolasie nie. Daarom dat verskillende persone by die inhandiging van die proefskrif 'n woord van dank verdien.

Teenoor prof. W.S. Prinsloo wat as promotor opgetree het, wil ek graag my opregte dank uitspreek vir sy kritiese begeleiding tydens die afhandeling van hierdie studie. Sy beskikbaarheid om soms op kort kennisgewing en te midde van 'n druk program, ruim tyd af te staan vir gesprek en diskussie oor die onderwerp, word hoog waardeer. Om as eerste promovendus onder sy promotorskap te kan promoveer, is vir my 'n besondere eer.

Aan al die ander dosente aan die Teologiese Fakulteit (Nederduitse Gereformeerde Kerk) van die Universiteit van Pretoria 'n woord van dank vir hulle aandeel aan my teologiese vorming. 'n Mens is met dankbaarheid trots op die gehalte van teologiese opleiding wat ontvang is.

Die biblioteekpersoneel van die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verdien ook 'n woord van dank vir die onontbeerlike diens wat gelewer is met betrekking tot die navraag na en opsporing van relevante literatuur. In hierdie verband moet veral die name van mej. A.D. Heckroodt van die Universiteit van Pretoria en mev. M. van Wyk van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat uitgesonder word omdat dié twee dames haas geen moeite ontsien het om tot hulp te wees nie.

Aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing kom ook 'n woord van dank toe vir 'n toekening wat aan my gemaak is tydens die afhandeling van die studie.

Aan mej. E. Bezuidenhout wat op 'n buitengewoon bekwame en vriendelike wyse die tikwerk aan hierdie proefskrif hanteer het, 'n woord van besondere dank. Dankie ook aan mev. S.M. Bell wat met

- xiii -

persoonlike opoffering van haar kant af die tik van die Hebreeuse teks hanteer het.

Hierdie studie het 'n aanvang geneem tydens my bediening as predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Nelspruit-Suid. Met dankbaarheid dink ek terug aan 'n kerkraad en gemeente wat nie alleen begrip gehad het vir 'n dominee wat studeer nie, maar aktief belang gestel het in my studies.

'n Woord van hartlike dank ook aan my ouers vir hulle omvattende steun oor baie jare en vir die egte belangstelling wat hulle ook in hierdie studie gehad het tydens die afhandeling daarvan.

Dank aan my vrou, Estie, en ons kinders kan skaars onder woorde gebring word. Hulle moes in meer as een opsig baie ontbeer en baie opofferings maak ter wille van die voltooiing van hierdie studie.

In die laaste instansie, bo alles en almal, aan God wat Hom in die boek Maleagi openbaar as die God wat konstant liefhet ten spyte van sonde, kom toe dank en aanbidding dat Hy my ten spyte van my eie gebrokenheid tog geroep het om sy Woord te bestudeer en te verkondig. Mag die (beperkte) insig in sy Woord wat in hierdie proefskrif aangebied word, Sy eer dien.

Soli Deo Gloria!

LYS VAN AFKORTINGS

ATD	Das Alte Testament Deutsch
BAT	Die Botschaft des Alten Testaments
BHK	Biblia Hebraica Kittel - R. Kittel (red.), Stuttgart, 1937 ³
BHS	Biblia Hebraica Stuttgartensia, K. Elliger, W. Rudolph (red.) Stuttgart
BZAW	Beihefte zur Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft
CBQ	The Catholic Biblical Quarterly
COT	Commentaar op het Oude Testament
EvTh	Evangelische Theologie
HAT	Handbuch zum Alten Testament
HTS	Hervormde Teologiese Studies
ICC	The International Critical Commentary
JBL	Journal of Biblical Literature
KAT	Kommentar zum Alten Testament
MT	Massorete Teks
NAV	Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983
NGTT	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
OAV	Ou Afrikaanse Vertaling, 1953
OTWSA	Ou Testamentiese Werkgemeenskap in Suider-Afrika
POT	De Prediking van het Oude Testament
RGG	Die Religion in Geschichte und Gegenwart 3. Auflage 4. Band
ThLZ	Theologische Literaturzeitung
Tyn B	Tyndale Bulletin
ZAW	Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. ALGEMENE OPMERKINGS

1.1 Objek en nadere omskrywing van die studie

Hierdie studie onderneem, soos wat die titel aandui, om die antiteses in die boek Maleagi te identifiseer en die funksie daarvan te ondersoek.

Vir die doel van hierdie ondersoek word antitese soos volg omskryf: wanneer minstens twee sake en/of elemente en/of begrippe en/of persone en/of groepe van persone teenoor mekaar gestel word op sintaktiese en/of stilistiese en/of inhoudelike vlak in 'n perikoop of perikope in die boek Maleagi, is dit 'n antitese.

Die ondersoek na antiteses soos hierbo omskryf, word verder beperk tot die boek Maleagi. Deur hierdie beperking word die veld van ondersoek dus duidelik afgebaken. Met hierdie afgrensing van die studieveld tot die boek Maleagi word uiteraard nie beweer dat antiteses slegs by Maleagi voorkom nie. Dit sou trouens 'n interessante studie wees om na te gaan of die tegniek van 'n antitetiese teenoormekaarstelling van begrippe, persone en so meer ook in ander profetiese geskrifte voorkom.

1.2 Motivering vir die studie

Daar is hoofsaaklik twee faktore wat aanleiding gegee het tot hierdie ondersoek. In 'n vorige studie van die boek Maleagi,¹

¹Snyman S.D., Die Boodskap van die boek Maleagi, 'n sinchroniese ondersoek, ongepubliseerde B.D.-verhandeling, Univ. van Pretoria, 1979.

is die voorkoms van antiteses in die boek terloops opgemerk. 'n Nadere en voorlopige ondersoek van die boek het veel meer antiteses opgelewer. 'n Ondersoek na die literatuur oor die boek Maleagi het getoon dat verskillende outeurs in kommentare, tydskrifartikels en verhandelings verwys na teenstellings, kontraste, antiteses wat deurlopend in die boek gevind word.² So byvoorbeeld Fischer in 'n artikel wat handel oor die literêre vorm van Maleagi: "As a final note on the literary form Malachi deals in contrasts."³ In 'n M.Th-verhandeling wat handel oor die betekenis van die verbond as sleutel vir Maleagi word die stelling gemaak dat Maleagi dikwels gebruik maak van kontraste en antitetiese parallele.⁴

Ten spyte van die deurlopende voorkoms van antiteses in die boek en die herhaaldelike verwysing daarna deur verskillende navorsers, is die voorkoms van die antiteses - sover vasgestel kan word - nog nie sistematies en volledig ondersoek nie. Daar is byvoorbeeld nie een tydskrifartikel in die resente verlede wat handel oor hierdie verskynsel van antiteses in Maleagi nie.

Die klaarblyklike voorkoms van antiteses by Maleagi enersyds en die gebrek aan 'n sistematiese en volledige ondersoek daarvan andersyds, het die vermoede laat ontstaan dat daar ruimte vir navorsing oor hierdie onderwerp bestaan.

²Verskillende formulerings word deur outeurs gebruik om dieselfde saak mee aan te dui. Vergelyk verder hoofstuk 4.

³Fischer J.A., Notes on the literary form and message of Malachi, CBQ 34 1972, 317.

⁴Fourie L.C.H., Die betekenis van die verbond as sleutel vir Maleagi, M.Th-skripsie, Univ. van Stellenbosch, 1982, 33. Fourie maak die interessante opmerking in 'n voetnota dat P.A. Verhoef sy aandag op die antitetiese parallele gevestig het en dat die antitetiese parallele verder uiteengesit sal word in 'n kommentaar op Maleagi wat nog moet verskyn van die hand van P.A. Verhoef.

Die tweede faktor wat as aanleiding vir hierdie ondersoek gedien het, was dat 'n oorsig oor die literatuur wat verskyn oor Maleagi getoon het dat daar relatief min oor die boek Maleagi self gepubliseer is. Die Internationale Zeitschriftenschau für Bibelwissenschaft und Grenzgebiete toon in die afgelope twaalf jaar (1973-1984) slegs 10 inskrywings van tydskrifartikels wat handel oor die boek Maleagi. Childs maak ook die volgende opmerking: "The book of Malachi has not received the same amount of critical scrutiny as have many of the other Minor Prophets. This situation probably arises from a feeling that the problems of the book seem neither as complex nor as important as some of the other prophets."⁵ Pfeiffer verwys ook na die min aandag wat Maleagi in die huidige diskussie kry⁶ en Fischer maak die opmerking dat "not much has been written about Malachi of late."⁷

Slegs twee resente proefskrifte⁸ wat handel oor Maleagi kon opgespoor word.

Die proefskrif van Clark ondersoek die slotperikoop van die boek Maleagi na aanleiding van die verwysing na die persoon van Elia. Die gegewens plaas hy dan teen die agtergrond van die

⁵Childs B.S., Introduction to the Old Testament as Scripture, SCM Press Ltd, London 1979, 489.

⁶Pfeiffer E., Die Disputationsworte im Buche Maleachi, Ein Beitrag zur formgeschichtlichen Struktur, EvTh 19, 1959, 546.

⁷Fischer J.A., Understanding Malachi, Bible Today, Vol 66, 1973, 1177. Hierdie artikel van Fischer se inhoud kom in hoofsaak ooreen met sy artikel oor die literêre vorm van Maleagi, vgl. voetnota 3.

⁸Clark D.G., Elijah as eschatological high priest: An examination of the Elijah Tradition in Mal. 3:23-24. D.Phil-proefskrif, Univ. van Notre Dame, Indiana, 1975 en Renker A., Die Tora bei Maleachi. Ein Beitrag zur Bedeutungsgeschichte von Tora im Alten Testament, Freiburger Theologische Studien, Herder, Freiburg, 1978.

res van die Ou Testament waar die Elia-tradisie voorkom asook teen die agtergrond van ander geskifte uit die Jodendom waarin die figuur van Elia voorkom.

Die proefskrif van Renker ondersoek die begrip **tora** in die boek Maleagi - 'n begrip wat volgens hom 'n sentrale begrip in die boek is. Ander gedeeltes in die Ou Testament waar die begrip tora ook voorkom, word ook ondersoek voordat daar tot 'n samevattende gevolgtrekking gekom word oor die begrip tora.

Beide proefskrifte neem dus die boek Maleagi as vertrekpunt en plaas 'n aspek van die boek teen die breër agtergrond van die res van die Ou Testament en selfs, in die geval van Clark, teen die agtergrond van die Jodendom. Geen proefskrif wat eksklusief handel oor die boek Maleagi kon opgespoor word nie.

So ver vasgestel kon word, het daar in die onlangse verlede geen monografie oor Maleagi verskyn nie.

Daar word ook min aandag aan die boek Maleagi gegee in publikasies wat handel oor die teologie van die Ou Testament. Von Rad behandel Maleagi binne die bestek van 'n halwe bladsy terwyl hy veel meer aandag gee aan die boek Haggai wat volume-gewys kleiner van omvang is as dié van Maleagi.⁹

Vriezen se behandeling van Maleagi beslaan twee paragrawe. Volgens hom word die verkondiging van die boek deur drie grondelemente bepaal: die boek is eskatologies gerig, kulties-legalisties gestempel en nasionaal-partikularisties geïnteresseerd.¹⁰ Vriezen het tot hierdie samevatting van

⁹Von Rad G., Theologie des Alten Testaments, Band II, Die Theologie der Prophetischen Überlieferungen Israels, Chr Kaiser Verlag, München, 6. Auflage, 1975, 299, Old Testament Theology vol. II, The Theology of Israel's Prophetic Traditions, Engelse vertaling deur D.M.G. Stalker, SCM Press Ltd, London, 1975, 288-289.

¹⁰Vriezen Th. C., Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament,

Maleagi gekom in navolging van Horst¹¹ se kommentaar op Maleagi. In een van die Addenda by die vierde druk van Vriezen se teologie wysig hy egter sy standpunt: "Partikularisties" kan nie 'n aanvaarbare beskrywing van Maleagi se boodskap wees nie aangesien Maleagi net soos ook Deuteronomium, Trito-Jesaja en Sagaria nie alleen begrip gehad het vir die besondere liefde van God vir Israel nie, maar ook vir God se verhouding tot ander volke.¹²

Kaiser gee ook aandag aan Maleagi in sy aanbieding van die teologie van die Ou Testament. Kaiser beklemtoon egter hoofsaaklik die eskatologiese aksente in die boek Maleagi.¹³

In nie een van bogenoemde drie aanbiedings van die teologie van die Ou Testament kon 'n verwysing na die antiteses in die boek opgespoor word nie.

derde hersiene en uitgebreide druk, H. Veenman en Zonen n.v., Wageningen, 1966, 82.

¹¹Horst F., Die zwölf kleinen Propheten, H.A.T., Herausgegeben von Otto Eissfeldt, Erste Reihe, Verlag J.C.B. Mohr (Paul Siebeck), Tübingen, 1964.

¹²Vriezen Th. C., Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament, vierde hersiene en uitgebreide druk, H. Veenman en Zonen n.v., Wageningen, 1974, 514. In 'n artikel het Vriezen dit self nog sterker gestel: "We conclude therefore that Malachi is anything but a purely particularistic preacher." Vgl. Vriezen Th. C., How to understand Malachi 1:11, in Grace upon Grace, Essays in Honor of Lester J. Kuypers, Cook J.I. (red.), W.B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

¹³Kaiser W.C., Toward an Old Testament Theology, Zondervan Publishing House, Grand Rapids Michigan, derde druk, 1979, 256 e.v.

In die groot meerderheid van aanbiedinge van teologieë van die Ou Testament word slegs enkele sporadiese verwysings na Maleagi aangetref.¹⁴

Die relatief min aandag wat daar aan Maleagi gegee word in terme van proefskrifte, monografieë en in die behandeling van die teologie van die Testament, was 'n verdere aanduiding dat 'n studie wat konsentreer op Maleagi relevant kan wees.

1.3 Breë uiteensetting van die aanpak van die studie

Onder 2 word 'n kort en kursoriese oorsig gegee van die probleme in die boek Maleagi waarop die aandag van geleerdes hoofsaaklik gefokus het in die onlangse geskiedenis van ondersoek van die boek Maleagi. Die hoofprobleme word aangedui sonder om 'n oplossing vir die probleme aan te bied.

Hoofstuk 2 bied 'n verantwoording van die metode wat gevolg is om die resultate te behaal. Die geldigheid van die resultate van 'n ondersoek word bepaal deur die metode wat gevolg is. Die

¹⁴So byvoorbeeld Eichrodt W., Theology of the Old Testament, vol. I, II, vertaal deur J.A. Baker, SCM Press Ltd, London, 1972, 1975; Köhler L., Theologie des Alten Testaments, vierte überarbeitete Auflage, J.C.B. Mohr (Paul Siebeck) Tübingen, 1966; Bright J., The Kingdom of God, Abingdon, Nashville, 1953; Jacob E., Theology of the Old Testament, vertaal deur A.W. Heathcote en P.J. Allcock, Hodder and Stoughton, London, 1974; Fohrer G., Theologische Grundstrukturen des Alten Testaments, Walter de Gruyter, Berlin, 1972; Zimmerli W., Grundriss der Alttestamentlichen Theologie, zweite, durchgesehene und erweiterte Auflage, Verlag W. Kohlhammer, Stuttgart, 1975; McKenzie J.L., A Theology of the Old Testament, Geoffrey Chapman Publisher, 1974; Clements R.E., Old Testament Theology, A Fresh Approach, Marshall, Morgan and Scott, London, 1978. Die sporadiese verwysings na Maleagi kan waarskynlik deels toegeskryf word aan die sentrale tema van waaruit verskillende outeurs die teologie van die Ou Testament aanbied.

metodologiese verantwoording toon aan dat 'n sinkronies-eksegetiese studie gedoen word om die antiteses te identifiseer.

Hoofstuk 3 handel oor die afbakening van die boek Maleagi in die konteks van die Hebreeuse kanon asook die afbakening van die verskillende perikope waaruit die boek opgebou is. In hoofstuk 3 word die ter saaklike tekskritiese ondersoek gedoen.

Hoofstuk 4 vorm die swaartepunt van die studie. In hierdie hoofstuk word met behulp van en op grond van 'n analise van die strukturele opbou en die bepaling van die Gattung van elke perikoop, die antiteses blootgelê en die boodskap van elke afsonderlike perikoop bepaal.

Hoofstuk 5 beslaan 'n samevattende gevolgtrekking uit die resultate van die ondersoek.

2. KURSORIESE OORSIG OOR DIE HOOFPROBLEME IN DIE ONLANGSE NAVORSINGSGESKIEDENIS VAN DIE BOEK MALEAGI¹⁵

2.1 Die naam van die profeet

Werke wat die inleidingsvraagstukke van die verskillende boeke van die Ou Testament behandel, open gewoonlik die bespreking van die boek Maleagi met die vraag of Maleagi die eienaam van 'n profeet is en of die naam Maleagi via Maleagi 3:1 (waar die woord Maleagi vertaal word met "my boodskapper") tot eienaam geword het en wat toe in die opskrif van die boek opgeneem is. Die standpunte met betrekking tot hierdie probleem verskil, maar tog handhaaf die groot meerderheid van geleerdes die standpunt dat die boek Maleagi van 'n anonieme profeet kom en dat Maleagi oorspronklik geen eienaam was nie¹⁶.

¹⁵Von Bulmerincq A., Der Prophet Maleachi, Kommentar zum Buche des Propheten Maleachi, Tartu, 1932, bied 'n omvattende oorsig oor die navorsingsgeskiedenis van die boek Maleagi.

2.2 Die datering van die boek

Die datering van die boek word eenparig deur geleerdes na-eksilies geplaas in die vyfde eeu v.C.¹⁷ Wanneer 'n nadere datering gegee word, loop die menings uiteen. Dit is haas onmoontlik om met behulp van gegewens in die boek self tot 'n nadere datering as die vyfde eeu v.C. te kom.

¹⁶Eissfeldt O., The Old Testament, An Introduction, Oxford, Basil Blackwell 1965, 441; Fohrer G., Introduction to the Old Testament, Abingdon Press, New York, 1968, 496. Engelse vertaling van die oorspronklike Duits, Einleitung in das Alte Testament, deur D.E. Green; Fohrer G., Das Alte Testament, Einführung in Bibelkunde und Literatur des Alten Testaments und in Geschichte und Religion Israels, Zweite und dritter Teil, Gütersloher Verlagshaus, Gerd Mohn, 3. überarbeitete Auflage, 1980, 77; Kaiser O., Einleitung in das Alte Testament, Gütersloher Verlagshaus, Gerd Mohn, 4. erweiterte Auflage, 1978, 257; Soggin J.A., Introduction to the Old Testament, SCM Press Ltd, London, 1980, 343. Engelse vertaling van die oorspronklike Italiaans, Introduzione all' Antico Testamento, deur John Bowden; Vriezen Th. C. en A.S. van der Woude, De Literatuur van Oud-Israël, Servire BV., Katwijk aan Zee, sesde druk, 1980, 260 en Weiser, A., Einleitung in das Alte Testament, Vandenhoeck und Ruprecht in Göttingen, 6. verbesserte Auflage, 1966, 247, handhaaf die standpunt dat Maleagi geen eienaam is nie. Childs B.S., Introduction to the Old Testament as Scripture, SCM Press Ltd, London, 1979, 492 en Eybers I.H., Twelve Theocratic Testimonies, United Protestant Publishers, Kaapstad, 1977, 72, handhaaf die standpunt dat Maleagi tog die eienaam van die profeet is. Enkeles soos Rendtorff R., Das Alte Testament, Eine Einführung, Neukirchener Verlag, Neukirchen-Vluyn, 1983, 255; Schmidt W.H., Einführung in das Alte Testament, Walter de Gruyter, Berlin, 1979, 281 en Smend R., Die Entstehung des Alten Testaments, Verlag W. Kohlhammer, Stuttgart, zweite, durchgesehene und ergänzte Auflage, 1981, 186, beskou die naam van die profeet as omstrede.

¹⁷Childs B.S., Introduction to the Old Testament as Scripture, 489.

2.3 Rangskikking van die volgorde van die perikope

Pogings is aangewend om die volgorde van die perikope te herrangskik om 'n skema te verkry van profesieë aan die volk (1:2-5; 2:10-16; 2:17 + 3:5; 3:6-12; 3:13-21) en profesieë aan die priesters (1:6 - 2:9 en 3:1-4).¹⁸ Volgens Weiser moet die profetewoorde gerangskik word as 1. Boeteprediking teen die volk 1:2-5; 3:6-12; 2:10-16, 2. Boeteprediking teen die priesters 1:6 - 2:9 en 3. Prediking teen die twyfelaars 2:17 - 3:5 en 3:13-21.¹⁹ Nie een van hierdie pogings tot 'n herrangskikking van perikope het ingang gevind nie en die poging moet waarskynlik toegeskryf word aan 'n westerse sistematiesing wat nie klop met die Ou Nabye Ooste se denkpatrone nie.

2.4 Maleagi as laaste boek van die twaalf Klein Profete

Fohrer maak melding van die teorie dat Maleagi die derde deel vorm van drie kort profetiese werke (Sagaria 9-11; Sagaria 12-14, Maleagi 1-3). Later het Maleagi onafhanklike status gekry sodat daar twaalf (en nie elf nie) sogenaamde klein profete kan wees.²⁰ Daar is egter voldoende rede om te aanvaar dat Maleagi nie "later" onafhanklike status gekry het nie, maar dat die boek Maleagi 'n aantal profesieë bevat wat onafhanklik is van die voorafgaande Sagaria 9-11 en Sagaria 12-14. Rendtorff merk byvoorbeeld op: "Der Übergang vom Sacharjabuch

¹⁸Wallis G., Wesen und Struktur der Botschaft Maleachis, in Das ferne und nahe Wort. Festschrift L. Rost, BZAW 105, Berlin, 1967, 229 e.v.

¹⁹Weiser A., Einleitung in das Alte Testament, 247-248.

²⁰Fohrer G., Introduction to the Old Testament, 469.

zu Maleachi ist überraschend. Nach dem endzeitlichen Kampf um Jerusalem (Sach 14) ist nun wieder von Problemen des gegenwärtigen Lebens die Rede"²¹.

2.5 Die slot van die boek

Daar is breë konsensus onder geleerdes dat Maleagi 3:22-24 (4:4-6) 'n latere redaksionele byvoeging tot die boek is. Oor die interpretasie van die latere redaksionele byvoeging is daar egter verskil van mening. Volgens Rudolph moet die gedeelte gesien word as 'n gepaste afsluiting vir die tweede deel van die Hebreeuse kanon.²² Die aanknoping met perikope in die boek Maleagi self (vgl. bv. 3:1 en 3:13-21 met 3:23) dui egter eerder daarop dat Maleagi 3:22-24 bedoel is as 'n slot vir die boek en nie vir die profete-deel van die Hebreeuse kanon nie.²³

2.6 Eksegetiese vraagstukke in die boek Maleagi

Eksegetiese vraagstukke in die boek Maleagi sentreer veral rondom drie perikope in die boek, t.w. 1:6 - 2:9; 2:10-16; 2:17 - 3:5.

²¹Rendtorff R., Das Alte Testament, Eine Einführung, 254. Vgl. ook Childs B.S., Introduction to the Old Testament as Scripture, 491-492 se argumente ten gunste van die onafhanklikheid van Maleagi. In hoofstuk 3 word daar in die lig van die dispuut oor Maleagi se onafhanklikheid uitvoerig aandag gegee aan die afbakening van die boek in die konteks van die Hebreeuse kanon.

²²Rudolph W., Haggai, Sacharja 1-8, Sacharja 9-14, Maleachi, KAT XIII/4, Gütersloher Verlagshaus, Gerd Mohn, 1976, 290-291.

²³Rendtorff R., Das Alte Testament, Eine Einführung, 255. Vgl. ook die bespreking van die gedeelte in hoofstuk 4.

Wat 1:6 - 2:9 (perikoop B in die studie) betref, is dit veral Maleagi 1:11 wat die aandag van eksegete geniet het. Dié teks was dan ook verantwoordelik vir die meeste tydskrifartikels²⁴ wat op Maleagi verskyn het. Dit is veral die vraagstuk van die aanbidding van Jahwe deur ander nasies buite Israel wat die aandag geboei het.²⁵

In 2:10-16 (perikoop C in die studie) het die fokus veral op 2:13-16 geval. Dié gedeelte lewer nie alleen tekstkritiese probleme nie, maar is eksegeties ook waarskynlik die mees problematiese gedeelte in die boek Maleagi. Hierdie problematiek het dan ook verskillende tydskrifartikels tot gevolg gehad.²⁶

²⁴Baldwin J., Malachi and the worship of the nations in the Old Testament Tyn B 23, 1972, 117-124; Rehm M., Das Opfer der Völker nach Mal. 1, 11 in Lex tua Veritas, Festschrift für Herbert Junker, uitgegee deur H. Gross en F. Mussner, Paulinus Verlag, Trier, 1961, 193-208; Swetnam J., Malachi 1:11, An Interpretation, CBQ 31, 1969, 200-209; Vriezen Th. C., How to understand Malachi 1:11, in Grace upon Grace, Essays in Honor of Lester J. Kuyper, edited by J.S. Cook, William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids Michigan, 128-136; Verhoef P.A., Some notes on Malachi 1:11, in Biblical Essays, 1966, 163-172.

²⁵In hoofstuk 4 word daar meer uitvoerig aandag gegee aan hierdie problematiek. Vgl. hoofstuk 4, p. 102.

²⁶Althann R., Malachi 2,13-14 and UT 125, 12-13, Biblica 58 (3) 1977, 418-421; Botterweck G.J., Schelt- und Mahnrede gegen Mischehen und Ehescheidung, Bibel und Leben 1, 1960, 179-185; Rudolph W., Zu Mal. 2:10-16, ZAW 93 1981, 85-90; Schreiner S., Mischehen - Ehebruch - Ehescheidung, ZAW 91, 1979, 207-228, en Wolmarans H.P., Wat sê Maleagi van Egskeiding, HTS 22 (4), 46-47.

Wat 2:17-3:5 (perikoop D in die studie) betref, is dit veral die vraagstuk na die identiteit van die boodskapper van Jahwe in 3:1 waarop die aandag gevestig is.²⁷ Verskillende voorstelle is in hierdie verband gemaak waarvan van der Woude se bydrae die bevredigendste verklaring bied.²⁸

Enkele ander tydskrifartikels wat handel oor Maleagi het verskyn,²⁹ wat almal in 'n mindere of meerdere mate 'n bydrae maak tot die verstaan van die boek, maar wat nie noodwendig in die brandpunt van diskussie staan nie.

2.7 Die Gattung van die boek Maleagi

Daar het in die resente verlede drie artikels verskyn wat handel oor die literêre vorm of Gattung van die boek.³⁰ Die artikel van Egon Pfeiffer is steeds die mees omvattende studie van die Gattung van die boek en word na 25 jaar steeds as

²⁷Coppens J., Malachi's Messenger not Jesus, Theology Digest, vol 22, 1974, 145-150; Malchow B.V., The Messenger of the Covenant in Mal. 3:1, JBL vol 103 No 2, Junie 1984, 252-255 en van der Woude A.S., Der Engel des Bundes, Bemerkungen zu Maleachi 3,1c und seinen Kontext, in Die Botschaft und die Boten, Festschrift für H.W. Wolff, Herausgegeben von Jorg Jeremias und Lothar Perlitt, Neukirchener Verlag, 1981, 289-300.

²⁸Vgl. hoofstuk 4 waar die aangeleentheid meer uitvoerig ter sprake kom.

²⁹Vgl. die bibliografie vir besonderhede.

³⁰Boecker H.J., Bemerkungen zur formgeschichtlichen Terminologie des Buches Maleachi, ZAW 78 (1966), 78-80; Fischer J.A., Notes on the literary form and message of Malachi, CBQ 34, 1972, 315-320; Pfeiffer E., Die Disputationsworte im Buche Maleachi, Ein Beitrag zur formgeschichtlichen Struktur, EvTh 19 (1959), 546-568. Vgl. hoofstuk 4 vir 'n meer volledige bespreking van die Gattung van die boek.

gesaghebbend aangehaal. Boecker het 'n terminologiese verbetering op Pfeiffer se benoeming van die Gattung van Maleagi voorgestel, maar gaan in hoofsaak akkoord met die bevindinge van Pfeiffer. Fischer het ook die literêre vorm van Maleagi, soos hy dit noem, bespreek.

2.8 Die Teologie van die boek Maleagi

'n Saak wat in hierdie studie nie spesifiek aandag kry nie, maar wat as 'n leemte in die navorsing op die Maleagi aangedui moet word, is 'n samevattende boodskap of teologie van die boek as geheel. Fischer maak in hierdie verband die relevante opmerking: "Commentators seem strangely fettered in dealing with Mal. They dissect him cleanly but leave him a corpse."³¹ Verskillende navorsers behandel al die perikope van die boek; sonder om tot 'n bevredigende samevatting te kom.³² Die samevatting van die boodskap van die boek Maleagi wat Rudolph bied, is die mees bevredigende samevatting tot dusver.³³

2.9 Gevolgtrekking

Uit die kursoriese oorsig oor die problematiek rondom die boek Maleagi wat die aandag van verskillende geleerdes geniet het, blyk dit dus dat die voorkoms van antiteses nog nie spesifiek ondersoek is nie.

³¹Fischer J.A., Notes on the literary form and message of Malachi, 319.

³²Braun R., Malachi - A Catechism for Times of Disappointment, Currents in Theology and Mission, vol 4, 1977, 297-303; Van Selms A., The inner cohesion of the book of Malachi, in van Wyk W.C. (red.) Studies in Old Testament Prophecy, OTWSA, 1971, 27-40.

³³Rudolph W., Maleachi, 293-296. Fourie L.C.H., Die Betekenis van die Verbond as sleutel vir Maleagi, 35 e.v. gee 'n goeie oorsig oor pogings om tot 'n samevatting van die boodskap van die boek te kom.

HOOFSTUK 2

METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die Ou Testament is as deel van die k anon van die christelike kerk ook literatuur. Die Ou Testament kan nie anders benader word as met inagneming van sy literatuurkarakter nie.¹ Hierdie insig dat die Ou Testament ook literatuur is, is gekombineer met ontwikkelings wat plaasgevind het op die gebied van die Algemene Taal en - Literatuurwetenskap, onder die werk van veral Ferdinand de Saussure.² Dit het geleerdes in 'n toenemende mate tot die ontdekking laat kom dat die resultate van die Taalwetenskap met vrug toegepas kan word in die eksegetiese proses wat gevolg word by die eksegese van die Ou Testament. So byvoorbeeld merk Kremer op: "Die zunehmende Bedeutung, die der Sprachwissenschaft und Sprachphilosophie innerhalb der Literaturwissenschaft zukommt, hat sich in den letzten Jahren bzw Jahrzehnten auch in Bereich der Bibelwissenschaft folgeschwer ausgewirkt."³ 'n Stortvloed van literatuur wat die invloed van die Taalwetenskap op die eksegese van die Ou⁴ en Nuwe Testament van verskillende kante ondersoek, verskyn steeds in die vorm van tydskrifartikels in vaktydskrifte en in boeke

¹Loader J.A., Aspekte van menslike mag in die Ou Testament, Ongepubliseerde DD-proefskrif, Groningen, 1975, 16.

²Vgl. Kieffer R., Die Bedeutung der moderne Linguistik f ur die Auslegung biblischer Texte, Theologische Zeitschrift 30, 223-233, 1974 vir 'n kort opsomming van die vernaamste insigte van de Saussure.

³Kremer J., Alte, neuere und neueste Methoden der Exegese, Bibel und Liturgie 53 no 1, 1980, 6.

⁴Die titel van die artikel van Deist F.E., Die Ou Testamentiese Eksegese en Algemene Literatuurwetenskap, NGTT 14, 1973, 75 e.v. is sprekend.

wat gepubliseer word.⁵ Dit was veral die boek van Wolfgang Richter wat die insigte van die Taal en - Literatuurwetenskap diensbaar gemaak het vir die eksegeese van die Ou Testament.⁶

Die vernaamste breuk tussen die ouere linguïstiek en die nuwere linguïstiek, waarvan de Saussure dan die baanbreker is, is die onderskeiding tussen diakroniese en sinkroniese metodologiese fasette van ondersoek.⁷ In verband met hierdie onderskeid merk Vorster op dat hierdie beginsel waarskynlik die ingrypendste insig is van die moderne linguïstiek vir die semantiek.⁸

Die sinkroniese werk het te doen met dit wat daar staan soos dit daar staan, afgesien van historiese perspektiewe.⁹ Daar kan nie op 'n ander plek of manier begin word anders as om juis die gegewe stuk literatuur voorhande te ondersoek nie. Hier word dus gewerk met teksimmanente eksegeese. Diakroniese werk het te doen met ontwikkeling en historiese verloop. Hier gaan dit dus om historiese perspektiewe in die eksegeese.¹⁰ Preuss omskryf

⁵Preuss H.D., Linguistik - Literaturwissenschaft - Altes Testament, in Verkündigung und Forschung, 27. Jahrgang 1982, Beihefte zu Evangelische Theologie, 2-7 verskaf 'n uitgebreide oorsig van relevante literatuur.

⁶Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft. Entwurf einer alttestamentlichen Literaturtheorie und Methodologie, Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen, 1971. Vgl. ook Kraus H.J., Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments, 3. erweiterte Auflage, Neukirchener Verlag, 1982, 533 se kort bespreking van en reaksie op Richter se werk.

⁷Van Aarde A.G., Moderne Semantiek en Formele Homiletiek, HTS 34 (1 en 2) 1978, 42.

⁸Vorster W.S., Aischunomai en stamverwante woorde in die Nuwe Testament, D.D.-proefskrif, Univ. van Pretoria, 1974, 28.

⁹Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese, HTS 34 (1 en 2), 1978, 6.

sinkronie in onderskeid van diakronie soos volg: "... die Sicht des Textes als Einheit und als eines in sich suffizienten Mitteilungsgeschehens ist primär gegenüber den Fragen nach seiner Entstehung, nach verwendeten Traditionen oder zB seiner Redaktionsgeschichte."¹¹

In samehang met die onderskeid tussen sinkronie en diakronie geld die uitgangspunt dat die sinkroniese aspekte van die eksegetiese proses altyd voorafgaan aan die diakroniese aspekte. Diakronie kan alleen op grond van sinkronie bedryf word.¹² "Ein Grundprinzip der Linguistik fordert, zuerst immer den synchronen, d.h. auf einer Zeit ebene liegenden Aspekt eines Textes zu beschreiben und erst danach den diachronen Aspekt (die Entstehungsgeschichte) zu untersuchen."¹³ Preuss merk op: "So ist und bleibt Sprache zuerst ein synchron zu untersuchendes, virtuelles, komplexes Zeichen und Regelsystem ..."¹⁴ Die geskiedenis van 'n woord se betekenis (diakronie) kan tog eers bestudeer word as die voorkoms van daardie woord in verskillende kontekste nagegaan word (sinkronie). Diakroniese ondersoek is nie onbelangrik nie - dit gaan om 'n volgorde van sinkronie - diakronie en nie om 'n rangorde nie.¹⁵

Hierdie onderskeid tussen sinkronie en diakronie beteken vervolgens, aldus Vorster, "that the semantic aspect of, say, words in the New Testament may be categorized and studied quite

¹⁰Ibid., 6.

¹¹Preuss H.D., Linguistik - Literaturwissenschaft - Altes Testament, 8.

¹²Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese, 6.

¹³Kremer J., Alte, neuere und neueste Methoden der Exegese, 6.

¹⁴Preuss H.D., Linguistik - Literaturwissenschaft - Altes Testament, 9.

¹⁵Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese, 6.

independently of the history of their usage."¹⁶ Dit is dus duidelik dat hierdie onderskeid tussen sinkronie en diakronie ook die bestudering van die etimologie van 'n woord raak. So byvoorbeeld merk Kremer op: "Zur Erklärung eines Wortes ist daher nicht so sehr nach seiner etymologischen Ableitung zu fragen, als vielmehr nach dem unmittelbaren Kontext, in dem es steht."¹⁷ So ook Preuss met die opmerking: "Was ein Prophet sagt oder schreibt, muss folglich dem Hörer/Leser unmittelbar verständlich sein, ohne dass er die Etymologie eines Wortes oder die Geschichte eines Motivs kennt."¹⁸ Kieffer is dit ook eens hiermee as die volgende standpunt gestel word: "De Saussures scharfe Scheidung zwischen Synchronie und Diachronie erlaubt es nicht mehr, von einer Etymologie aus den Sinn eines Wortes zu bestimmen. Durch gewisse synchronische Verhältnisse kann die Etymologie jede Bedeutung für die Sinnggebung verlieren".¹⁹

Dit was veral J. Barr wat met skerp kritiek die aandag gefokus het op die onhoudbaarheid van 'n logosentriese wyse van eksegeese waarin die sogenaamde "Grundbedeutung" van 'n woord vasgestel moet word: "The mainpoint is that the etymology of a word is not a statement about its meaning but about its history ... it is quite wrong to suppose that the etymology of a word is necessarily a guide either to its 'proper' meaning in a later period."²⁰ 'n Wispunt van die nuwere Taalkunde en die nuwere Semantiek is dat die betekenis van 'n woord nie in die eerste plek bepaal word vanuit sy geskiedenis oor baie jare nie, maar

¹⁶Vorster W.S., Concerning semantics, grammatical analysis and Bible translation, in Linguistics and Bible translation, Neotestamentica 8 (1974), 24.

¹⁷Kremer J., Alte, neuere und neueste Methoden der Exegese, 6.

¹⁸Preuss H.D., The Semantics of Biblical Language, Oxford University Press, 1969, 109.

¹⁹Kieffer R., Die Bedeutung der modernen Linguistik für die Auslegung biblischer Texte, 229.

²⁰Barr J., The Semantics of Biblical Language, 109.

dat die betekenis van 'n woord primêr bepaal word vanuit die konteks waarin die woord gebruik word. Vir 'n sinkroniese ondersoek is die vasstelling van die sogenaamde "Grundbedeutung" van 'n woord dus van weinig betekenis, hoofsaaklik omdat die diakroniese metode met die geskiedenis van 'n woord (etimologie) te make het en nie met sy huidige betekenis in 'n bepaalde konteks nie.²¹ Die woord het as gevolg hiervan nie onbelangrik geword nie, maar word en sin het hulle regte plek begin kry in die Taalkunde en Literatuurwetenskap.²² 'n Woord het dus nie betekenis nie, maar kry betekenis uit die konteks waarin dit voorkom. Barton merk byvoorbeeld op wanneer hy die sogenaamde strukturalisme en taal bespreek: "Words or sentences in a language do not have any 'inherent' meaning: this is an absolutely fundamental principal in the modern study of language."²³

'n Verdere uitgangspunt vir hierdie studie en wat ook beklemtoon is deur die nuwere taalkunde, is dat alle taal gestruktureerd is. Om sinvol te kommunikeer, moet taal gestruktureerd gebruik word. Dit wat 'n stuk taal beteken, word uitgedruk nie in losstaande woorde nie, maar in betekenisdraende woordrelasies: Sinne wat op bepaalde maniere gebou (d.w.s. gestruktureerd) is. Dit wat 'n outeur wil sê, word uitgedruk in sinne en in die aaneenskakeling van sinne.²⁴ Woorde, sinne, perikope en groter eenhede word deur die spreker of outeur in bepaalde relasies (struktuur) tot mekaar gebruik om so betekenis en derhalwe

²¹Louw J.P., Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks, Pretoria, 1976, 36. Vergelyk ook Vorster W.S., Concerning Semantics, grammatical analysis and Bible Translation, 28 en ook Verhoef P.A., Metodiek van Eksegese, N.G. Kerk Uitgewers, 1973, 29-30.

²²Vorster W.S., 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld - gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament, UNISA, Pretoria, 1977, 13.

²³Barton J., Reading the Old Testament. Method in Biblical Study, Darton Longman and Todd, London, 1984, 110.

²⁴Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegese, 7.

kommunikasie moontlik te maak.²⁵ A.B. du Toit merk op dat "this structuring may be striking or unnoticed, deliberate or spontaneous, firm or loose, successful or less successful, yet structuring remains an irrefutable fact whether at a word or sentence or more comprehensive level."²⁶

'n Deel van die eksegetiese proses sal dus bestaan in 'n poging om die strukturele opbou van 'n gedeelte te analiseer om dit wat die outeur wou kommunikeer beter te verstaan. Die analise van die strukturele opbou van 'n perikoop is dus nie die doel van eksegeese nie, dit is hoogstens 'n middel tot 'n doel, naamlik om deur te dring tot die bedoeling van 'n gedeelte. Strukturalisme word dus afgewys.

'n Volgende uitgangspunt wat nou saamhang met die vorige uitgangspunt, naamlik dat taal gestruktureerd is, is dat daar twee vlakke in die taalstruktuur onderskei moet word, die oppervlaktestruktuur en die dieptestruktuur. "Ein Text hat seine Ausdrucksgestalt, seine Oberflächenstruktur, er hat aber auch seine Tiefenstruktur, seine logische semantische Basis dh seine Intention..."²⁷ Met oppervlaktestruktuur word dus bedoel die taal wat gehoor of in geskrewe vorm gelees word. Agter die oppervlaktestruktuur lê die dieptestruktuur waarin die eintlike bedoeling van die segging verskuil lê. Vanaf die oppervlaktestruktuur moet daar dus deurgedring word na die dieptestruktuur toe.²⁸

²⁵Van Aarde A.G., *Moderne Semantiek en Formele Homiletiek*, 44.

²⁶Du Toit A.B., *The significance of Discourse Analysis for New Testament Interpretation and Translation: Introductory Remarks with special Reference to I Peter 1:3-13*, in Linguistics and Bible Translation, *Neotestamentica* 8, 1974, 55.

²⁷Preus H.D., *Linguistik - Literaturwissenschaft - Altes Testament*, 10. Vgl. ook Schenk W., *Die Aufgaben der Exegese und die Mittel der Linguistik*, ThLZ vol 98, No 12, 1973, 883: "Vielmehr hat Sprache grundlegend die zweigliedrige Struktur von Ausdruck (expression) und Gehalt (content)."

Richter hou 'n sterk standpunt daarop na dat daar 'n bepaalde volgorde van eksegetiese stappe is wat nie verander of omgekeer kan word nie: "Es wird sich zeigen dass ihre Reihenfolge sachlich begründet ist und nicht umgekehrt oder verändert werden kann."²⁹ Alhoewel 'n bepaalde volgorde van eksegetiese stappe noodsaaklik is - Tekskritiek kan tog nie as laaste eksegetiese stap beoefen word nie - is die rigiede opeenvolging van eksegetiese stappe soos Richter dit wil, in hierdie studie nie gevolg nie. In bepaalde gevalle het die analise van die opbou van 'n perikoop gelei tot 'n ondersoek na die komposisie en redaksie van 'n bepaalde perikoop.

Die aard van die teks kan nie die metode van ondersoek bepaal nie. Dan word een metodiese aspek vir een teks gekies en die ander geïgnoreer, terwyl 'n ander aspek weer vir 'n ander teks uitgekies word. Dit is 'n volkome subjektiewe eklektisisme, waardeur 'n mens in staat gestel word om in 'n teks te vind wat jy wil deur net die "metode" te kies wat jy wil. Dit impliseer dat die eksegeet reeds (metodeloos) genoeg uitleg gedoen het om te weet watter metode nodig is. Dus kies hy natuurlik die metode wat gaan pas by wat hy reeds subjektief besluit het. Daarom moet al die fasette van die metodepluralisme toegepas word, en dan sal vanself blyk watter een (of meer) hulleself op die voorgrond bring.³⁰

Hierdie bogenoemde uitgangspunt van Loader is in hierdie studie gevolg en daarom is die sinkroniese aspekte van die eksegetiese proses toegepas op elke perikoop in die boek Maleagi. Hierdie studie ondersoek antiteses op veral sintaktiese, stilistiese en inhoudelike vlak en daarom het die aspek van die analise van die strukturele opbou van die perikoop as deel van die eksegetiese proses homself op die voorgrond gebring. Die ander eksegetiese

²⁸Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegese, Klasaantekeninge, Univ. van Pretoria, s.j. 4-5.

²⁹Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 19. Richter herhaal hierdie standpunt op verskeie ander plekke in sy boek.

³⁰Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegese, 5.

stappe werk kontrollerend in op die analise van die opbou van 'n perikoop en verhoed dat daar in 'n eensydige metodemonisme verval word. Alhoewel die aard van die teks nie die metode kan bepaal nie, is dit so dat die vraag wat aan die teks gestel word 'n bepaalde metodiese faset meer na vore sal laat kom. Ter wille van kontrole (hoe word die strukturele opbou van 'n perikoop byvoorbeeld ondersoek sonder om die perikoop eers af te baken en tekskrities te ondersoek?) mag die ander (in hierdie geval sinkroniese) aspekte van die eksegetiese ondersoek nie verontagsaam word nie. Hierdie studie word dus gedoen vanuit die breë agtergrond van die ontwikkelings op die gebied van die Taalwetenskap en die toepassing daarvan op die gebied van die eksegeese van die Ou Testament.

Daar is nie eenstemmigheid onder Ou Testamentici oor die metodiek van eksegeese nie.³¹ Die waarde en nut van die insigte van die nuwere Taalkunde vir die eksegeese van die Ou Testament word ook nie deur almal ewe positief waardeur nie.³²

³¹Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegeese: 'n Diskussie, NGTT 20, 1979, 201-210 en ook Van Zyl A.H., Eksegeese! In die maalstroom?, Skrif en Kerk 2/1, 1981, 43-50.

³²Ernstige kritiek van verskillende kante is byvoorbeeld teen die boek van W. Richter ingebring. Vgl. bv. Barth H. en O.H. Steck, Exegese des Alten Testaments. Leitfaden der Methodik. Ein Arbeitsbuch für Proseminare, Seminare und Vorlesungen, Neukirchener Verlag, 10. Auflage, 1984, 74-77. Koch K., Reichen die formgeschichtlichen Methoden für die Gegenwartsaufgaben der Bibelwissenschaft zu?, ThLZ 98, no 11, 1973, 801-814. Ook Deist F.E., Ope vrae aan die diskoersanalise, NGTT 19 (4) 1978 en, Again: Methods of Exegesis, Old Testament Essays vol 1, Departement Old Testament, UNISA, Pretoria, 1983, 73-88, het kritiese vrae gestel oor die diskoersanalise en teksimmanente uitgangspunt by eksegeese. Vgl. ook die resensie op Richter se boek deur J.W. Rogerson in Journal of Semitic Studies 20 (1975) 117-122 en die opmerkings van Barton J., Reading the Old Testament, 23.

Om hierdie rede word daar met die metodologiese verantwoording nie geprentendeer asof dit dié (enigste) metode³³ is wat toegepas kan word om die vraag wat aan die teks gestel is, te beantwoord nie. Hoogstens kan daar gesê word dat die uiteensetting 'n verantwoording bied van hoe daar tot bepaalde resultate gekom is.

2. DIE AFBAKENING VAN PERIKOPE

Voordat daar met 'n bepaalde gedeelte gewerk kan word, moet die gedeelte verantwoord afgebaken word. So byvoorbeeld merk Prinsloo op: "Before one can start expounding a text it needs to be demarcated."³⁴

'n Bepaalde gedeelte wat so afgebaken is, word 'n perikoop genoem.³⁵ Die afbakening van 'n perikoop word gedoen met gebruikmaking van insigte wat die Literarkritik bied. In sommige handleidings oor die metodiek van eksegeese staan hierdie stap in die eksegetiese proses dan ook bekend as Literarkritik³⁶.

³³Van Zyl A.H., Literêre vorme en eksegeese, NGTT 13, 3, 1972, 149-159 en ook sy Redaksiegeskiedenis en prediking, NGTT 14, 2, 1973, 114-125.

³⁴Prinsloo W.S., Isaiah 14:12-15 - Humiliation, Hubris, Humiliation. ZAW 93/3, 1981, 433.

³⁵Vgl. byvoorbeeld Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegeese, 7: "Die eenheid waarmee in die eksegeese gewerk word, is die perikoop", en ook Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese, 7: "Die eenheid waarmee ons dus in die eksegeese werk, is die perikoop ..."

³⁶Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 50; Huber F., in Fohrer G., e.a., Exegese des Alten Testaments, Einführung in die Methodik, 2. durchgesehene und überarbeitete Auflage, Quelle und Meyer, Heidelberg Uni Taschenbücher 267, 1976, 44 en ook Zenger E., Ein Beispiel exegetischer Methoden aus dem Alten Testament, in Schreiner J.(red.), Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese, Echter Verlag Würzburg 1971, 105. Literarkritik hou egter

Die afbakening van 'n perikoop of perikope is 'n belangrike stap in die proses van eksegesi. Dit wat 'n outeur wil kommunikeer, word nie in losstaande woorde uitgedruk nie, maar in betekenisdraende woordrelasies, dit wil sê sinne wat op bepaalde maniere gebou is. Dit wat 'n outeur dus wil sê, word uitgedruk in sinne en in die aaneenskakeling van sinne. Daarom word daar gewerk met sulke sinskombinasies of perikope.³⁷ 'n Tweede rede waarom die afbakening van 'n perikoop belangrik is, is dat nie die hoofstukindeling of die perasjim van die BHS of BHK beskou kan word as 'n betroubare afgrensing van perikope nie. In die boek Maleagi word goeie voorbeelde gevind van 'n misleidende hoofstukindeling. Maleagi 2:17, wat die laaste vers van hoofstuk 2 is, lei byvoorbeeld 'n nuwe perikoop in. Maleagi 2:1 lei ook nie 'n nuwe perikoop in nie, maar is deel van 'n perikoop wat by Maleagi 1:6 begin. 'n Derde rede waarom die afbakening van 'n perikoop 'n noodsaaklike stap in die eksegetiese proses is, is omdat kommentare ook van mekaar verskil ten opsigte van die indeling en afbakening van perikope. Ten einde 'n verantwoorde keuse te maak vir 'n bepaalde verdeling van perikope, is 'n gemotiveerde afbakening van perikope nodig. So byvoorbeeld is daar verskil van mening onder kommentatore of Maleagi 3:6 die einde van een perikoop is en of dit die begin van 'n volgende perikoop is.

Met behulp van insigte uit die Literarkritiek word daar deur middel van 'n verskeidenheid van formele en inhoudelike kriteria gebruik gemaak om 'n perikoop/perikope mee af te baken. Sodoende word tradisionele afbakenings van perikope bevestig of daar word tot nuwe insigte gekom.

Die volgende kriteria word gewoonlik aangewend om perikope af te baken:

- * **Verdubbelings en herhalings** word deur Richter beskou as die gewigtigste kriterium vir die afgrensing van perikope.³⁸ As

vir hierdie outeurs meer in as bloot die afbakening van perikope.

³⁷ Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegesi, 7.

voorbeeld kan die twee skeppingsverhale wat aan die begin van die boek Genesis gevind geword, genoem word. Nie alle herhalings en verdubbelings wat voorkom, dien sonder meer as aanduiding vir die begin van 'n nuwe perikoop nie. Wanneer 'n herhaling as 'n stylmiddel gebruik word in 'n bepaalde gedeelte en dus dikwels herhaal word (vgl. byvoorbeeld Genesis 1 en Amos 1 en 2), geld dit uiteraard nie as aanduiding van 'n nuwe perikoop nie.³⁹ Dit is waarskynlik waarom Huber verkies om te praat van "steurende" herhalings as aanduiding van die begin van 'n nuwe perikoop.⁴⁰

- * **Spanninge** in 'n gedeelte is ook 'n teken van 'n nuwe perikoop (vgl. weer eens die twee skeppingsverhale in Genesis 1 en 2). Somtyds word verskillende woorde vir dieselfde plekke of persone gebruik, byvoorbeeld Sinaï en Horeb wat beide na dieselfde berg verwys en, om nog 'n voorbeeld te noem, verskillende godsname wat in opeenvolgende perikope gebruik word.⁴¹
- * **'n Geykte inleidingsformule** dui gewoonlik die begin van 'n nuwe perikoop aan,⁴² vgl. byvoorbeeld die bekende כה אמר יהוה -formule of die uitdrukking היה הדבר יהוה לאמר wat ook dikwels voorkom.
- * 'n Opvallende **verskil in woordeskat** wat intree kan 'n aanduiding wees van 'n breuk met die voorafgaande perikoop.

³⁸Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 51.

³⁹Vgl. Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 55 en ook Huber F., in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 50.

⁴⁰Huber F. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 45.

⁴¹Vgl. Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 56 vir verdere voorbeelde.

⁴²Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegese, 8.

* 'n Verskil in persoons en -plekname kan dui op 'n nuwe perikoop wat begin. 'n Afwisseling van toneel en die oorskakeling van nuwe aktante is sterk kriteria dat daar 'n nuwe perikoop volg.⁴³

Bogenoemde is dus almal moontlike kriteria wat aangewend kan word by die afbakening van perikope. Nie alle kriteria kan by elke teks toegepas word nie. Die gedeelte wat ondersoek word, sal die ter saaklike kriteria oplewer. Hierdie lys is ook nie 'n volledige lys van elke moontlike kriterium nie, Richter bied byvoorbeeld 'n veel meer gedetailleerde uiteensetting van kriteria aan.⁴⁴

Dat dit juis die Literarkritik is wat handige en bruikbare insigte bied vir die afbakening van perikope word gesteun deur Richter, Huber en Zenger. Huber merk byvoorbeeld op: "Eine erste Aufgabe der Literarkritik ist es, Beginn und Ende eines Textes zu bestimmen".⁴⁵

Wanneer die taak van Literarkritik sō geformuleer word, is dit meteens ook duidelik dat die term Literarkritik nie gebruik word in terme van wat Zenger⁴⁶ noem die klassieke Literarkritik nie. In die klassieke Literarkritik kom die vraagstuk van die sogenaamde egtheid al dan nie van 'n gedeelte en ook die vraagstuk van die moontlikheid van bronne al dan nie, ter sprake.⁴⁷ Richter haal byvoorbeeld vir Zimmerman aan wat

⁴³Ibid., 8; Vgl. ook Huber F. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 47.

⁴⁴Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 50-62.

⁴⁵Huber F. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 44.

⁴⁶Zenger E., Ein Beispiel exegetischer Methoden aus dem Alten Testament, in Schreiner J., Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese, 106.

⁴⁷Huber F. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 46-47; Zenger E., Ein Beispiel exegetischer Methoden aus dem Alten

"Literarkritik wesentlich als Quellenkritik" verstaan.⁴⁸
Literarkritik word ook nie aangewend om glosse⁴⁹ te identifiseer
of om die Einheitlichkeit of Uneinheitlichkeit van 'n perikoop
vas te stel nie.⁵⁰

Die insigte van die Literarkritik word dus slegs gebruik om 'n
perikoop verantwoord af te baken as 'n sinvolle eenheid om verder
mee te werk.

3. TESKRITIESE ONDERSOEK

Die taak van die tekskritiek is om vanuit 'n verskeidenheid van
alternatiewe lesings in bestaande weergawes van tekste, die mees
akkurate lesing van die Ou Testament vas te stel.⁵¹ Die doel
van die tekskritiek is dus om met behulp van die verskillende
manuskripte en vertalings die teks so te rekonstrueer dat dit
die naaste aan die oorspronklike teks kom.⁵²

Testament, in Schreiner J., Einführung in die Methoden der
Biblischen Exegese, 107.

⁴⁸Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 50. Vgl. ook sy
opmerking dat "Die Meinung ist so verbreitet, dass man die
Literarkritiker auch 'Quellentkritiker' genannt hat", 50. Vgl. ook
Staerk W., Zur alttestamentlichen Literarkritik. Grundsätzliches
und Methodisches, ZAW 42, 1924, 34-47 en Habel N.C., Literary
Criticism of the Old Testament, 6e Druk, Fortress Press,
Philadelphia, 1983.

⁴⁹Adam G., O. Kaiser en W.G. Kummel, Einführung in die exegetischen
Methoden, Chr Kaiser Verlag, München, 1975, 27.

⁵⁰Huber F. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 44.

⁵¹Deist F.E., Towards the Text of the Old Testament, Dutch Reformed
Church Booksellers, Pretoria, 1978, 13.

⁵²Markert L. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 31.

Hierdie stap in die eksegetiese proses is noodsaaklik omdat daar nie oorspronklike kopieë van die gekanoniseerde teks van die Ou Testament bekend is nie. Van die teks van die Ou Testament bestaan daar verskillende manuskripte en vertalings wat in talle opsigte variante lesings vertoon en dus van mekaar verskil as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore.⁵³

Die opgaaf van die tekskritiek in die praktiese beoefening daarvan is die versameling van teksmateriaal, die klassifikasie van die versamelde teksmateriaal en die evaluering van die geklassifiseerde of geordende materiaal. Die evaluering van die verskillende lesings moet as die "eintlike" tekskritiek gesien word.⁵⁴ Vir hierdie taak is die tekskritiese apparaat van BHK en BHS tot beskikking van die eksegeet.

Met behulp van verskillende kriteria en beginsels wat geld in die tekskritiek word die evaluasie van manuskripleesings en variante lesings van vertalings gedoen.⁵⁵

⁵³Al die verskillende faktore wat bydra tot tekskorrupsie word nie hier gegee nie, maar kan nagelees word in Deist F.E., Towards the Text of the Old Testament, 42 e.v.; Würthwein E., Der Text des Alten Testaments, Wurtembergische Bibelanstalt Stuttgart, 1973; Markert L. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 40-41. Schreiner J., Ein Beispiel biblischer Textkritik in Schreiner J., Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese, 84-96. Vgl. ook Eybers I.H., Textual criticism of the Old Testament as an aspect of the exegetical process - a few notes, in van Wyk W.C. (red.), Aspects of the exegetical process, Old Testament Essays OTWSA 20 (1977) en OTWSA 21 (1978), 24 e.v.; Armending C.E., The Old Testament and Criticism, W.B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids-Michigan, 1983, 119 e.v.

⁵⁴Deist F.E., Towards the Text of the Old Testament, 229-230. Vgl. ook Verhoef P.A., Metodiek van die Eksegese, N.G. Kerk Uitgewers, 1973, 21-24.

⁵⁵Ibid, 240.

Oor die noodsaaklikheid van tekskritiek in die eksegetiese proses is daar eenstemmigheid. Daar is egter verskil van mening oor die plek wat tekskritiek inneem in die opeenvolging van stappe in die proses van eksegeese.

Richter beskou die tekskritiese arbeid as voorbereiding vir die eksegeese wat volg: "Sie (d.i. tekskritiek - S.D.S.) gehört aber als Philologie zu den vorbereitenden Arbeiten - für die Literaturwissenschaft im engeren Sinn und kann sich auf relativ sichere Kriterien stützen."⁵⁶ Die tekskritiese arbeid aan die teks gaan dus volgens Richter vooraf aan die Literarkritik.

Ook Fohrer e.a. laat tekskritiek voorafgaan aan Literarkritik: "Grundlegende Voraussetzung allen exegetischen Bemühens ist die Textkritik..."⁵⁷ Kaiser laat die tekskritiek ook voorafgaan aan die Literarkritik.⁵⁸

Beide Loader⁵⁹ en Prinsloo⁶⁰ plaas die tekskritiek as tweede

⁵⁶Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 22. Vgl. ook Zenger E., Ein Beispiel exegetischer Methoden aus dem Alten Testament, 98.

⁵⁷Hoffmann H.W., in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 24.

⁵⁸Kaiser O., Einführung in die Exegetische Methoden, 17 e.v.

⁵⁹Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese, 7 en vir 'n illustrasie hiervan vgl. sy "A Structural Analysis of Psalm 113" in van Wyk W.C. (red.) Studies in the Chronicler, Old Testament Essays, OTWSA 19, 64.

⁶⁰Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegeese, 8 en vir 'n illustrasie hiervan vgl. onder andere sy "Isaiah 5:1-7: A synchronic Approach", in van Wyk W.C.(red.), Studies in Isaiah, Old Testament Essays, OTWSA 22 en 23 (1979 en 1980), 184; The Theology of Jeremiah 27:1-11 in Deist F.E. en J.A. Loader (red.), Papers read at the 24th meeting of Die Ou Testamentiese Werkgemeenskap in Suider Afrika, OTWSA (1981), 1982, 69; en Isaiah 14:12-15 - Humiliation, Hubris,

stap nadat die perikoop afgebaken is. Loader gee 'n belangrike motivering vir hierdie volgorde in die proses van eksegeses. Die rede waarom die tekskritiese arbeid aan die perikoop volg op die afbakening van 'n perikoop is omdat elke element van die teks, tekskonstitutief is.⁶¹ Elke deel van die teks, het 'n funksie in die geheel van die teks. Wanneer 'n tekskritiese verandering dus aangebring word, beteken dit 'n verandering aan die hele teks. Omdat die hele teks verander het, sal die eksegeet alles wat hy reeds gedoen het, in heroorweging moet neem. Die resultaat hiervan is 'n kontrolesistiem wat in die eksegetiese proses ingebou word.⁶²

Met behulp van bepaalde kriteria is 'n perikoop afgebaken. Die afgebakende perikoop is dus die voorwerp van studie. Om hierdie rede word die afgebakende perikoop dan onderwerp aan 'n tekskritiese ondersoek.

Dit is ten slotte ook belangrik om die afbakening van 'n perikoop met behulp van die insigte van die Literarkritiek te onderskei van die tekskritiese ondersoek van die teks. Deist onderskei die klassieke Literarkritiek van die Tekskritiek soos volg: "The discipline investigating the vicissitudes of a text in so far as these pertain to its genesis we call Literary Criticism. Textual Criticism, on the other hand, investigates the vicissitudes of a text in so far as these pertain to the transmission of the final text, whether transmission by copying or by translation".⁶³

Die onderskeid tussen die afbakening van 'n perikoop en die tekskritiek bestaan, wat hierdie studie betref, daarin dat deur die afbakening van 'n perikoop die omvang van die teks (d.w.s.

Humiliation, 433.

⁶¹Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeses, 7 en ook Loader J.A., A Structural Analysis of Psalm 113, 64.

⁶²Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeses, 8.

⁶³Deist F.E., Towards the Text of the Old Testament, 25.

die begin en einde van die perikoop) bepaal word, terwyl tekskritiek te doen het met die evaluering van oorgelewerde tekste.

4. ANALISE VAN DIE OPBOU VAN 'N PERIKOOP

Wanneer die omvang van 'n perikoop bepaal is en die perikoop tekskrities ondersoek is, word die perikoop se strukturele opbou ondersoek. Hier word dus uitgegaan van die beginsel dat taal gestruktureerd moet wees om sinvol te kommunikeer. Om dus te bepaal wat 'n bepaalde perikoop wil kommunikeer, moet die perikoop se strukturele opbou ontleed word. Hier tree 'n volgende uitgangspunt na vore, naamlik dat daar van sintaktiese kriteria gebruik gemaak word om by die inhoud van 'n perikoop uit te kom. Hierdie uitgangspunt moet egter nie vertolk word asof (strukturele) vorm en inhoud waterdig van mekaar geskei kan word nie. Die inhoud van 'n perikoop is vervat in die vorm waarin dit aangebied word aan die leser. Die uitgangspunt wat geld, is egter dat die inhoud van 'n perikoop bepaal word deur middel van die strukturele opbou en rangskikking van die betrokke perikoop. Die strukturele opbou van 'n perikoop is die pakket waardeur die inhoud van 'n perikoop aangebied word. Om dus by die inhoud uit te kom, moet daar by die strukturele aanbieding begin word. Die struktuur van 'n teks is vir sy betekenis relevant.⁶⁴ Preuss merk op: "Da man etwas durch etwas sagt, sind Inhalt und Form aufeinander bezogen", en ook "Der Zugang zum Inhalt geht nun einmal nur über die Form."⁶⁵

Om die strukturele opbou van 'n perikoop te ontleed, moet die perikoop in sinvolle eenhede verdeel word. Die eenheid waarmee gewerk word, hang af van die soort literatuur voorhande. In prosa is die eenheid waarmee gewerk word die kolon (meervoud kola) terwyl die stige of versreël in poësie gewoonlik gebruik word.⁶⁶

⁶⁴Wanke G. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 64.

⁶⁵Preuss H.D., Linguistik - Literaturwissenschaft - Altes Testament, 13, 17.

Wat die boek Maleagi betref, is daar min onsekerheid dat die teks van Maleagi prosa is. Volgens Smith moet die boek Maleagi as prosa geklassifiseer word: "Neither in spirit, thought, nor form has it the characteristics of poetry ... If Malachi is to be regarded as poetical, either in form or content, distinctions between poetry and prose must be abandoned".⁶⁷ Elliger het in sy kommentaar⁶⁸ die teks van Maleagi metries weergegee omdat daar volgens hom 'n "prosaïsering" van die metriese vorm plaasgevind het. Hy erken egter dat die metriese aanbieding slegs as 'n poging waardeur moet word.⁶⁹ Verhoef merk in hierdie verband op dat geleerdes dit daarvoor eens is dat die boek Maleagi hoofsaaklik in prosa geskryf is. Sy (Verhoef se) eie standpunt is dat die boek in hoofsaak prosa is, met hier en daar 'n spoor van ritmiese skema.⁷⁰ Dit is ook die gevolgtrekking waartoe van der Woude kom as hy die standpunt handhaaf dat die profesieë hoofsaaklik in prosa gestel is, alhoewel 'n "poëtiese ritmiek" op baie plekke nie ontken kan word nie.⁷¹ Beide Baldwin⁷² en Kaiser⁷³ se standpunt is ook dat die boek Maleagi

⁶⁶Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese, 8 en ook Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegeese, 9 en 11. Vgl. ook van Aarde A.G., Moderne Semantiek en Formele Homiletiek, HTS 34 (1 en 2) 1978, 47.

⁶⁷Smith J.M.P., A Critical and Exegetical Commentary on the book of Malachi, I.C.C., T & T Clark Ltd., 1980, 4-5.

⁶⁸Elliger K., Das Buch der zwölf kleinen Propheten II, ATD 25, Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen, 1975.

⁶⁹Ibid., 189.

⁷⁰Verhoef P.A., Maleachi, COT, Kampen Uitgeversmaatschappij J.H. Kok BV, 1972, 46-47. Vgl. ook Fourie L.C.H., Die Betekenis van die Verbond as sleutel vir Maleagi ongepubliseerde M.Th-skripsie, Univ. van Stellenbosch, 1982, 33.

⁷¹Van der Woude, A.S., Haggai, Maleachi, POT, Uitgeverij Callenbach bv, Nijkerk, 1982, 81.

in prosa geskryf is. In die lig van die feitlik eenparige instemming van geleerdes dat Maleagi in prosa geskryf is, is daar van 'n kolonindeling gebruik gemaak om die opbou van die verskillende perikope te ontleed. Omdat 'n kolonindeling by poësie gewoonlik nie tot teenstrydige resultate met 'n stige-indeling lei nie,⁷⁴ ondervang die kolonindeling van die boek Maleagi ook die gedeeltes waar daar die moontlikheid van 'n ritmiese skema bestaan. In gevalle waar daar onsekerheid bestaan of 'n perikoop prosa of poësie is, geld die uitgangspunt dat 'n kola-indeling dan gemaak word.⁷⁵

'n Kolon is 'n linguïstiese sin wat weergegee kan word met die formule N+V, dit wil sê een naamwoordstuk en een werkwoordstuk⁷⁶. Prinsloo omskryf 'n kolon in dieselfde terme as hy sê die kolon is 'n linguïstiese eenheid wat uit 'n selfstandige verbale en nominale gedeelte bestaan.⁷⁷ By beide die nominale

⁷²Baldwin J., Haggai, Zechariah, Malachi, Tyndale Old Testament Commentaries, Intervarsity Press, 1976, 215.

⁷³Kaiser W.C., Malachi, God's unchanging love, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1984, 18.

⁷⁴Prinsloo W.S., Die Metodiek van eksegesi, 11.

⁷⁵Ibid.

⁷⁶Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegesi, 20. Vgl. ook die definisie wat Louw J.P., Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks, Pretoria, 1976, 92 gee: Die kolon is 'n tegniese benaming vir sin in die enge betekenis van S - N+V. 'n Kolon bestaan dus uit 'n nominale en verbale frase.

⁷⁷Prinsloo W.S., Die Metodiek van eksegesi, 11. Dit is nie duidelik of Richter gebruik maak van hierdie definisie van 'n sin nie alhoewel hy met die sin (Satz) werk in wat hy Formkritik noem, vgl. 84-85. By Wanke is dit ook nie duidelik of sin in die betekenis van kolon by hom funksioneer nie. Volgens hom moet die teks egter ook in afsonderlike sinne ontleed word, vgl. 66.

en verbale gedeelte van 'n kolon kan inbeddinge voorkom, solank as wat dit nog een sin bevat. 'n Inbedding by 'n kolon word 'n komma (meervoud kommata) genoem.

Heelwat perikope in die boek Maleagi bevat 'n uitgebreide direkte rede waar Jahwe gewoonlik aan die woord is.⁷⁸ Inbeddings (d.w.s. kommata) by direkte rede word op dieselfde wyse as kola geïdentifiseer en aangedui in die analise van die verskillende perikope. Sulke kommata word sub-kola genoem.

Die kola van 'n bepaalde perikoop wat op hierdie wyse geïdentifiseer is, staan in relasie tot mekaar. Hierdie relasie word in die teksanalise met verbindingslyne aangetoon. Die relasie bestaan daarin dat die een kolon (of sub-kolon) die ander kolon (of sub-kolon) grammaties en inhoudelik funksioneel moontlik maak.⁷⁹ Die verbinding van die sub-kola met mekaar en die verbinding van die kola met mekaar word nie met behulp van inhoudelike kriteria gedoen nie, maar word sover moontlik met behulp van sintaktiese en stilistiese kriteria gedoen.

Op **sintaktiese** vlak is die voorkoms van die waw-konsekutief/kopulatief, inleidingsformules wat direkte rede aandui, pronominale opname deur suffikse, voornaamwoorde en persoonsvorme in die werkwoord vervat, imperatiewe, jussiewe, vraagsinne, partikels, voorsetsels, ooreenkoms of afwisseling van die vorm van die werkwoord, die opvallende herhaling van woorde en/of woordgroepe, subjekwisseling, objekwisseling, subjek ooreenkomste en objek ooreenkomste, alles kriteria wat aangewend kan word om kola of sub-kola met mekaar te verbind.⁸⁰

⁷⁸Rengstorf K.H., *Gesetz und Propheten*, in Rost L., Studien zum Alten Testament, Beiträge zur Wissenschaft vom Alten und Neuen Testament, Sechste Folge, Verlag W. Kohlhammer, Stuttgart, 1974, 32-33.

⁷⁹Van Aarde A.G., *Moderne Semantiek en Formele Homiletiek*, 47.

⁸⁰Wanke G. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 66-67; Zenger E., *Ein Beispiel exegetischer Methoden aus dem Alten Testament* in Schreiner J., Einführung in die Methoden der Biblischen

Op **stilistiese** vlak geld kriteria soos byvoorbeeld woordspel, figura etymologica, beelde, Leitwörter,⁸¹ sinonieme woordpare, polêre uitdrukkings, antitetiese woordpare, sinonieme parallelisme, antitetiese parallelisme, sintetiese parallelisme, chiasme en inclusio as kriteria wat 'n aanduiding gee vir die verbinding van kola en sub-kola.⁸² Aangesien vorm en inhoud nie van mekaar geskei kan word nie, speel inhoudsmomente ook 'n rol by die verbinding van kola en sub-kola. Verder is rym, alliterasie, assonansie, ritme ens. ook faktore wat by die verbinding van kola en sub-kola in berekening gebring moet word.

Met behulp van bogenoemde kriteria word die verskillende sub-kola en kola met mekaar verbind. Hierdeur word die strukturele opbou van 'n perikoop duidelik. 'n Perikoop kan moontlik uit twee of meer perikoopseksies opgebou wees. Deur middel van die analise van die strukturele opbou van 'n perikoop word perikoopseksies geïdentifiseer en aan mekaar verbind met behulp van diesefde kriteria wat geld by die verbinding van kola en sub-kola.

Exegese, 118-119; Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegese, 26; Prinsloo W.S., Die Metodiek van eksegese, 12; Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 79 e.v.

⁸¹Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 89 omskryf 'n Leitwort soos volg: "Wenn ein Wort häufiger vorkommt und gezielt verwendet wird, kann es Leitwort sein." Vgl. ook Wanke G. in Exegese des Alten Testaments, 69.

⁸²Wanke G. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 68-69; Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 89; Prinsloo W.S., Die Metodiek van eksegese, 11-12; Zenger E., Ein Beispiel exegetischer Methoden aus dem Alten Testament in Schreiner J., Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese, 119; Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegese, 26. Kaiser O., Einführung in die exegetischen Methoden, 29-30

Die blootlegging van die strukturele opbou van elke perikoop in die boek Maleagi met behulp van sintaktiese en stilistiese kriteria soos hierbo uiteengesit, het as grondslag gedien vir die ondersoek na die antiteses in die boek. Vanuit die analise van die opbou van elke perikoop in die boek Maleagi is daar gefokus op 'n ondersoek na die teenwoordigheid van antiteses en is die antiteses dan ook aangetoon.

5. ONDERSOEK NA DIE GATTUNG

Die volgende stap wat gevolg word in die ondersoek na antiteses in die boek Maleagi, is die ondersoek na die Gattung van elke perikoop.

Elke betrokke perikoop het 'n eie unieke literêre karakter. Verskillende unieke perikope kan egter ook formele en inhoudelike ooreenkomste met mekaar hê. Sulke perikope kan dan saam tot 'n tipiese groep gereken word en so 'n tipiese groep heet 'n Gattung.⁸³ Wanneer twee onafhanklike literêre eenhede binne dieselfde literêre tradisie - die Ou Testament in hierdie geval - bepaalde ooreenkomste vertoon, kan daar dus van 'n Gattung gepraat word. "Diese strukturierte Form begegnet in naher Verwandtschaft wiederholt, und zwar derart, dass die einzelnen Formen literarisch unabhängig voneinander sind. Diese verwandte Formengruppe wird unter dem Begriff, 'Gattung' zusammen gefasst."⁸⁴

Die analise van die strukturele opbou van 'n perikoop wat onder 4 bespreek is, het te doen met konkrete perikope. Gattung beskryf die tipiese of die ideale vorm.⁸⁵ Dit was veral Richter wat hierdie onderskeid tussen Form en Gattung gemaak het⁸⁶:

⁸³Loader J.A., *Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese*, 9.

⁸⁴Richter W., *Exegese als Literaturwissenschaft*, 131.

⁸⁵Markert L. in Fohrer G. e.a., *Exegese des Alten Testaments*, 84.

⁸⁶Preuss H.D., *Linguistik - Literaturwissenschaft - Altes Testament*, 16 en Markert L., *Exegese des Alten Testaments*, 84.

"Gattung ist also ein theoretisches Ergebnis der Wissenschaft; in der konkreten Literatur existieren nur die Formen."⁸⁷

Wanneer die strukturele opbou van 'n perikoop geanaliseer is, moet daar vasgestel word of die besondere strukturele opbou van die perikoop 'n eenmalige verskynsel is en of die perikoop verteenwoordigend is van 'n Gattung. 'n Ondersoek na die Gattung van 'n perikoop is dus vergelykend van aard. Die geanaliseerde perikoop moet met ander perikope in die Ou Testament vergelyk word met die doel om struktuur-verwante vorme te vind.⁸⁸ Van 'n Gattung is daar dus eers sprake wanneer minstens twee van mekaar onafhanklike perikope struktureel dieselfde of verwant is.⁸⁹

Markert maak die opmerking dat die bepaling van die Gattung van 'n perikoop geskied deur die struktuur van die perikoop te vergelyk met Gattungen wat deur die Ou Testamentiese wetenskap vasgestel is.⁹⁰ Uiteraard sal hierdie werk krities moet geskied omdat die bepaling van 'n Gattung in die verlede nie berus het op die insigte uit die moderne taalwetenskap nie. Dit is egter die metode wat in hierdie studie gevolg word om die Gattung van elke perikoop van die boek Maleagi te bepaal.

Dit is ten slotte ook belangrik om nie net die Gattung van 'n bepaalde perikoop vas te stel nie, maar om ook die funksie van die Gattung in die betrokke perikoop te bepaal.

⁸⁷Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 132.

⁸⁸Markert L. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 85.

⁸⁹Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 138.

⁹⁰Markert L. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testaments, 92. Vgl. ook, Hayes J.H. (red.) Old Testament Form Criticism, Trinity University Press, San Antonio, 1974; Westermann C., Basic Forms of Prophetic Speech, Westminster Press, Philadelphia, 1967; Schreiner J., Formen und Gattungen im alten Testament, in Schreiner J. Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese, 194 e.v.

6. TRADISIEKRITIEK

Geen skrywer lewer 'n literêre produk in 'n vakuum nie. 'n Literêre produk ontstaan binne 'n bepaalde "klimaat" wat gevorm is deur die geskiedenis van 'n gemeenskap. 'n Tradisie verteenwoordig die waarhede en ervarings van vorige geslagte.⁹¹ Dit is dus onvermydelik dat tradisies 'n rol sal speel by die totstandkoming van 'n literêre produk.

Tradisiekritiek as metodiese faset in hierdie studie het 'n tweërlei doelstelling. In die eerste plek het die tradisiekritiek die doel om tradisies - indien enige⁹² - te identifiseer en in die tweede plek het tradisiekritiek die doel om die funksie van tradisies in 'n perikoop te bepaal.

Geykte betekenisverskynsels laat hulle in twee groepe verdeel: motiewe en tradisies.⁹³ Onder motief word 'n geykte betekenisverskynsel verstaan wat nie verbind kan word aan 'n spesifieke kring nie en wat 'n skrywer om verskillende redes kan opneem.⁹⁴ Motiewe word gevind in geykte beelde en geykte temas wat skrywers/outeurs gebruik. 'n Tradisie verskil van 'n motief daarin dat 'n tradisie gewoonlik 'n aanwysbare oorleweringsirkel het. Tradisies is selfstandige taalkundige skeppings wat opsigself kan bestaan.⁹⁵

⁹¹ Knight D.A.(red.), Tradition and Theology in the Old Testament, SPCK, London, 1977, 1.

⁹² Dit is natuurlik ook moontlik dat 'n gegewe stuk literatuur geen tradisies oplewer nie. Vgl. Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 153.

⁹³ Huber F., in Fohrer G., Exegese des Alten Testaments, 101. Daar word in hierdie studie hoofsaaklik uitgegaan van Huber se uiteensetting van Tradisiekritiek.

⁹⁴ Ibid., 102.

⁹⁵ Ibid., 108.

Die term tradisie soos in hierdie studie gebruik word, kan beskryf word as die gekte vorm waarin die hoogtepunte van die Heilsgeschiede van die volk van Jahwe oorlewer en gebruik is.

⁹⁶ Die volgende tradisies word gewoonlik in die Ou Testament geïdentifiseer: Skeppingstradisie, Aartsvadertradisie, Eksodustradisie, Woestynttradisie, Sinaïtradisie, Landbelofte- en landinbesitnametradisie en die Dawids- en Sionstradisie.⁹⁷

Tradisiekritiek in hierdie ondersoek word net gedoen in soverre as wat daar van hierdie tradisies in 'n bepaalde perikoop voorkom. Met betrekking tot tradisies in die boek Maleagi, maak von Rad die opmerking dat die boodskap van hierdie profeet (Maleagi) feitlik geen aanduiding bevat waardeur die boek **traditionsgeschiedlich** bepaal kan word nie.⁹⁸

Wanneer 'n gekte betekenisverskynsel oorgeneem en in 'n nuwe konteks gebruik word, kry die gekte betekenisverskynsel daardeur 'n nuwe funksie. Om die funksie van 'n betekenisverskynsel in 'n eenheid vas te stel, moet sy plek in die konteks eers bepaal word. Die vraag moet dus gevra word in watter verhouding die gekte betekenisverskynsel tot die doel van die eenheid staan. Die analise van die opbou van 'n perikoop is 'n hulp om dit vas te stel.⁹⁹ Tradisies word dus nie net opgeneem deur profete nie, maar word ook nuut geïnterpreteer, sodat daar nuwe insigte na vore tree.¹⁰⁰ Die betekenis van 'n tradisie moet dus bepaal word deur die onmiddellike konteks waarin dit voorkom.

⁹⁶Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegese, 19.

⁹⁷Vgl. veral Von Rad G., Die Theologie des Alten Testaments, Band I, 143 e.v. vir nadere besonderhede.

⁹⁸Von Rad G., Die Theologie des Alten Testaments, Band II, 299.

⁹⁹Huber F. in Fohrer e.a., Exegese des Alten Testaments, 114.

¹⁰⁰Ibid., 116.

Daar word nie aandag gegee aan tradisiegeskiedenis in hierdie studie nie. Tradisiegeskiedenis kan eers volledig beskryf word wanneer alle perikope of eenhede, waarin 'n bepaalde tradisie voorkom, geanaliseer word en dit val buite die bestek van hierdie studie.¹⁰¹

Tradisiekritiek is ook 'n belangrike stap in die eksegetiese proses: dit weerhou 'n eksegeet daarvan om a-histories te werk by die eksegeese van 'n perikoop.

7. REDAKSIEKRITIEK

Die Ou Testament het tot stand gekom langs die weg van 'n ingewikkelde en lang historiese groeiproses. Verskillende "hande" kon in die loop van die ontstaansgeskiedenis van die Ou Testament redaksionele veranderinge aan 'n perikoop en/of boek aangebring het. Die Komposisie- en Redaksiekritiek wat die moontlike redaksionele veranderinge aan 'n perikoop en/of boek ondersoek, het verskillende moontlike veranderinge aan 'n perikoop of boek aangetoon. Daar kan ook gedeeltes by 'n bepaalde perikoop of boek gevoeg word deur 'n latere hand of redaktor.¹⁰² Dit is veral uitbreidings of toevoegings aan 'n perikoop deur 'n redaktor wat relevant is in die studie.

Loader maak die belangrike opmerking: "Wanneer ons die redaksie van 'n stuk nagaan, moet ons dit met sinchroniese kriteria doen. Ons moet dus in die teks self die aanduidings vind waarop ons oordeel gebaseer word, en nie in subjektiewe idees oor wat moontlik kon gebeur het nie."¹⁰³

¹⁰¹Fohrer G., Tradition und Interpretation im Alten Testament, ZAW 73, 1961, 24.

¹⁰²Fohrer G., Exegese des Alten Testament, 140.

¹⁰³Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese, 11.

Wanneer 'n redaksionele byvoeging op bogenoemde wyse geïdentifiseer is, moet daar ook gevra word na die funksie van die redaksionele byvoeging¹⁰⁴: watter invloed het die redaksionele verandering op die betekenis en boodskap van die perikoop?¹⁰⁵ Volgens Richter word die doel van so 'n komposisie (die oorspronklike outeur en die redaktor se bydrae) uit die "Gesamtstruktur" afgelees.¹⁰⁶

Met die identifisering van 'n redaksionele byvoeging word daar nie 'n uitspraak gemaak oor die kanonisiteit van die gedeelte nie.¹⁰⁷ Die kanonisiteit is nie ter sprake by die identifisering van 'n redaksionele uitbreiding nie.

8. BEPALING VAN DIE BOODSKAP

Die betekenis van die inhoud binne die raamwerk van die voorafgaande stappe moet vervolgens bepaal word. Uit die voorafgaande stappe het daar 'n groot klomp informasie na vore gekom waaruit die bedoeling of intensie van die outeur gaandeweg duideliker geword het.

By die bepaling van die boodskap van 'n perikoop vind daar dus 'n integrasie plaas van al die voorafgaande stappe om tot 'n sinvolle gevolgtrekking te kom oor dit wat 'n bepaalde perikoop wil kommunikeer. "Unter Berücksichtigung aller bisherigen Ergebnisse soll hier nun die Formulierung seines Inhalts versucht werden; sein Duktus und sein Höhepunkt müssen dabei deutlich herausgearbeitet werden".¹⁰⁸ Die boodskap van 'n

¹⁰⁴Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 169.

¹⁰⁵Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegese, 21.

¹⁰⁶Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 171.

¹⁰⁷Van Zyl A.H., Redaksiegeskiedenis en prediking, 114-125.

¹⁰⁸Hoffman H.W. in Fohrer G. e.a., Exegese des Alten Testament, 150.

perikoop word veral bepaal in die lig van die resultate en gegewens wat verkry is uit die analise van die opbou van die perikoop.

Omdat hierdie studie 'n ondersoek is na die antiteses in die boek Maleagi, word daar by die bepaling van die boodskap van die onderskeie perikope van die boek Maleagi veral gekonsentreer op die boodskap van 'n perikoop in die lig van die antiteses wat aangetoon is.

'n Volledige en omvattende boodskap van elke perikoop word dus nie gegee nie, omdat daar, soos hierbo aangedui, in hooftsaak gekonsentreer is op die boodskap van elke perikoop in die lig van die antiteses wat in die perikoop geïdentifiseer is.

HOOFSTUK 3

DIE AFBAKENING VAN DIE PERIKOPE

EN TEKSKRITIESE ONDERSOEK VAN DIE BOEK MALEAGI

1. DIE AFBAKENING VAN DIE BOEK MALEAGI IN DIE KONTEKS VAN DIE HEBREEUSE KANON

Hierdie studie onderneem 'n ondersoek na die antiteses wat in die boek Maleagi voorkom. Die boek Maleagi moet afgebaken word van die res van die Hebreeuse kanon waarvan dit deel vorm. Die afbakening moet veral geskied in die lig van die dispuut rondom die onafhanklikheid van Maleagi (vgl. Hoofstuk 1, 2.4).

1.1 Die opskrif van Maleagi (1:1)

Die boek Maleagi open met die woord **מֵשָׁא**. Die woord is 'n geykte inleidingsformule. Dit kom ook voor by Sagaria 12:1, 9:1; Nahum 1:1 en Habakuk 1:1 (**הַמֵּשָׁא**).

Maleagi 1:1 bevat vervolgens ook die uitdrukking **דָּבַר יְהוָה**. Hierdie uitdrukking is ook belangrik vir die afbakening van 'n perikoop want dit word dikwels gebruik om die begin van 'n eenheid aan te dui. So byvoorbeeld word die uitdrukking aangetref aan die begin van Hosea 1:1; Joël 1:1; Miga 1:1 en Sefanja 1:1. Die uitdrukking kom ook by die openingsverse van Haggai 1:1 en Sagaria 1:1 voor.

Die uitdrukking **אֵל** + adressant aan wie die profesie gerig is, kom by Maleagi 1:1 voor en ook by Hosea 1:1; Joël 1:1; Jona 1:1; Miga 1:1; Sefanja 1:1; Haggai 1:1 en Sagaria 1:1. Hierdie uitdrukking wat so dikwels voorkom, is dus 'n verdere kriterium om aan te toon dat Maleagi 1:1 'n nuwe eenheid inlui.

Die oorweldigende meerderheid van kommentatore beskou Maleagi 1:1 as 'n opskrif vir die hele boek.¹

Bogenoemde kriteria, gekombineer met die instemmende getuienis van die groot meerderheid van kommentare op die boek Maleagi lewer dus afdoende bewys om te konkludeer dat wat in die Hebreeuse Bybel aangedui word as Maleagi 1:1 inderdaad die begin is van 'n nuwe eenheid.

Maleagi staan verder aan die einde van die sogenaamde twaalf Klein Profete wat op hulle beurt weer deel uitmaak van die Profete in die Hebreeuse kanon. Onmiddellik na Maleagi begin die derde deel van die Hebreeuse kanon, die sogenaamde

¹Baldwin J., Haggai, Zechariah, Malachi, An Introduction and Commentary, Intervarsity Press, Leicester, England, 1976, 221, hierna aangedui as Baldwin J., Malachi; Elliger K., Das Buch der zwölf kleinen Propheten II, ATD, 7. durchgesehene Auflage, Göttingen, Vandenhoeck und Ruprecht, 1975, 189, hierna aangedui as Elliger K., Maleachi; Horst F., Die Zwölf kleinen Propheten, Nahum bis Maleachi, HAT 14, 3. Auflage, Verlag von J.C.B. Mohr (Paul Siebeck), Tübingen 1964, 264, hierna aangedui as Horst F., Maleachi; Rudolph W., Haggai - Sacharja 1-8 - Sacharja 9-14 - Maleachi, KAT XII 4, 1. Auflage, Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn, 1976, 253, hierna aangedui as Rudolph W., Maleachi; Smith J.M.P., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Malachi, I.C.C., Edinburgh, T & T Clark Ltd., 1980, 18, hierna aangedui as Smith J.M.P., Malachi; Van der Woude A.S., Haggai Maleachi, POT, Uitgeverij Callenbach bv, Nijkerk, 1982, 83, hierna aangedui as Van der Woude A.S., Maleachi. Verhoef P.A., Maleachi, COT, Kampen Uitgeversmaatschappij J.H. Kok B.V., 1972, 71, hierna aangedui as Verhoef P.A., Maleachi. Kommentare wat Maleagi 1:1 beskou as deel van die eerste perikoop is onder andere Frey H., Das Buch der Kirche in der Weltwende, Die kleinen nachexilischen Propheten, BAT, 5. Auflage, Calwer Verlag Stuttgart, 1963, 140, hierna aangedui as Frey H., Das Buch; Kaiser W.C., Malachi God's unchanging love, Baker Bookhouse, Grand Rapids, Michigan, 1984, 21, hierna aangedui as Kaiser W.C., Malachi.

Geskryfte, met die Psalms. Die opmerklike verskille tussen die boek Maleagi en die Psalmbundel na vorm, styl, Gattung ens. hoef skaars betoog te word.

Die boek Maleagi word Gattungs-gewys gekenmerk deur die Gattung van die Disputationswort wat 'n addisionele kriterium is vir die afbakening van die boek.

So word die boek dus na voor, na agter en na binne afgegrens van die res van die Hebreeuse kanon.

1.2 Die afbakening van die verskillende perikope van die boek Maleagi

Die boek Maleagi is opgebou uit 'n reeks perikope wat nou met behulp van die insigte van die Literarkritiek van mekaar afgegrens moet word sodat die aanwesigheid al dan nie van antiteses in die onderskeie perikope ondersoek kan word.

1.2.1 Die afbakening van perikoop A - Maleagi 1:2-5.

Maleagi 1:2-5 begin, na die opskrif vir die hele boek in 1:1, met 'n stelling: "Ek het julle lief ..." Dit is die byna tipiese manier waarop 'n perikoop in die boek Maleagi geopen word. Gewoonlik word 'n perikoop geopen of ingelei met 'n stelling wat handel oor Jahwe of waar Jahwe self aan die woord is. So byvoorbeeld:

1:2 Ek het julle lief.

1:6 'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy eienaar. As Ek dan vader is, waar is die eer wat My toekom? En as Ek Here is, waar is die eerbied vir My dan?

2:10 Ons het tog almal een Vader, ons is tog deur een God geskep!

2:17 Julle het die Here moeg gemaak met wat julle gesê het...

3:6 Ek, die Here, het nie verander nie

3:13 Julle het vermetele dinge oor My kwytgeraak ...

3:22 Onthou die wet van my dienaar Moses, die voorskrifte en die bepalings wat Ek aan hom by Horeb gegee het vir die hele Israel.

In die herhaalde voorkoms van 'n algemene stelling waar Jahwe self aan die woord is of waar daar iets oor Hom gesê is, funksioneer die kriterium van "Doppelungen und Wiederholungen" wat volgens Richter die belangrikste kriterium vir die afbakening van 'n perikoop is.² Die herhaalde voorkoms van algemene stellings is dan 'n belangrike aanwyser vir die afbakening van die res van die perikope in die boek Maleagi.

'n Tweede kriterium wat geld by die afbakening van Maleagi 1:2-5 is dat die persone wat optree in Maleagi 1:2-5 verskil van die wat in die daaropvolgende perikoop optree. In 1:2-5 word Jakob en Esau met mekaar gekontrasteer en in die daaropvolgende perikoop word die priesters in die vokatief aangespreek.³ Die aktante in die twee perikope verskil dus opmerklik.

'n Volgende kriterium is die opvallende verskil in woordeskat tussen 1:2-5 en 1:6 e.v. Maleagi 1:6 e.v. word gekenmerk deur 'n groot aantal woorde wat in verband staan met die offers wat gebring word.⁴ Offerterminologie ontbreek by 1:2-5.

²Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, 51.

³Rudolph W., Maleachi, 261.

⁴Snyman S.D., Die Boodskap van die boek Maleagi, 23 gee 'n lys van offerterminologie wat voorkom in Maleagi 1:6-2:9.

1.2.2 Die afbakening van perikoop B: Maleagi 1:6 - 2:9

Argumente wat by die afbakening van 1:2-5 van 1:6 e.v. gebruik is, geld uiteraard ook hier en word dus nie weer herhaal nie. Maleagi 1:2-5 is as 'n eenheid afgegrens. Maleagi 1:6 lei dus die volgende perikoop in, tipies van Maleagi met behulp van 'n algemeen geldende stelling.

Rudolph merk op: "Den Anfang bildet eine unbestreitbare Lebensregel in knappster Form ..." ⁵

Die belangrikste argument ten gunste van die eenheid van 1:6 - 2:9 word gevind in die gebruik van die stamvorm זָבַח. Die stamvorm kom aan die begin van die perikoop voor in 1:6 en dan weer aan die einde van die perikoop in 2:9. Vir van der Woude staan die eenheid van die perikoop op hierdie argument vas as hy sê dat die eenheid van die perikoop bevestig word onder andere "... deur het feit dat het slotvers (2:9) duidelik op het begin (1:6-7) teruggrijpt." ⁶ Die slot van die perikoop slaan ook volgens Elliger terug op die begin van die perikoop in 1:6. ⁷ Die perikoop vorm dus 'n inclusio. ⁸

Die onderverdeling van 1:6 - 2:9 en die motivering daarvoor word in hoofstuk 4 gegee. ⁹

⁵Rudolph W., Maleachi, 261.

⁶Van der Woude A.S., Maleachi, 94.

⁷Elliger K., Maleachi, 195.

⁸Vgl. Kessler M., Inclusio in the Hebrew Bible, Semitics 6, 1978, 44-49.

⁹Vgl. p. 93

Op enkele uitsonderings na¹⁰ handhaaf die meeste kommentare die eenheid van 1:6 - 2:9.¹¹

1.2.3 Die afbakening van perikoop C: Maleagi 2:10-16

Maleagi 2:10-16 word ingelei deur twee retoriese vrae voorafgegaan deur הָלוּא ¹² waarop die algemeen aanvaarde antwoord verwag word dat die volk inderdaad almal net een Vader het en dat een God hulle geskep het. Dit is opvallend dat Maleagi 2:10-16 ook open met gebruikmaking van die beeld van 'n vader soos in Maleagi 1:6. Weer eens is dit die kriterium van "Doppelungen und Wiederholungen" wat hier funksioneer om die twee perikope (1:6-2:9 en 2:10-16) van mekaar af te baken. Dit is trouens die enigste twee gevalle in die boek Maleagi waar 'n perikoop open met 'n beeld om 'n algemeen aanvaarde waarheid mee uit te druk en in beide gevalle word die vader-beeld gebruik.

'n Volgende kriterium wat aangewend is om die perikope van mekaar af te baken, is die verandering wat aangesprokenes betref. In Maleagi 1:6-2:9 is dit soos reeds aangetoon, die priesters wat aangespreek word. In Maleagi 2:10-16 word, in onderskeiding van die vorige perikoop, die volk

¹⁰Verhoef P.A., Maleachi, 101, 136. Dit is nie duidelik watter kriteria Kaiser W.C., Malachi, 53 e.v. gebruik het om Maleagi 2:1-16 as eenheid af te baken nie. Kaiser is hierin 'n eensame uitsondering.

¹¹Baldwin J., Malachi, 224; Elliger K., Maleachi, 193; Horst F., Maleachi, 265; Rudolph W., Maleachi, 257; Smith J.M.P., Maleachi, 25; Van der Woude A.S., Maleachi 94; Frey H., Das Buch, 144.

¹²Brongers H.A., Some remarks on the Biblical Particle הָלוּ in Remembering all the way ... Oudtestamentische Studiën XXI uitgegee deur A.S. van der Woude, Leiden, E.J. Brill, 1981, 177 e.v.

aangespreek (vgl. die eerste persoon meervoudsuitgange in Maleagi 2:10). Van der Woude merk tereg op dat die profeet hom hier in 2:10-16 rig tot die volk as geheel en nie net tot die priesters soos in 1:6-2:9 nie.¹³

'n Belangrike volgende kriterium is die opvallende verskil in woordeskat tussen die twee perikope. Alhoewel offerterminologie ook in 2:10-16 voorkom,¹⁴ word die perikoop tog gekenmerk deur die stamvorm בגד wat in 2:10,11,14,15 en 16 voorkom. Hierdie stamvorm word net in Maleagi 2:10-16 aangetref en is daarom 'n sterk aanwyser dat hierdie 'n afsonderlike perikoop is.

Die onderverdeling van die perikoop in 2:10-12 en 13-16 en die motivering daarvoor word in hoofstuk 4 gegee.¹⁵

Daar is verder ook breë konsensus dat 2:10-16 'n afsonderlike perikoop is. Volgens van der Woude is hierdie gedeelte "in principe een literaire eenheid"¹⁶ en volgens Verhoef is Maleagi 2:10-16 'n selfstandige perikoop waarin dit gaan om oortredinge wat nie op die terrein van die kultus nie, maar op die terrein van die huweliksetiek lê.¹⁷ Rudolph se standpunt is dat "Der Abschnitt ist durch sein

¹³Van der Woude A.S., Maleachi, 115. So ook Rudolph W., Maleachi, 271.

¹⁴Snyman S.D., Die Boodskap van die boek Maleagi, 29.

¹⁵Vgl. p. 119.

¹⁶Van der Woude A.S., Maleachi, 115. Vgl. ook sy opmerking op p. 124-125: Het gebruik van bagad, trouweloos handelen, in de vermaning aan het slot grijpt kennelijk bewust terug op vers 10 en bevestigt als inclusio de authenticiteit van vers 16.

¹⁷Verhoef P.A., Maleachi, 167, vgl. ook Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 115.

besonderes Thema deutlich vom Kontext abgegrenzt."¹⁸

Maleagi 2:10-16 word dus op grond van verskeie kriteria afgegrens as 'n afsonderlike perikoop.¹⁹

1.2.4 Die afbakening van perikoop D: Maleagi 2:17-3:5

Maleagi 2:17-3:5 begin met 'n algemene stelling gevolg deur die ewe tipiese bevraagtekening, ingelei deur ואמרתם,²⁰ van die stelling. Deur middel van hierdie algemene stelling word Maleagi 2:17 e.v. afgebaken van Maleagi 2:10-16. Elliger is dit eens dat Maleagi 2:17 'n nuwe perikoop inlei: "Dass das allein richtig ist, bestätigt der Aufbau der übrigen Reden, die alle den für Maleachi charakteristischen, dialogischen Eingang aufwiesen."²¹ Vir van der Woude is die begin van die, vir Maleagi kenmerkende, diskussiestyl soos wat ook gevind word in 1:2; 1:6 en 3:13, 'n argument vir die afgrensing van die perikoop van Maleagi 2:10-16.²²

¹⁸Rudolph W., Maleachi, 271.

¹⁹Dit is jammer dat die NAV nie Maleagi 2:10-16 ook voorsien het van 'n aparte opskrif soos wat die geval is by al die ander perikope van die boek Maleagi nie.

²⁰ ואמרתם word ook gevind by 1:2; 1:6; 3:7; 3:13 en staan dus telkens aan die begin van 'n perikoop.

²¹Elliger K., Maleachi und die Kirchliche Tradition, in Tradition und Situation: Studien zur alttestamentliche Prophetie, E. Wurtwein en O. Kaiser (redakteurs), Festschrift A. Weiser zum 70. Geburtstag, Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen, 1963, 45.

²²Van der Woude A.S., Maleachi, 127.

'n Opvallende verskil in woordeskat is ook 'n aanduiding dat 'n nuwe perikoop begin. Vir die eerste keer in die boek Maleagi word die begrip מִשְׁפֵּט aangetref in 2:17. Dit is verder merkwaardig om te let op die voorkoms van die woord מִשְׁפֵּט in Maleagi 2:17-3:5. Die woord kom nl. net twee keer voor in die perikoop, aan die begin in 2:17 en aan die einde van die perikoop in 3:5. Sowel die unieke voorkoms van die woord, as die plasing daarvan aan die begin en aan die einde van die perikoop, is 'n sterk argument vir die afgrensing van die perikoop. 'n Ander woord wat ook uniek is aan hierdie perikoop is die woord מִלְאָךְ wat in 3:1 (twee keer) voorkom. In die res van die perikoop word daar telkens verwys na die מִלְאָךְ deur middel van derde persoon manlik enkelvoudsuitgange.

Oor die begin van die perikoop bestaan daar weinig, indien enige, verskil van mening. Die afgrensing van die perikoop van die volgende perikoop is egter omstrede. Sommige baken die perikoop af by 3:6 sodat die volgende perikoop uit Maleagi 3:7-12 bestaan.²³ Volgens ander begin die perikoop by 2:17 en eindig by 3:12.²⁴ 'n Laaste groep geleerdes baken die perikoop af as 2:17-3:5.²⁵

²³So byvoorbeeld Smith J.M.P., Maleachi, 69, vgl. ook Verhoef P.A., Maleachi, 214 vir ander wat die standpunt verdedig.

²⁴So byvoorbeeld Kaiser W.C., Malachi, 75 e.v. en ook McKenzie S.L. en H.N. Wallace, Covenant Themes in Malachi, CBQ 45 No. 4, Okt 1983, 553. Vgl. ook Verhoef P.A., Maleachi, 214 vir ander wat dié standpunt huldig.

²⁵So die oorweldigende meerderheid van kommentare: Baldwin J., Malachi, 241; Frey H., Das Buch, 166; Elliger K., Maleachi, 209; Horst F., Maleachi, 272; Rudolph W., Maleachi, 282; Van der Woude A.S., Maleachi, 138 en Verhoef P.A., Maleachi, 214.

Die argument waarop die afbakening anders as 2:17-3:5 berus, word in hoofsaak begrond op die כִּי waarmee Maleagi 3:6 begin. Wanneer die כִּי redegewend verklaar word, sou 3:6 noodwendig by die voorafgaande perikoop gevoeg moet word.

Beide Verhoef en van der Woude neem die כִּי van 3:6 as 'n bevestigingspartikel²⁶ of as 'n afirmatiewe²⁷ כִּי onderskeidelik op wat as "voorwaar" vertaal moet word. Die NAV laat die woord onvertaald in onderskeiding van die OAV wat die woord met "want" (dus redegewend) vertaal het. Daar is egter - sintakties beskou - goeie rede om die כִּי van 3:6 emfaties of afirmatief te verklaar. Volgens Schoors is die emfatiese betekenis van כִּי die naaste aan die oorspronklike funksie van die partikel.²⁸ Hy maak verder ook die opmerking: "There are very good examples of Hebrew sentences or clause opening with such a ki and we find it even at the beginning of a literary unit."²⁹ Dit is dus nie ongewoon dat כִּי 'n nuwe perikoop kan inlei nie.

Elliger stel die afgrensing van die perikoop as 2:17-3:5 sterk as hy opmerk: "Wie seit Jahrzehnten nicht mehr bestritten wird, umfasst die erste der von der Perikope ausgeschnittenen Einheiten die Verse 2,17-3,5."³⁰

²⁶Verhoef P.A., Maleachi, 215.

²⁷Van der Woude A.S., Maleachi, 139.

²⁸Schoors A., The particle ,כִּי', in Remembering all the way ... Oudtestamentische Studiën XXI, uitgegee deur A.S. van der Woude, Leiden, E.J. Brill, 1981, 243.

²⁹Ibid, 244

³⁰Elliger K., Malachi und die Kirchliche Tradition, 46.

In die lig van bogenoemde argument en in die lig van argumente wat onder 1.2.5 genoem sal word, word tot die gevolgtrekking gekom dat Maleagi 2:17-3:5 'n afsonderlike perikoop vorm.

1.2.5 Die afbakening van perikoop E: Maleagi 3:6-12

Soos by vorige perikope van Maleagi, word ook hierdie perikoop ingelei met die tipiese diskussiestyl van die outeur.³¹ Op grond hiervan kan Maleagi 2:17-3:12 nie een perikoop wees soos wat o.a. Kaiser en McKenzie dit wil nie.³² Die tipiese manier waarop perikope in die boek Maleagi ingelei word, spreek daarteen dat Maleagi 3:6-12 'n onderdeel van 'n groter perikoop is. Waar onderverdelings in 'n perikoop voorkom, soos byvoorbeeld in 1:6-2:9 en 2:10-16 word die onderverdeling op ander gronde as die diskussiestyl van Maleagi gedoen.³³

Die belangrikste kriterium vir die afbakening van die perikoop as 3:6-12 lê in 'n woordspeling wat in die perikoop voorkom. Die woordspeling lê in die gebruik van die woord יַעֲקֹב in Maleagi 3:6 en in die stamvorm קָבַע wat in 3:8 voorkom. Volgens Van der Woude is 'n woordspeling met Jakob nie te ontken nie.³⁴ Hierdie woordspeling is 'n belangrike argument waarom 3:6 nie deel kan wees van 2:17-3:5 nie.

³¹Van der Woude A.S., Maleachi, 138.

³²Vgl. voetnota 22.

³³Die motivering vir die onderverdelings word in hoofstuk 4 gegee, vgl. p. 93 en 119.

³⁴Van der Woude A.S., Maleachi, 138-139 en ook Baldwin J., Malachi, 246.

'n Volgende kriterium wat aangewend is vir die afbakening van 3:6-12 is die verskil in woordeskat tussen 3:6-12 en 2:17-3:5. Maleagi 2:17-3:5 handel oor die vraag na die God van die reg, 'n vraag wat in 3:5 beantwoord word. In 3:6-12 kom die woord משפט nie weer voor nie en word daar in vers 8 'n vraag aan die volk gevra deur Jahwe in plaas daarvan dat die volk aan Jahwe 'n vraag vra soos by 2:17-3:5. Woorde wat uniek is aan Maleagi 3:6-12 is byvoorbeeld die stamvorm טוב in 3:7; סור in 3:7; קבע in 3:8-9 en die woord המעשר.³⁵

Rudolph gee 'n inhoudelike argument aan ter onderskeiding van Maleagi 3:6-12 as afsonderlike perikoop: "Der Abschnitt hebt sich dadurch deutlich von seiner Umgebung ab, dass er, zwischen zwei Stücken eschatologische Inhalts stehend (2,17-3,5 und 3,13-21), selbst keinen eschatologischen Charakter trägt."³⁶ Dieselfde inhoudelike argument gebruik Van der Woude ook om Maleagi 3:6-12 af te grens: "Inhoudelijk spreekt ons tekstgedeelte in tegenstelling tot het voorafgaande en het volgende niet over een komende oordeelsdag van YHWH, maar bevat het een oproep tot bekering en een belofte van zegen."³⁷

Op grond van die argument hierbo genoem, is dit duidelik dat Maleagi 3:6-12 'n afgebakende perikoop vorm.

1.2.6 Die afbakening van perikoop F: Maleagi 3:13-21

Maleagi 3:13 lei 'n nuwe perikoop in, weer eens met die gebruikelike algemene stelling wat dan bevraagteken word met 'n ואמרתם en dan in die res van die perikoop verder uitgebou en gepresiseer word. Die tipiese manier waarop

³⁵Snyman S.D., Die boodskap van die boek Maleagi, 64.

³⁶Rudolph W, Maleachi, 282.

³⁷Van der Woude A.S., Maleachi, 138.

perikope in die boek Maleagi ingelei word en wat elders gedien het as kriterium vir die afbakening van perikope, word dus ook hier by Maleagi 3:13-21 gevind.

Hierdie perikoop word verder ook onderskei deur 'n aantal woorde wat uniek is aan die perikoop in die konteks van die boek Maleagi. So byvoorbeeld word die volgende uitdrukkings gevind: יראה יהוה in 3:16 en in 3:20 as יראה שמי ; עשי רשעה in 3:15 en 3:19; en dan veral die uitdrukking ליום אשר אני עשה wat in 3:17 en 3:21 voorkom. Hiermee saam moet ook die begrip היום בא aangedui word wat twee keer in 3:19 voorkom.³⁸ Omdat al hierdie woorde en uitdrukkings uniek is aan hierdie perikoop is dit 'n aanduiding dat Maleagi 3:13-21 'n afsonderlike perikoop vorm.

Van der Woude het, wat hy noem, 'n antitetiese verband³⁹ opgemerk tussen 3:6-12 en 3:13-21 wat vir hom dien as argument om 3:13-21 af te baken. In 3:12 word die troue dienare van Jahwe gelukkig geprys deur die nasies terwyl in 3:15 die vromes die goddeloses gelukkig prys. In 3:10 roep die profeet die volk op om Jahwe te beproef deur gehoorsaamheid aan sy gebooie. In 3:15b word gesê dat die goddeloses Jahwe beproef deur hulle sondige handel en wandel sonder dat onheil hulle tref.⁴⁰ Hier is 'n geval waar dieselfde woorde (אשר-gelukkig prys; בחך -beproof) in verskillende kontekste verskillend gebruik word en dus in elke konteks 'n besondere betekenisnuanse vertoon. Die kriterium wat Van der Woude hier aanlê, moet dus inaggeneem word en is 'n geldige

³⁸Snyman S.D., Die Boodskap van die boek Maleagi, 74-75.

³⁹Van der Woude A.S., Maleachi, 146.

⁴⁰Ibid., Vgl. ook Verhoef P.A., Maleachi, 238.

argument. Van der Woude se gevolgtrekking is dat Maleagi 3:13-21 'n literêre eenheid vorm wat nie met die voorafgaande perikoop verbind moet word nie.⁴¹

Dat Maleagi 3:13-21 'n literêre eenheid is, is ook die gevolgtrekking waartoe Elliger kom: "Dass es eine selbständige und in sich geschlossene literarische Einheit darstellt, kann nicht bezweifelt werden..."⁴²

Maleagi 3:13-21 vorm 'n afgebakende perikoop - dit is die gevolgtrekking waartoe daar gekom word in die lig van die argumente hierbo genoem.

1.2.7 Die afbakening van perikoop G: Maleagi 3:22-24

Maleagi 3:22-24 (4:4-6 in die NAV) sou by die voorafgaande perikoop gereken kon word veral op grond van die uitdrukking (יהוה) בוא יום wat in 3:23 voorkom en wat ook gevind word in 3:19 as היום הבא en היום בא. Afgesien daarvan dat die twee uitdrukkings in 3:23 en 3:19 nie identies is nie, is daar ook ander argumente wat wys in die rigting van Maleagi 3:22-24 as 'n afsonderlike perikoop.

Die belangrikste argument vir die afgrensing van Maleagi 3:22-24 as 'n selfstandige perikoop is ongetwyfeld die voorkoms van twee eiename wat vir die eerste en enigste keer in die boek Maleagi hulle verskyning maak, te wete Moses (in 3:22) en Elia, die profeet (in 3:23). Die invoeging van die pleknaam Horeb in 3:22 - ook vir die eerste en enigste keer - dien as addisionele argument vir die afbakening vir Maleagi 3:22-24. Dat Maleagi 3:24 die einde van die perikoop en dus ook van die boek Maleagi is, word nie gemotiveer nie aangesien dit alreeds by 1. gedoen is.

⁴¹Van der Woude A.S., Maleachi, 146.

⁴²Elliger K., Maleachi, 213.

Die groot meerderheid van kommentare beskou Maleagi 3:22-24 ook as 'n afsonderlike perikoop.⁴³

2. TEKSKRITIESE ONDERSOEK

Die teks van die boek Maleagi is relatief goed oorgelewer en geen ingrypende wysiging van die MT is nodig nie. So byvoorbeeld bring Renker⁴⁴ slegs vier veranderinge aan die MT aan terwyl daar volgens Van der Woude "slegs sporadies ligte korreksies" aan die MT nodig is.⁴⁵

Die volgende gevalle verdien egter tekskritiese aandag:

2.1 Maleagi 1:13

Volgens die tekskritiese apparaat van BHS moet ארתִי gelees word in plaas van ארתו omdat dit een van die sogenaamde tiqqune sopherim⁴⁶ (korreksies van die Skrifgeleerdes) is wat ארתִי verander het na ארתו. Hierdie voorgestelde verandering aan die MT word aanvaar.⁴⁷

⁴³O.a. Baldwin J., Malachi, 250; Frey H., Das Buch, 180; Horst F., Maleachi, 275; Rudolph W., Maleachi, 291; Van der Woude A.S., Maleachi, 156; Verhoef P.A., Maleachi, 265-266. Weer eens is Kaiser W.C., Malachi, 106 wat 3:22-24 saam met die voorafgaande perikoop groepeer 'n uitsondering sonder voldoende motivering.

⁴⁴Renker A., Die Tora bei Maleachi, 67.

⁴⁵Van der Woude A.S., Maleachi, 81.

⁴⁶Deist F.E., Towards the Text of the Old Testament, 59-60.

⁴⁷So ook Rudolph W., Maleachi, 259 en Van der Woude A.S., Maleachi, 103.

2.2 Maleagi 2:3

BHS stel voor dat גרע moontlik geles moet word in plaas van גער soos in die MT en om in navolging van die LXX הזרע te lees in plaas van הזרע soos in die MT. Volgens hierdie voorgestelde wysiging van die MT sou 2:3 beteken dat Jahwe die priester se arm sal afkap.⁴⁸ Tereg merk Verhoef op dat die voorgestelde tekswysiging maar 'n swak basis in die lesing van die LXX het. Die Griekse woord word met nie minder nie as vyftien Hebreeuse woorde vertaal en nie een daarvan is גרע nie.⁴⁹ Deist vestig in hierdie verband die aandag op die problematiese aard van 'n terug-vertaling en dat daar met versigtigheid omgegaan moet word met die LXX as teksgetuie.⁵⁰ Op grond hiervan word die lesing van die MT aanvaar.

2.3 Maleagi 2:10

In Maleagi 2:10 lees die MT נבגר (3e persoon manlike enkelvoud perfektum Nifal). Volgens BHS se tekskritiese apparaat moet נבגר moontlik geles word wat 'n eerste persoon meervoud imperfektum Qal is. Die lesing van die MT is volgens Rudolph 'n bewuste korreksie om die persoon van die profeet uit te skakel van die trouelose optrede van die volk.⁵¹ In vers 15 en 16 word die vorme יבגר en תבגר

⁴⁸So Rudolph W., Maleachi, 259 en Van der Woude A.S., Maleachi, 103.

⁴⁹Verhoef P.A., Maleachi, 142 en ook Van der Woude A.S., Maleachi, 106.

⁵⁰Deist F.E., Towards the Text of the Old Testament, 189 en 246-247.

⁵¹Rudolph W., Maleachi, 268 en ook Van der Woude A.S., Maleachi, 117 en Verhoef P.A., Maleachi, 170.

onderskeidelik aangetref wat die vorm נבגד by vers 10 waarskynlik maak. Hierdie voorgestelde wysiging aan die MT word aanvaar.⁵²

2.4 Maleagi 2:16

Die woord שגא is volgens die vokalisasie van die MT 'n derde persoon manlik enkelvoud perfektum Qal sodat vertaal moet word: "want Hy haat die wegstuur ..." (letterlik). Volgens BHS moet moontlik שגאתי gelees word, waarskynlik om die vorm van die werkwoord te laat klop met die direkte rede van Jahwe indien Jahwe as subjek van שגא gehandhaaf word. Indien die vokalisasie van שגא egter verander word na 'n partisipiumvorm met die weglating van die persoonlike voornaamwoord van die eerste persoon enkelvoud soos Verhoef⁵³ dit wil, het dit die voordeel dat die MT nie verander hoef te word nie en dat die vorm van die werkwoord tegelykertyd klop met die direkte rede van Jahwe. In hierdie studie word daar 'n keuse gemaak vir die voorstel van Verhoef op grond van die argumente hierbo genoem.

BHS stel by 2:16 ook voor dat ככסה miskien gelees word in plaas van וכסה soos in die MT. Sou die lesing van die MT aanvaar word, kan dit die indruk skep dat hier 'n tweede oortreding genoem word: Jahwe haat egskeiding en Hy haat dit dat iemand geweld met sy kleed bedek. Hier is egter net sprake van een oortreding nל. egskeiding, daarom word die wysiging na ככסה genoodsaak.⁵⁴

⁵²Rudolph W., Maleachi, 268 en ook Van der Woude A.S., Maleachi, 117 en Verhoef P.A., Maleachi, 170.

⁵³Verhoef P.A., Maleachi, 188.

⁵⁴Rudolph W., Maleachi, 270.

2.5 Maleagi 3:8

Baie kommentatore ⁵⁵ wil die verskillende vorme van die werkwoord קבע (berooft) in 3:8 wysig na עקב (bedrieg) omdat die LXX met pternizein, "bedrieg" vertaal en omdat daar sodoende 'n duidelike woordspeling met Jakob in 3:6 verkry word. Op grond van dieselfde oorwegings wat geld by die inroep van die LXX as teksgetuie soos wat by 2:3 genoem is, moet die voorgestelde wysiging van die hand gewys word. Met die woord קבע word 'n veel meer subtieler vorm van woordspeling bereik as die meer direkte woordspeling soos voorgestel in die wysiging.⁵⁶

⁵⁵Vgl. Van der Woude A.S., Maleachi, 139 vir 'n lys van kommentatore.

⁵⁶Ibid.

HOOFSTUK 4

DIE IDENTIFISERING VAN ANTITESES IN DIE BOEK MALEAGI

PERIKOOP A: MALEAGI 1:2-5

1. STRUKTUURANALISE VAN MALEAGI 1:2-5

מלאכי

¹משא **1**

דבר יהוה אל ישראל ביד מלאכי :

²אהבתי אתכם

אמר יהוה

ואמרתם במה אהבתנו

הלוא־אח עשו ליעקב נאם יהוה

ואהב את יעקב:

³ואת־עשו שנאתי

ואשים את־הריו שממה ואת נחלתו לתנות מדבר:

⁴כי תאמר אדום

רשנו

ונשוב

ונבנה חרבות

כה אמר יהוה צבאות

המה יבנו

ואני אהרוס


וקראו להם גבול רשעה והעם אשר זעם יהוה

עד עולם:

⁵ועיניכם תראינה

ואתם באמרו יגדל יהוה מעל לגבול

ישראל:



2. Die strukturele opbou van Maleagi 1:2-5

2.1 Die verbinding van die kola

2.1.1 Motivering vir die verbinding van die subkola


Subkolon 1.1 verbind met subkolon 1.2 deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 1.2 begin. Hierdie verbinding word verder versterk deur die gemeenskaplike tweede persoon meervoudsuitgange wat by beide subkola 1.1 en 1.2 voorkom. Subkola 1.1 en 1.2 vorm ook 'n chiasme wat die verbinding van dié twee subkola noodsaak.

Subkola 2.1 en 2.2 verbind deur die waw-kopulatief van subkolon 2.2. Die twee subkola vorm 'n chiasme wat die verbinding noodsaak.

Subkolon 2.3 verbind met subkola 2.1 - 2.2 deur die waw-konsekutief waarmee subkolon 2.3 begin. Die verbinding word verder versterk deur die uitgange van die tweede persoon enkelvoud en wat 'n terugverwysing en heropname van Esau is wat in subkolon 2.2 genoem word.

Die verbinding van subkola 2.4 en 2.5 geskied deur die gemeenskaplike werkwoordstam אמר wat by beide subkola voorkom. Daar is verder tussen dié twee subkola chiastiese trekke wat daarop dui dat die subkola met mekaar verbind. Die chiastiese trekke lê in die woorde van Edom en die antwoord van Jahwe daarop. Die woorde רששו ונבנה in subkolon 2.4 en לבנה ונבנה in subkolon 2.5 staan in 'n

A-B-B-A verhouding wat dus duidelik chiasiese trekke vertoon:



Ter motivering van die verbinding van die inbeddinge van subkolon 2.5 kan die volgende genoem word. Subkola 2.5.1 en 2.5.2 verbind deur die waw-kopulatief van subkolon 2.5.2 en omdat, soos hierbo aangetoon, die twee subkola deel van 'n chiasme vorm. Subkola 2.5.4 en 2.5.5 verbind deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 2.5.5 begin en deur die gemeenskaplike tweede persoon meervoudsuitgange wat by beide die subkola voorkom. Subkolon 2.5.3 verbind met subkola 2.5.4 - 2.5.5 as gevolg van die waw-kopulatief waarmee subkolon 2.5.4 begin en ook deur die woord גדול wat by beide subkola 2.5.3 en 2.5.5 aangetref word. Subkola 2.5.1 - 2.5.2 verbind met subkola 2.5.3 - 2.5.4 deur die waw-kopulatief van subkolon 2.5.3. Hierdie verbinding word verder versterk deur die derde persoon meervoudsuitgange wat by subkolon 2.5.1 en 2.5.3 aangetref word.

Subkola 2.1 - 2.3 verbind met subkola 2.4 - 2.5 deur die voorwaardelike כִּי waarmee subkolon 2.4 begin.¹ Die korrespondensie tussen Edom en Israel in subkola 2.4 - 2.5 en Jakob en Esau in subkola 2.1 - 2.3 versterk die verbinding.

Subkola 2.1 - 2.5 verbind met kolon 2 omdat subkola 2.1 - 2.5 'n inbedding vorm onder die spreke van Jahwe wat in kolon 2 aangekondig word. Die inhoud van die spreke van Jahwe word onder subkola 2.1 - 2.5 gegee.

¹Verhoef P.A., Maleagi, 95 en Van der Woude A.S., Maleachi, 90.

2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola

Kolon 1 en kolon 2 verbind deur die semiotaktiese verband waarin אמר יהוה in kolon 1 en נאם יהוה van kolon 2 met mekaar staan.

2.2 Chiasmies in Maleagi 1:2-5²

Gemser³ omskryf 'n chiasme soos volg: "In verhewe prosa en in poëtiese en profetiese gedeeltes is dikwels die woordorde van die aansluitende (parallele of antitetiese) tweede sin geheel of gedeeltelik die omgekeerde van die eerste". Hierdie stylvorm word so genoem "omdat as die twee sinne op 'n sekere afstand onder mekaar geplaas en die korresponderende sinsdele met lyne verbind word, die lyne die Griekse letter chi vorm".⁴ Cowley definieer 'n chiasme soos volg: "The great frequency of examples of this kind especially in the poetical books, is due to a striving after what is called chiasmus, in the arrangement of the parallel members in the two halves of the verse, i.e. in the instances given, the finite verb at the end of the second (co-ordinate) clause is parallel with the infinitive at the beginning of the first".⁵

Die chiasme in kolon 1 bestaan uit die woord אהבתי in kolon 1.1 en אהבתנה in kolon 1.2; en אמר in kolon 1 en


²Vgl. Snyman S.D., Chiasmies in Maleagi 1:2-5, Skrif en Kerk, Jaargang 5, nr 1, 1984, 17-22.

³Gemser B., Hebreeuse Spraakkuns, J.L. van Schaick Bpk., 3e verbeterde druk, 1968, 240.


⁴Ibid, 240, voetnota 1.

⁵Cowley A.E., Gesenius Hebrew Grammar, (as edited and enlarged by the late E. Kautzsch, 2nd English Edition Revised in accordance with the 28th German Edition 1909 by A.E. Cowley), Clarendon Press Oxford, 14e druk 1978, 352, voetnota 1.

ואמרתם in 1.2 onderskeidelik. Skematies voorgestel is die chiasme duidelik:



Die tweede chiasme⁶ in die perikoop kom voor in kolon 2. In hierdie geval is dit ואהב in kolon 2.1 en שנאתי in kolon 2.2 wat korrespondeer en את יעקב in kolon 2.1 en ואת עשו in kolon 2.2 wat korrespondeer. Skematies voorgestel is dit ook duidelik 'n chiasme:




Jakob en Esau is al twee eiename en by beide kom die partikel את voor wat die korrespondensie tussen die twee pole van die chiasme verder versterk. In die ander been van die chiasme is dit liefde en haat wat teenoor mekaar staan. Hulle korrespondensie met mekaar word versterk deurdat beide werkwoordsvorme in die eerste persoon enkelvoud staan.

⁶Von Bulmerincq A., Maleachi, het ook die chiasme opgemerk met die gepaardgaande kontrastering van Jakob en Esau, 14 e.v.

Wat die eerste chiasme betref, sou daar van 'n parallelle chiasme gepraat kon word omdat die korresponderende pole van die chiasme dieselfde werkwoordstam bevat, אהב in die een "been" en אמר in die ander "been" van die chiasme.

Die tweede chiasme sou 'n antitetiese chiasme genoem kon word omdat die korresponderende bene van die chiasme antiteties teenoor mekaar staan. In die een "been" van die chiasme is dit liefde (אהב) teenoor (שנא) en in die ander been van die chiasme is dit twee verskillende eiename wat teenoor mekaar te staan kom.

Die derde chiasme lê opgesluit in Edom se verwagte of veronderstelde antwoord op Jahwe se oordeelwoord in kolon 2.3 en Jahwe se antwoord op Edom se reaksie. Die chiasme bestaan uit wat Edom sê in kolon 2.4 en Jahwe se korresponderende antwoord daarop in kolon 2.5 as die een been van die chiasme en ונבנה in kolon 2.5 en לבנה in kolon 2.5.1 as die ander been van die chiasme. Skematies kan die chiasme so voorgestel word:




Hierdie chiasme sou ook as 'n antitetiese chiasme gekenmerk kon word.


Die makrostruktuur van die perikoop vertoon ook chiastiese trekke. Tegnies beskou sou daar nie van 'n chiasme in die ware sin van die woord gepraat kan word in die struktuur van die perikoop as geheel nie. Tog vertoon die struktuur van die

perikoop as geheel chiastiese trekke wat nie misgekyk mag word nie.

Skematies saamgevat lyk die drie chiasmes wat hierbo bespreek en aangetoon is so:



Wanneer die aktante in die verskillende chiasmes naas mekaar gestel word, word 'n patroon van A BB CC A verkry wat in die vorm van 'n chiasme so voorgestel kan word:



Die korresponderende punte in die chiasme is Jahwe en Israel/Edom onderskeidelik.

Jahwe se handeling met Jakob/Israel en Sy handeling met Esau/Edom word dus in die vorm van 'n chiasme teenoor mekaar gestel. Jahwe se handeling met Jakob/Israel word gekenmerk deur Sy liefde vir Israel, terwyl Sy handeling met Edom onheil en verwoesting inhou.

3. Die Gattung van Maleagi 1:2-5

Die mees omvattende studie oor die Gattung van die boek Maleagi tot op hede is gedoen deur Egon Pfeiffer.⁷ Sy gevolgtrekking is dat die Gattung van die boek Maleagi beskryf kan word as 'n Disputationswort.

Drie fases word onderskei by die Gattung van die Disputationswort. Die eerste fase bestaan uit 'n gestelde bewering - "eine hingestellte Behauptung".⁸ So byvoorbeeld in Maleagi 3:13 "Vermetel is julle woorde teen My" of in Maleagi 2:17 "Julle het die Here moeg gemaak met wat julle gesê het". Die gestelde bewering kan ook bestaan in 'n vraag wat gevra word soos byvoorbeeld in Maleagi 2:10 "Het ons nie almal een Vader nie?" "Ein Disputationswort beginnt gern mit einer Frage an die Gesprächspartner" aldus J. Begrich.⁹ Die gestelde bewering kan ook uitmond in 'n oproep soos in Maleagi 3:7 of ook in Maleagi 1:6.

⁷Pfeiffer E., Die Disputationsworte im Buche Maleachi. Ein Beitrag zur formgeschichtlichen Struktur, EvTh 19 (1959) 546-568. Die gevolgtrekkings van Pfeiffer word in hoofsaak gevolg in hierdie studie.

⁸Ibid. 555.

⁹Ibid. 551.

Die tweede fase van die Gattung van die Disputationswort bestaan uit 'n kort navraag van die deelnemers. Die deelnemers wil graag meer weet oor die aanvanklike bewering of wil oor die draagwydte van die bewering ingelig word.¹⁰

Die derde fase is die eintlike kern van die Disputationswort. Die gestelde bewering word hier indringend begrond en tot 'n bindende gevolgtrekking gevoer.¹¹ Kort saamgevat, sou gesê kon word dat Maleagi se profesieë gekenmerk word deur die skema van stelling-verweer-motivering.¹²

Die Gattung van die Disputationswort is nie uniek aan Maleagi nie. Westermann bespreek byvoorbeeld die disputasie of dispuutstyl (Streitgespräch) as literêre vorm sonder om na Maleagi te verwys.¹³ In sy beskrywing van die "Basic types of Prophetic speech" bespreek March ook die Disputationswort (disputation speech).¹⁴ Volgens hom is dit moeilik om 'n duidelike patroon van die Disputationswort te beskryf, maar in essensie bestaan die Disputationswort in die beantwoording van geïmpliseerde of uitdruklike klagtes wat gemaak is teen God of die profeet deur die volk. Hy merk verder op dat die Disputationswort dikwels vermengd met ander Gattungen voorkom.¹⁵

¹⁰Ibid. 555.

¹¹Ibid.556.

¹²Van der Woude A.S., Maleachi, 80 en ook Verhoef P.A., Maleachi, 42.

¹³Westermann C., Basic forms of Prophetic Speech, Westminster Press, Philadelphia, 1967, 201.

¹⁴March W.E., The Basic types of Prophetic Speech, in Hayes J.H. (red.) Old Testament Form Criticism, Trinity University Press, San Antonio, V.S.A., 1974, 168.

¹⁵Ibid. 168.

Verskillende perikope in Maleagi vertoon byvoorbeeld ook kenmerke van die Drohrede en Scheltrede. Schreiner beskryf 'n Disputationswort soos volg: "Das Disputationswort bestreitet eine vorgebrachte oder vorausgesetzte These, die als Negativ des hingestellten Zielsatzes deutlich wird, und sucht sie zu widerlegen".¹⁶ Tipies van die Disputationswort is die vraag wat die tema aandui, gevolg deur die bewysvoering wat uitloop op, waar moontlik, in 'n "Zielsatz" wat die tese weerlê.¹⁷ Verskillende geleerdes onderskei dus die Gattung van die Disputationswort.

Boecker het voorgestel dat die term Diskussionswort in plaas van Disputationswort gebruik moet word as beskrywing van die Gattung van die boek Maleagi.¹⁸ Wallis noem die vorm van die verskillende perikope "Schlussplädoyer".¹⁹ In hierdie studie word die term van Pfeiffer, naamlik Disputationswort, behou.

Dit is duidelik dat die Gattung van Maleagi 1:2-5 die Gattung van die Disputationswort vertoon. Die gestelde bewering word gevind in kolon 1.1 - Ek het julle lief, gevolg deur die kort navraag van die deelnemers aan die dispuut oor die bewering wat gemaak is, vergelyk kolon 1.2. Die begronding - die derde deel van die Disputationswort - word gevind in die res van die

¹⁶Schreiner J., *Formen und Gattungen im Alten Testament*, in Schreiner J. (red.) Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese, Echter Verlag, Würzburg, 1971, 216.

¹⁷Ibid. 216.

¹⁸Boecker H.J., *Bemerkungen zur formgeschichtlichen Terminologie des Buches Maleachi*, ZAW 78 (1966) 78-80.

¹⁹Wallis G., *Wesen und Struktur der Botschaft Maleachis*, in Das Ferne und Nahe Wort, Festschrift L. Rost, Herausgegeben von Fritz Maass, BZAW 105, Verlag Alfred Töpelmann, Berlin, 1967, 229-237.

perikoop waar die liefde van Jahwe vir sy volk antiteties teenoor die ondergang van Edom aangetoon word.²⁰

Waar die Gattung van die ander perikope in die boek Maleagi onder bespreking kom, word die uiteensetting wat hier gegee is van die Gattung van die Disputationswort, veronderstel.

4. Tradisiekritiek

Na aanleiding van die vraag van die volk in kolon 1.2 "Waar in het U ons liefgehad?", gryp die profeet terug op die aartsvadertradisie om die liefde van Jahwe vir sy volk te demonstreer aan die hand van die tradisies rondom Jakob en Esau.

Die belofte van die land wat 'n belangrike tema in die aartsvadertradisie is²¹, word hier met betrekking tot Edom negatief aangewend: die erfdeel van Esau word verwoes. Met betrekking tot Israel word die landsbelofte positief aangewend: Jahwe se naam is groot oor die grondgebied van Israel.

Die chiasme wat onder 2.2 aangetoon is, het 'n antitetiese teenoormekaarstelling van Jakob en Esau uitgewys. Jakob en Esau staan reeds in die aartsvaderverhale antiteties teenoor mekaar. Om die antitetiese opbou van die perikoop te verskerp, maak die outeur van die perikoop dus gebruik van die aartsvadertradisie waarin daar 'n antitese tussen twee persone voorkom. Die twee persone vind hulle voortsetting in die volke Israel en Edom onderskeidelik.

²⁰Pfeiffer E., *Die Disputationsworte im Buche Maleachi*, 557. Van der Woude A.S., Maleachi, 85.

²¹Von Rad G., Die Theologie des Alten Testaments, Band I, 179 e.v. Vgl. ook Horst F., Zwei Begriffe für Eigentum (Besitz), in Verbannung und Heimkehr, Beiträge zur Geschichte und Theologie Israels im 6. und 5. Jahrhundert v. Chr., Wilhelm Rudolph zum 70.-Geburtstage, herausgegeben von A. Kuschke, J.C.B. Mohr, (Paul Siebeck) Tübingen, 1961, 140.

Die opneem van die aartsvaderstradisie en spesifiek die tradisie rondom Jakob en Esau, dien dus die antitetiese opbou van die perikoop.

5. Antiteses in Maleagi 1:2-5

5.1 Antitese tussen die liefde van Jahwe en die bevraagtekening daarvan deur die volk

Die antitese lê in die stelling wat gemaak word (Ek het julle liefgehad) en die bevraagtekening van die stelling deur die volk (Waar in het U ons liefgehad). Hierdie teenstelling word verder geaksentueer deurdat die stelling deur **Jahwe** gemaak word en die bevraagtekening van die stelling word klaarblyklik deur die **volk** gemaak. Dit gaan dus om 'n Jahwe:volk-van-Jahwe-antitese. Hierdie antitese word ook gevind in ander perikope in Maleagi, maar hier is dit fundamenteel vir die res van die boek aangesien dit die dialoog tussen Jahwe en Sy volk open.

5.2 Die antitese Jakob/Esau, Liefde/Haat

Die antitese is alreeds uitgewys onder 2.2 in die chiasme. Nie alleen staan Jakob en Esau teenoor mekaar nie, maar staan die begrippe haat:liefde ook sterk antiteties teenoor mekaar. Fourie merk op dat hierdie chiasme die kontras tussen die antitetiese parallelle - liefde en haat - beklemtoon.²²

Die vraag is hoe hierdie liefde:haat teenstelling verstaan moet word.²³ Tereg merk Botterweck op "Die scheinbare Antinomie und

²²Fourie L.C.H., Die verbond as sleutel vir Maleagi, 99. Ackroyd P.R., Exile and Restoration, A Study of Hebrew Thought of the Sixth Century B.C., SCM Press Ltd, London, 1968, 230-231 verwys ook na die antitese van Jakob/Esau en liefde/haat in die boek Maleagi.

²³Snyman S.D., Haat Jahwe vir Esau? (’n Verkenning van Mal. 1:3a), NGTT 25 nr 4, September 1984, 358-362.

Paradoxie von Gottes Liebe und Hass hat von früh an die Ausleger belastet".²⁴ Verskillende antwoorde is dan ook op hierdie vraagstuk gegee.

'n Moontlike verklaring vir Jahwe se haat vir Esau is dat hierdie uitspraak verband hou met die verslegtende verhouding tussen die Jode en die Edomiete veral nā die ballingskap. Jahwe se haat vir Edom sou dan 'n weerspieëling wees van die Jode se haat vir die Edomiete.²⁵ Van der Woude merk egter op dat, gesien vanuit die situasie waarin Maleagi sy toehoorders toespreek, dit hoogs twyfelagtig is om die woorde te beskou as 'n uiting van 'n nasionalistiese "ressentiment" teen Edom.²⁶

'n Volgende verklaring wat aangebied is, is dat die teenstelling tussen liefde en haat verklaar moet word vanuit die gebrekkige manier waarop die komparatief in Hebreeus uitgedruk word.²⁷ Grammaties-taalkundig gesproke sou die teenstelling tussen liefde en haat egter moeilik vanuit die Hebreeuse komparatief verstaan kan word. Maleagi 1:2 en 3a toon naamlik geen ooreenkoms met die tipiese manier waarop die komparatief normaalweg in Hebreeus uitgedruk word nie.²⁸

'n Verklaring wat gewild is onder heelwat verklaarders, is dat die teenstelling liefde/haat verstaan moet word in die

²⁴Botterweck G.J., Jakob habe ich lieb - Esau hasse ich", Bibel und Leben, Vol 1, 1960, 36.

²⁵Brockington L., Malachi (Peakes Commentary on the Bible) London, 656.

²⁶Van der Woude A.S., Maleachi, 92.

²⁷Botterweck, "Jakob habe ich lieb ...", 36.

²⁸Vgl. Davidson A.B., An Introductory Hebrew Grammar, Edinburgh: T & T Clark, 38 George Street, 1966, 26ste uitgawe, 200 en ook B. Gemser, Hebreeuse Spraakkuns, 179.

betekenis van meer of minder geliefd. Gewoonlik word daar gewys op die betekenis wat liefde/haat het waar die teenstelling elders in die Ou Testament voorkom. So byvoorbeeld word Deuteronomium 21:15 aangehaal, waar daar van die "geliefde" en die "gehate" vrou van dieselfde man sprake is om daarmee aan te dui dat die man die een vrou liever het as die ander een. In Genesis 29:30, 31 word Lea voorgestel as die "gehate" teenoor Ragel as die "geliefde". In beide gevalle waar die stamvorm שָׂנֵא gebruik word, is die bedoeling van die teks nie 'n affektiewe haat nie, maar word by wyse van teenstelling 'n onderskeid getref tussen 'n vrou wat meer geliefd is by haar man as wat die ander vrou is.²⁹ Dit gaan dus hier om 'n relatiewe teenstelling van liefde en haat. Liefde en haat word dus nie as absolute teenoorgesteldes verstaan nie. Die haat van Jahwe vir Esau en sy liefde vir Jakob moet dan so in relatiewe sin verstaan word. Elliger verklaar dié teenstelling vanuit dié relatiewe onderskeid en verstaan dan die liefde vir Jakob en die haat vir Esau as Jakob wat "voorgetrek" (vorgezogen) en Esau wat "teruggesit" (zurückgesetzt) is.³⁰

Dit is ook die konklusie waartoe Bennet kom: "The use of the word hate in this instance then is a typical Oriental hyperbole and should not be taken in its strongest sense. In comparison to God's love for Jacob, this favor to Esau seemed as if it were not love but hate. Yet God had blessed and prospered Esau".³¹

²⁹Van Selms A., Genesis, Deel II (POT) Uitgeverij G.F. Callenbach NV-Nijkerk, 1967, 101.

³⁰Elliger K., Maleachi, 190. Das Buch der zwölf kleinen Propheten, II. Teil, ATD 7. Durchgesehene Auflage, Göttingen - Vandenhoeck en Ruprecht, 1975, 190.

³¹Bennet T.M., Malachi (The Broadman Bible Commentary) Vol 7, Hosea - Malachi, Marshall, Morgan & Scott, Londen, 1973, 375.

'n Vierde moontlike verklaring - en ook die gewildste - is dat die teenstelling liefde/haat verstaan moet word vanuit die verkiesingsmotief. Die verkiesing is die getuienis van die Goddelike liefde vir hierdie volk, is die standpunt van W. Rudolph in sy kommentaar op Maleagi.³² Jahwe het vrymagtig besluit om Jakob as sy verbondsgenoot te kies en nie vir Esau nie. Die liefde van God, sê Verhoef, is sinoniem met sy verkiesing.³³ Vir verskeie ander geleerdes is Jahwe se verkiesing van Jakob die sleutel om die teenstelling mee te verklaar. Frey praat van die "Geheimnis der Erwählung" wat aan die begin van die geskiedenis van die uitverkore volk staan.³⁴ Braun³⁵ verklaar die antitese ook vanuit die verkiesing van Jahwe en so ook Vriezen³⁶ en Jacob³⁷ in hulle onderskeie teologieë. Rudolph se eksegetiese konklusie is dan ook "... dass Jahwe aus freien Stücken und aus freier Wahl Jakob im Unterschied zu Esau/Edom von Anfang geliebt ..." ³⁸

Van der Woude waarsku egter - tereg - dat die verkiesing van Jakob nie die korresponderende verwerping van Esau beteken nie. Die Ou Testament gebruik nêrens die woord haat in die betekenis

³²Rudolph W., Maleachi, 255.

³³Verhoef, P.A., Maleachi, 84.

³⁴Frey H., Das Buch, 142.

³⁵Braun R., Malachi - A Catechism for Times of Disappointment, Currents in Theology and Mission, Vol 4, 1977, 300.

³⁶Vriezen Th.C., Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament, 3e druk H. Veenman en Zonen nv Wageningen 1966, 342.

³⁷Jacob E., Theology of the Old Testament, Hodder and Stoughton, 1974, 109.

³⁸Rudolph W., Maleachi, 255.

van verwerp nie.³⁹ As liefde sinoniem met verkiesing is, mag dit nie beteken dat Jahwe se haat vir Esau, Esau se verwerping beteken nie.

'n Vyfde poging om Jahwe se liefde vir Jakob en sy haat vir Esau te verklaar, soek die oplossing van hierdie vraagstuk in die soewereine beskikking van God. Van der Woude merk byvoorbeeld op dat Maleagi in sy inleidende profesie die wonder van God se soewereine liefde vir 'n gemeente verkondig.⁴⁰ Verhoef se eksegetiese konklusie is dat dit hier gaan om méer as 'n relatiewe teenstelling in die sin van meer of minder geliefd. Dit gaan hier om 'n soewereine en radikale beskikking van God.⁴¹

'n Laaste - en onlangse - verklaring van die teenstelling liefde/haat in Maleagi 1:2 en 3 word gevind in 'n tydskrifartikel van S.L. McKenzie en H.N. Wallace.⁴² Hulle verklaar die teenstelling vanuit die voorkoms van - wat hulle noem - verbondstemas in die boek Maleagi en spesifiek in Mal 1:2-5. Wanneer Jahwe sy liefde vir Jakob en sy haat vir Esau proklameer, beteken dit vanuit die verbondspatroom van die boek Maleagi beskou, dat Jahwe lojaal was aan sy Verbondsvolk en dat Hy diegene buite die verbondsverhouding gehaat het.⁴³

³⁹Van der Woude A.S., Maleachi, 87. So ook P.A. Verhoef, Maleachi, 90 en ook G.J. Botterweck, Jakob habe ich lieb ...; 37. Contra Ridderbos J., De Kleine Profeten, Derde deel, Haggai, Zacharia, Maleachi, Korte Verklaring der Heilige Schrift, J.H. Kok, N.V. Kampen 1935, 200. Hierna aangedui as Ridderbos J., Maleachi.

⁴⁰Van der Woude A.S., Maleachi, 93.

⁴¹Verhoef P.A., Maleachi, 90.

⁴²McKenzie S.L. en H.N. Wallace, Covenant Themes in Malachi, CBQ 45 (4) Okt 1983, 549-563.

⁴³Ibid, 556.

Die saak wat hier beklemtoon word, is nie die haat van Jahwe vir Esau/Edom nie. Dit is juis die liefde van Jahwe vir Jakob/Israel wat in die fokus staan. Om dit aan te toon, gebruik die outeur die antitese van liefde en haat. Verder is dit so dat by beide chiasmes dit juis die liefde van Jahwe is wat die **tertium comparationis** is: in die eerste chiasme 'n bevraagtekening van die liefde van Jahwe en in die tweede chiasme 'n beklemtoning van die liefde van Jahwe vir Jakob/Israel deur dit te kontrasteer met die lot van Esau/Edom. Fischer⁴⁴ merk op dat die essensie van wat Maleagi wil leer, gevind word in die stellings waarmee 'n perikoop geopen word. In die geval van Maleagi 1:2-5 open die perikoop met 'n stelling oor die liefde van Jahwe. Volgens Braun is hierdie eerste orakel 'n onvoorwaardelike bevestiging van God se liefde vir sy volk.⁴⁵ Vir Pfeiffer gaan dit ook om Jahwe se liefde in die perikoop: "Die Begründung - ob als Verheissung auf Zukunftiges (Horst) oder als prophetische Rückschau auf historische Fakten (Elliger) weist die Liebe Jahwes antithetisch am Untergang des Brudervolkes Edom nach."⁴⁶

Die outeur wil die liefde van Jahwe beklemtoon. Dit doen hy - stilisties gesien - deur middel van twee chiasmes waarin by beide chiasmes die punt van vergelyking die liefde van Jahwe is. In die tweede chiasme stel hy Jakob/Esau, liefde/haat antiteties teenoor mekaar om sodoende die liefde van Jahwe (waarmee die boek open) verder te beklemtoon. Perikoop A wil die volk verseker van Jahwe se liefde vir hulle. Die uitspraak van Jahwe se haat vir Esau is nie die kern van wat die profeet wou tuisbring nie. Die uitspraak van Jahwe se haat vir Esau is diensbaar aan die bedoeling van die profeet, nl. om Jahwe se liefde te beklemtoon.

⁴⁴Fischer J.A., Notes on the literary form and message of Malachi, 317.

⁴⁵Braun R., Malachi - A Catechism for times of Disappointment, 300.

⁴⁶Pfeiffer E., Die Disputationsworte im Buche Maleachi, 557.

5.3 Antitese tussen kolon 2 en kolon 2.1

Van der Woude wys in sy kommentaar op die antitese tussen dié twee kola. Hoewel Jakob/Israel van nature ten aansien van Esau/Edom geen voorregte het nie, het Jahwe vir Jakob lief, maar Hy haat Esau. Van der Woude merk op dat deur אָ (broer) voor in die sin te plaas word daar 'n spesiale nadruk gelê op die natuurlike verbondenheid. Hy merk verder op: "Het imperfectum consecutivum wa'ohab ..., heeft grammaticaal slechts een 'external connection' met de voorafgaande nominale zin, maar leidt inhoudelijk een uitspraak in die met dese in antithese staat".⁴⁷

Die antitese waarop van der Woude hier wys, lê dus daarin dat ten spyte van die natuurlike verbondenheid wat daar normaalweg tussen broers heers, dit tog gebeur het dat Jahwe die een broer liefhet en die ander een haat.

Van der Woude maak egter geen opmerking oor die chiasme in subkolon 2.1 en 2.2 nie.

5.4 Antitese tussen Edom en Jahwe

Die antitese tussen subkolon 2.4 en 2.5 lê opgesluit in 'n kontrastering tussen dit wat Edom sê in 2.4 en dit wat Jahwe sê in 2.5.⁴⁸ Die כִּי תֹאמַר אֲדוֹם van 2.4 en die

⁴⁷Van der Woude A.S., Maleachi, 86.

⁴⁸Van Selms maak in sy artikel: "The inner cohesion of the book of Malachi" 'n belangrike opmerking oor die כִּי תֹאמַר אֲדוֹם -formule in die besondere geval: "The common prophetic formula of introduction, ko'amar yahwe occurs in our book in 1:4 only, but in this place it is of another character than that used commonly in prophetic literature Otherwise than in the common use of the formula it is not said here what the Lord has said to his messenger, the prophet, and what the prophet now is to repeat for the ears of his people, but what the Lord eventually will say in "case the

כה אמר יהוה צבאות van 2.5 staan antiteties teenoor mekaar. Daar is alreeds gewys op die chiastiese trekke wat daar is tussen kolon 2.4 en 2.5. Hierdie chiastiese trekke tussen subkolon 2.4 en 2.5 versterk die antitese tussen dit wat Edom sê en dit wat Jahwe sê.

Wat Edom na sy verwoesting wil opbou, sal Jahwe afbreek. In Jahwe se reaksie op die menslike hubris van Edom word die בנה (bou) as laaste werkwoord in Edom se antwoord op die verwoesting opgeneem in Jahwe se antwoord aan Edom. Geen poging van Edom om Jahwe se oordeel ongedaan te maak, sal slaag nie.

Wat kolon 2.4 betref, lê daar ook 'n antitese binne die kolon. Teenoor die verpletterd of verwoes wees (רששנו) staan die gedagte van weer opbou na die verwoesting in (ונבנה). Verwoesting en (op)bou staan dus antiteties teenoor mekaar.

Met betrekking tot die antitese tussen kolon 2.4 en 2.5 is daar volgens van der Woude - diakronies beskou - 'n verdere antitese. Jahwe se oordeel oor Edom is permanent en onherroeplik. Soos alreeds aangetoon, sal Edom se pogings tot heropbou en herstel deur Jahwe ongedaan gemaak word. Daarteenoor sal Jahwe se toorn oor Juda en Jerusalem slegs van korte duur wees (vgl. Sag 1:12,15; Jes 54:7-8; Jes 60:10). Die antitese lê dus tussen die permanente duur van Jahwe se toorn oor Edom en die tydelike aard van Sy toorn oor Sy volk.⁴⁹

Edomites might plan to rebuild the ruins". Daar is dus 'n verband tussen kolon 2.4 en kolon 2.5 wat die argument versterk dat perikloop A as eenheid chiasties opgebou is. Vgl. ook Rengstorff K.H., Gesetz und Propheten, 32-33.

⁴⁹Van der Woude A.S., Maleachi, 90. Ridderbos J., Maleachi, 201.

5.5 Antitese in kolon 2.5

5.5.1 Antitese tussen kolon 2.5.1 en 2.5.2

Tussen kolon 2.5.1 en 2.5.2 is daar 'n duidelike antitese. Hierdie antitese word gevorm deur לבנו en אהרום . Wat Edom wil bou sal Jahwe afbreek. Verder is hier ook 'n persoonswisseling van die derde persoon meervoud in 2.5.1 na die eerste persoon enkelvoud in 2.5.2. Die antitese wat hier gevorm word is nou 'n bou/breek, hulle/ek antitese.

5.5.2 Subjekwisseling tussen 2.5.1 - 2.5.4 en 2.5.5

In subkola 2.5.1 - 2.5.3 is die derde persoon meervoud dominant (vgl. bv. 2.5.1, 2.5.3) maar in 2.5.4 en 2.5.5 is daar 'n subjekwisseling na die tweede persoon meervoud toe.

5.5.3 Antitese tussen 2.5.3 en 2.5.5

Die antitese tussen die twee subkola lê in die kontrastering van die gebied van die goddelose en die gebied van Israel. Die antitese word verder verskerp deurdat subkolon 2.5.5 byna doksologies is teenoor die byna somber toon van subkolon 2.5.3. Onheil aan Edom as gevolg van die oordeel van Jahwe en heil aan Israel as gevolg van Jahwe se guns aan Israel is wat hier gekontrasteer word. Daarmee is die kontras tussen Israel en Edom duidelik gestel.⁵⁰

5.6 Antitese in die makrostruktuur van die boek Maleagi

Die boek Maleagi open met 'n verklaring van liefde van Jahwe vir Sy volk. Wanneer die liefde van Jahwe bevraagteken word deur die volk, toon Jahwe Sy liefde deur Israel en Edom antiteties

⁵⁰Cloete W.T.W., Die Verbondsgedagte by die na-eksiliese Profete, ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1979, 122.

teenoor mekaar te stel. Jahwe se liefde vir Sy volk staan dus bo alle twyfel vas.

In die res van die boek staan die optrede en gedrag van die volk wat met liefde moes antwoord op Jahwe se liefde vir hulle, antities teenoor die liefdesverklaring van Jahwe. Teenoor Jahwe se liefde staan die volk se swak gehalte offers gekombineer met 'n verkeerde gesindheid; hulle sondige huwelikspraktyke en hulle skeptisisme oor God. Van der Woude merk in hierdie verband op dat "de trouw van God gecontrasteerd word met de ontrouw van Israël, zo gaat het 'evangelie' vooraf aan de 'wet' en staat de vertroosting voor de vermaningen die de profeet zal uitspreken vanwege de laksheid, de ontrouw en de kleingelowigheid van het volk".⁵¹

Vanuit 'n ander perspektief kan gesê word dat Perikoop A die indikatief van die boek Maleagi is, terwyl daar in die res van die boek gevra word na die imperatief. Op die indikatief wat Jahwe gee (Ek het julle lief) volg die imperatief wat Hy van Sy volk eis. Aan hierdie eis faal die volk. Die volk se onvermoë om die imperatief na te kom word in die res van die boek blootgelê. So kom die indikatief wat Jahwe gee met sy liefdesverklaring en die onvermoë of onwil van die volk om die indikatief op te volg met die imperatief wat Jahwe eis, in 'n antitiese teenoor mekaar te staan.

6. Die boodskap van Maleagi 1:2-5

Sowel uit die strukturele opbou van die perikoop as uit die voorkoms van antitieses soos uitgewys onder 5, is dit duidelik dat die hele perikoop sterk antities opgebou is.

Die outeur bring sy boodskap tuis deur voortdurend gebruik te maak van teenstellings en kontraste met die doel om daardeur sy boodskap soveel helderder en duideliker te laat praat. In die bepaling van die boodskap sal die stilistiese inkleding en

⁵¹ Van der Woude A.S., Maleachi, 85.

onderbou van die perikoop beslis in gedagte gehou moet word, veral omdat die perikoop so sterk antiteties opgebou is. Juis die identifisering van die antitetiese opbou van die perikoop, bied 'n sleutel vir die verstaan van die perikoop.


Perikoop A (Mal. 1:2-5) wil die volk verseker van Jahwe se liefde vir hulle. Wanneer die liefde van Jahwe bevraagteken word deur die volk stel die outeur Jakob en Esau antiteties teenoor mekaar in 'n chiasme. Deur hierdie teenstelling wil die outeur dit beklemtoon dat Jahwe vir Jakob (Israel) lief het as verbondsgenoot. Wanneer die volk dus twyfel aan Jahwe se liefde word hulle verwys na wat Jahwe in die geskiedenis gedoen het.⁵²

Nie alleen word Jahwe se liefde vir Israel in die verlede beklemtoon deur Jakob en Esau antiteties teenoor mekaar te stel nie, Jahwe se liefde vir Israel ook in die toekoms word beklemtoon, hierdie keer deur 'n antitese tussen die uiteindelijke lot van Edom en dié van Israel onderskeidelik. Edom word gekarakteriseer as die gebied van goddeloosheid terwyl Israel gekarakteriseer word as die gebied waaroor Jahwe Sy grootheid sal betoon. Wat verlede (Jakob het Ek liefgehad), hede (Ek het julle lief) en toekoms (Groot is die Here oor die gebied van Israel) betref, kan die volk verseker wees van Jahwe se liefde vir hulle.

⁵²Snyman S.D., Die Boodskap van die boek Maleagi, 93.

PERIKOOP B: MALEAGI 1:6 - 2:9

1. STRUKTUURANALISE VAN MALEAGI 1:6 - 2:9



¹¹ כי ממזרח שמש ועד מכוואו גדול שמי בגוים
ובכל מקום מקטר מגש לשמי ומנחה טהורה
כי גדול שמי בגוים אמר יהוה צבאות:
¹² ואתם מחללים אותו באמרכם שלחן אדני
מגאל הוא

וניבו נבזה אכלו:

¹³ ואמרתם הנה מתלאה

והפחתם אותו

אמר יהוה צבאות

והבאתם גזול ואת־הפסח ואת־החולה

והבאתם את המנחה

הארצה אותה מידכם

אמר יהוה:


¹⁴ וארור נוכל ויש בעדרו זכר ונדר וזבח

משחת לאדני

כי מלך גדול אני


אמר יהוה צבאות

ושמי נורא בגוים:



2

¹ ועתה אליכם המצוה הזאת הכהנים:
² אם לא תשמעו
 ואם לא תשימו על לב לתת כבוד לשמי
 אמר יהוה צבאות
 ושלחתי בכם את־המארה
 וארותי את־ברכותיכם
 וגם ארותיה כי אינכם שמים אל לב:
³ הנני גער לכם את־הזרע
 וזריתי פרש על פניכם פרש חגיכם
 ונשא אתכם אליו:
⁴ וידעתם כי שלחתי אליכם את המצוה הזאת
 להיות בריתי את־לוי
 אמר יהוה צבאות:
⁵ בריתי היתה אתו החיים והשלום
 ואתנם־לו מורא
 וייראני
 ומפני שמי נחת הוא:
⁶ תורת אמת היתה בפיהו
 ועולה לא נמצא בשפתיו
 בשלום ובמישור הלך אתי
 ורבים השיב מעון:
⁷ כי שפתי כהן ישמר דעת
 ותורה יבקשו מפיהו
 כי מלאך יהוה צבאות הוא:
⁸ ואתם סרתם מן הדרך
 הכשלתם רבים בתורה
 שחתם ברית הלוי
 אמר יהוה צבאות:
⁹ וגם אני נתתי אתכם נבזים ושפלים לכל העם
 כפי אשר אינכם שמרים
 את־דרכי ונשאים פנים בתורה



2. Die strukturele opbou van Maleagi 1:6 - 2:9

2.1 Die verbinding van die kola

2.1.1 Motivering vir die verbinding van die subkola

Subkolon 3.2 verbind met subkolon 3.3 deur die waw-kopulatief van subkolon 3.3 en ook deur die voorwaardelike אם wat beide subkola inlei. Subkola 3.2 en 3.3 is struktureel en inhoudelik parallelle kola: beide bevat die eerste persoon enkelvoudsvorm, beide bevat dieselfde vraagpartikel en beide subkola sluit met die uitgang van die eerste persoon enkelvoud wat beide as 'n genitivus objectivus opgeneem moet word.¹

Subkola 3.2 - 3.3 verbind dan met subkolon 3.1 as gevolg van die heropname van woorde soos אדון אב כבוד wat in subkolon 3.1 gebruik word en dan weer in subkola 3.2 - 3.3 voorkom.

Subkola 3.1 - 3.3 verbind met subkolon 3.4 deur die waw-kopulatief (wat hier as 'n antitetiese waw opgeneem en met "maar" vertaal moet word). Subkola 3.1 - 3.4 verbind met kolon 3 omdat subkola 3.1 - 3.4 die inhoud van dit wat Jahwe sê, weergee en ook deur die heropname van die בוזי שמי van kola 3 in subkolon 3.4.

Subkola 4.1 en 4.2 verbind met mekaar. Hierdie verbinding geskied op grond van die waw-kopulatief van subkolon 4.2 en deur die stamvorm גאל wat by beide subkola voorkom en wat as struktuurmerker funksioneer in hierdie betrokke perikoop. Die stamvorm kom ook by subkolon 8.1 voor en vorm deel van die offerterminologie wat kenmerkend is van perikoop B. Subkolon 4.3 verbind met subkola 4.1 - 4.2 deur die heropname van die stamvorm אמר:

¹Van der Woude A.S., Maleachi, 95 en ook Verhoef P.A., Maleachi, 104.

Subkolon 4.4 verbind met subkolon 4.5. Beide subkola is parallele kola wat struktureel opvallende ooreenkomste vertoon. Beide subkola begin met וְכִי wat 'n voorwaardesin inlei, beide subkola eindig met אִין רַע , beide subkola bevat die woord תִּגְשׁוּ , beide subkola gebruik woorde ter beskrywing van offerdiere. By subkolon 4.5 funksioneer die verskynsel van delesie deurdat die werkwoord לִזְבַּח wat in subkolon 4.4 voorkom, by subkolon 4.5 veronderstel word. 'n Laaste sintaktiese argument vir die verbinding van die twee subkola is die waw-kopulatief van subkolon 4.5 wat die verbinding noodsaak.

Subkola 4.6 en 4.7 verbind deur die heropname van die suffiks van die tweede persoon manlik enkelvoud in subkolon 4.7.

Subkola 4.6 - 4.7 verbind met 4.4 - 4.5 omdat beide תִּגְשׁוּ (subkola 4.4 - 4.5) en הִקְרִיבוּ (subkolon 4.6) in hierdie konteks tot dieselfde semantiese veld van "bring" staan.

Subkola 4.4 - 4.7 verbind met subkola 4.1 - 4.3 deur die waw-konsekutief van subkolon 4.4. Al die subkola (4.1 - 4.7) verbind dan met kolon 4.

Subkola 5.2 en 5.3 verbind weens die voorkoms van die suffiks van die tweede persoon meervoud wat by beide die subkola voorkom. Subkola 5.2 - 5.3 verbind met subkolon 5.1 omdat אַל weer opgeneem word in subkolon 5.3 deur die tweede persoon enkelvoudsvorm הִישָׂא . Die subkola 5.1 - 5.3 verbind met kolon 5.

Subkola 6.2 en 6.3 verbind deur die gemeenskaplike eerste persoon enkelvoudsvorme en die tweede persoon meervoudsvorme wat by beide subkola voorkom. Subkolon 6.1 verbind met subkola 6.2 en 6.3 deur die eerste persoon enkelvoudsvorme wat gemeenskaplik voorkom en as gevolg van die verwysing na die altaar en offers wat semotakties in hierdie verband naby mekaar behoort. Subkola 6.1 - 6.3 verbind met kolon 6.

Subkola 7.1 en 7.2 verbind deur die waw-kopulatief van subkolon 7.2. Daar is ook 'n parallellie tussen die twee subkola deur die uitdrukking "van die opgang van die son tot sy ondergang" in subkolon 7.1 en die uitdrukking "in/op elke plek" in subkolon 7.2 wat die verbinding van die subkola versterk.

Subkola 7.1 - 7.2 verbind met kolon 7 deur die herhaling van die uitdrukking "groot is My Naam onder die nasies" in kolon 7 waardeur 'n inclusio gevorm word. Die כִּי van kolon 7 word dus as 'n bevestigende כִּי verstaan. 'n Laaste motivering vir die verbinding van subkola 7.1 - 7.2 met kolon 7 is dat die struktuurmerker שְׁמִי by beide subkola van kolon 7 sowel as by kolon 7 self, voorkom.

Subkolon 8.1 verbind met subkolon 8.2 deur die waw-kopulatief van subkolon 8.2. Die derde persoon enkelvoud suffiks in subkolon 8.2 verwys ook terug na die tafel van die Here in subkolon 8.1 wat die verbinding noodsaak. Subkolon 8.3 verbind met die voorafgaande subkola 8.1 - 8.2 op grond van die waw-konsekutief van subkolon 8.3. Die tweede persoon meervoudsuitgange in subkola 8.1 en 8.3 dui ook daarop dat subkola 8.1 - 8.3 moet verbind. Subkolon 8.4 verbind met subkola 8.1 - 8.3 deur middel van die waw-kopulatief waarmee subkolon 8.4 begin. Die gemeenskaplike tweede persoon meervoudsuitgang van subkola 8.1 - 8.3 kom ook hier in subkolon 8.4 voor wat die verbinding verder versterk. Let op dat by subkolon 8.4 'n tekskritiese verandering aangebring is in die hoofstuk wat gehandel het ook die tekskritiese ondersoek van die teks van Maleagi. Die subkola van kolon 8 verbind dan met kolon 8 as die inhoud van dit wat Jahwe sê.

Subkola 9.1 en 9.2 verbind weens die identiese werkwoord waarmee beide subkola begin en ook deur die waw-kopulatief van subkolon 9.2. Subkolon 9.3 is in die vorm van 'n retoriese vraag en verwys deur die אֲנִי terug na die offers wat in subkola 9.1 en 9.2 genoem is - daarom verbind subkolon 9.3 met 9.1 - 9.2. Subkola 9.1 - 9.3 verbind dan met kolon 9.

Subkola 10.2 en 10.3 verbind deur die waw-kopulatief en deur die heropname van die eerste persoon enkelvoud in subkolon 10.3. Subkolon 10.1² verbind met subkola 10.2 - 10.3 deur die afirmatiewe כִּי waarmee subkolon 10.2 begin.

Subkolon 12.1 bestaan uit twee negatiewe voorwaarde sinne (subkola 12.1.1. en 12.1.2) met die imperfektum in die protasis en perfektum in die apodosis (subkola 12.1 en 12.2). Daarom verbind subkola 12.1.1. en 12.1.2 met mekaar wat op hulle beurt weer verbind met subkolon 12.1. Omdat subkolon 12.2 deel vorm van die apodosis verbind subkolon 12.2 met subkolon 12.1.

Subkolon 12.3 verbind deur die emfatiese וְגַם met subkola 12.1 - 12.2. Die voorkoms van die eerste persoon enkelvoudsuitgange en die tweede persoon meervoudsuitgange sowel as die voorkoms van die stamvorm אָרַר in al drie subkola versterk die verbinding verder. Subkola 12.1 - 12.3 verbind met kolon 12.

Subkola 13.1 en 13.2 verbind deur die waw-konsekutief van subkolon 13.2. Die alliterasie tussen die laaste woord van subkolon 13.1 en die eerste woord van subkolon 13.2 versterk die verbinding van die twee subkola. Subkolon 13.3 verbind met subkola 13.1 - 13.2 deur die kopulatiewe waw en ook deur die gemeenskaplike tweede persoon meervoudsuitgange wat deurlopend by subkola 13.1 - 13.3 voorkom. Deur die waw-konsekutief van subkolon 13.4 verbind subkola 13.1 - 13.4 met subkolon 13.1. Volgens Verhoef is die waw waarmee subkolon 13.4 begin geen kopulatiewe waw nie, maar het dit die krag van 'n apodosis in 'n voorwaarde sin.³ Die subkola van kolon 13 verbind met kolon 13.

Subkola 14.2 en 14.3 verbind deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 14.3 begin en ook deur die korrespondensie tussen מוֹרָא in subkolon 14.2 en וַיִּירָאֵנִי in subkolon 14.3.


²Verhoef P.A., Maleachi, 134.

³Verhoef P.A., Maleachi, 144.

Subkola 14.2 - 14.3 verbind met subkolon 14.4 deur die waw-konsekutief van subkolon 14.4 en ook deur die semotaktiese verband waarin die woord **נחמת** met **מורא** en **וייראני** in subkola 14.2 en 14.3 onderskeidelik staan. Subkola 14.2 - 14.4 verbind met subkolon 14.1 deur die waw-konsekutief van subkolon 14.2 en omdat die subjek van subkola 14.2 - 14.4 "my verbond" is, dit wat ter sprake is in subkolon 14.1.


Subkola 14.5 - 14.10 vertoon 'n interessante opbou en struktuur. Beide subkola 14.5 en 14.10 begin met die woord **תורה**. Hierdeur word 14.5 - 14.10 afgebaken as 'n eenheid binne 'n groter geheel en versterk dit die standpunt dat 14.11 'n konkluderende is (vergelyk redegewende **כי** waarmee 14.11 begin) van 14.5 - 14.10.

Subkola 14.5 en 14.6 aan die eenkant en subkola 14.9 en 14.10 aan die ander kant vorm 'n duidelike chiasme wanneer gelet word op die volgorde waarin die woorde **פה** (mond) en **שפה** (lip) gebruik word. Skematies kan die chiasme tussen subkola 14.5, 14.6 en 14.9, 14.10 onderskeidelik so voorgestel word:



As gevolg van hierdie chiasme verdeel die ses subkola van 14.5 - 14.10 hulle self in drie groepe van twee subkola elk. Subkola 14.5 en 14.6 verbind met mekaar vanweë die chiastiese struktuur waarbinne hulle staan, vanweë die waw-kopulatief by 14.6 en omdat subkola 14.5 en 14.6 'n antitetiese parallelisme vorm. Subkola 14.7 en 14.8 verbind deur die

waw-kopulatief waarmee subkolon 14.8 begin. Subkola 14.9⁴ en 14.10 verbind vanweë die chiastiese struktuur waarbinne hulle staan, vanweë die waw-kopulatief by 14.10 en omdat subkola 14.9 en 14.10 'n sinonieme parallelisme vorm. Verder staan subkola 14.9 en 14.10 ook in 'n chiastiese konstruksie tot mekaar:



Die שפתי van 14.9 en die מפיהו van 14.10 vorm dus die een been van die chiasme en die ישמרו דעת van 14.9 en die ותורה יבקשו van 14.10 vorm die ander been van die chiasme. Hierdie chiasme versterk die verbinding van subkola 14.9 en 14.10 met mekaar.

Die verbinding van subkola 14.5 - 14.10 sou op die volgende twee maniere voorgestel kon word:



Subkolon 14.11 verbind vanweë die redegewende כי waarmee die subkolon begin, met subkola 14.5 - 14.10.

Subkola 14.12 - 14.14 word onderskei van 14.1 - 14.11 deur 'n opmerklike subjekwisseling. Subkola 14.1 - 14.11 is gekenmerk deur die dominante voorkoms van die derde persoon

⁴Die כי van subkolon 14.9 kan volgens Verhoef P.A., Maleachi, 152 nie redegewend wees nie, maar dien as bevestiging van wat in die vorige verse gesê is: ja, voorwaar.

manlik enkelvouduitgange terwyl subkola 14.12 - 14.14 gekenmerk word deur die tweede persoon manlik meervoud uitgange, vgl. bv. ואתם (14.12), הכשלתם (14.13), שחתם (14.14). Hierdie subjekwisseling, ingelei deur die sterk ואתם van subkolon 14.12, het dan ook gedien as motivering vir die verbinding van subkola 14.12 - 14.14.

Subkola 14.1 - 4 verbind met subkola 14.5 - 11 vanweë die voorkoms van die derde persoon manlik enkelvoud uitgange wat deurgaans voorkom.

Subkola 14.12 - 14.14 verbind dan met 14.1 - 14.11 as gevolg van die heropname van struktuurmerkers in 14.12 - 14.14 wat in 14.1 - 14.11 voorkom. Struktuurmerkers wat hier ter sake is, is ברית wat in subkolon 14.1 voorkom en dan eers weer in subkolon 14.14 en ook die woord תורה wat in subkola 14.5 en 14.10 voorkom en dan weer in subkolon 14.13.

Subkolon 14.15 verbind met subkola 14.1 - 14.14 vanweë die emfatiese וגם (en ook) waarmee subkolon 14.15 open. Na die kontrasterende vergelyking tussen die ideaalbeeld van 'n priester in subkola 14.1 - 14.10 en die ontbloting van hoe dit werklik daaraan toegaan onder die priesters in subkola 14.12 - 14.14 word die lot van die onwaardige priesters in subkolon 14.15 aangekondig.

2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola

Allereers moet die opmerking gemaak word dat die kola in hierdie perikoop presies dieselfde daar uitsien - dit geld trouens vir byna al die kola van die boek Maleagi. Elke kolon לוי צבאות יהוה אמר wat telkens voorafgegaan of gevolg word deur 'n reeks van inbeddinge of subkola. Inhoudsmomente sal dus ook 'n rol speel by die verbinding van die kola.

Kolon 5 verbind met kolon 6. Hierdie verbinding geskied op grond van die feit dat beide kola 5 en 6 open met 'n gevolgsin. Beide kola bevat ook die struktuurmerkers מידכם. Die suffiks van die tweede persoonmeervoud wat by

beide kola voorkom, is ook 'n aanduiding dat kolon 5 en 6 verbind. Kolon 5 begin met ועתה wat kolon 5 nouer met kolon 6 laat bind as met kolon 4. Kolon 4 verbind met kola 5-6 deur die offerterminologie wat by kolon 4 en kola 5-6 voorkom. Die woord השא kom ook gemeenskaplik by kolon 4 en kolon 5 voor.

Kolon 8 word ingelei deur die emfatiiese ואתם waardeur 'n kontras bewerkstellig word met kolon 7. Kolon 8 en kolon 9 verbind deur middel van die waw-kopulatief van kolon 9. Kolon 10 verbind met kola 8 - 9 deur die waw-explicativum⁵ waarmee kolon 10 begin. Kola 8-10 word gemeenskaplik gekenmerk deur offerterminologie wat by al drie kola voorkom. Kolon 7 en kolon 10 handel oor die grootheid van (die Naam van) Jahwe en beide kola word gekenmerk deur die struktuurmerkers גדל , בגוים שמי. Kolon 7 en kolon 10 vorm dus 'n inclusio.⁶ Volgens van der Woude gryp die slotwoorde van vers 14 terug op vers 11 en bevestig daarmee die literêre eenheid van verse 11 - 14⁷ (kola 7-10). Kolon 7 verbind dus met kola 8 - 10.

Kola 4 - 6 verbind met kola 7 - 10 deur die bevestigende כי⁸ waarmee kolon 7 begin. Deur middel van die bevestigende כי word 'n antitese met die voorafgaande kola gevorm.

Kolon 13 en 14 verbind deur die woord ברית wat in die laaste subkolon van kolon 13 voorkom terwyl dit ook die eerste woord is waarmee kolon 14 open. Die woord אתו in kolon 14 (subkolon 14.1) verwys ook terug na Levi wat in die laaste subkolon (13.4) van kolon 13 genoem word.

⁵Ibid, 134.

⁶Renker A., Die Tora bei Maleachi, 70.

⁷Van der Woude A.S., Maleachi, 104.

⁸Verhoef P.A., Maleachi, 117.

Kolon 12 verbind met kola 13 - 14 deur die herhaalde voorkoms van die tweede persoon meervoudssuffikse wat veral by kola 12 en 13 voorkom. Die aangesprokene by kolon 12 en kola 13 - 14 is dus dieselfde.

Kolon 11 open met **ועתה** waardeur kolon 11 onderskei word van die voorafgaande kola. In kolon 11 word aangekondig dat die priesters nou aangespreek word - vergelyk die vokatief vorm wat gebruik word. Kola 12-14 bevat nou die inhoud van wat aangekondig is in kolon 11. Dit noodsaak dus die verbinding van kolon 11 met kola 12 - 14.

Kola 4 - 10 en 11 - 14 verbind met mekaar omdat dit deurgaans gaan om die priesters en hulle wanpraktyke wat blootgelê word. Perikoop B open in kolon 3 met 'n algemeen geldende reël waaruit die outeur se argument dan vloei. Om hierdie rede verbind kolon 3 met kola 4 -14.

Perikoop B is dus 'n goed saamgestelde perikoop wat 'n duidelike struktuur vertoon.

2.2 Onderverdeling van Maleagi 1:6 - 2:9

Perikoop B vorm 'n eenheid. Die perikoop bestaan egter uit twee duidelik onderskeibare dele. Die eerste deel van die perikoop bestaan uit kola 3 - 10 (1:6 -14) en die tweede deel van die perikoop bestaan uit kola 11 - 14 (2:1 - 9). Ter wille van dié onderskeid word kola 3 - 10 perikoop B1 genoem en kola 11 - 14 word B2 genoem.

Daar is verskeie sintaktiese kriteria wat pleit ten gunste van so 'n onderverdeling van perikoop B. Die priesters word in kolon 3 aangespreek. In kolon 12 word 'n herhaling gevind van dié wat aangespreek is. 'n Herhaling van dié aard dui gewoonlik op 'n wending in die perikoop wat dus 'n onderverdeling noodsaak.

Woorde wat aan die begin van perikoop B voorkom, word vir die eerste keer weer opgeneem in kolon 12. So byvoorbeeld die stamvorm **כבוד** wat in kola 3.1 en 3.2 voorkom en dan vir die eerste keer weer in kolon 12.1.1. Dieselfde geld vir die woord

מורא wat in kolon 3.3 voorkom en dan eers weer in kolon 14.1.

By perikoop B1 domineer die gebruik van offerterminologie die hele perikoop. By perikoop B2 kom offers glad nie ter sprake nie. Struktuurmerkers wat by perikoop B2 voorkom (bv. ברית תורה) funksioneer glad nie by perikoop B1 nie.

Tog is perikoop B 'n eenheid. Daar is naamlik 'n verband tussen die openingskolon (kolon 3) en die slotkolon (kolon 14.15). In kolon 3 is dit die priesters wat die Naam van die Here verag. In kolon 14.15 is dit Jahwe wat die priesters veragtelik maak by die volk. Die rolle van Jahwe en die priesters word dus nou omgekeer - in plaas daarvan dat dit die Naam van Jahwe is wat veragtelik is, is dit die priesters wat veragtelik gemaak word - juis deur die Een wie se Naam hulle veragtelik gemaak het. Deur middel van hierdie omruil van rolle tussen Jahwe en die priesters aan die begin en aan die einde van die perikoop, word die perikoop tot 'n eenheid saamverbind. Vir Elliger wat die perikoop "eine Schelt- und Drohrede" noem, staan die eenheid van die perikoop vas: "Es ist keine Frage, dass die Schelt- und Drohrede zu einer Einheit zusammengehören; so entspricht es dem Stil der Gattung, ußerdem schlägt der Schluss (2:9) auf den Anfang (1:6) zurück".⁹ Rudolph se standpunt is ook dat Maleagi 1:6 - 2:9 een perikoop is, maar hy onderskei ook 1:6 - 14 as die aanklag en 2:1-9 as strafaankondiging van mekaar.¹⁰ Van der Woude twyfel ook nie aan die eenheid van die perikoop nie: "Dat 1:6 - 2:9 een eenheid vorm, word niet enkel bevestigd door het literaire genre van het tekstgedeelte, maar ook door het feit dat het slotvers (2:9) duidelijk op het begin (1:6-7) terugrijpt."¹¹

⁹Elliger K., Maleachi, 195.

¹⁰Rudolph W., Maleachi, 261, 265.

¹¹Van der Woude A.S., Maleachi, 94.

2.3 Inclusio in Maleagi 1:6 - 2:9

Renker¹² het die aandag daarop gevestig dat kola 7 - 10 (Maleagi 1:11-14) 'n inclusio vorm. Dit het gedien as addisionele motivering vir die verbinding van kola 7 - 10.

3. Die Gattung van Maleagi 1:6 - 2:9

Elliger beskryf die gedeelte as 'n profetiese Schelt- und Drohrede.¹³ Die Scheltrede (1:6 e.v.) het sterk vorme van die strydgesprek opgeneem, terwyl die Drohrede as Gottesrede gestileerd is.¹⁴ Horst se opskrif vir die gedeelte is: "Schelt- und Drohrede wider die Priester."¹⁵

Daarteenoor handhaaf Pfeiffer die standpunt dat Maleagi 1:6 - 2:9 ook tot die Gattung van die Disputationswort behoort. Ook in hierdie perikoop word die drie fases van die Disputationswort gevind. Die aanvanklike stelling in 1:6 spreek vanself. Dan volg daar in plaas van een navraag na die stelling, twee navrae (1:6 en 1:7, subkolon 3.4 en subkolon 4.2). Die uitgebreide antwoord wat volg, vorm dan die derde fase van die Disputationswort.¹⁶

Maleagi 1:6 - 2:9 is egter nie eksklusief 'n Schelt- und Drohrede of 'n Disputationswort nie omdat die perikoop kenmerke van beide Gattungen vertoon. Horst verwys daarna dat die outeur in

¹²Renker A., Die Tora bei Maleachi, 70.

¹³Elliger K., Maleachi, 195. Elliger ontken egter nie die "Situation der Disputation" tussen profeet en priester in die gedeelte nie.

¹⁴Ibid., 195.

¹⁵Horst F., Maleachi, 265. Dit gaan volgens Horst egter ook om 'n "Lehrdisputation" in hierdie gedeelte vgl. p. 266.

¹⁶Pfeiffer E., Die Disputationsworte im Buche Maleachi, 560.

hierdie perikoop vorme vryelik gebruik.¹⁷ Botterweck merk op: "Die tweede Disputationsrede (1,6 - 2,9) bringt ein prophetische Schelt- (1,6ff) und Drohrede (2,1ff) gegen die Jerusalemer Priesterschaft, die für die Misstände im Kult und Frömmigkeit verantwortlich ist".¹⁸ Perikoop B vertoon dus nie die tipiese eienskappe van òf die Gattung van die Disputationswort òf die Gattung van die Schelt- und Drohrede nie. In die lig van die onsekerheid oor die Gattung word daar by van der Woude se standpunt aangesluit: "In de stijl van de traditionele Schelt- und Drohrede richt de profeet zich tot hen met zijn aanklacht (1:6vv) en strafaankondiging (2:1vv), maar de overgeleverde vorm van de oordeelsprofetie gaat hand in hand met typische stijlelementen van Maleachi, in het bijzonder die van het dispuut".¹⁹

4. Redaksiekritiek

Redaksiekrities beskou, is kola 7 - 10 (Maleagi 1:11 - 14) omstrede, Elliger,²⁰ Horst,²¹ Rendtorff,²² van der Woude²³ en Renker²⁴ beskou hierdie gedeelte as 'n latere toevoeging tot die profesie van Maleagi. Rudolph se standpunt is dat kola 7 - 8.2 (verse 11 en 12) nou saamhang met die voorafgaande gedeelte (kola 3-6) en dat kola 8.3 - 10 (verse 13 en 14) by 'n latere

¹⁷Horst F., Maleachi, 266.

¹⁸Botterweck G.J., Ideal und Wirklichkeit der Jerusalemer Priester, Bibel und Leben vol 1, 1960, 100.

¹⁹Van der Woude A.S., Maleachi, 94.

²⁰Elliger K., Maleachi, 194 e.v.

²¹Horst F., Maleachi, 267.

²²Rendtorff R., Maleachi, RGG 3 IV, 628.

²³Van der Woude A.S., Maleachi, 99.

²⁴Renker A., Die Tora bei Maleachi, 86.

geleentheid uitgespreek is deur die profeet.²⁵ Verhoef²⁶ en Brockington²⁷ beskou kola 7 - 10 as deel van die oorspronklike profetiese uitspraak wat strek vanaf kola 3 - 10 (1:6 - 14).

Die analise van die opbou van die perikoop het aangetoon dat kola 7 - 10 so 'n hegte eenheid met die voorafgaande kola vorm dat kola 7 - 10 nie as 'n latere redaksionele byvoeging beskou kan word nie.

Die gewigtigste argument vir hierdie standpunt is die eenvormige woordeskat wat deurlopend in perikoop B1 gebruik word. Die volgende woorde en/of uitdrukking word deurlopend gevind in kola 3 - 10:

שלחן יהוה אדני	:	kola 4.3, 8.1
Die stamvorm נגש	:	kola 4.1, 4.4., 4.5, 7.2
Die stamvorm זבח	:	kola 4.1, 4.4., 6.1, 10.1
Die stamvorm גאל	:	kola 4.1, 4.2, 8.1
Die stamvorm מנח	:	kola 6.4, 7.2, 9.2
מידכם	:	kola 5.2, 6.3, 9.3
מוראי en נורא	:	kola 3.3, 10.3
שמי	:	kola 3, 7.1, 7
ארצה	:	kola 6.3, 9.3
בוזי en גבזה	:	kola 3, 8.2

Hierdie opvallende ooreenkoms in woordeskat tussen kola 3 - 6 en 7 - 10 toon aan dat kola 7 - 10 nie sonder meer beskou kan word as 'n latere redaksionele byvoeging nie. Alhoewel Vriezen se standpunt is dat kola 7 - 10 beskou moet word as 'n addisionele kommentaar op kola 3 - 6, erken hy tog dat dit 'n moontlikheid is dat kola 7 - 10 van die oorspronklike outeur kan kom, juis vanweë die ooreenkoms in styl.²⁸

²⁵Rudolph W., Maleachi, 263-264.

²⁶Verhoef P.A., Maleachi, 116.

²⁷Brockington L.H., Malachi, Peake's Commentary on the Bible, 657.

²⁸Vriezen Th. C., How to understand Malachi 1:11, 129-130.

Die gebruik van die Godsnaam אֲדֹנָי wat slegs in kola 7 - 10 gebruik word, kan nie as deurslaggewende argument vir 'n latere redaksionele byvoeging gebruik word nie. Reeds in kolon 3 is daar 'n sinspeling op Jahwe as אֲדֹנָי, sodat die verwysing na Jahwe as אֲדֹנָי in kola 7 - 10 nie as vreemd beskou hoef te word nie. Vriezen maak verder die opmerking dat die gebruik van Godsname in die boek Maleagi 'n groot verskeidenheid vertoon. Nie alleen kom die name Jahwe en Jahwe Sebaot voor nie, maar ook name soos El, Adonai en Elohim. Jahwe word verder ook aangedui as Koning en Vader.²⁹ Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word is dat die gebruik van die Godsnaam אֲדֹנָי nie noodwendig 'n aanduiding hoef te wees van 'n latere redaksionele byvoeging nie. Trouens, Verhoef maak die opmerking dat אֲדֹנָי in plaas van יהוה gebruik word, waarskynlik om die teenstelling tussen God en mens te beklemtoon.³⁰

Die verskil in perspektief tussen kola 3 - 6 en 7 - 10 kan verklaar word vanuit die antitetiese opbou van die perikoop en van elke perikoop in die boek Maleagi. Soos later aangetoon word (vgl. 5.3 op p. 101), staan kola 7 - 10 op verskillende punte in antitese met kola 3 - 6. Antitese is 'n tipiese kenmerk van die boek Maleagi. Wanneer kola 7 - 10 as 'n redaksionele byvoeging beskou word, word daar nie rekening gehou met die tegniek van antitese wat kenmerkend is van die boek Maleagi nie. In die lig van hierdie oorwegings word daar tot die slotsom gekom dat kola 7 - 10 nie as 'n latere redaksionele byvoeging beskou moet word nie.

Daar is ook verskil in standpunt onder navorsers ten opsigte van kolon 12 (Maleagi 2:2) en subkola 14.9, 14.10, 14.11 (Maleagi 2:7). So byvoorbeeld handhaaf van der Woude,³¹ Elliger³² en

²⁹Ibid., 130.

³⁰Verhoef P.A., Maleachi, 130.

³¹Van der Woude A.S., Maleachi, 105, 110.

³²Elliger K., Maleachi, 199.

Renker³³ die standpunt dat kolon 12 en subkola 14.9, 14.10, 14.11 latere redaksionele toevoegings tot hierdie perikoop is.

Geen aanleiding kon egter uit die analise van die opbou van die perikoop gevind word om kolon 12 en subkola 14.9, 14.10, 14.11 as redaksionele toevoegings tot die perikoop te beskou nie.³⁴ Trouens die analise het getoon dat wat subkola 14.9, 14.10, 14.11 betref, 'n simmetrie gevorm word met die voorafgaande subkola 14.5 - 14.9.

Beide Smith en Verhoef (vgl. voetnota 32) maak melding van die antitetiese verband waarin subkola 14.9, 14.10, 14.11 staan met subkolon 14.15 (vers 9). Die priesters doen die teenoorgestelde van hulle plig soos wat dit in subkola 14.9, 14.10, 14.11 beskryf word. Omdat die outeur van Maleagi die tegniek van antiteses deurlopend aanwend, is dit 'n gewigtige argument wat pleit teen die standpunt dat subkola 14.9, 14.10, 14.11 'n latere redaksionele toevoeging is. Subkola 14.9, 14.10, 14.11 pas goed in by die antitetiese opbou van die perikoop.

5. Antiteses in Maleagi 1:6 - 2:9

5.1 Antitese tussen kolon 3 (Mal. 1:6) en kola 4 - 10 (Mal. 1:7-14)

Perikoop B open met twee parallelismes in kolon 3.1. 'n Seun eer 'n vader en 'n kneg sy heer. Die algemeen geldende stelling in die vorm van 'n parallelisme dat 'n seun sy vader eer en 'n kneg sy heer word in die daaropvolgende kola (3.2 en 3.3) bevraagteken. Kola 3.2 en 3.3 vorm twee parallelle kola wat in verband staan met die parallelisme in kolon 3.1. In kolon 3.2 kom אב en כבד voor wat opgeneem is uit kolon 3.1 en in kolon 3.3 kom אדוֹכִים voor wat ook opgeneem is uit kolon 3.1.

³³Renker A., Die Tora bei Maleachi, 71-72.

³⁴Rudolph W., Maleachi, 265, 266; Verhoef P.A., Maleachi, 137, 151; Smith J.M.P., Maleachi, 35, 41-42 beskou die betrokke kolon en subkola nie as redaksionele uitbreidings nie.

Uitgaande van die feit dat Jahwe Israel se Vader en Here is, verwag Hy dienooreenkomstig dat daar aan Hom eer bewys sal word. Die antitese lê in die algemeen geldende reël dat 'n seun sy vader eer en 'n kneg sy heer en die feitelike toestand soos blootgelê deur die profeet in die res van die perikoop. Die outeur van die boek maak dus gebruik van die kontras tussen die algemeen geldende stelling en dit wat inderdaad gebeur in die verhouding tussen Jahwe en die priesters. Hierdie antitese word in die res van die perikoop nader gepresiseer. Kolon 4 wys op die wanpraktyke wat geheers het in die offerdiens van die kultus. Die struktuurmerkers lewer oorfloedige getuienis dat dit hier gaan om die gehalte en stand van die offers wat gebring word. Nie alleen die toestand van die offers nie, maar ook die gesindheid waarmee daar geoffer word, word veroordeel.³⁵ Die minagting wat hieruit blyk, staan in skrilte kontras met die כבוד (eer) wat aan Jahwe toekom volgens kolon 3. Von Bulmerincq het ook die antitese opgemerk: "... die Wirklichkeit widerspricht diesen logischen Schluss auf das strikteste. Statt Jahve zu fürchten und zu ehren, tun die Priester genau das Gegenteil".³⁶


5.2 Antitese tussen ה פחה (owerheidspersoon) en Jahwe

Hier lê die antitese tussen offers/geskenke wat aan 'n owerheidspersoon gebring word en die offers wat aan Jahwe gebring word. Die gedagte wat die outeur wil tuisbring, is dat mense nie eers vir 'n menslike owerheid die swak gehalte offers sal bring wat deur die volk aan Jahwe gebring word nie.

Die antitese tussen die offers aan 'n owerheidspersoon en die offers aan Jahwe word chiasties tuisgebring. Die chiastiese opbou van die antitese kan skematies so voorgestel word:

³⁵Verhoef P.A., Maleachi, 107-108. Elliger K., Maleachi, 195. Fourie L.C.H., Die verbond as sleutel vir Maleagi, 105.

³⁶Von Bulmerincq A., Maleachi, 55.



Uit bogenoemde skematiese voorstelling blyk duidelik dat die korresponderende bene in die chiasme הִרְצַךְ in kolon 4.6 en לא אֶרְצָה in kolon 6.4 en הִישָׂא פְּנִיךְ in kolon 4.7 en הִישָׂא פְּנִיִם in kolon 5.4 onderskeidelik is. Let op dat al drie kola wat betrokke is, telkens die laaste subkolon van elke betrokke kolon vorm. Weens die ontkenningspartikel in kolon 6.4 word die "uitgebreide" chiasme getipeer as 'n antitetiese chiasme. Daarmee word dië antitese na vore gebring: as die gehalte offers vir 'n owerheidspersoon nie aanvaarbaar sou wees nie, is dit ondenkbaar dat die offers vir Jahwe aanvaarbaar sou wees. Verhoef³⁷ wys daarop dat אל (God) in kolon 5.1 gebruik word om die teenstelling met die landvoogd (Verhoef se vertaling) skerper te laat uitkom.

Die antitese lê tussen 'n mens (aan wie mens normaalweg nie swak gehalte offers/geskenke bring nie) en God (aan wie die priesters dit waag om swak gehalte offers te bring). Die antitese lê tussen 'n vreemde owerheidspersoon (פַּחַת) en die God wat Israel se Vader (kolon 3) is.

5.3 Antitese tussen kolon 7 (Mal. 1:11) en die res van Perikoop B1

Mal. 1:11 (kolon 7 in die struktuuranalise) is een van die omstrede tekste in die boek Maleagi. Verskillende geleerdes het dan ook hulle aandag aan hierdie teks gegee.³⁸

³⁷Verhoef P.A., Maleachi, 113. Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 107. Vgl. ook Von Bulmerincq A., Maleachi, 83.

³⁸Vir 'n oorsig oor die belangrikste literatuur oor hierdie teks vgl. Rudolph W., Maleachi, 262 voetnota 7.

EKSKURSIE: Maleagi 1:11 - 'n omstrede teks in die boek Maleagi

Sonder om in besonderhede in te gaan, is die volgende antwoorde in die loop van die geskiedenis van die ondersoek van hierdie teks gegee.³⁹ Die vraag waarom die ondersoek van die teks draai, is die vraag na wie die profeet verwys in die betrokke teks.

Die belangrikste resultate van die ondersoek is die volgende:

1. Die Heidene

Dit is die gedagte dat, omdat daar net een God is, daarom is elke offer, ook die van die heidene, maar eintlik 'n offer aan die een enigste God. Hierdie standpunt bevredig egter nie want geleerdes het opgemerk dat die offers waarvan daar sprake is in Maleagi 1:11 לשמי , ter wille van My Naam is, en dat dit die Naam van Jahwe is wat groot is onder die nasies. Rudolph⁴⁰ merk op dat so 'n teorie in werklikheid in stryd is met die eerste gebod en Baldwin maak die opmerking: "There is simply no evidence in the Old Testament either for or against the existence of individuals who found God apart from the revelation made to Israel, unless it is in this verse in Maleachi".⁴¹

³⁹Verhoef P.A., Maleachi, 121-129 en Verhoef P.A., Some notes on Malachi 1:11, Biblical Essays, Pretoria, 1966, 163-170 bied 'n uitvoerige bespreking van die verskillende standpunte rondom die teks.

⁴⁰Rudolph W., Maleachi, 263.

⁴¹Baldwin J.G., Malachi 1:11 and the worship of the nations in the Old Testament, Tyn B 23(1972), 120. Vgl. ook die argumente van J. Swetnam in sy artikel Maleagi 1:11, An Interpretation, CBQ 31(1969), 204. Vgl. ook Smith J.M.P., Malachi, 31.

2. Die Jode in die Diaspora

Dat die profeet in Maleagi 1:11 verwys na die Jode in die diaspora is 'n baie ou teorie wat tot vandag toe nog ondersteuning geniet. Dit is egter 'n vraag of die diaspora in die tyd van Maleagi al so uitgebreid⁴² was as wat die teks wil voorgee. Rudolph wys die standpunt dat dit die Jode in die diaspora was wat 'n offer gebring het, af met die argument dat daar in die diaspora glad nie geoffer is nie.⁴³

Swetnam⁴⁴ se teorie is dat die offers waarna verwys word 'n metafoor is vir gebede wat gebid is deur diaspora-Jode. Dit is 'n teorie wat gunstige oorweging verdien, maar die teorie gaan mank aan voldoende bewysvoering. Dit bly tot verdere bewyse hoogstens 'n hipotese. Volgens Verhoef moet die term טהור in sy Ou Testamentiese betekenis verstaan word. 'n Offer is rein wanneer 'n dier geoffer word wat aan die voorskrifte van die wet beantwoord; wanneer die persoon in wie se belang geoffer word, seremonieel rein is en wanneer die omstandighede waaronder die offer gebring word ook aan die eise van die wet voldoen, met ander woorde wanneer daar nie op heidense grondgebied of op ontwyde altare geoffer word nie.⁴⁵ In die lig hiervan is dit moeilik om die begrip as 'n metafoor vir gebede te verstaan.

3. Proseliete

Die teorie dat Maleagi 1:11 verwys na bekeerlinge uit die heidendom is ook 'n teorie wat aanklank gevind het. Die vernaamste beswaar teen hierdie beskouing is dat die vermelding van 'n rein offer tot eer van God nie toegepas

⁴²Verhoef P.A., Maleachi, 126.

⁴³Rudolph W., Maleachi, 263.

⁴⁴Swetnam J., Mal. 1:11 An Interpretation, 204 e.v.

⁴⁵Verhoef P.A. Maleachi, 121.

kan word op die godsdienstige praktyke van die proseliete nie.⁴⁶

4. Maleagi 1:11 eskatologies verstaan

Hierdie teorie verstaan Maleagi 1:11 as 'n verwysing na die toekoms en word die teks dus eskatologies verklaar.⁴⁷ Die verering en aanbidding van Jahwe deur die heidense nasies is 'n aspek van eskatologie en is nie in ooreenstemming met die kontemporêre situasie nie.

Baldwin se argument is dat die afwesigheid van 'n werkwoord in 1:14 die moontlikheid ooplaat vir 'n eskatologiese en daarom 'n toekomstige vervulling.⁴⁸ Baldwin konkludeer: "My contention is that the prophet was thinking of an imminent future event, which was certain to happen".⁴⁹ Rehm se konklusie is ook dat Maleagi 'n uitspraak oor die Messiaanse tyd wou maak.⁵⁰ Verhoef se konklusie is ook dat hierdie teks ... must also be applied to the situation of the Messianic age, according to the general trend of the prophetic message.⁵¹ Verhoef met sy beklemtoning van die "ook" (also) wil daarmee nie 'n kontemporêre verstaan van die teks uitsluit nie.

⁴⁶Verhoef P.A., Some notes on Malachi 1:11, 169.

⁴⁷Voorstanders van hierdie standpunt is Baldwin J.G., Malachi 1:11 and the worship of the nations in the Old Testament, Rehm M., Das Opfer der Völker nach Mal. 1:11, in Lex Tua Veritas, Festschrift für Jonker H., Trier 1961 en Verhoef P.A., Maleachi, 116 e.v. en in sy artikel: Some notes on Malachi 1:11, 163 e.v.

⁴⁸Baldwin J.G., Malachi 1:11, 122.

⁴⁹Ibid., 124.

⁵⁰Rehm M., Das Opfer der Völker, 205.

⁵¹Verhoef P.A., Some notes on Malachi 1:11, 169.

5. Maleagi 1:11 verstaan as kontemporêr

Saam met Rudolph word gekonkludeer dat die offers wat gebring word teruggaan op 'n konkrete ervaring waarop die profeet kan wys.⁵² Die verband met kola 6 en 8 (Mal. 1:10 en 12) pleit ook daarvoor dat die profeet in die teenwoordige tyd melding maak van die offers. 'n Verwysing na die toekoms is dus uitgesluit. Swetnam merk in hierdie verband tereg op: "Since the acceptance of the offerings made outside Jerusalem is contrasted with Yahweh's refusal, contemporaneous with the time of writing, to accept the offerings made at Jerusalem, the natural inference is that the offerings made outside of Jerusalem are also contemporaneous".⁵³

Kolon 7 maak in die eerste plek 'n stelling oor Jahwe, die Een aan wie die offers gebring word. Die perikoop begin met die eer (כבוד) van Jahwe en daar funksioneer שמי my Naam as struktuurmerkers. Die woord שמי word drie keer gebruik in kolon 7. Dit is ook met שמי dat kolongroep B1 afgesluit word. Dit is dus die Naam en eer van Jahwe wat in gedrang is.

Dit is veral die universele koningskap van Jahwe wat hier sterk na vore kom. In kolon 7 en 10 word Jahwe aangedui as גדל . Wanneer Jahwe so aangedui word, is Hy veral Koning oor die gode en die volkere, Skepper van alle dinge en ook die universele Regter.⁵⁴ Jahwe se mag en Sy Koningskap is dus nie net beperk tot een land of tot een volk nie. Daarom is die bring van swak offers nie katastrofaal vir Jahwe nie, want Hy word nie soos ander

⁵²Rudolph W., Maleachi, 263.

⁵³Swetnam J., Malachi 1:11 An Interpretation, 203.

⁵⁴Prinsloo W.S., Jahwe die Vrymagtige in die Ou Testament, Ongepubliseerde D.D.-proefskrif 1976, 46. Vgl. ook Dumbrell W.J., Malachi and the Ezra-Nehemiah Reforms, The Reformed Theological Review 35 (Mei - Augustus) 1976, 46.

gode aan die lewe gehou deur offers nie.⁵⁵ Die bring van swak offers is egter wel katastrofaal vir die volk aangesien hulle verhouding met Jahwe daardeur versteur word want in kolon 10 word die vloek van Jahwe uitgespreek oor diegene wat Hom wil bedrieg met behulp van hulle swak offerandes.⁵⁶ Kolon 7 beklemtoon dat Jahwe nie afhanklik is van die offers wat Sy verbondvolk vir Hom bring nie. Hy is nie 'n lokale god nie. Jahwe is nie gebonde aan die land Kanaän of die bodem daarvan nie.⁵⁷ Die fokus van kolon 7 is dus Jahwe die Een aan wie daar geoffer word en nie soseer wie die offeraars is nie. In die verband van perikoop B1 word Jahwe en Sy grootheid gekontrasteer met die swak gehalte offers van die verbondsvolk. Volgens van der Woude word met die Naam van Jahwe veral die roem en heerlikheid van sy universele koningskap bedoel.⁵⁸

Na die kort en oorsigtelike ekskursie oor Maleagi 1:11 kan daar nou gekonsentreer word op die antitese tussen kolon 7 (Mal. 1:11) met die res van kolongroep B1.

Daar is inderdaad 'n sterk antitese tussen kolon 7 en die res van perikoop B1. Daar kan op die volgende gewys word:

5.3.1 Rein offers in antitese met swak gehalte offers

Rein offers staan in antitese met die swak gehalte offers wat gebring word, vergelyk byvoorbeeld kola 4.4 en kolon 9. Wanneer in gedagte gehou word dat 'n offer rein is wanneer die dier wat geoffer word aan die voorskrifte van die wet moet beantwoord; wanneer die persoon in wie se belang geoffer word seremonieël rein is en wanneer die omstandighede

⁵⁵Prinsloo W.S., Jahwe die Vrymagtige, 156 e.v.

⁵⁶Ibid., 163.

⁵⁷Ibid., 100-101. Vgl. ook Vriezen Th. C., How to understand Malachi 1:11, 134.

⁵⁸Van der Woude A.S., Maleachi, 101.

waaronder die offer gebring word ook aan die eise van die wet moes voldoen⁵⁹ en dit word vergelyk met die beskrywing van die offerdiere as blinde, geroofde, lam, verminkte en siek diere, dan is dit 'n skerp antitese wat hier voorkom.

5.3.2 Antitese tussen priesters en die nasies

'n Volgende antitese tussen kolon 7 en die res van Perikoop B1 lê daarin dat dit nie die priesters is wat offer nie, maar (gelowiges onder) die nasies (גוים). Verhoef⁶⁰ merk in die verband op dat alle nasies, dit wil sê verteenwoordigende gelowiges uit alle nasies, die priesterlike amp beklee in die bring van rein offers aan die Here.

5.3.3 Antitese tussen Israel en die nasies

Die antitese tussen Israel en die nasies⁶¹ word beskryf ten opsigte van Israel en die nasies se verhouding tot Jahwe. Jahwe se Naam is blykens kolon 7 groot onder die nasies, terwyl sy Naam geminag word deur sy eie volk. Die teenstelling wat die vers wil laat deurkom, sê van der Woude, lê daarin dat terwyl die volke aan Jahwe eer bewys, onheilig Israel sy Naam.⁶² Die ontsag wat die nasies vir die Koning

⁵⁹Vgl. Lev. 1-11 vir die wetlike voorskrifte in verband met die offers. Vgl. ook Verhoef P.A., Maleachi, 121 en ook de Vaux R., Hoe het oude Israel leefde. De instellingen van het Oude Testament, deel 2, Romen-Roermond, 2e druk, 1973, 324 e.v.

⁶⁰Verhoef P.A., Maleachi, 129. Vgl. ook Verhoef P.A., Some notes on Malachi 1:11, 165. Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 106.

⁶¹Vgl. Jenni E. en Westermann C., Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament, Band II, Chr Kaiser Verlag München, Theologischer Verlag Zürich, 1976, 290 e.v. vir 'n bespreking van die woord גוים

⁶²Van der Woude A.S., Maleachi, 100.

van die wêreld toon, staan in skrilte teenstelling tot dit wat Israel laat sien.⁶³

'n Verdere antitese tussen Israel en die nasies lê daarin dat dit nie net Israel is wat offers aan Jahwe bring nie, ook die nasies bring offers aan Jahwe wat vir Hom aangenaam en aanvaarbaar is. Die antitese word verskerp deurdat Israel - die volk van Jahwe - onaanvaarbare offers bring teenoor die nasies wat aanvaarbare offers vir Jahwe bring.

5.3.4 'n Laaste antitese wat opval is dié tussen Jerusalem en "in elke plek" van kolon 7.2. Die antitese lê daarin dat daar nou nie meer net een sentrale offerplek is nie maar dat elke plek van die opgang van die son tot by sy ondergang 'n geskikte plek vir 'n offer aan Jahwe is. Die hele aarde word waardig gekeur om 'n plek van aanbidding te wees.⁶⁴

Verskillende geleerdes het die antitese waarin Maleagi 1:11 met betrekking tot die res van die perikoop staan, opgemerk.

J.A. Fischer⁶⁵ merk byvoorbeeld op: "Whatever this means (bedoelende Mal. 1:11 - S.D.S.) it is a contrast to what the Israelites were doing".

Swetnam⁶⁶ maak die volgende opmerking rakende die antitese tussen Maleagi 1:11 en die res van die kolongroep: "The prophet is faced with the corruption of the Jerusalem priesthood who have the charge to perform the temple sacrifices. He reprehends

⁶³Ibid., 102.

⁶⁴Verhoef P.A., Maleachi, 129.

⁶⁵Fischer J.A., Notes on the literary form and message of Malachi, 318 asook Fischer J.A., Understanding Malachi, Bible Today, vol 66, 1973, 1176. Hierdie twee artikels van Fischer is op enkele uitsonderings identies.

⁶⁶Swetnam J., Malachi 1:11 An Interpretation, 207.

them and contrasts their misconduct with the worthy cult performed elsewhere in the Jewish world".

Ook Rudolph⁶⁷ in sy kommentaar op Maleagi 1:11 skryf: "Zu der Missachtung des Names Jahwes in seinem eigenen Volke, steht der grosse Name, den er bei den Völkern hat, in schreiendem Widerspruch, und von der Nachlassigkeit, mit der sie ihren Kult üben, sticht der reine Kult bei den Heiden leuchtend ab. Und wie wichtig dem Propheten diese Gegenüberstellung ist, ist daran zu ersehen, dass er sie in V.12 noch einmal unterstreicht: 'Ihr aber entweiht ihn' ..."

Verhoef⁶⁸ maak die opmerking: "By wijze van tegenstelling met hetgeen in de wijde wereld onder de volken gebeurt, wordt de beschuldiging van vs 6b en 7 in dit vers (d.i. vers 12 - S.D.S) en de volgende herhaald en met sterke nadruk gericht aan het adres van de priesters ... De priesters worden geconstrasteerd met de aanbidders onder de volken en de vergelijking valt niet uit in hun gunst!"

Maleagi 1:11 is 'n omstrede teks in die boek Maleagi - die verskillende antwoorde op vrae wat die teks oproep is getuienis daarvan. Maleagi 1:11 staan egter in 'n duidelike antitese met die res van die perikoop waarin hy voorkom.

5.4 Antitese seën:vloek in kolon 12-13 (Mal. 2:1-3)

Die antitese in kola 12 en 13 lê in die seën wat verander word in vloek. Na 'n samevatting van die sondereregister in perikoop B1 met twee voorwaarde sinne (kola 12.1.1 en 12.1.2) word die straf aangekondig. In kolon 12.1, 12.2 en 12.3 funksioneer die woordstam ארר elke keer. In kolon 12.2 word die straf skerp gestel met behulp van die antitese van vloek:seën

וארותי את ברכותיכם

⁶⁷Rudolph W., Maleachi, 262.

⁶⁸Verhoef P.A., Maleachi, 129.

5.5 Antitese tussen goeie priesters en slegte priesters

Die kwaliteite van 'n goeie priester word gekontrasteer met slegte priesters. Die antitese word gevorm deur ses kwaliteite van 'n priester in kola 14.5 - 14.10 gevolg deur drie aanklagte teen die priesters in kola 14.12 - 14.14, ingelui deur **אך** - "maar julle" om daardeur die antitese sterker na vore te laat kom.

Die eerste aanklag teen die priesters is dat hulle van die weg afgewyk het. Daarmee word bedoel dat hulle nie beantwoord het aan die kwaliteite van 'n priester soos so pas uiteen gesit is in kola 14.5 - 14.10 nie. Van der Woude sien ook die teenstelling hier raak: "In teenstelling tot die leviëten van die mozaïese tyd wijkende huidige priester af van die weg".⁶⁹ Verhoef merk op: "Het ambsmisbruik van die priester uit die tyd van Maleachi vorm een scherpe teenstelling met die weldaden van het verbond van Levi en met het voorbeeld van de vroegere (Resp. ideale) priesterschap".⁷⁰

Die tweede aanklag teen die priesters is dat hulle baie deur hulle onderrig laat struikel het. Teenoor die baie wat hulle laat struikel het, staan die baie wat van ongeregtigheid teruggebring is in kolon 14.8. Volgens Verhoef staan struikeling in 'n antitetiese samehang met die terughou of weerhou van ongeregtigheid in vers 6.⁷¹

Die struikeling as gevolg van die onderrig wat die priesters gee, staan ook in antitese met die betroubare onderrig (kolon 14.5) en die onderrig (kolon 14.10) wat normaalweg by priesters verwag word. Die bedoeling van betroubare onderrig is nie dat

⁶⁹Van der Woude A.S., Maleachi, 111.

⁷⁰Verhoef P.A., Maleachi, 154. Vgl. ook Ridderbos J., Maleachi, 210-211.

⁷¹Ibid., 155. Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 111-112.

mense as gevolg daarvan sal struikel nie. Kolon 14.13 verwys dus terug na kolon 14.5 en 14.10.

Die derde aanklag teen die priesters is dat hulle die verbond met Levi verbreek het. Hierdie verbondsverbreking staan in antitese met die verbondsluiting in kolon 14.1. Sodoende kom die aanklag teen die priesters in die vorm van 'n teenstelling tussen die kwaliteite wat 'n priester moet hê en wat klaarblyklik ontbreek by die priesters, te staan binne 'n raam van verbondsluiting aan die een kant en verbondsverbreking aan die ander kant.

Rudolph sien ook die antitese raak in hierdie gedeelte: "Statt mit Jahwe zu wandeln, wichen sie von Wege ab ..., statt durch ihre Unterweisung viele von Verschuldung abzuhalten, brachten sie viele durch sie zu Fall ...".⁷²

Ook Botterweck maak die opmerking: "In Rahmen des Levi-bundes entwirft Malachias ein Idealbild levitisch - priesterlicher gestalt, die durch den Gleichklang von Kenntnis, Lehre, Weisung und Lebenswandel geprägt und mit den prophetischen Ehrenprädikat 'Bote Jahwes' gerühmt wird. Zu diesen Levi ideal stehen die zeitgenössischen Priester des Malachias im krassem Widerspruch!"⁷³ Wanneer van Selms hierdie betrokke perikoop behandel dan merk hy ook die antitese tussen die ideaal van kola 14.1 - 14.11 en die werklikheid van kola 14.12 - 14.14 op: "The prophet's criticism gets an extra sharp edge by contrasting the priests' bad practice with the ideal figure of Levi as the messenger (mal'ak) of the Lord".⁷⁴ Verskillende geleerdes is dit dus eens oor die antitese in die betrokke perikoop.

⁷²Rudolph W., Maleachi, 267.

⁷³Botterweck G.J., Ideal und Wirklichkeit der Jerusalemer Priester, Bibel und Leben 1960, Vol 1, 109. Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 113. Cloete W.T.W., Die Verbondsgedagte by die na-eksiliese profete, 128.

⁷⁴Van Selms A., The inner cohesion of the book of Malachi, 33.

In hierdie verband is daar 'n sintaktiese verskynsel wat die antitese soos hierbo uiteengesit nog verder beklemtoon. In die gedeelte wat die ideale priester beskryf (kolon 14.1 - 14.11) word deurgaans die derde persoon enkelvoud gebruik. In kola 11 - 13 asook 14.12 - 14.15 word die tweede persoon meervouduitgange gebruik. Deur die kontras tussen derde persoon enkelvoud en tweede persoon meervoude ontvang die antitese tussen goeie priesters en slegte priesters dus nog 'n verdere beklemtoning. Deur die sintaktiese inkleding van die aanklag teen die priesters word die antitese dus verder uitgebou en onderstreep.

5.6 Antitese tussen kola 3 en 12 en 14

Die perikoop open met 'n verwysing na die eer en vrees wat Jahwe waardig is om te ontvang omdat Hy die volk se Vader en Here is. Daar is reeds gewys (by 5.1) op die antitese wat kolon 3 vorm met die res van perikoop B1.

Eer en vrees word egter ook weer opgeneem in perikoop B2. Eer word weer opgeneem in kolon 12.1.2 waar die gebrek aan eer vir die Naam van Jahwe die oorsaak is vir die seën wat verander word in vloek. Die antitese lê daarin dat waar eer in kolon 3 as positief en as vanselfsprekend geskilder word - 'n seun eer 'n vader - is die gebrek aan eer wat spreek uit die gesindheid van die priesters die oorsaak daarvan dat seën verander word in vloek. Dit gaan om 'n antitese tussen eer en die gevolglike seën en oneer en die gevolglike vloek.

Belangriker is die antitese tussen die vrees by kolon 3 en die vrees by kolon 14.2 - 14.4. Vrees by 'n kneg vir sy heer is die vanselfsprekende maar juis die vrees ontbreek by die priesters, daarom dat daar gevra word na die vrees van die priesters vir Jahwe. In kola 14.2 - 14.4 word vrees vir Jahwe gekarakteriseer as dit wat gegeld het in die verhouding tussen Jahwe en sy priesters. Die antitese lê tussen die gebrek aan vrees by die priesters en die vrees wat normaalweg verwag word by priesters.

5.7 Antitese tussen kolon 3 en subkolon 14.15

Die eerste en laaste kolon van die betrokke perikoop vorm ook 'n antitese. In kolon 3 is dit die priesters wat die Naam van Jahwe verag. Hierdie veragting van die Naam van Jahwe word verder gepresiseer in kolon 4.3 as dat dit die tafel van Jahwe is wat veragtelik is. Dit wat die priesters met die Naam en met die tafel van Jahwe gedoen het, doen Jahwe nou met hulle. Jahwe maak die priesters nou veragtelik en gering by die hele volk. Die rolle van Jahwe en die priesters word dus nou omgekeer - in plaas daarvan dat dit die Naam of die tafel van Jahwe is wat veragtelik is, is dit die priesters wat veragtelik (en gering) gemaak word - juis deur die Een wie se Naam hulle veragtelik gemaak het.⁷⁵

Ander het ook die verband tussen die begin en die einde van die perikoop raakgesien. Verhoef skryf: "Het oordeel correspondeert dus op de overtreding voorsover de priesters in hun ambtelijk optreden de Naam des Heeren, altaar en offerdienst veracht hebben ..." ⁷⁶ Van der Woude skryf: "De goddelijke Partner laat zijn oordeel over de priesters komen analoog aan de wijzwaarop zij Hem hebben behandeld ... Zoals de priesters YHWH hebben veracht en geringgeschat, zo zal Hij ... hen voor het gehele volk tot verachten en vernederden maken".⁷⁷ Rudolph merk ten slotte op: "Sie haben Jahwe verächtlich gemacht (1, 6.9.12) deshalb sollen sie selbst verächtlich werden ..." ⁷⁸ Hierdie verband tussen kolon 3 en kolon 14.15 is dan, soos reeds aangetoon, 'n belangrike argument wat pleit vir die eenheid van die betrokke perikoop.

⁷⁵Snyman S.D., Die Boodskap van die boek Maleagi, 35.

⁷⁶Verhoef P.A., Maleachi, 157.

⁷⁷Van der Woude A.S., Maleachi, 111.

⁷⁸Rudolph W., Maleachi, 267.

6. Die boodskap van Maleagi 1:6 - 2:9

Die ondersoek na die moontlikheid van antiteses in Maleagi 1:6 - 2:9 het 'n groot aantal antiteses opgelewer. Hierdie sterk voorkoms van antiteses in die perikoop sal 'n invloed hê op die boodskap van die gedeelte. In die bepaling van die boodskap van Maleagi 1:6 - 2:9 sal die voorkoms van antitese in berekening gebring moet word.

Hierdie perikoop begin met 'n algemeen geldende stelling dat 'n seun sy vader eer en 'n slaaf sy baas. As Jahwe dan Vader en Here van Israel is, verwag Hy dat daar dienooreenkomstig aan Hom eer en eerbied bewys sal word. Dit gebeur egter nie. Dit toon die outeur treffend aan deur middel van 'n aantal antiteses. In die makro-struktuur van die perikoop as geheel staan die algemeen geldende reël waarmee die perikoop open antiteties teenoor dit wat inderdaad gebeur tussen Jahwe en die priesters. Met behulp van hierdie antitese word die wanpraktyke van die priesters skerper in die lig gestel.

Wanpraktyke wat geheers het in die offerdiens van die kultus word antiteties blootgelê. Die toestand van die diere wat gebring word om geoffer te word sowel as die gesindheid waarmee daar geoffer word, word gekontrasteer met die eer en vrees wat Jahwe toekom. Die offers getuig nie van eer wat aan Jahwe daardeur bewys word nie. Die kontras tussen 'n owerheidspersoon (aan wie 'n mens dit nie sou waag om 'n swak gehalte geskenk aan te bied nie) en God (aan wie die priesters dit tog waag om minderwaardige offers te bring) word skerp gestel. Die identiteit van die owerheidspersoon is dus vir die bepaling van die intensie van die perikoop nie belangrik nie. Die outeur wil met behulp van die antitese tussen 'n owerheidspersoon en God sê dat die optrede van die priesters verregaande en ongehoord is. Jahwe ontvang nie die eer wat Hom toekom nie. "Gottesdienst, der Gott nicht als Gott ehrt, ist schlimmer als gar keiner."⁷⁹

Deur middel van die antitese wat Maleagi 1:11 (kolon 7) met die res van die perikoop vorm, toon die outeur aan dat Jahwe nie

⁷⁹Frey H., Das Buch, 148.

afhanklik is van die offers wat die volk en/of die priesters vir Hom bring nie. Hy is nie 'n lokale god wat gebonde is aan die land Kanaän of die bodem daarvan nie.⁸⁰ Die omstrede Maleagi 1:11 kan ook op 'n meer bevredigende wyse verstaan word as dié teks verstaan word vanuit die antitese tussen die swak gehalte offers wat die priesters bring en die aanvaarbare, rein offers wat "op elke plek" tot die eer (vgl. kolon 3) van Jahwe deur ander nasies (nie priesters nie) gebring word. Die eer en die Naam van Jahwe is nie iets waaroor die volk beskik nie. Jahwe alleen beskik oor Sy eer en Sy Naam. Ook op ander plekke word die eer en die Naam van Jahwe gedien.

Uitgaande van die wanpraktyke in die offerdiens waaroor die priesters aangespreek word in die eerste deel van die perikoop, word die priesters nou gekontrasteer met die ideale priester volgens die Levi-verbond.⁸¹ Teenoor die kwaliteite van 'n priester word die wanpraktyke van priesters genoem.

Maleagi 1:6 - 2:9 sluit af met 'n antitese tussen Jahwe en die priesters. Dit wat die priesters met Jahwe gedoen het deur die Naam en die tafel van Jahwe veragtelik te maak, doen Jahwe nou met hulle in die laaste kolon van hierdie perikoop.


⁸⁰Prinsloo W.S., Jahwe die Vrymagtige, 100-101.

⁸¹McKenzie S.L. en Wallis H.N. in Covenant Themes in Malachi, CBQ 45(4) 1983, 550-551 het aangetoon dat die verbond met Levi nie sonder probleme is nie.

PERIKOOP C: MALEAGI 2:10-16

1. STRUKTUURANALISE VAN MALEAGI 2:10-16

10 הלוא אב אחד לכלנו
 הלוא אל אחד בראנו
 מדוע נבגד איש באחיו לחלל ברית אבתינו:
 11 כגדה יהודה
 ותועבה נעשתה בישראל ובירושלם כי חלל
 יהודה קדש יהוה אשר אהב
 ובעל בת־אל נכר:
 12 יכרת יהוה לאיש אשר יעשנה ער
 וענה מאהלי יעקב
 ומגיש מנחה ליהוה צבאות:
 13 וזאת שנית תעשו כסות דמעה את־מזבח יהוה
 בכי ואנקה מאין עוד פנות
 אל המנחה ולקחת רצון מידכם
 14 ואמרתם אל־מה על כי יהוה דעיד בינך וכין
 אשת נעוריק אשר אתה בגדתה
 בה והיא הברתך ואשת בריתך
 15 ולא אחד עשה
 ושאר רוח לו
 ומה האחד
 מבקש זרע אלהים
 ונשמרתם בדוחכם
 ובאשת נעוריק אל־יבגד:
 16 כי שנא שלח
 אמר יהוה אלהי ישראל
 וכסה חמס על לבושו
 אמר יהוה צבאות
 ונשמרתם ברוחכם
 ולא תבגדו:



2. Die strukturele opbou van Maleagi 2:10-16

2.1 Die verbinding van die kola

2.1.1 Motivering vir die verbinding van die kola

Kola 15 en 16 verbind met mekaar op grond van die gemeenskaplike הלוא waarmee elk van die twee kola begin. By beide kola kom die woord אחד voor en beide kola eindig met die eerste persoon meervoudsuitgang. Kola 15 en 16 vorm 'n parallelisme, selfs die aantal woorde in die twee kola kom ooreen.

Kola 15 en 16 verbind met kolon 17 omdat die vraagwoord מדוע waarmee kolon 17 ingelei word semiotakties nou verbonde is met הלוא van kolon 15 en 16. Kolon 17 eindig ook met die eerste persoon meervoudsuitgang soos kola 15 en 16. Al drie hierdie kola open dus met vraagwoorde en eindig met die uitgange van die eerste persoon meervoudsvorm.

Kola 18 en 19 verbind met mekaar deur die waw-kopulatief in kolon 19.

Kolon 20 verbind met kola 18-19 omdat kolon 20 deur die heropname van עשה verwys na dit wat in kola 18-19 genoem word. Kolon 20 spreek 'n wens uit deur middel van die jussief, met betrekking tot dit wat moet gebeur met iemand wat skuldig is aan wat in kola 18-19 genoem word.

Kolon 21 en 22 verbind deur die waw-konsekutief waarmee kolon 22 begin. Beide kola het dieselfde subjek - vergelyk byvoorbeeld die herhaalde voorkoms van die tweede persoon manlik meervoudsuitgange in die betrokke twee kola. Die vraagpartikel על מה versterk ook die verbinding tussen die

twee kola omdat die vraag van kolon 22 voortkom uit kolon 21. Die vraag word dan ook in kolon 22 beantwoord.

Kola 23, 24 en 25 verbind deur die waw-kopulatief waarmee kola 24 en 25 begin. Die derde persoon manlik enkelvoud in kolon 24 en 25 (עשה וְלֵךְ) versterk die verbinding verder. Die woord אחד wat in kolon 24 voorkom, word weer opgeneem in kolon 25.

Kolon 26 verbind met kola 23-25 omdat kolon 26 die antwoord gee op die vraag van kolon 25.

Kolon 27 en 28 verbind deur die waw-kopulatief waarmee kolon 28 begin. Kola 27 en 28 verbind nou met kola 23-26 deur die waw-konsekutief waarmee kolon 27 begin. Kola 21 en 22 verbind met kola 23-28 deur die waw-kopulatief waarmee kolon 24 begin.

Die drie woorde waaruit kolon 28 bestaan kom ook voor in kolon 22 sodat kolon 28 'n kernopsomming is van wat in kolon 22 staan. Hierdie verskynsel veroorsaak dat kola 21-28 in 'n noue verband tot mekaar staan.

Kola 29 en 30 verbind omdat beide kola die אָמַר יְהוָה -formule bevat.

Die byna woordelikse herhaling van kola 27-28 in subkola 30.2 - 30.3 asook die voorkoms van die אָמַר יְהוָה -formule (die enigste keer in Mal. 2:10-16) baken kola 29 en 30 af van die res van die perikoop. Struktureel gesien wil dit dus voorkom asof kola 29-30 die klimaks van die perikoop vorm.

Deur die redegewende ¹ki in kolon 29.1 verbind kola 29-30 met kola 21-28.

¹Vgl. Verhoef P.A., Maleachi, 187.

Kola 18-20 verbind met kola 21-30 deur die waw-kopulatief waarmee kolon 21 begin. Die woord שנית (tweedens) in kolon 21 ondersteun die verbinding verder.

Kola 15-17 verbind nou met kola 18-30. Hierdie verbinding geskied op grond van die retoriese vrae waarmee perikoop C in kola 15-17 begin en wat dan nader gepresiseer en uitgebou word in die res van die perikoop. 'n Verdere argument vir die verbinding van kola 15-17 met kola 18-30 is dat die stamvorm בגד 'n struktuurmerker is in die perikoop wat die eerste keer voorkom in kolon 17 en dan herhaaldelik weer voorkom in die gedeelte (vgl. kola 18, 22, 28, 30). Die betrokke stamvorm kom slegs in hierdie perikoop van die boek Maleagi voor en funksioneer daarom as 'n sterk struktuurmerker.

2.2 Onderverdeling van Maleagi 2:10-16

Die struktuuranalise het aangetoon dat perikoop C in twee dele verdeel. Hierdie onderverdeling geskied op grond van die woord שנית (tweedens) wat in kolon 21 voorkom en wat aantoon dat twee sake aan die orde gestel word. Die deurlopende voorkoms van die sentrale struktuurmerker in die perikoop (בגד) toon egter aan dat die twee sake nie sō onafhanklik van mekaar is dat daar sprake kan wees van twee afsonderlike perikope nie. In beide dele van perikoop C handel dit oor die huwelik.

2.3 Strukturele ooreenkoms tussen Perikope B en C

Daar bestaan 'n opvallende strukturele ooreenkoms tussen perikoop B en perikoop C.

Beide perikope B en C open met 'n algemeen geldende stelling (vgl. kola 3 en kola 15 en 16 onderskeidelik). In die res van elke perikoop word die algemeen geldende stelling dan nader uitgewerk en gepresiseer.

'n Tweede opvallende ooreenkoms tussen perikope B en C is dat by beide die beeld van 'n vader gebruik word (vgl. kolon 3 en kolon 15 onderskeidelik). Dit is die enigste twee perikope wat met gebruikmaking van 'n beeld open. Ander perikope open met 'n stelling (vgl. bv. kola 1 en 32).

'n Derde ooreenkoms tussen perikope B en C is dat beide perikope gekenmerk word deur 'n onderverdeling. By perikoop B is daar 'n onderverdeling tussen kola 4-10 en 11-14. By perikoop C is daar 'n onderverdeling tussen kola 18-20 en 21-30.

2.4 Die voorkoms van die אמר יהוה צבאות -formule

Die formule אמר יהוה צבאות wat kenmerkend is van die boek Maleagi saam met ander soortgelyke formules het 'n opvallend lae frekwensie in hierdie betrokke perikoop. Slegs in kolon 30 kom die formule voor. In kolon 29 word die formule אמר יהוה אלהי ישראל gebruik.

2.5 Die chiastiese opbou van Maleagi 2:10-16

Perikoop C vertoon 'n interessante chiastiese opbou. Perikoop C1 (kola 18-20) noem die sonde waaroor die volk aangespreek word, naamlik hulle ontrouheid deur met heidense vroue te trou. Dit word gevolg deur die godsdienstige gevolge van hulle ontrouheid aan te dui. Die wens word uitgespreek dat Jahwe diegene wat hieraan skuldig is, sal uitroei en dat selfs offers nie die versteurde verhouding sou kon regstel nie.

Perikoop C2 (kola 21-30) begin met godsdienstige gevolge van 'n ander, maar verwante oortreding. Die godsdienstige gevolg waarmee perikoop C2 open, is dat Jahwe die volk se offers onaanvaarbaar vind. Die rede waarom die volk se offers nie aanvaar word nie, word in kola 22-30 gegee. Hulle het ontrou geword aan hulle vrouens en het uiteindelik egskeiding gepleeg.

Die chiasme bestaan nou in die volgorde waarin die oortreding en gevolge van die oortreding in die perikoop genoem word. Perikoop C1 begin met die oortreding wat genoem word, gevolg deur die godsdienstige gevolge van die oortreding. Perikoop C2 begin met die godsdienstige gevolge van 'n oortreding, gevolg deur die oortreding self, naamlik hulle ontrouheid en egskeiding.

Skematies voorgestel, vertoon perikoop C dus die volgende chiastiese opbou:

- A: Oortreding (kola 18-20)
- B: Godsdienstige gevolge (kolon 21)
- B: Godsdienstige gevolge (kolon 22)
- A: Oortreding (kola 23-31)

Hierdie chiastiese opbou van die perikoop versterk die eenheid van die perikoop.

Kolon 29 en 30 staan egter binne die raam van kola 27-28 en kola 30.2 - 30.3. Kola 27-30 vorm 'n inclusio wat die kola in 'n uitsonderingsposisie plaas. Verder is kola 29 en 30 die enigste twee kola in die perikoop wat die *אמר יהוה*-formule bevat. Kola 29 en 30 ontvang hierdeur dus 'n besondere beklemtoning. Van der Woude maak in hierdie verband die opmerking dat die erns van die uitspraak beklemtoon word deur die twee *אמר יהוה*-uitsprake.² In die derde plek is daar 'n emfatiese progressie te bespeur in kola 28-30. Die *אל יבגד* wat 'n sagte verbod uitdruk, verander na *לא תבגד* wat 'n volstreekte verbod uitdruk. Uit bogenoemde gegewens word die gevolgtrekking gemaak dat, stilisties gesien, kola 27-30 die hoogtepunt van die perikoop vorm.

²Van der Woude A.S., Maleachi, 125.

3. Die Gattung van Maleagi 2:10-16

Botterweck³ beskou Maleagi 2:10-16 as 'n Schelt- und Mahnrede teen gemengde huwelike en egskeiding. Hierdie gedeelte is ook volgens Elliger 'n Schelt- und Mahnrede: "Das ursprüngliche Stück ist eine prophetische Schelt- und Mahnrede mit den für Maleachi charakteristischen Abwandlungen des Stils".⁴ Volgens Pfeiffer word daar - Gattungsgeschichtlich gesien - spore gevind van die profetiese Scheltrede en hoofsaaklik van die profetiese Mahnrede.⁵ Pfeiffer se gevolgtrekking na 'n ondersoek van die Gattung van die perikoop is dat ten spyte van formgeschiedlike onduidelikhede in die perikoop, die perikoop tog helder en duidelik die karakter van 'n Disputationswort dra.⁶ Dit is ook die gevolgtrekking van Renker⁷ alhoewel hy in navolging van Boecker⁸ verkies om te praat van 'n Diskussionswort in plaas van 'n Disputationswort. In die lig van veral Pfeiffer se ondersoek word daar by sy resultaat aangesluit dat die Gattung van Maleagi 2:10-16 getipeer sou kon word as 'n Disputationswort.

Die perikoop begin met 'n bewering in die vorm van 'n profetiese Scheltrede in kola 15-17 met kolon 21 as deel van die bewering.

³Vgl. bv. die opskrif van Botterweck se artikel oor Mal. 2:10-16: Schelt- und Mahnrede gegen Mischehen und Ehescheidung, in Bibel und Leben 1960 Vol 1, 179. Vgl. ook verder pp 182 en 184.

⁴Elliger K., Maleachi, 201.

⁵Pfeiffer E., Die Disputationsworte, 565.

⁶Ibid., 566.

⁷Renker A., Die Tora bei Maleachi, 72-74.

⁸Boecker J., Bemerkungen zur formgeschichtlichen Terminologie des Buches Maleachi, 78-80.

Die navraag word gevind in kolon 22, terwyl die begroning in kola 23-30 gevind word. Maleagi 2:10-16 beantwoord dus aan die tipiese vorm van die Gattung van die Disputationswort, maar met spore van die profetiese Scheltrede en hoofsaaklik dié van die profetiese Mahnrede.

Ekskursie: Maleagi 2:10-16: 'n Eksegetiese en tekskritiese mynveld!

Eksegeties en tekskrities beskou is Maleagi 2:10-16 die moeilikste perikoop in die boek Maleagi.⁹ Daar is haas geen kolon waar die eksegeet nie stuit voor 'n eksegetiese probleem nie. Die perikoop se vertaling is onseker, die verklarings wat aangebied word, verskil van mekaar, haas elke kommentaar bevat sy eie veranderinge aan die MT in 'n poging om die teks meer verstaanbaar te maak, sodat daar tot 'n groot mate nie konsensus is onder geleerdes met betrekking tot die teks of boodskap van die betrokke perikoop nie.¹⁰

'n Kursoriese oorsig oor die belangrikste probleemvelde in Maleagi 2:10-16, sonder om noodwendig oplossings vir die probleme aan te bied, lewer die volgende op:

1. Wie is die een Vader in kolon 15?

Hoofsaaklik twee standpunte word gehuldig: enersyds is daar geleerdes wat in hierdie vers 'n verwysing sien na die aartsvaders, in die besonder Abraham.¹¹ Die meeste

⁹Verhoef P.A., Maleachi, 166; Van der Woude A.S., Maleachi, 114, Van Selms A., *The inner cohesion of the book of Malachi*, 34.

¹⁰Rudolph W., *Zu Mal. 2:10-16*, ZAW 93(1981) 85-90 bespreek ses resente pogings tot 'n beter verstaan van die perikoop.

verklaardes verstaan "een Vader" egter as 'n verwysing na God na aanleiding van die parallelisme tussen kola 15 en 16.¹² Dit is ook die uitgangspunt wat hier aanvaar word.

2. Wie of wat is die heiligdom van Jahwe in kolon 19?

Verskillende moontlikhede word genoem: die heiligdom van Jahwe kan verwys na die tempel, die heilige land, die volk van Jahwe,¹³ die heilige stad¹⁴ of Jahwe se heiligheid self.¹⁵ Uit die verband met die voorafgaande en daaropvolgende kola (18 en 20) blyk dit dat die verwysing na die heiligdom van Jahwe op Juda as volk dui.¹⁶

3. Vind אשר אהב in kolon 19 aansluiting by die voorafgaande יהוה of by die daaropvolgende ובעל בת אל נכר ?

Taalkundig is beide moontlik. Die אשר אהב kan 'n relatiewe sin wees en dan verwys na Jahwe¹⁷ of dit kan as

¹¹McKenzie S.L. en H.N. Wallace, Covenant Themes in Malachi, CBQ 45(4) Okt. 1983, 552 is onlangse voorstanders van die verklaring.

¹²Verhoef P.A., Maleachi, 168 verwys ook nog na ander verklaringsmoontlikhede.

¹³Van der Woude A.S., Maleachi, 117-118.

¹⁴Elliger K., Maleachi, 202.

¹⁵Schreiner S., Mischehen - Ehebruch - Ehescheidung Betrachtungen zu Mal. 2:10-16, ZAW 1979 19(1) 210.

¹⁶Van der Woude A.S., Maleachi, 118 en Verhoef P.A., Maleachi, 172.

¹⁷Botterweck G.J., Schelt- und Mahnrede, 181; Frey H., Das Buch,

konjunksie verstaan word waardeur אשר אהב dan nader aan
ובעל בת אל נכר staan moet word.¹⁸ In hierdie studie
word daar gekies vir die standpunt dat אשר אהב as 'n
relatiewe sin verstaan moet word en dus verwys na Jahwe as
die Een wat Juda liefhet.

4. Wat is die betekenis van die uitdrukking ער וענה in kolon 21?

Hierdie uitdrukking in Maleagi 2:12 het ook aanleiding gegee tot 'n hele reeks van moontlike interpretasies, emendasies en vertalingsmoontlikhede.¹⁹ Hierdie studie handhaaf die letterlike betekenis van die teks sonder om die teks te emendeer. Van der Woude se standpunt is dat ons Hebreeuse kennis op hierdie stadium nie voldoende is om te bepaal wat die uitdrukking presies beteken nie.²⁰ Verhoef se konklusie is dat hierdie uitdrukking - die enigste keer wat dit voorkom in die Ou Testament - 'n idioom is wat 'n totaliteit uitdruk met behulp van twee teenoorgestelde kategorieë.²¹ Die outeur wil dus sê dat niemand uit die tente van Jakob gespaar sal bly nie.

5. Waarna verwys die וזאת שנית in kolon 22?

Dit is moeilik om die uitdrukking te verstaan as verwysend na 'n "tweede keer" wat sou beteken dat die profeet hier sou

157; Verhoef P.A., Maleachi, 172; Elliger K., Maleachi, 200.

¹⁸Rudolph W., Maleachi, 269; Van der Woude A.S., Maleachi, 118.

¹⁹Verhoef P.A., Maleachi, 175; Rudolph W., Maleachi, 269.

²⁰Van der Woude A.S., Maleachi, 119.

²¹Verhoef P.A., Maleachi, 176.

kon verwys na 'n tweede keer wat die sonde voorkom waarna daar alreeds verwys is in die voorafgaande kola. Die uitdrukking lê egter 'n logiese verband tussen die twee temas van die perikoop soos reeds aangetoon by 2.2.

6. Wat is die betekenis van "die vrou van jou verbond" in kolon 22?

Hier is ook verskillende interpretasies moontlik. Die vrou van jou verbond kan verstaan word in die betekenis van 'n huweliksverbond²² waardeur die huwelik tussen man en vrou uitgedruk word as 'n verbondsverhouding.

Rudolph merk egter op dat 'n huwelik in die Ou Testament nie 'n huweliksverbond genoem word nie en daarom moet die uitdrukking verwys na die verbond van Jahwe met sy volk.²³ Die vrou word dan ook gesien as verbondsgenoot in die verbond van Jahwe met sy volk. Die implikasie van hierdie verklaring van die gedeelte is dat die swak gehalte huwelike ook die verbondsverhouding tussen Jahwe en sy volk versteur. Hierdie verklarings pas dan ook goed in by die konteks van die perikoop as geheel.

7. Wat is die betekenis van kola 23-27?

Botterweck merk op dat vers 15 tot die moeilikste en onsekerste plek in die boek Maleagi behoort.²⁴ Volgens Rudolph is vers 15a die groot crux van die boek Maleagi²⁵

²²So bv. Schreiner S., *Mischehen*, 216 voetnota 68; Elliger K., *Maleachi*, 203 en Botterweck G.J., *Schelt- und Mahnrede*, 188.

²³Rudolph W., *Maleachi*, 274.

²⁴Botterweck G.J., *Schelt- und Mahnrede ...*, 183.

terwyl Verhoef en van der Woude Maleagi 2:15 beskou as van die moeilikste tekste in die Ou Testament.²⁶ Baie uiteenlopende verklarings, dikwels met ingrypende tekswysigings, is deur verskillende geleerdes aangebied.²⁷ Beide Rudolph en van der Woude merk op dat dit 'n haas onbegonne taak is om 'n oorsig oor al die verskillende standpunte te gee.²⁸

Die verklaring wat in hierdie studie gevolg word, kan soos volg opgesom word: Die subjek van kolon 24 is Jahwe. Die $\eta\eta\alpha$ verwys na die eenheid wat daar tussen man en vrou ontstaan in 'n huweliksverhouding. Jahwe het man en vrou een gemaak in die huwelik ongeag die feit dat Hy nog "lewensgees" (Verhoef), oorgehad het (kolon 24). As daar gevra word waarom Jahwe man en vrou so een gemaak het in 'n huweliksverhouding, antwoord kolon 26 deur te sê dat Jahwe daardeur 'n (verbonds-)nageslag gesoek het uit die een huwelik. Hierdie verklaring pas goed in die konteks van die perikoop. Kolon 22 handel oor die huwelik tussen man en vrou waarin die man ontrou geword het. Kola 23-26 wys dan op die wesenlike eenheid van die huwelik in teenstelling tot die verbreking van die eenheid waaraan Israelitiese mans hulle skuldig gemaak het. 'n Wispunt van die verklaring is dat daar geen teksverwysigings nodig is nie.

²⁵Rudolph, W., Maleachi, 270.

²⁶Verhoef P.A., Maleachi, 183 en Van der Woude A.S., Maleachi, 121.

²⁷Vir 'n oorsigtelike bespreking en verwysing na literatuur vgl. Rudolph W., Maleachi, 270 en Verhoef P.A., Maleachi, 121.

²⁸Rudolph W., *Ibid*, en Van der Woude A.S., Maleachi, 121. Vgl. ook Schreiner S., *Mischehen - Ehebruch - Ehescheidung*, 207-228 en Rudolph W., *Zu Mal. 2:10-16*, 85-90.

4. Antiteses in Maleagi 2:10-16

Maleagi 2:10-16 vertoon ook die voorkoms van antiteses in die opbou van die perikoop.

4.1 Die antitese tussen kola 15-16 en die res van die perikoop (kola 17-30)

Perikoop C open met twee kola in die vorm van 'n parallelisme.²⁹ Hierdie twee kola maak die algemeen geldende stelling dat die verbondsvolk almal een Vader het en dat die Vader ook die Een is wat almal gemaak het.

In hierdie verbondenheid met Jahwe as Vader en Skepper sien Maleagi die diep nasionale en religieuse eenheid van Israel. Hieruit spruit dan die verpligting van die hele volk voort om solidêr te wees teenoor mekaar in onderlinge trou.³⁰ Die gemengde huwelike en die egskeiding wat in die res van die perikoop blootgelê word, staan in kontras met die beklemtoning van die één God en één Vader wat "ons" gemaak het. In teenstelling met die beklemtoning van die een Vader en een God en dienooreenkomstige eenheid wat dus onder die volk verwag word, staan die praktyk van gemengde huwelike en egskeiding.

Hierdie antitese tussen kola 15-16 en die res van die perikoop word ook gesien uit 'n vergelyking van kola 15-16 met kolon 17 wat saam die inleiding vorm tot die res van die perikoop. Ten spyte van 'n verbondenheid aan mekaar deur die een Vader en een God, word 'n troueloosheid teenoor mekaar ondervind. Rudolph merk op: "Diese Zugehörigkeit aller zu dem einen Gott verlangt nun aber ein brüderliches Verhalten der einzelnen Glieder untereinander, und die aufrüttelnde Frage des Propheten ist,

²⁹Botterweck G.J., *Schelt- und Mahnrede*, 180.

³⁰Verhoef P.A., Maleachi, 169.

warum gegen dieses doch eigentlich selbstverständliche Postulat gefehlt und dadurch der Bund mit den Vätern entweiht wird".³¹

Wie dus aan die een Vader en God verbind is (kola 15-16), is ook verbind aan mekaar (kolon 17). Dit gebeur egter nie en daarom word die vraag in kolon 17 na aanleiding van die veronderstelde verbintenis aan mekaar gevra. Deur middel van die vraagstelling word die troueloosheid van die volk antiteties teenoor die een Vader en God gestel.

4.2 Die antitese tussen vroom godsdienstige handeling en gebrekkige horisontale verhoudinge (kola 21 en 22)

Volgens kolon 21 bedek die volk die altaar met trane, geween en versugting omdat Jahwe nie meer hulle offers wil aanneem nie. (Hoe die volk dit weet dat Jahwe hulle offers nie meer aanneem nie, word nie gesê nie).

Kolon 22 verskaf die antwoord op die probleem van die volk soos genoem in kolon 21. Jahwe aanvaar hulle offers nie omdat hulle ontrou geword het aan hulle vrouens (vgl. die vraagpartikel gevolg deur 'n redegewende כִּי).

Hierdie twee kola kontrasteer dus vroom godsdienstige handeling (offers by die altaar) met gebrekkige horisontale verhoudinge (ontrouheid teenoor eggenotes).

Ander eksegete het ook hierdie (antitetiese) verband tussen godsdienstige handeling en horisontale verhoudings raakgesien. Van der Woude merk byvoorbeeld op dat offerdiens oneffektief moet bly waar die een wat offer se lewenswandel blyke bied dat hy God se wil versaak.³² Frey se standpunt is ook dat die

³¹Rudolph W., Maleachi, 272.

³²Van der Woude A.S., Maleachi, 120.

grond van Jahwe se afkeer aan die volk se offers gesoek moet word in hulle verhouding met hulle naaste.³³ Ook Botterweck se gevolgtrekking is dat Jahwe die volk se offer nie kan aanvaar nie omdat hulle ontrou is aan hulle vrouens,³⁴ so ook Rudolph met die opmerking dat "das Missfallen Jahwes darauf beruht, dass sie trotz korrekter Opfer in ihrer Lebenshaltung Anstoss erregen: Es handelt sich um Untreue gegen die eigene Frau ..." ³⁵ Von Bulmerincq se standpunt is ook dat hier 'n antitetiese teenoormekaarstelling is: "Der Verurteilung und Verfluchung der Mischehen durch den Propheten steht die Gemeinde verständnislos gegenüber. So erklärt sich das Nebeneinander zweier widerstreitender Tatsachen, die der Prophet in kontrastierendem Gegensatz einander gegenüberstellt: einerseits tut die Gemeinde das, was Jahwe hasst, d.h. sie entweiht durch die Mischehen den Tempel und verhindert dadurch den Advent Jahves, aber andererseits vergiesst sie im Heiligtum heisse Tränen, weint und wehklagt in bitterem Schmerz über die verwerfung der Opfer durch Jahve..."³⁶

Frey³⁷ het 'n woordspel tussen kola 21 en 30 (l.w. die eerste en laaste kolon van die tweede deel van die perikoop) opgemerk. In beide die kola kom die stamvorm כסה voor. In kolon 21 word die altaar met trane bedek en in kolon 30 word 'n kleed met geweld bedek. Deur middel van die woordspel word die antitese tussen vroom kultiese handeling en gebrekkige horisontale verhoudings verder geaksentueer.

³³Frey H., Das Buch, 158.

³⁴Botterweck G.J., Schelt- und Mahnrede ..., 182.

³⁵Rudolph W., Maleachi, 273.

³⁶Von Bulmerincq A., Maleachi, 281.

³⁷Frey H., Das Buch, 160.

Die antitese tussen kola 21 en 30 bestaan dus daarin dat kultiese offerhandelinge gekontrasteer word met die ontrouheid van Judeese mans teenoor hulle vrouens.

4.3 Enkele ander antitese in Maleagi 2:10-16

In kolon 19 is daar 'n antitese tussen Jahwe en die vreemde god. Juda, die voorwerp van Jahwe se liefde, trou met die dogter van 'n vreemde god. Met hierdie uitdrukking "dogter van 'n vreemde god" word die teenstelling met Israel wat God as sy Vader het, skerp belig.³⁸

Kolon 19 bevat ook nog 'n verdere antitese. Die antitese lê naamlik tussen חלל en קדש . Juda onheilig (NAV ontwy) die heiligdom van Jahwe. Wat dus vir Jahwe heilig is (sy volk), onheilig Juda deur eie optrede.

'n Volgende antitese lê in 'n interessante patroon van persoonswisseling in die perikoop. Die perikoop open met die eerste persoon meervoud (kola 15-17). Later in die perikoop, aan die begin van die tweede deel van die perikoop (kolon 21) word die tweede persoon meervoud gebruik, in teenstelling tot die eerste persoon meervoud waarmee die perikoop open. Aan die begin van die perikoop verklaar die profeet, deur middel van die eerste persoon meervoud, homself solidêr met die volk. Met behulp van die persoonswisseling na die tweede persoon meervoud toe distansieer die profeet hom van sy volk se sonde.³⁹ Deur middel van hierdie persoonswisseling word 'n antitese van solidariteit vs distansiëring geskep.

Die patroon van persoonswisseling word egter in kola 21 en 22 voortgesit. Tussen kola 21 en 22 is daar 'n persoonswisseling

³⁸Verhoef P.A., Maleachi, 174.

³⁹Van Selms A., The inner cohesion ..., 34.

van die tweede persoon meervoud na die tweede persoon enkelvoud toe. Deur middel van hierdie persoonswisseling word die antitese van veralgemening na individualisering geskep. Wat in die algemeen van die volk gesê word, word gepresiseer na die individu toe deur middel van die persoonswisseling.

'n Volgende antitese binne die kolongroep betref die uitdrukking ער וענה in kolon 21. Alhoewel die betekenis van die uitdrukking nie sonder meer duidelik is nie,⁴⁰ is dit waarskynlik 'n idioom wat totaliteit uitdruk deur middel van twee teenoorgestelde kategorieë.⁴¹ Met behulp van hierdie idioom word dus gesê dat almal wat met 'n uitlandse vrou trou deur Jahwe uitgeroei moet word. Die uitdrukking ער וענה gee dan die betekenis van totaliteit - almal - weer. Dit is blykbaar ook die interpretasiemoontlikheid waarvoor die NAV gekies het.

'n Laaste antitese wat aangedui moet word, is die antitese tussen kolon 18 en kola 28 en 30.3. Volgens kolon 18 is Juda troueloos en in kola 28 en 30.3 is daar 'n skerp oproep deur middel van 'n emfatiese progressie tussen kola 28 en 30.3 om nie ontrou te wees nie. Die antitese lê dus in dit wat Juda doen en dit wat hulle nie behoort te doen nie. In plaas van om ontrou te wees aan hulle vrouens, moet hulle juis getrou wees aan hulle vrouens.

Keil⁴² maak die opmerking dat die heilige naam Israel in kolon 19 opsetlik gekies is om die teenstelling tussen die heilige roeping van die verbondsvolk en sy onheilige handelwyse skerp

⁴⁰Vgl. bv. die bespreking wat Rudolph W., Maleachi, 269 oor hierdie uitdrukking gee.

⁴¹Verhoef P.A., Maleachi, 176.

⁴²Keil aangehaal by Verhoef P.A., Maleachi, 171.

te laat uitkom. Die antitese waarop Keil hier wys is dus 'n antitese tussen verbondsmense (mense wat in 'n bepaalde verhouding tot Jahwe lewe) en heidene (mense wat in verhouding met 'n ander god lewe).

5. Die boodskap van Maleagi 2:10-16

Die ondersoek na die moontlikheid van antiteses in Maleagi 2:10-16 het 'n aansienlike aantal antiteses uitgewys. Ook by hierdie perikoop sal die voorkoms en funksie van die antiteses verreken moet word wanneer die boodskap van die perikoop bepaal moet word.

Hierdie perikoop open met 'n algemene stelling dat die volk wat aangespreek word almal een Vader en een God het wat hulle gemaak het. Omdat hulle een God as Vader en Skepper het, is die volk ook onderling aan mekaar verbind. Dit gebeur egter nie en daarom word die vraag na die onderlinge lojaliteit teenoor mekaar gevra (kolon 17) na aanleiding van die volk se gemeenskaplike verbintenis met Jahwe. Die algemene stelling waarmee die perikoop open en die ontrouheid van die lede van die volk onderling staan antiteties teenoor mekaar. Deur middel van hierdie antitese word die saak waarom dit in hierdie perikoop gaan, aangedui. Hierdie perikoop handel oor die ontrouheid van lede van die verbondsvolk onderling.

In die res van die perikoop word hierdie onderlinge ontrou nader gepresiseer. Aan die een kant bestaan die ontrou daarin dat daar met heidense vroue getrou word (kole 18-20) en aan die ander kant word egskeiding aangedui as simptome van onderlinge ontrou (kolon 30).

Wat egter belangrik is, is dat in beide gevalle die godsdienstige gevolge van die ontrou onder mekaar aangedui word. Dit is veral die antitetiese opbou van die perikoop wat die godsdienstige konsekwensies van die onderlinge ontrou aantoon.

Die huwelike wat met uitlandse vroue gesluit word, word nie as sodanig veroordeel nie. Die huwelike met uitlandse vroue word spesifiek aangedui in terme van die godsdienstige implikasies van so 'n huwelik (vgl. kolon 19). In 4 waarin die antitese in die perikoop aangetoon is, is onder andere die antitese tussen God en god aangetoon (vgl. 4.3). Die godsdienstige implikasies van 'n huwelik met 'n heidense vrou word dus deur middel van die antitese aangetoon.

Die godsdienstige implikasies wat 'n huwelik met 'n nie-Israëlitiese vrou inhou word verder in kolon 20 uitgesit. So 'n huwelik hou die moontlikheid vir die man in om deur Jahwe uitgeroei te word uit die gemeenskap van die volk en dat selfs offers die saak nie sou kon besleg nie.

'n Belangrike gevolgtrekking uit die eksegeese van Maleagi 2:10-12 is dat die gedeelte eksegeties gesproke nie gebruik kan word om die verbod op gemengde huwelike op Skrifgronde te verdedig nie. Dit handel in die gedeelte nie oor gemengde huwelike per se wat afgewys word nie. Dit gaan in hierdie gedeelte oor die godsdienstige implikasies wat 'n huwelik tussen verbondsmense en heidene meebring.

Die godsdienstige konsekwensies van sulke huwelike word deur middel van antiteses (God vs god; heilig vs onheilig) aangetoon en hierdie godsdienstige konsekwensies vorm dan ook die swaartepunt van die betoog.

In die tweede gedeelte van die perikoop (kolon 21-30) word die godsdienstige gevolge van onderlinge ontrou deur middel van 'n antitese nog duideliker aangetoon.

In hierdie gedeelte staan kulties-godsdienstige handelinge antiteties teenoor gebrekkige horisontale verhoudinge (vgl. 4.2).

Kolon 21 begin met 'n verwysing na 'n kultiese handeling (offers by die altaar) wat nie deur Jahwe aanvaar word nie. Die rede wat aangegee word waarom Jahwe die offers nie aanvaar nie, is dat manne hulle skuldig maak aan ontrouheid teenoor hulle vrouens. Ontrouheid in die huwelik se godsdienstige implikasie is dat Jahwe hulle offers nie kan aanvaar nie. Dit word deur middel van die antitese tussen vroom godsdienstige handeling en gebrekkige horisontale verhoudings aangetoon.

Perikoop C kulmineer in een van die sterkste uitsprake teen egskedding in die Ou Testament. Jahwe haat egskeddings - hierdie uitspraak word versterk deur 'n אָמַר יְהוָה -formule, die eerste keer dat die formule gebruik word in die perikoop. Egskeddings word gelykgestel met geweld wat gepleeg word.

Die perikoop sluit af met 'n vermaning om getrou te wees in die huwelik.

Maleagi 2:10-16 handel dus oor huwelike tussen verbondsmense en heidene en oor ontrouheid in die huwelik wat uitloop op egskedding. Deur middel van die antiteses, soos aangetoon onder 4, word die godsdienstige implikasies van gemengde huwelike en egskeddings beklemtoon. Die godsdienstige implikasies van die gemengde huwelike en egskedding vorm die swaartepunt van die perikoop.

PERIKOOP D: MALEAGI 2:17 - 3:5

1. STRUKTUURANALISE VAN MALEAGI 2:17 - 3:5

¹⁷הוגעתם יהוה בדכריכם
ואמרתם כמה הוגענו
באמרכם כל עשה רע טוב בעיני יהוה
ובהם הוא חפץ או איה אלהי

המשכט


3
¹הנני שלח מלאכי
ופנה־דרך לפני
ופתאם יבוא אל־היכלו האדון אשר־אתם
מבקשים ומלאך הברית אשר־אתם
חפצים

הנה בא
אמר יהוה צבאות:
ומי מכלכל את־יום בואו
ומי העמד בהראותו
כי הוא כאש מצרף וכברית מכבסים:

³וישב מצרף ומטהר כסף
וטהר את־בני־לוי
וזקק אתם כזהב וככסף
והיו ליהוה מגישי מנחה בצדקה:
⁴וערבה ליהוה מנחת יהודה וירושלם כימי

עולם וכשנים קדמניות:

⁵וקרבתי אליכם למשפט
והייתי עד ממהר במכשפים ובמנאפים
ובנשבעים לשקר ובעשקי שכר־שכיר
אלמנה ויתום ומטי־גר ולא יראוני
אמר יהוה צבאות:



2. Die strukturele opbou van Maleagi 2:17-3:5

2.1 Die verbinding van die kola

2.1.1 Motivering vir die verbinding van die subkola

Subkolon 42.1 verbind met subkolon 42.2. Hierdie verbinding geskied op grond van die waw-kopulatief waarmee subkolon 42.2 begin. Hierdie verbinding word verder versterk deur die voorkoms van die eerste persoon enkelvoud uitgang wat by beide subkola voorkom.

Subkolon 34.1 verbind met subkolon 34.2 omdat die twee subkola saam in 'n chiasiese konstruksie staan.¹ Subkola 34.1 en 34.2 verbind dan met kolon 34.

Subkolon 42.3 verbind dan met subkolon 42.4 deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 42.4 mee begin. Beide subkola word ook gekenmerk deur die eerste persoon enkelvoud uitgange. Die subjek by beide subkola is dus dieselfde. Inhoudelik gesproke sou daar ook 'n argument uitgemaak kon word vir die verbinding van subkola 42.3 en 42.4. In subkolon 42.4 word daar 'n nadere omskrywing gegee van die inhoud van die משפט wat Jahwe gaan hou.

Subkola 42.1 en 42.2 verbind met subkola 42.3 en 42.4. Hierdie verbinding geskied op grond van die gemeenskaplike eerste persoon enkelvoud uitgange wat by al vier subkola voorkom.

¹Die chiasme word onder 2.2 aangetoon en verduidelik vgl. egter van der Woude A.S., *Der Engel des Bundes, Bemerkungen zu Maleachi 3,1c und seinem Kontext in Die Botschaft und die Boten, Festschrift für Hans Walter Wolff zum 70. Geburtstag.* Herausgegeben von Jorg Jeremias und Lothar Perlitt Neukirchener Verlag 1981, 292. Vgl. ook van der Woude A.S., Maleachi, 130.

Subkola 42.1, 42.2, 42.3, 42.4 verbind met kolon 42 wat die kenmerkende אמר יהוה צבאות -formule bevat.

2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola

Kola 35 en 36 verbind as gevolg van die waw-kopulatief waarmee kolon 36 begin. 'n Verdere kriterium vir die verbinding van die kola is dat diē twee kola 'n sinonieme parallelisme vorm,² vergelyk die twee parallele וואמי waarmee beide kola begin asook die partisipiavorme by beide kola. By beide kola kom die derde persoon manlik enkelvoud uitgange ook voor wat 'n verdere kriterium is vir die verbinding van die twee kola.

Kola 35 en 36 verbind met kolon 34. Hierdie verbinding geskied op grond van die waw-kopulatief waarmee kolon 35 begin asook die lekseem-opname in kolon 35 van kolon 34, vergelyk יבוא in subkolon 34.1; בא in subkolon 34.2 en בואר in kolon 35. Van der Woude merk in hierdie verband op: "V.2 ist von v lb-c (gegebenen falls von lb) nicht zu trennen. Für die enge Verbindung sprechen formale (vgl. die Verwendung von בוא und die auf v.1 zurückgreifenden Personalsuffixe) und inhaltliche Gründe".³

Kolon 38 verbind met kolon 39 as gevolg van die waw-kopulatief waarmee kolon 39 begin. Die woorde טהר en זקק - beide Pi^c ēl-vorme - staan ook in dieselfde semantiese veld van suiwer of louter. Deur middel van die אתם in kolon 39 word daar terug verwys na die בני לוי in kolon 38 wat sodoende 'n verdere kriterium is vir die verbinding van kolon 38 met kolon 39. Kola 38 en 39 vorm dus ook 'n sinonieme parallelisme wat die verbinding verder

²Van der Woude A.S., Maleachi, 130.

³Van der Woude A.S., Der Engel des Bundes, 292.

versterk. Kolon 37 verbind met kola 38 en 39 deur die waw-kopulatief van kolon 38. Hierdie verbinding word versterk deur die heropname van die stamvorm טהר (kolon 37) in kolon 38. Die woord כסף in kolon 37 kom ook weer voor in kolon 39.

Kola 34-36 verbind met kola 37-39. Die verbinding word genoodsaak deur die waw-kopulatief⁴ waarmee kolon 37 begin. Die deurlopende voorkoms van die derde persoon manlik enkelvoud is 'n verdere kriterium vir die verbinding van kola 34-39. 'n Laaste argument vir die verbinding van kola 34-36 met 37-39 is die heropname van מצרף in kolon 36 wat weer voorkom in kolon 37.

Kola 40 en 41 verbind weens die waw-kopulatief waarmee kolon 41 begin. In beide kola gaan dit om offers wat vir Jahwe gebring word.

Kola 40-41 verbind met kola 34-39 op grond van die waw-konsekutief waarmee kolon 40 begin. Die gevolg van dit wat in kola 34-39 ter sprake gekom het, word nou in kola 40-41 aangedui.

Kola 31-33 vorm die (kenmerkend vir Maleagi) inleiding tot die "liggaam" van die perikoop. Kola 31 en 32 verbind deur die adversatiewe waw⁵ waarmee kolon 32 begin en ook omdat soos onder 2.2 aangetoon word, kola 31 en 32 'n chiasme vorm. Die stamvorm יגע word ook in kolon 32 weer opgeneem nadat die stamvorm in kolon 31 voorgekom het. Kolon 33 verbind met kola 31-32 deur die heropname van die stamvorm אמר in kolon 33.

⁴Verhoef P.A., Maleachi, 201.

⁵Ibid., 192.


Kola 31-33 verbind met kolon 42. Die vraag na die God van die reg (משפט) in kolon 33 word beantwoord in kolon 42 (vgl. subkolon 42.1 משפט).

2.2 Chiasmies in Maleagi 2:17-3:5

2.2.1 Chiasme in kola 31 en 32

Kola 31 en 32 vorm 'n chiasme. Die chiasme word gevorm deur die woorde הוגעתם in kolon 31 en הוגענו in kolon 32 wat die een been van die chiasme vorm en בדבריכם in kolon 31 en אמרתם in kolon 32 wat die ander been van die chiasme vorm.

Skematies sou die chiasme soos volg voorgestel kon word:



2.2.2 Chiasme in subkolon 34.1 en 34.2

Van der Woude het die aandag gevestig op die chiasiese struktuur van subkola 34.1 en 34.2: ... "beide Vershälften teilweise eine chiastische Struktur zeigen".⁶ Ook in sy

⁶Van der Woude A.S., Der Engel des Bundes, 292. Vgl. ook Di Marco Angelico, Der Chiasmus in der Bibel. 2.Teil, Linguistica Biblica 37

kommentaar op die boek Maleagi toon van der Woude die chiasme aan. Hy wys daarop "... dat vers 1b in formele sin vrijwel correspondeert met vers 1c en dat beide versdele een chiastiese struktuur vertonen: Plotseling zal komen tot zijn tempel de heer die gij begeert en de engel van het verbond die gij wenst, zal zeker komen".⁷

2.3 Sinonieme parallelisme in kola 35 en 36 en 38 en 39

Daar is alreeds gewys op die sinonieme parallelisme wat in hierdie perikoop voorkom.

Van der Woude het die sinonieme parallelisme in kola 35 en 36 aangetoon,⁸ terwyl kola 38 en 39 ook 'n sinonieme parallelisme vorm op grond van טהר en זקק wat in dieselfde semantiese veld van betekenis lê en ook omdat אתם in kolon 39 terug verwys na בני לוי in kolon 38.

2.4 Subjekwisseling in perikoop D

Daar is 'n opvallende subjekwisseling in die perikoop wat onder die aandag gebring moet word. Subkola 42.1 en 42.2 word gekenmerk deur die voorkoms van die eerste persoon enkelvoud. Kola 34-41 word weer gekenmerk deur die derde persoon enkelvoudsvorme. In subkola 42.3 en 42.4 domineer die eerste persoon enkelvoudsvorme weer. Hierdie opvallende subjekwisseling het 'n belangrike rol gespeel in die ontleding

(1976), 58: Mal. 3, 1ab ist in der Form eines Chiasmus.

⁷Van der Woude A.S., Maleachi, 130. Renker A., Die Tora bei Maleachi, 76, onderskei 'n inclusio hier en nie 'n chiasme nie.

⁸Van der Woude A.S., Maleachi, 130.

van die strukturele opbou van die perikoop. Pfeiffer praat in die verband van "zwei göttlichen Ichworten, V1 und V5".⁹

3. Die Gattung van Maleagi 2:17-3:5

Geleerdes is dit eens dat hierdie perikoop ook die, vir Maleagi kenmerkende, Gattung van die Disputationswort vertoon.

Rudolph merk byvoorbeeld op: "Wir haben auch hier wieder die Form der Diskussion".¹⁰ Van der Woude herken ook die "karakteristieke discussiestyl" van Maleagi in 2:17.¹¹ Vir Elliger wys Maleagi 2:17 ook die gebruiklike "Diskussionsstil" van die boek Maleagi uit. Die res van die perikoop is egter vir hom na sy grondkarakter 'n "Schelt- und Drohrede".¹²

Alhoewel die bewering of stelling in kolon 31 volgens Pfeiffer lyk na die vorm van 'n profetiese Scheltrede, ontwikkel hieruit 'n "Disputation", sodat Pfeiffer se gevolgtrekking is dat "auch die Form der Einheit dass hier die alte vorgegebene Gattung des Disputationswortes den Inhalt fasst".¹³

In die lig van die konsensus onder geleerdes word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die Gattung van hierdie perikoop beskryf kan word as 'n Disputationswort.

⁹Pfeiffer E., *Die Disputationsworte im Buche Maleachi*, 567.

¹⁰Rudolph W., *Maleachi*, 277.

¹¹Van der Woude A.S., *Maleachi*, 127 en ook sy artikel *Der Engel des Bundes*, 290.

¹²Elliger K., *Maleachi*, 205 en 207.

¹³Pfeiffer E., *Die Disputationsworte*, 567. Vgl. ook Renker A., *Die Tora bei Maleachi*, 75 wat hierdie perikoop 'n Diskussionswort noem.

4. Tradisiekritiek

Alhoewel die uitdrukking Dag van die Here nie voorkom in hierdie perikoop nie, word dit tog aanvaar dat die dag van die koms van die אֲדוֹן (vgl. kola 34, 35) die Dag van die Here-motief as agtergrond het.¹⁴

Die dag van die Here-motief in hierdie perikoop lewer die volgende gesigspunte op:

Die onverwagse, maar sekere koms van die Engel van die Verbond word beklemtoon. Daarmee word aan die volk se verwagting van die Dag van die Here beantwoord.

Wanneer die Dag van die Here aanbreek sal die Engel van die Verbond die tempel besoek om daar 'n reiniging van die tempel teweeg te bring. Die aanbreek van die Dag van die Here het dus veral kultiese implikasies. Die beelde wat gebruik word (kola 35-39) hou in dat die Dag gerig beteken wat moet dien tot loutering van die kultus.

Die resultaat van die louteringsgerig deur die Engel van die Verbond op die dag van sy koms is 'n herstel van die offerdiens, sodat dit dan weer aanvaarbaar vir Jahwe sal wees.

Die dag van die koms van die Engel van die Verbond word as 'n toekomstige gebeurtenis gesien.¹⁵

¹⁴Everson A.J., The Day of Yahweh as historical event: A Study of the historical and theological purposes for the employment of the concept in the classical prophets of the Old Testament, D.Th. Dissertasie, Union Theological Seminary, Richmond, Virginia, V.S.A., 1969, 163.

¹⁵Omdat die Dag van die Here-motief in 'n meer uitgebreide vorm voorkom in Perikoop F, word daar meer uitvoerig aandag gegee aan

5. Redaksiekritiek

Geleerdes verskil van mekaar ten opsigte van die eenheid van die perikoop. Samevattend word die volgende standpunte met betrekking tot die eenheid van die perikoop al dan nie genoem. Verhoef,¹⁶ Baldwin,¹⁷ Frey,¹⁸ en ander¹⁹ handhaaf die standpunt dat Maleagi 2:17-3:5 'n eenheid is, in die meeste gevalle sonder motivering vir die standpunt.

Elliger²⁰ beskou die tweede helfte van subkolon 34.1, subkolon 34.2, kolon 34 en ook kola 37-41 as oneg. Rudolph beskou kola 37-41 (verse 3 en 4) as steurend vir die samehang van die perikoop. Met hierdie standpunt beskou Rudolph egter nie die kola 37-41 as oneg nie - die gedeelte is net by 'n later geleentheid uitgespreek. Kola 37-41 (vers 3 en 4) is ingesluit deur die "Stichwortprinzip" van die redaktor - מצרף in kola 36 en 37.²¹ Horst beskou net die tweede helfte van subkolon 34.1 en subkolon 34.2 en kolon 34 as sekondêr, die res van die perikoop beskou hy as eg.²²

die motief. Perikope D en F beskryf dieselfde toekomstige gebeurtenis volgens Everson.

¹⁶Verhoef P.A., Maleachi, 191.

¹⁷Baldwin J., Malachi, 241 e.v.

¹⁸Frey H., Das Buch, 162 e.v.

¹⁹Vgl. van der Woude A.S., Der Engel des Bundes, 290 voetnota 4.

²⁰Elliger K., Maleachi, 205 e.v.

²¹Rudolph W., Maleachi, 275 e.v.

²²Horst F., Maleachi, 270 e.v.

Uit hierdie oorsig is dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid is tussen geleerdes oor die eenheid al dan nie van Maleagi 2:17-3:5 nie.

Van der Woude²³ het oortuigend aangetoon dat kola 34-41 'n uitbreiding van die oorspronklike perikoop is. Uit die struktuuranalise kan die volgende argumente ter ondersteuning en bevestiging van van der Woude se standpunt genoem word.

Die subjekwisseling wat onder 2.5 bespreek is, toon enersyds aan dat subkola 42.1 en 42.2 sy voortgang vind in subkola 42.3 en 42.4, en andersyds dat kola 34-41 'n duidelik onderskeibare gedeelte is in die perikoop, "... die Ich-Rede Jahwes in 3.1 findet offenbar ihre Fortsetzung in 3.5".²⁴

In kolon 33 vra die volk na die God van die reg. Hierdie vraag word in kolon 42.3 beantwoord as Jahwe sê Hy kom om reg te laat geskied. Dit is die enigste twee gevalle in die perikoop waar die woord **משפט** gebruik word.

Dit is interessant dat kola 34-41 geen antitese bevat nie. In die lig van die besonder sterk gebruik van antiteses en kontraste in die res van die boek en soos in hierdie studie uiteengesit, is dit buitengewoon dat hier so 'n opvallende gebrek is aan antiteses wat in die res van die boek so tipies is van

²³Van der Woude A.S., *Der Engel des Bundes*, 290 e.v. Dit is insiggewend dat Renker (in *Die Tora bei Maleachi*, 77) tot dieselfde resultaat gekom het. Van der Woude en Renker kom dus oënskynlik onafhanklik van mekaar tot dieselfde gevolgtrekking.

²⁴Van der Woude A.S., *Der Engel des Bundes*, 290 e.v. en ook van der Woude se kommentaar, 127. Ander geleerdes het ook hierdie subjekwisseling opgemerk. Vgl. byvoorbeeld Elliger K., *Maleachi*, 205 en ook Pfeiffer E., *Die Disputationsworte*, 567.

Maleagi. Trouens die enigste antiteses wat gevind kon word, is gevind in kola 31-33 en 42.

As inhoudelike argument kan genoem word dat dit in kola 34-41 handel oor die koms, werk en effek van die voorloper van die koms van Jahwe. Die volk se vraag is egter na die koms van Jahwe self as God van die reg. Die vraag na die koms van Jahwe word dan beantwoord in kolon 42.

Die identifisering van 'n latere redaksionele uitbreiding laat die vraag na die funksie van die uitbreiding in die perikoop as geheel ontstaan.

Die funksie van die uitbreiding op die perikoop kan soos volg verstaan word. In kolon 42.1 en 42.2 word aangekondig dat Jahwe iemand ("my boodskapper") gaan stuur om die pad voor Hom (Jahwe) reg te maak. Onmiddellik daarna in kolon 42.3 en 42.4 word die koms van Jahwe self om reg te laat geskied, beskryf. Waarin die taak van die מלאך bestaan word dus in die oorspronklike perikoop nie aangedui nie. Waarin die "pad regmaak" sal bestaan, word nie gesê nie. In die uitbreiding van die perikoop word die taak egter in groter besonderhede uitgespel. Die redaktor het waarskynlik 'n belangstelling in die kultus gehad, vandaar sy sterk beklemtoning van die kultus en die noodsaak van kultiese loutering en reiniging. Hierdie uitbreiding pas goed in die konteks van die boek Maleagi²⁵ omdat daar 'n ander perikope ernstige kritiek uitgespreek word op die gehalte van en gesindheid waarmee die offers gebring word (vgl. perikope B en C).

²⁵Van Selms A., The inner cohesion of the book of Malachi, 34, beskou hierdie verwysing na die aangename offers as 'n skakel na Maleagi 1:6-14 (Perikoop B) wat dus 'n argument is ten gunste van die "inner cohesion" van die boek.

6. Antiteses in Maleagi 2:17-3:5

6.1 Antitese tussen diegene wat kwaad doen en diegene wat goed doen.

Die antitese tussen diegene wat kwaad doen en diegene wat goed doen, word gevind in kolon 33. Die aanklag van die volk is dat elkeen wat kwaad doen, goed is in die oë van die Here. Hierdie waarneming van die volk weerspreek die normale verwagting naamlik dat alleen diegene wat goed doen, goed is in die oë van die Here. Mense wat verkeerde dinge doen, kan nie goed wees in die oë van die Here nie. So merk van der Woude byvoorbeeld op dat die taal van die ervaring omgekeerd is aan die taal van die verkondiging.²⁶ Rudolph praat ook van 'n omkering van 'n goddelike grondbeginsel in hierdie aantygning van die volk aan Jahwe²⁷ en Verhoef se opmerking in hierdie verband is dat hierdie aanklag presies die teenoorgestelde is van wat Jahwe van sy volk verwag.²⁸

Hierdie antitese word skerp beklemtoon deur die plasing van die woorde רע en טוב direk langs mekaar in die Hebraëuse teks.

6.2 Antitese met betrekking tot die reg van Jahwe

Die antitese tussen die volk se bevraagtekening van Jahwe se משפט - waar is die God van die reg? - in kolon 33 en die antwoord daarop in kolon 42 vorm die crux van die perikoop.

²⁶Van der Woude A.S., Maleachi, 128.

²⁷Rudolph W., Maleachi, 277.

²⁸Verhoef P.A., Maleachi, 193.

Dit gaan in hierdie perikoop "om die betwyfeling van die geregtigheid van Yahweh deur diegene wat die vergeldingsleer nie in werking sien nie".²⁹

In kontras met hierdie bevraagtekening van die reg wat Jahwe uitoefen, antwoord Jahwe nou met die versekering dat Hy gaan kom om die reg uit te oefen.

Die antitese lê dus in die bevraagtekening van die God van die reg en die God van die reg se versekering dat Hy sal kom om reg te laat geskied. Die volk se waarneming en ervaring en die werklikheid van Jahwe se besluite staan dus antiteties teenoor mekaar.

6.3 Antitese tussen die volk se verwagting van die God van die reg en die optrede van die God van die reg

Die volk se verwagting van die God van die reg is positief: Die wat kwaad doen, verdien die oordeel van God en die wat goed doen, is verseker van sy guns. Omdat hulle vra na die God van die reg, is dit duidelik dat hulle nie verwag om ook in die oordeel te kom nie. Trouens hulle kon juis nie begryp dat diegene wat kwaad doen, nie gestraf word nie. Dit het aanleiding gegee tot die antitese wat onder 6.1 aangetoon is.

Uit die antwoord op die vraag na die God van die reg, moet die volk nou verneem dat wanneer die God van die reg kom om reg te laat geskied, hulle ook daarby ingesluit sal wees! Die regsuitoefening van Jahwe tref dus nie net die kwaaddoeners nie; wanneer Hy kom, tref dit ook hulle wat vra na die God van die reg.

²⁹Loader J.A., Aspekte van menslike mag, 334.

Wat die koms van die God van die reg inhou, staan in kontras met die volk se verwagting van die koms van die God van die reg.

Wanneer Hy verskyn, sal die volk tot die ontnugterde ontdekking kom, dat die nadering van die God van die reg juis ook vir hulle tot gerig is.³⁰ McKenzie en Wallace het ook hierdie kontras opgemerk: "In contrast to their expectations (d.i. die volk se verwagtings - S.D.S.) the messenger whom the prophet envisions will come in judgement."³¹

Volgens van der Woude tref die oordeel van Jahwe die goddeloses in die gemeente. Die teks van 3:5 (kolon 42.3) laat "in het midden" in hoeverre God se oordeel hom uitstrek oor hulle wat gevra het na die optrede van die God van die reg.³² Van der Woude se uitleg van die teks gee dus voorkeur aan die verklaring dat die oordeel van Jahwe die goddeloses en nie noodwendig die hele volk nie, gaan tref. Die אליכם van kolon 42.3 (vers 5) gee egter voldoende grond om die komende gerig te sien as 'n gerig wat die hele volk gaan tref.

6.4 Verskil in beklemtoning tussen kola 35-42 en 32-34, 43, 1b-4 en 2:17-3:1a en 5

Van der Woude het aangetoon dat kola 34-41 (vers 1b-4) 'n uitbreiding van die oorspronklike perikoop is.³³ Wat opval is die sterk kultiese beklemtoning in hierdie uitbreiding. Die

³⁰Verhoef P.A., Maleachi, 207 en ook Deist F.E., Die dag sal brand, N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1976, 44 e.v.

³¹McKenzie S.L. en H.N. Wallace, Covenant Themes in Malachi, 554.

³²Van der Woude A.S., Maleachi, 135, 136.

³³Van der Woude A.S., Der Engel des Bundes, 290-293.

boodskapper of engel³⁴ kom na sy tempel (kolon 34.1); hy reinig die seuns van Levi (kolon 38); die reiniging en die loutering se bedoeling is dat daar 'n offer in geregtigheid gebring moet word (kolon 40) en wanneer dit gebeur sal offers weer vir Jahwe aangenaam wees (kolon 41). Met beelde (vuur en seep in kolon 36; goud en silwer wat gereinig word in kola 37-39) word aangetoon dat die werk van die boodskapper of engel primêr 'n louteringsgerig gaan wees wat dan veral gerig is op die tempel en kultus. Von Bulmerincq merk op dat die loutering slegs betrekking het op die kultuspersoneel met die doel dat die offerdiens weer herstel kan word.³⁵

In die "Ich-Rede" (kolon 42; verse 1 en 5) kom die tempel en die kultus glad nie in die blikveld van die profeet nie. Die reg wat Jahwe laat geskied in antwoord op die vraag van die volk (kolon 33) beklemtoon eerder die etiese verhoudings tussen mense. Toordery, egbreuk, valse ede, lone, verontregting van die weduwee en weeskinders en die posisie van die vreemdeling staan hier in die sentrum. Jahwe se koms om reg te laat geskied, word dus eerder eties as kulties gedui. Dit is veelseggend in die lig van die beklemtoning wat die kultus elders in die boek Maleagi ontvang (vgl. Perikoop B).

Hier is dus 'n duidelike verskil in beklemtoning tussen kultiese reiniging aan die een kant (kola 34-41) en etiese verhoudings (kolon 42) aan die ander kant.

³⁴Vgl. Malchow B.V., *The Messenger of the Covenant in Mal 3:1*, JBL, 103 no 2 Junie 1984, 252-255; Coppens J., *Malachi's Messenger not Jesus*, *Theology Digest* 22, 1974, 145-150; Van der Woude A.S., *Der Engel des Bundes*, 293-300; Wallis G., *Wesen und Struktur der Botschaft Maleachis*, 231 en Verhoef P.A., *Maleachi*, 194 e.v. vir 'n oorsig van standpunte oor die identiteit van die boodskapper in die perikoop.

³⁵Von Bulmerincq A., *Maleachi*, 369-370.

Hierdie verskil in beklemtoning tussen kultiese reiniging as die werk van die מלאך en etiese verhoudinge as die voorwerp van Jahwe se regsuitoefening versterk die teorie dat kola 34-41 (verse 1b-4) beskou moet word as 'n latere uitbreiding op die oorspronklike perikoop. Daar word in die perikoop geen verband gelê tussen die kultiese reiniging enersyds en etiese verhoudings andersyds nie.³⁶

6.5 Antitese tussen Perikoop D en Perikope B en C

McKenzie en Wallace³⁷ het 'n kontras opgemerk tussen Perikoop D (Mal. 2:17-3:5) enersyds en perikope B (Mal. 1:6-2:9) en perikoop C (Mal. 2:10-16) andersyds. In perikoop D is een van die funksies van die boodskapper om die seuns van Levi te reinig (kolon 38). Die bedoeling van die reiniging word in kola 40-41 aangedui. Hiervolgens sou daar dan weer vir Jahwe 'n offer in geregtigheid gebring kon word en wat dus vir Hom aanneemlik sou wees. Hierdie aanneemlike offers staan in kontras met die swak gehalte offers waarvan daar sprake is in perikope B en C.

7. Die boodskap van Maleagi 2:17-3:5

Ook by hierdie perikoop lewer die onderskeiding van 'n aantal antiteses 'n bydrae tot die verstaan en boodskap van die perikoop.

Die volk vra na die God van die reg omdat, na die waarneming van die volk, dié wat kwaad doen, goed is in die oë van Jahwe.

³⁶Die NAV lê ten onregte 'n verband deur die waw-konsekutief waarmee vers 5 begin, met "dan" te vertaal. Volgens Verhoef (Maleachi, 206) moet die waw-konsekutief met "en" vertaal word of dit kan onvertaald bly.

³⁷McKenzie S.L. en H.N. Wallace, *Covenant Themes in Malachi*, 554.

Teenoor hierdie bevraagtekening van Jahwe staan die versekering dat Jahwe sal kom om reg te laat geskied.

Hy sal as 'n haastige getuie regspreek "teen die wat hulle met toordery ophou, teen die egbrekers en dié wat vals ede aflê, teen dié wat die dagloner te kort doen, die weduwee en weeskind verontreg en die vreemdeling verdring, teen dié wat nie vir My eerbied het nie ..." (N A V). Dit is opvallend dat die regsuitoefening van Jahwe veral gerig is op horisontale menseverhoudinge.

Deur middel van 'n uitbreiding op die oorspronklike perikoop verkry die boodskap van perikoop D (Mal. 2:17-3:5) 'n addisionele dimensie. Jahwe se koms word voorafgegaan deur iemand wat Hy stuur om die pad reg te maak vir Hom. Volgens die redaktor (kola 34-41) kom Jahwe se voorloper - die Here of die Engel van die verbond (kolon 34) na die tempel toe. Niemand sal die dag van sy koms kan deurstaan nie. Die seuns van Levi (d.w.s. die priesters) sal deur hom gelouter en gereinig word sodat hulle in staat kan wees om weer aan Jahwe 'n offer in geregtigheid te bring. Volgens van der Woude slaan die "in geregtigheid" nie op die regte gesindheid waarmee die offerdiens verrig word nie, maar op die korrekte wyse waarop die offers gebring word.³⁸ Wanneer die priesterskap so gelouter en gereinig is deur die werk van die engel, sal die offers wat gebring word weer aangenaam (d.w.s. aanneemlik) wees vir Jahwe.

Wanneer die boodskap van Maleagi 2:17-3:5 globaal beskou word, sou daar gesê kon word dat hierdie perikoop sowel die vertikale verhouding tussen God en mens as die horisontale verhouding van mens tot mens dek met sy beklemtoning van die kultiese en etiese verhoudings onderskeidelik.


³⁸Van der Woude A.S., Maleachi, 133.

Die ondersoek na die antiteses in Maleagi 2:17-3:5 lewer dus opsommenderwys die volgende resultate. Eerstens lewer die afwesigheid van antiteses in kola 34-41 enersyds en die antitese tussen die beklemtoning van die kultiese in kola 34-41 teenoor die beklemtoning van die etiese in kolon 42 andersyds, addisionele getuienis vir die teorie dat kola 34-41 (Maleagi 3:1b-4) 'n uitbreiding is van die oorspronklike perikoop.

Tweedens is dit belangrik vir die boodskap van die perikoop om rekening te hou met die antitese tussen die vraag van die volk en Jahwe se versekering dat Hy kom om reg te laat geskied. Net so lewer die antitese tussen die volk se verwagting van die God van die reg en die optrede van die God van die reg 'n bydrae tot die verstaan van die perikoop.

PERIKOOP E: MALEAGI 3:6-12

1. STRUKTUURANALISE VAN MALEAGI 3:6-12



2. Die strukturele opbou van Maleagi 3:6-12

2.1 Die verbinding van die kola

2.1.1 Motivering vir die verbinding van die subkola

Subkola 43.1 en 43.2 verbind omdat die twee subkola 'n sinonieme parallelisme vorm.¹ Verder noodsaak die waw-kopulatief waarmee subkolon 43.2 begin, die verbinding. Subkola 43.3 en 43.4 verbind deur die waw-kopulatief van subkolon 43.4 asook deur die gemeenskaplike voorkoms van tweede persoon meervoudsuitgange in die twee subkola. Subkola 43.1 - 43.4 verbind nou met mekaar deur die gemeenskaplike tweede persoon meervoudsuitgange en ook die gemeenskaplike eerste persoon enkelvoudsvorme wat in die subkola voorkom.

Subkola 43.5 en 43.6 se verbinding geskied op grond van die waw-kopulatief van subkolon 43.6 en ook omdat die twee subkola 'n chiasme vorm soos onder 2. aangetoon word. Verhoef maak die opmerking dat die kohortatief אשובה met die kopulatiewe waw, afhanklik is van die voorafgaande imperatief.² Subkola 43.5 en 43.6 verbind met subkolon 43.7 deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 43.7 begin, maar ook omdat die drie subkola (43.5, 43.6, 43.7) saam met kolon 43 'n chiasme vorm soos onder 2.2.1 aangetoon word. 'n Ander verbandhoudende kriterium vir die verbinding van subkola 43.5 en 43.6 en 43.7 is die voorkoms van die werkwoordstam שוב wat net in hierdie subkola voorkom.

Subkola 43.1 - 43.4 verbind met subkola 43.5 - 43.7 weens die herhaalde voorkoms van die tweede persoon meervoudsvorme en eerste persoon enkelvoudsvorme in kolon 43.

¹Van der Woude A.S., Maleachi, 138 en ook Verhoef P.A., Maleachi, 215.

²Verhoef P.A., Maleachi, 219.

Kolon 43 is in sy geheel (subkola 44.1 - 44.7) 'n Ich-Rede van Jahwe en daarom verbind al die subkola van kolon 43 met kolon 43.

Subkolon 44.1 verbind met subkolon 44.2. Hierdie verbinding word gemaak op grond van die werkwoordstam קבע wat by beide subkola voorkom. Die verbinding word verder genoodsaak deur die כי waarmee subkolon 44.2 begin en wat in hierdie geval 'n adversatiewe betekenis het.³ Daar is verder ook 'n verband tussen אדם (subkolon 44.1) en אתם (subkolon 44.2) enersyds en אלהים (subkolon 44.1) en אותי (subkolon 44.2) andersyds wat as 'n verdere kriterium dien vir die verbinding van die twee subkola.

As gevolg van die waw-kopulatief van subkolon 44.3 en die voorkoms van die werkwoordstam קבע wat ook by subkola 44.1 en 44.2 voorkom, verbind subkolon 44.3 met subkola 44.1 - 44.2.

Subkola 44.4 bevat nie 'n werkwoord nie. Deur delesie word die werkwoordstam קבע egter veronderstel omdat subkolon 44.4 die antwoord bied op die vraag van subkolon 44.3. Die veronderstelde werkwoordstam קבע en die feit dat subkolon 44.4 'n antwoord bied op die vraag van subkolon 44.3 geld as kriteria vir die verbinding van subkolon 44.4 en subkola 44.1 - 44.3.

Subkolon 44.5 verbind met subkolon 44.6 deur die waw-kopulatief en deur die woord אתם wat by beide subkola voorkom. Subkola 44.5 - 44.6 verbind met subkola 44.1 - 44.4 deur die werkwoordstam קבע wat in subkolon 44.6 voorkom. Hierdie stamvorm kom net in subkola 44.1 - 44.6 voor. Om hierdie rede is subkola 44.5 - 44.6 verbind met subkola 44.1 - 44.4.

³Verhoef P.A., Maleachi, 221.

Subkolon 44.7 verbind met subkolon 44.8. Die jussiefvorm (ויהי in subkolon 44.8) na die imperatief (הביאו in subkolon 44.7) het die funksie om die bedoeling van 'n bepaalde handeling aan te gee.⁴ As verdere kriterium vir die verbinding van subkola 44.7 en 44.8 is die voorkoms van die woord בלת wat by beide subkola voorkom en wat na dieselfde saak (d.i. die tempel) verwys.

Die waw-kopulatief waarmee subkolon 44.9 ingelei word noodsaak die verbinding met subkola 44.7 - 44.8. 'n Verdere kriterium wat gegeld het by die verbinding van subkolon 44.9 met subkolon 44.7 - 44.8 is dat die בזאת van subkolon 44.9 terugverwys na dit wat in die voorafgaande subkola genoem is.

Subkola 44.1 - 44.6 verbind met subkola 44.7 - 44.9. Hierdie verbinding geskied op grond van die heropname van המעשר (subkolon 44.4) in subkolon 44.7.

Weer eens is dié kolon (44) 'n Ich-Rede van Jahwe en verbind al die subkola van kolon 44 met kolon 44.

Die subkola van kolon 45 verbind soos volg: Subkolon 45.3.1 verbind met subkolon 45.3.2. Die twee subkola vertoon 'n opvallende ooreenstemmende opbou. Beide subkola vertoon die opbou van: waw(-kopulatief) + לא + imperfektum + לכם . Omdat die waw waarmee subkolon 45.3.1 open, gevolgaanduidend is, is beide die werkwoorde in subkola 45.3.1 en 45.3.2 as finale sin afhanklik van גערתתי in subkolon 45.3.⁵ Deur die gevolgaanduidende waw waarmee subkolon 45.3.2 begin, verbind subkola 45.3.1 - 45.3.2 met subkolon 45.3. Verder bevat subkolon 45.3 ook die לכם wat by beide subkola 45.3.1 en 45.3.2 voorkom.

⁴Van der Woude A.S., Maleachi, 142.

⁵Verhoef P.A., Maleachi, 233.

Subkola 45.1 en 45.2 verbind met mekaar. Hierdie verbinding word genoodsaak deur die waw-konsekutief waarmee subkolon 45.2 begin. As verdere kriteria het gegeld dat beide subkola se werkwoordsvorme in die eerste persoon enkelvoud is gevolg deur לָכֵן . Let op dat לָכֵן by elke subkolon van kolon 45 voorkom. Renker merk byvoorbeeld op: Auffällig ist das strukturierende lakäm bzw 'ätkäm ('attäm) in jedem Satz ...⁶ Juis hierdie "strukturierende lakäm" asook die waw-kopulatief van subkolon 45.3 maak die verbinding van subkola 45.1 - 45.2 met subkolon 45.3 'n noodsaaklikheid.⁷

Al die subkola van kolon 45 is weer eens in die vorm van 'n Ich-Rede en verbind daarom met kolon 45.

2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola

Kola 44 en 45 verbind weens die noue betrokkenheid tussen die twee kola as gevolg van die אַם לָא waarmee kolon 45 begin. Verhoef sê in hierdie verband: אַם לָא moet in elk geval nie selfstandig, los van "beproof My" tog verklaar word nie.⁸ Hierdie stelling van Verhoef is waar, ongeag die feit of אַם לָא as 'n inleiding tot 'n direkte vraag of as 'n eedformule beskou word.

Kola 44-45 verbind met kolon 46 omdat kolon 46 ingelei word met 'n waw-kopulatief in subkolon 46.1. Kolon 43 verbind met kola 44-46 omdat kolon 43 'n inleiding vorm tot die perikoop as geheel.

⁶Renker A., Die Tora bei Maleachi, 80. Frey H., Das Buch, 172 maak ook melding van die opvallende herhaling van לָכֵן in hierdie subkola.


⁷Die rede waarom subkola 45.1 en 45.2 as deel van kolon 45 beskou moet word en nie van kolon 44 nie, word onder 2.4 gemotiveer.

⁸Verhoef P.A., Maleachi, 231.

2.2 Chiasmes in Maleagi 3:6-12

2.2.1 Chiasme in subkola 43.5 en 43.6


Die chiasme in subkola 43.5 en 43.6 kan soos volg skematies voorgestel word:



Die woord שובו wat 'n imperatief meervoudsvorm is, korrespondeer met אליכם wat eweneens 'n meervoudsvorm is. In die ander been van die chiasme korrespondeer die eerste persoon enkelvoudsvorme (אלי en אשובה onderskeidelik) weer. Hier vind dus 'n omruiling van onderwerp en voorwerp plaas. Subkola 44.5 en 44.6 vorm ook 'n simmetrie deur die parallelle plasing van die woorde שוב + אל.

2.2.2 Chiasme in subkola 43.3 - 43.5

In subkola 43.3 - 43.5 word ook die tipiese a-b-b-a patroon van 'n chiasme gevind. Skematies kan die chiasme so voorgestel word:



Die korresponderende bene in hierdie geval is dus die stamvorm שוב aan die een kant en die stamvorm אמר aan

sinonieme parallelisme te beskou, word bepaal deur die interpretasie van die tweede deel van die parallelisme. Die waw van subkolon 43.2 kan redegewend verklaar word sodat die tweede deel van die parallelisme sou beteken dat die volk (kinders van Jakob subkolon 43.2) nie opgehou het om te bestaan nie, kragtens die onveranderlikheid van Jahwe (subkolon 43.1). Dit is byvoorbeeld die verklaring wat gevolg is by die NAV.

Die konteks weerspreek egter hierdie verklaring. Subkola 43.3 en 43.4 handel oor die onvermoë van die volk om Jahwe se voorskrifte te onderhou. Tereg wys Rudolph daarop dat 'n mens op grond van vers 7a (subkola 43.3 en 43.4) geen trooswoord vir Jakob verwag nie, maar eerder 'n teregwysing.¹³ Vanuit die sinonieme parallelisme verklaar, word daar in subkola 43.1 en 43.2 gesê dat beide Jahwe en Jakob (se nageslag) onveranderlik is. Jahwe is onveranderlik Jahwe en Jakob (se nageslag) hou nie op om Jakob (se nageslag) te wees nie, verwysende in die lig van subkolon 43.3 en 43.4 na die volk se voortdurende onvermoë om Jahwe se voorskrifte te gehoorsaam.¹⁴

¹²Van der Woude A.S., Maleachi, 138. So ook Verhoëf P.A., Maleachi, 215 en Rudolph W., Maleachi, 282. Volgens Baldwin J., Malachi, 245 is hierdie 'n antitetiese parallelisme. Dit moet egter as 'n sinonieme parallelisme verstaan word.

¹³Rudolph W., Maleachi, 281.

¹⁴Vgl. Van der Woude A.S., Maleachi, 138-139; Elliger K., Maleachi, 210; Frey H., Das Buch, 167-168; Cloete W.T.W., Die Verbondsgedagte by die na-eksiliese Profete, 145-146. Fourie L.C.H., Die verbond as sleutel vir Maleagi, 126-127. Volgens Verhoëf P.A., Maleachi, 216 geniet hierdie verklaring ongetwyfeld die meeste steun.

2.3.2 Parallelisme in subkola 44.1 en 44.2

Die sinonieme parallelisme in subkola 44.1 en 44.2 bestaan uit die ooreenstemmende stamvorm קבע ; die ooreenstemming tussen אדם en אתם en die ooreenstemming tussen אלהם en אותי . Dit is van belang om daarop te let dat die tweede deel van hierdie parallelisme ook die woord אתם bevat soos by die parallelisme onder 2.3.1 aangedui.

2.4 Waar begin kolon 45?

Kolon 45 kan begin by wat in die struktuuranalise subkolon 45.3 is en wat saamval met die begin van vers 11. In dié geval sou subkola 45.1 en 45.2 dus by kolon 44 hoort. Die antwoord op die vraag na die begin van kolon 45 word bepaal deur die interpretasie van die אם לא waarmee kolon 45 (dus subkolon 45.1) begin.

Die woorde אם לא kan as inleiding tot 'n direkte vraag of as inleiding tot 'n eedformule beskou word.¹⁵ Omdat beide verklarings 'n moontlikheid is, is dit moeilik om 'n keuse te maak ten opsigte van een van die verklarings. Daar kan egter 'n versigtige voorkeur uitgespreek word ten gunste van die verklaring dat die אם לא -uitdrukking verstaan moet word as 'n eedformule. Subkolon 45.1 - 45.3 word naamlik gekenmerk deur die eerste persoon enkelvoudsvorme van die werkwoord wat telkens voorkom. By kolon 44 ontbreek dit geheel en al. Subkola 45.1 - 45.5 word verder gekenmerk deur לכם wat in elke subkolon (dus vyf keer) van kolon 45 voorkom. Weer eens

¹⁵Vgl. Gesenius' Hebrew Grammar, as edited and enlarged by E. Kautzch, second English edition revised in accordance with the 28th German edition (1909) by A.E., Cowley, Oxford 1910 par 150i en 149b en ook Davidson A.B., An Introductory Hebrew Grammar revised by J. Mauchline, 26th edition Edinburg T & T Clark, 1966, 211. Vgl. ook Van der Woude A.S., Maleachi, 142 en Verhoef P.A., Maleachi, 231.

ontbreek die woord לָכֵן in kolon 44. Op grond van hierdie twee argumente word daar in hierdie studie 'n keuse gemaak vir die standpunt dat die uitdrukking אִם לֹא as 'n inleiding tot 'n eedformule verstaan moet word en dat kolon 45 dus moet begin by ... אִם לֹא.¹⁶ Smith gee ook voorkeur aan hierdie interpretasie. Sy argument is dat die verband tussen subkolon 44.9 en 45.1 verbreek word deur die אמר יהוה צבאות - uitspraak.¹⁷ Indien hierdie interpretasie gevolg word, word kola 44, 45 en 46 afgesluit met אמר יהוה צבאות.

3. Die Gattung van Maleagi 3:6-12

Die perikoop is in sy geheel 'n Ich-Rede van Jahwe. Die inleiding van die perikoop (kolon 43, verse 6 en 7) openbaar trekke van die Scheltwort.¹⁸ Die Scheltrede gaan dan oor in 'n Mahnwort in vers 10a¹⁹ (subkolon 44.7). Horst merk in die verband op: "... das eigentliche Anliegen dieser ganzen Gottesrede ist das ihre Mitte bildende Mahnwort" (10a).²⁰ Hierdie Mahnwort gaan weer in vers 10b - 12 oor in 'n Verheissung (belofte).²¹ Tog is Pfeiffer se gevolgtrekking: "Trotz der drei Gattungen: Scheltwort, Mahnwort und Verheissung ist der

¹⁶Cloete W.T.W., Die verbondsgedagte by die na-eksiliese profete, 150 en Fourie L.C.H., Die verbond as sleutel vir Maleagi, 130 kies ook vir hierdie standpunt.

¹⁷Smith J.M.P., Maleachi, 73.

¹⁸Pfeiffer E., Die Disputationsworte, 562.

¹⁹Ibid.

²⁰Horst F., Maleachi, 273.

²¹Pfeiffer E., Die Disputationsworte, 562.

Charakter des Diskussionswortes auch bei dieser Einheit evident".²²

Ander is dit eens met Pfeiffer se gevolgtrekking. Renker noem Maleagi 3:6-12 byvoorbeeld 'n Diskussionswort.²³ Horst se uitgangspunt is: "Er ist eine Gottesrede, in die aber gleichwohl ein auflockerndes Disputationsschema hineingebracht ist".²⁴ Rudolph se standpunt is ook dat hierdie perikoop 'n "Diskussion" is²⁵ en Elliger praat van die gebruik van die "Disputationsmotiv" in die perikoop, verwysende na verse 7b en 8b (kola 43 en 44 onderskeidelik).²⁶ Die elemente van stelling, navraag en begronding - tipies van die Gattung van die Disputationswort - word gevind in hierdie perikoop.

4. Tradisiekritiek

Die outeur van die boek Maleagi maak in hierdie perikoop - soos by Perikoop A - weer gebruik van die aartsvadertradisie, in besonder die tradisie rondom Jakob.

Die tradisies rondom Jakob vertel van vroue se stryd om Jakob, van die oneervolle manier waarop Jakob optree (die woordspeling tussen יעקב en היקבע in hierdie perikoop is 'n treffende teruggrype hierop). Tog vertel die Jakobtradisie ook van Jahwe

²²Ibid. Waarom gebruik Pfeiffer hier die term Diskussionswort in plaas van Disputationswort soos elders in sy artikel?

²³Renker A., Die Tora bei Maleachi, 79.

²⁴Horst F., Maleachi, 272.

²⁵Rudolph W., Maleachi, 283.

²⁶Elliger K., Maleachi, 209.

se voortdurende handeling met Jakob, want Jakob is bestem om een van die aartsvaders van die volk van Jahwe te word.²⁷

Beide elemente in die Jakobtradisie - die element van Jakob se oneervolle optrede en die element van Jahwe se voortdurende handeling met Jakob ten spyte van sy optrede - word gevind in die perikoop. Kolon 43.1 beklemtoon **Jahwe se onveranderlikheid** in sy optrede teenoor die volk vanaf die tyd van die aartsvaders af - dus van die ontstaanstyd van die volk Israel. Kolon 43.2 en 43.3 beklemtoon weer die **volk se onveranderlikheid**: die volk was onveranderlik ontrou gewees sedert die ontstaanstyd van die volk Israel, ten spyte van Jahwe se voortdurende handelinge met sy volk.

Die outeur gebruik dus die tradisies rondom Jakob om die antitese tussen die onveranderlike God en die onveranderde nageslag van Jakob (vgl. 5.1) te beklemtoon.

5. Antiteses in Maleagi 3:6-12

5.1 Antitese tussen die onveranderlike God en die onveranderde nageslag van Jakob

Hierdie antitese vloei voort uit die interpretasie van die parallelisme in subkola 43.1 en 43.2 soos uiteengesit onder 2.3.1. Die antitese tussen hierdie twee subkola bestaan in die onveranderlikheid van Jahwe teenoor die voortdurende onvermoë van Jakob en sy nageslag om die voorskrifte van Jahwe te onderhou. Beide Jahwe en Jakob is dus onveranderlik: Jahwe is onveranderlik Jahwe en Jakob is onveranderlik ontrou teenoor Jahwe!

Die antitese tussen Jahwe se onveranderlikheid en Jakob se onophoudelike afwyking van sy voorskrifte is deur baie

²⁷Von Rad G., Die Theologie des Alten Testaments, Band I, 179 e.v.

geleerdes raakgesien. Dentan sien byvoorbeeld in hierdie twee subkola (vers 6) 'n kontras tussen die ontrouheid van Israel en die getrouheid van God.²⁸ Van der Woude het ook hierdie antitese opgemerk as hy skryf: "De verandering in gezindheid en houding, die zij bij YHWH menen te moeten aanwijzen ..., had bij hen moeten intreden".²⁹ Verhoef haal vir Pressel aan wat in hierdie twee subkola 'n goddelike ironie uitgesproke sien.³⁰ Frey het ook die antitese goed saamgevat: "Es klingt wie Hohn: in dieser Veränderlichkeit und Unzuverlässigkeit, zur Stetigkeit des Untreue gebracht".³¹ Volgens Elliger lê die antitese daarin dat die volk moes verander van Jakob af, maar dat hulle toe nie verander het nie.³² Dit gaan dus hier om die antitese tussen Jahwe wat nie verander het nie (en die volk se veronderstelde aanklag dat Hy tog verander het) en die volk wat moes verander van Jakob af (en dit toe nie gedoen het nie). Ook Kaiser het die antitese raakgesien: "While Israel had remained fickle and undependable, the living God has never flagged in his decision to choose, bless and love Israel."³³ Volgens Cloete bied vers 6a nog steeds 'n bevestiging van die

²⁸Dentan R.C., Malachi, The Interpreters Bible, New York, Nashville, Abingdon 1956, 1139-1140.

²⁹Van der Woude A.S., Maleachi, 139.

³⁰Verhoef P.A., Maleachi, 216.

³¹Frey H., Das Buch, 168.

³²Elliger K., Maleachi, 210. Vgl. ook Baldwin J., Malachi, 245. Vgl. ook die opmerking van von Bulmerincq A., Maleachi: "Nicht Jahve is ein anderer geworden, aber die Tempelgemeinde ist keine andere geworden in ihrem Verhältnis zur Sünde, von der sie nicht lassen kann", 405.

³³Kaiser W.C., Malachi, 88.

bestendige heilswil van God, egter nie geïllustreer deur middel van die voortbestaan van die Judeërs nie, maar in kontras met hulle voortdurende afkerigheid³⁴ en volgens Fourie teken Maleagi met sy tipies kontrasterende styl die ontrou van Israel teenoor die God van die verbond.³⁵ Daar is dus oorweldigende getuigenis vir die antitese in subkola 43.1 en 43.2.

Sintakties word die antitese verder gesteun deur die ואתם waarmee subkolon 43.2 begin. Hierdie antitese beklemtoon dus aan die een kant Jahwe se onveranderlikheid, maar lê ook aan die ander kant die volk se voortdurende afwyking bloot.

5.2 Antitese tussen vloek en seën

Die antitese tussen vloek en seën word die beste tot uitdrukking gebring deur subkolon 44.5 te vergelyk met subkolon 45.2.³⁶ In subkolon 44.5 word die vloek besonder sterk beklemtoon ("met vloek is julle vervloek" - figura etymologica) en in subkolon 45.2 word 'n belofte van seën eweneens sterk beklemtoon deur middel van die uitdrukking .. ער בלי די . Vloek en seën staan dus hier antiteties teenoor mekaar. Die vloek bestaan blykens die konteks, uit droogte, sprinkane en misoeste (subkola 45.1; 45.3). As aanleiding vir die vloek word die aanhoudende berowing van God in die tiendes en offergawes genoem. Die seën sal bestaan in die wegneem van die droogte, misoeste en sprinkane. Deurdat die seën bestaan in die wegneem van dit wat as vloek ervaar word, word die antitetiese verband tussen vloek en seën in hierdie perikoop duidelik gelê. Tereg merk Fourie in hierdie verband op dat

³⁴Cloete W.T.W., Die Verbondsgedagte by die na-eksiliese profete, 146.

³⁵Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 126.

³⁶Snyman S.D., Die Boodskap van die boek Maleagi, 65.

ברכה (subkolon 45.2) in kontras staan met במארה in vers 9 (subkolon 44.5).³⁷

Die antitese tussen vloek en seën in hierdie perikoop is ook opgemerk deur verskeie ander geleerdes. Beide Rudolph³⁸ en Horst³⁹ maak melding van die vloek wat in seën verander word, terwyl Renker⁴⁰ praat van die "Dialektik Fluch-Segen" in sy behandeling van die perikoop. Volgens Verhoef staan die belofte van seën teenoor die heersende vloek.⁴¹ In hulle ondersoek na verbondstemas in die boek Maleagi maak McKenzie en Wallace spesifiek melding van die antitese onder bespreking: " ... such contrasts of fertility for obedience and barrenness for disobedience are commonly associated with the covenant".⁴² Fourie het in sy ondersoek na die verbond as sleutel vir Maleagi ook melding gemaak van die antitetiese verband tussen vloek en seën in hierdie perikoop. Hy merk op: "Jahwe se verbondseën behels die skenking van reën wat presies die teenoorgestelde is van die verbondsvloek wat Israel ondervind, naamlik 'n geslote hemel of 'n gebrek aan reën".⁴³ Daar is dus uit die relevante literatuur 'n sterk getuienis vir die antitese tussen vloek en seën in hierdie perikoop.

³⁷Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 130.

³⁸Rudolph W., Maleachi, 284.

³⁹Horst F., Maleachi, 284.

⁴⁰Renker A., Die Tora bei Maleachi, 80.

⁴¹Verhoef P.A., Maleachi, 231.

⁴²McKenzie S.L. en H.N. Wallace, Covenant Themes in Malachi, 555.

⁴³Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 130.

5.3 Antitese tussen God en mens

Hierdie antitese word gevind in subkolon 44.1 en subkolon 44.2. Die teenstelling (so Verhoef) is in die algemeen dié van God en mens. Wat normaalweg onmoontlik geag word, naamlik dat 'n mens God beroof, word inderdaad deur die bondsvolk gedoen. Die teenstelling "mens" en "God" word verder gekonkretiseer in die terme "julle" en "my".⁴⁴ Dit gaan dus hier om die klein mens en die groot God wat teenoor mekaar te staan kom.⁴⁵ Hierdie antitese tussen God en mens het al in 'n vorige perikoop van Maleagi ook ter sprake gekom naamlik in perikoop B (Maleagi 1:6-2:9) waar 'n owerheidspersoon gekontrasteer word met Jahwe.

Van der Woude verklaar die woord אלוהים in subkolon 44.1 nie as verwysende na Jahwe nie. Hy vertaal die betrokke gedeelte soos volg: "pleeg een mens een god te beroven?"⁴⁶ Indien subkolon 44.1 so verklaar word tree hier 'n ander antitese na vore wat van der Woude aantoon: wat vereerders van ander gode nie doen nie, geskied juis by die volk van YHWH.⁴⁷ Die antitese wat hier na vore kom is dus nie 'n antitese tussen mens en God nie, dit is eerder 'n antitese tussen ander volke en die volk van Jahwe. Ook hierdie antitese tussen ander (heidense) volke en die volk van Jahwe is 'n antitese wat by perikoop B aangetref word. Heidene bring elders rein offers terwyl die volk van Jahwe onaanvaarbare offers bring.

⁴⁴Verhoef P.A., Maleachi, 221.

⁴⁵Frey H., Das Buch, 169.

⁴⁶Van der Woude A.S., Maleachi, 140.

⁴⁷Ibid., 140.

Die vraag is egter of van der Woude se verklaring van אלוהים in subkolon 44.1 aanvaar moet word. Die onmiddellike konteks pleit daarteen. Die noue betrekking wat die woorde אתם en אתי het in subkolon 44.3 אדם en אלוהים in subkolon 44.2 toon aan dat met אלוהים nouliks iemand anders verstaan kan word as Jahwe.

Die antitese tussen God en mens in subkolon 44.1 word skerp in fokus gestel deur die plasing van die woorde אדם en אלוהים langs mekaar in die Hebreeuse teks.

5.4 Antitese tussen סרתם (subkolon 43.3) en שוב (subkola 43.5-43.7)

Verhoef het die aandag gevestig op die antitese wat daar bestaan tussen סרתם in subkolon 43.3 en שוב in subkola 43.5 - 43.7. Die volk moet nou die teenoorgestelde doen van wat hulle tot dusver gedoen het: in plaas daarvan dat hulle hulleself afwend (סור) van God, moet hulle hulleself na God toe wend.⁴⁸ Volgens Fourie is שוב in 3:7 (subkolon 43.5) presies die teenoorgestelde van סור - om jou van God af te keer - in subkolon 43.3.⁴⁹

Die antitese bestaan dus in die volk se afkeer van (die voorskrifte van) Jahwe en Jahwe se oproep tot 'n toekeer na Hom toe.

5.5 Antitese tussen קבע (berooft) en בוא (bring)

Verhoef wys op 'n antitese of teenstelling tussen קבע (berooft) en vers 10 wat hy ongelukkig nie nader uitwerk nie. In sy eksegese van vers 8 (subkola 44.1 - 44.4) meld Verhoef dat die

⁴⁸Verhoef P.A., Maleachi, 219.

⁴⁹Fourie L.C.H., Die Verbond as sleutel vir Maleagi, 127.

betekenis van קבע vasgestel moet word deur die teenstelling in vers 10.⁵⁰ In sy eksegeese van vers 10 (subkola 44.7 - 44.9 en 44.1 - 44.2) meld hy egter niks weer van die teenstelling nie. Skrywer hiervan veronderstel dat die teenstelling gesoek moet word in die teenstelling tussen קבע en בוא . Die teenstelling of antitese sou dan bestaan tussen die berowing van God en die bring van die volle tiende na die tempel. Teenoor die volk wat Jahwe beroof, staan die oproep om die volle tiende na die tempel toe te bring.

6. Die boodskap van Maleagi 3:6-12

Die perikoop open met 'n afirmatiewe כי⁵¹ waardeur daar bevestig word dat Jahwe nie verander het nie. Ironies word gesê dat Jakob se nageslag ook nie "verander" het nie. Deur middel van 'n antitese bring die profeet die boodskap van Jahwe se voortdurende getrouheid teenoor die volk se geslagte lange ontrou tuis. Beide hierdie elemente word in die res van kolon 43 nader gepresiseer. Subkola 43.2 en 43.3 beskryf die volk se afwyking van Jahwe se voorskrifte en hulle onvermoë om die voorskrifte te onderhou sedert die dae van hulle vaders. Daarteenoor word Jahwe se voortdurende getrouheid en onveranderlikheid nader omskryf in sy oproep tot terugkeer na Hom toe in subkola 43.5 - 43.7. Die inhoud van die boodskap van kolon 43 vertoon chiasiese trekke:

- A. Jahwe se onveranderlikheid word beskryf - subkolon 43.1.
- B. Jakob en sy nageslag se onophoudelike sonde - subkolon 43.2.
- B. Sedert die dae van die vaders is daar 'n onvermoë om Jahwe se voorskrifte te onderhou - subkola 43.3 - 43.4.

⁵⁰Verhoef P.A., Maleachi, 220.

⁵¹Van der Woude A.S., Maleachi, 139.

A. Jahwe se getrouheid en onveranderlikheid blyk uit sy oproep tot terugkeer na Hom toe - subkōla 43.5 - 43.7.

Die volk beroof Jahwe van sy aanspraak op die tiende⁵² en die offergawe deurdat hulle blykens subkolon 44.7 nie die volle of hele tiende na die tempel toe bring nie. Dit is ondenkbaar dat die volk dit sou waag om vir Jahwe te probeer beroof. Tog doen hulle dit. Indien die volk egter die volle tiende na die tempel toe bring, kan die volk Jahwe maar toets/beproof (בחן), Hy sal die vloek waarmee hulle vervloek is (subkolon 44.5) verander in 'n seën wat oorvloedig sal wees (subkolon 45.2) en wat sal bestaan in 'n goeie reën, 'n afweer van 'n plaag sprinkane en die versekering van 'n goeie oes (subkōla 45.3 - 45.5). Die seën wat hier beskryf word, staan in 'n duidelike kontras met die vloek waarvan daar sprake is in subkolon 44.5.

Die gevolg van die vloek wat in seën verander is, word in kolon 46 beskryf. Al die nasies sal die nageslag van Jakob as gelukkig beskou want hulle sal in 'n begeerlike land woon.


Die ondersoek na antiteses in die boek Maleagi het ook wat hierdie perikoop betref 'n hele aantal antiteses opgelewer wat 'n bydrae maak tot die beter verstaan van die boodskap van die perikoop.

⁵²Vir 'n resente oorsig oor die tiendes in die Ou Testament vlg. Jagersma H., *The Tithes in the Old Testament*, in Remembering all the way ... Oudtestamentiese Studiën, Deel XXI uitgegee deur A.S. van der Woude, Leiden E.J. Brill, 1981, 116 e.v.

PERIKOOP F: MALEAGI 3:13-21

1. STRUKTUURANALISE VAN MALEAGI 3:13-21

¹³חזקו עלי דכריכם
 אמר יהוה
 ואמרתם מה נדברנו עליך:
¹⁴אמרתם
 שוא עבד אלהים
 ומה בצע כי שמרנו משמרתו
 וכי הלכנו קדרנית מפני יהוה צבאות:
¹⁵ועתה אנחנו מאשרים זדים
 גם נבנו עשי רשעה
 גם בחנו אלהים
 וימלטו:
¹⁶אז נדברו לראי יהוה איש את־רעהו
 ויקשב יהוה
 וישמע
 ויכתב ספר זכרון לפניו ליראי יהוה
 ולחשבי שמו



17 והיו לי
 אמר יהוה צבאות ליום אשר אני עשה סגלה
 וחמלתי עליהם כאשר יחמל איש על בנו העבד
 אתו:


18 ושבתם
 וראיתם בין צדיק לרשע בין עבד אלהים
 לאשר לא עבדו:

19 כי הנה היום בא בער כתנור
 והיו כל-זדים וכל-עשה רשעה קש
 ולהט אתם היום הבא
 אמר יהוה צבאות אשר לא יעזב להם שרש
 וענף:

20 וזרחה לכם יראי שמי שמש צדקה ומרפא
 בכנפיה

ויצאתם
 ופשתם כעגלי מרבק:
 21 ועסיתם רשעים כי יהיו אפר תחת כפות
 רגליכם ביום אשר אני
 עשה

אמר יהוה צבאות:



2. Die strukturele opbou van Maleagi 3:13-21

2.1 Die verbinding van die kola

2.1.1 Motivering vir die verbinding van die subkola

Subkolon 47.1 verbind met subkolon 47.2 deur die antitetiese waw-kopulatief waarmee subkolon 47.2 begin. Soos onder 2.2 aangetoon, vertoon kolon 47 'n chiasme wat dus die verbinding verder versterk.

Subkolon 48.1 verbind met subkolon 48.2 deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 48.2 begin en wat 'n retoriese vraag inlei om die tevergeefsheid van godsdiens (subkolon 48.1) te beklemtoon.

Subkolon 48.6 verbind met subkolon 48.5 deur die waw-konsekutief waarmee subkolon 48.6 begin. Subkolon 48.4 verbind met subkola 48.5 en 48.6 as gevolg van die emfatiese partikel גם waarmee beide subkolon 48.4 en subkolon 48.5 ingelei word. Subkolon 48.3 verbind met subkola 48.4 - 48.6 omdat die subjek in die subkola dieselfde is.

Deur middel van die ועתה waarmee subkolon 48.3 ingelei word, word 'n onderskeid gemaak met betrekking tot die voorafgaande subkola. Hierdie onderskeid word verder bevestig deur die subjek van onderskeidelik subkola 48.1 - 48.2 en 48.3 - 48.6 met mekaar te vergelyk. Subkola 48.1 - 48.2 word gekenmerk deur die suffikse van die eerste persoon meervoudsuitgang. Subkola 48.3 - 48.6 word weer gekenmerk deur die derde persoon meervoudsuffikse.

Subkola 48.1 - 48.2 verbind met subkola 48.3 - 48.6 deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 48.3 begin. Al die verskillende subkola (48.1 - 48.6) verbind dan met kolon 48 omdat kolon 48 die direkte rede inlui.

Die verbinding van die subkola van kolon 53 is soos volg: subkolon 53.1 strek vanaf וְהָיוּ tot en met סִגְלָה . Dit geskied op grond van die ongewone plasing van die woord סִגְלָה aan die einde van die relatiewe sin in subkolon 53.2. 'n Mens sou verwag dat סִגְלָה sou volg op die woord לִי in subkolon 53.1.

Subkolon 53.2 verbind met subkolon 53.1 deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 53.2 mee begin. Hierdie verbinding van subkola 53.1 - 53.2 word versterk deur die herhaalde voorkoms van die eerste persoon enkelvoud wat voorkom in al drie die subkola.

Subkola 53.3 en 53.4 verbind met mekaar. Beide van der Woude¹ en Verhoef² is dit eens dat שׁוּב hier 'n adverbiale funksie het. Beide subkola se werkwoorde bevat die suffikse van die tweede persoon meervoudsuitgang. Hierdie twee subkola word verder ook deur die waw-kopulatief aan mekaar verbind.

Subkola 53.3 - 53.4 verbind met subkola 53.1 - 53.2 deur die waw-kopulatief van subkolon 53.3. Subkola 53.1 - 53.4 verbind dan met kolon 53 wat die direkte rede inlui.

Die subkola van kolon 54 verbind soos volg: Subkola 54.2 en 54.3 verbind deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 54.3 begin. Die subjek van beide die twee subkola is ook dieselfde. Subkolon 54.1 en 54.2 - 54.3 verbind deur die waw-kopulatief van subkolon 54.2. Die uitdrukking הַיּוֹם בָּא in subkolon 54.1 word met 'n klein wysiging in subkolon 54.3 herhaal הַיּוֹם הַבֵּא . Dit versterk die verbinding van die subkola van kolon 54 verder. Kolon 54 word gekenmerk deur 'n verskeidenheid woorde wat in semotaktiese verband met mekaar staan בֵּעֵר (brandend), כְּתוּבָה (soos 'n oond), קֵשׁ (Stoppel/strooi/kaf), לֵהֵט (om aan die

¹Van der Woude A.S., Ma'leachi, 152

²Verhoef P.A., Ma'leachi, 252.

brand te steek), שרש (wortel), ענף (tak). Die voorkoms van die woorde in semotaktiese verband versterk die verbinding van die subkola van die kolon.

Die subkola 54.1 - 54.3 verbind met kolon 54 wat die direkte rede inlei.

Die subkola van kolon 55 verbind soos volg: subkola 55.2 en 55.3 verbind deur die waw-kopulatief waarmee subkolon 55.3 begin. Hierdie verbinding word versterk deur die tweede persoon meervoudsvorm wat beide werkwoorde in die twee subkola kenmerk. Subkolon 55.2 vorm deel van die vergelyking in subkolon 55.3.

Subkolon 55.4 verbind met subkola 55.2 - 55.3 deur die waw-kopulatief (’n antitetiese waw) en ook as gevolg van die tweede persoon meervoudsuffikse wat by subkola 55.2 - 55.4 voorkom.

Deur middel van die waw-kopulatief waarmee subkola 55.2 begin, verbind die subkola met subkolon 55.1.

Die verskillende subkola van kolon 55 verbind dan met kolon 55 wat die kenmerkende אמר יהוה צבאות -formule bevat.

2.1.2 Motivering vir die verbinding van die kola

Kolon 49 verbind met kola 50-52 deur die waw-konsekutief waarmee kola 50, 51 en 52 mee begin. Die verbinding van die kola word verder versterk deur die uitdrukking יראי יהוה wat net in kolon 49 en in kolon 52 as ליראי יהוה voorkom.³ Kola 50-52 word verder gekenmerk deur die voorkoms van die derde persoon enkelvoudsvorme.

³In kolon 55.1 word die uitdrukking יראי שמי gevind wat identies is in betekenis met יראי יהוה

Kola 54 en 55 verbind met mekaar deur middel van die adversatiewe waw⁴ waarmee kolon 55 ingelei word. In hierdie twee kola word die lot van die goddeloses (kolon 54) en regverdiges (kolon 55) onderskeidelik geskets.

Kolon 53 verbind met kola 54-55 deur die bevestigende ki gevolg deur die uitroep הנה . Kola 53-55 onderskei hulleself in hierdie perikoop omdat hulle die enigste kola is wat die אמר יהוה עבאות -formule bevat. Hierdie feit versterk die verbinding van kola 53-55.

Kola 49-52 verbind met 53-55. Hierdie verbinding geskied op grond van die waw-asseverativum⁵ waarmee kolon 53 begin. Die verbinding word verder versterk deur die היו (subkolon 53.1) en סגלה wat terug verwys na die יראי יהוה van kola 59 en 52.

Kolon 48 verbind met kola 49-55. Hierdie verbinding geskied uit hoofde van die antitetiese opbou van die perikoop as geheel. In kolon 48 word die regverdiges en goddeloses gekontrasteer. Hierdie antitese word in die res van die perikoop verder uitgebou. Die motief van dié wat God dien en dié wat Hom nie dien nie wat in kolon 48 voorkom, word weer in kola 53 (53.4-53.5) herhaal.

Kolon 47 verbind met kola 48-55 omdat kolon 47 die inleiding tot die perikoop vorm. Die "swaar woorde" van kolon 47.1 word in kolon 48 gepresiseer.


⁴So Van der Woude A.S., Maleachi, 153 en Verhoef P.A., Maleachi, 256.

⁵Van der Woude A.S., Maleachi, 151.

2.2 Chiasmes in Maleagi 3:13-21

2.2.1 Chiasme in kolon 47


Perikoop F open met 'n chiasme in die eerste kolon van die perikoop. Die chiasme bestaan uit die woorde **דבריכם** in kolon 47.1 en **נדברנו** in kolon 47.2 wat die een been van die chiasme vorm en **אמר** in kolon 47 en **ואמרתם** in kolon 47.2 wat die ander been van die chiasme vorm. Skematies kan die chiasme so voorgestel word:



Struktureel gesproke kom hierdie chiasme ooreen met die eerste chiasme in die boek in kolon 1.

2.2.2 Chiasme in subkola 55.4

In hierdie chiasme is die korresponderende bene van die chiasme soos volg: **ועסותם** korrespondeer met **רשעים** en **אפר תחת כפות רגליכם** korrespondeer met **כי יהיו**. Skematies kan die chiasme so voorgestel word.



Dit is ook merkwaardig dat die perikoop open met 'n chiasme en ook afsluit met 'n chiasme. Hierdie twee chiasmes aan die begin en einde van die perikoop/kolongroep is dan ook 'n addisionele argument vir die afbakening van die perikoop.

2.3 Die simmetriese opbou van die perikoop

Die perikoop vertoon 'n treffende simmetriese opbou. In kolon 48 word die regverdige gekontrasteer met die goddeloses (vgl. die struktuuranalise). Kolon 48 presiseer die tema van die perikoop nadat die tema vaagweg aangedui is in kolon 47 met die "swaar" of "vermete" woorde. Let op dat die volgorde van die aktante (regverdige en goddeloses) wat in kolon 48 gekontrasteer word, die volgorde van regverdige : goddeloses volg. Die perikoop sluit af met 'n kontrastering van regverdige en goddeloses in kola 54 en 55. Hier is die volgorde andersom. Die lot van die goddeloses word beskryf in kolon 54 gevolg deur 'n beskrywing van die lot van die regverdige in kolon 55.

Die simmetriese opbou van die perikoop kan uit die bostaande argumentasie soos volg voorgestel word:

A = Regverdige (48.1-48.2)

B = Goddeloses (48.3-48.6)

A = Regverdige (49-52)

A = Regverdige (53)

B = Goddeloses (54)

A = Regverdige (55)

2.4 Die voorkoms van die אמר יהוה צבאות -formule

Hierdie formule, wat kenmerkend is van die boek Maleagi, ontbreek by kola 48-52 en word dus slegs gevind in kola 53, 54 en 56.⁶ Hierdie voorkoms van die formule het gedien as 'n

⁶Die uitdrukking אמר יהוה צבאות kom voor in kolon 47.

belangrike kriterium vir die afbakening van die kola in die perikoop.

Struktureel gesproke is daar ook 'n ooreenkoms met perikoop C waar hierdie formule ook aan die einde van die perikoop voorkom.

2.5 Inclusio in kola 53-55

Hayes en Holladay definieer inclusio soos volg: "This (d.i. inclusio - S.D.S) refers to the practice of restating or paraphrasing the opening or leading idea or phrase at the conclusion in order to reemphasize the point being made or the position being advocated".⁷ Kola 53-55 vorm 'n inclusio.

Daar is alreeds gewys op die feit dat kola 53, 54 en 55 die enigste kola in die perikoop is wat die אמר יהוה צבאות -formule bevat. Hierdie feit, gesien ook in die lig van die voorafgaande kola 49-52, plaas kola 53-55 in 'n besondere en afgesonderde posisie in die struktuur van die perikoop.

Kolon 53 handel oor die regverdiges, kolon 54 handel oor die goddeloses en hulle uiteindelijke lot gevolg deur kolon 55 wat handel oor die regverdiges en hulle uiteindelijke lot. Skematies voorgestel, vertoon kola 53 - 55 die volgende patroon wat tipies van 'n inclusio is:

- A - Regverdiges
- B - Goddeloses
- A - Regverdiges

Die voorkoms van 'n inclusio word verder versterk deur die uitdrukking: ליום אשר אני עשה wat in kolon 53 voorkom en dan weer aan die einde van kolon 55 herhaal word. Deur middel van die voorkoms van die uitdrukking aan die begin van kolon 53

⁷ Hayes J.H., en Holladay C.R., Biblical Exegesis, 73.

en weer aan die einde van kolon 55 word kola 53-55 heg aan mekaar verbind.

Hierdie verbinding van kola 53-55 (verse 17-21 in BHK en BHS) verskil van die tradisionele indeling van eenhede waaruit die perikoop opgebou is. Botterweck⁸ en Verhoef⁹ verdeel Maleagi 3:13-21 in drie gedeeltes bestaande uit 3:13-15 (kola 47-48); 3:16-18 (kola 49-53) en 3:19-21 (kola 54 en 55).¹⁰

Volgens die struktuuranalise sou die perikoop eerder verdeel kon word in 'n inleidende gedeelte (kola 47 en 48; verse 13-15), gevolg deur 'n gedeelte wat handel oor die posisie van die regverdige (kola 49-52; vers 16) en laastens 'n gedeelte in die vorm van 'n inclusio wat die onderskeie lotgevalle van die regverdiges en goddeloses kontrasteer (kola 53-55; verse 17-21).

Renker¹¹ het binne kolon 54 ook 'n inclusio opgemerk. Hierdie inclusio word naamlik gevind in die uitdrukking היום בא in kolon 54.1 wat weer herhaal word in kolon 54.3 as היום הבא. Renker noem die inclusio selfs 'n "geliefde (styl)figuur" by Maleagi.¹²

⁸Botterweck G.J., Die Sonne der Gerechtigkeit am Tage Jahwes, Auslegung von Mal. 3:13-21, Bibel und Leben Vol I, 1960, 253-260.

⁹Verhoef P.A., Maleachi, 239. Vgl. ook Braun R., Malachi - A Catechism for Times of Disappointment, 302.

¹⁰Staan hierdie indeling onder invloed van die LXX wat by 3:19 'n nuwe hoofstuk laat begin? Baie vertalings volg die LXX hier, sodat Maleagi 3:19, Maleagi 4:1 word.

¹¹Renker A., Die Tora bei Maleachi, 83.

¹²Ibid., 83.

2.6 Die voorkoms van vergelykings in Maleagi 3:13-21

Renker¹³ merk op dat die outeur in Maleagi 3:13-21 opvallend dikwels gebruik maak van vergelykings. Die volgende vergelykings word aangetref:

2.5.1 Kolon 53.3 (Mal. 3:17b) ... "soos wanneer 'n man medelye het met sy seun wat hom dien".

2.5.2 Kolon 53.5 (Mal. 3:18) ... "tussen die regverdiges en goddeloses" ... "tussen die wat God dien en Hom nie dien nie".

2.5.3 Kolon 54.1 (Mal. 3:19) ... "brandend soos 'n oond".

2.5.4 Kolon 55.4 (Mal. 3:20) ... "soos kalwers uit die stal".

Let op dat die vergelykings almal voorkom in die laaste gedeelte van die perikoop. Dit bied dus 'n addisionele argument vir die teorie dat kola 53-55 as 'n eenheid beskou moet word.

3. Die Gattung van Maleagi 3:13-21

Oor die vasstelling van die Gattung van Maleagi 3:13-21 is daar nie eenstemmigheid onder geleerdes nie. Volgens Elliger loop verskillende Gattungen in mekaar oor sodat die perikoop deels as Gottesrede, deels as profeterede, deels as "Anrede an die Gottesfurchtigen" en deels as berig oor die Godvresendes verstaan moet word.¹⁴ Chary onderskei ook vier verskillende Gattungen: discussions = Eroffnungs - oder Disputationsschema, VV 13-15; paroles du prophete = Prophetenbericht über die Frommen und über himmlische Vorgänge, V16; discours de Dieu =

¹³Ibid., 82.

¹⁴Elliger K., Maleachi, 213.

Gottesrede, V17f., und annonce du jugement = Verheissung vom kommenden Tag = Anrede an die Gottesfürchtigen ...¹⁵ Volgens Botterweck bestaan die perikoop uit 'n Schelte (3:13-15; kola 47-48), 'n Prophetenbericht (3:16-18; kola 49-53) en 'n Gottesrede (3:19-21; kola 54-55).¹⁶

Pfeiffer is dit in hoofsaak eens met Botterweck in sy ondersoek na die Gattung van die boek Maleagi. Volgens Pfeiffer is 3:13-15; kola 47 en 48 'n Scheltrede gevolg deur 'n Prophetenbericht in 3:16-21 (kola 49-55). Tog is die perikoop as geheel vir Pfeiffer 'n Disputationswort.¹⁷ Pfeiffer haal ter ondersteuning van sy konklusie Haller instemmend aan as Haller sê: "Merkwürdig bleibt schliesslich, dass Maleachi seinen besonderen Disputationsstil in Ganzen beibehält, auch wo er das Gericht verkündigt".¹⁸

Hierdie perikoop vertoon die tipiese dispuutstyl (vgl. bv. kolon 47) wat in die res van die boek ook gevind word en daarom moet die Gattung van die perikoop as geheel gekarakteriseer word as 'n Disputationswort. Dit vertoon ook die tipiese kenmerke van die Gattung van die Disputationswort, naamlik stelling (kolon 47), kort navraag (kolon 48) en begroning (kolon 49 e.v.).

¹⁵Chary Th., *Aggée-Zacharie, Malachie (Sources Bibliques)* Parys 1969, 271, aangehaal by Renker A., Dei Tora bei Maleachi, 82.

¹⁶Botterweck G.J., *Die Sonne der Gerechtigkeit ...*, 253-254.

¹⁷Pfeiffer E., *Die Disputationsworte ...*, 564.

¹⁸Haller M., Das Judentum, 1914, 117 aangehaal by Pfeiffer E., *Die Disputationsworte*, 564.

4. Tradisiekritiek

Die motief van die Dag van die Here vorm 'n belangrike element in perikoop F en moet daarom aandag kry.

Die Dag van die Here¹⁹ in hierdie perikoop word, as 'n toekomstige gebeurtenis in die vooruitsig gestel.²⁰ Die Dag van die Here word verder nie as 'n universele gebeurtenis geskets nie. Die fokus val op die gemeenskap van Israel, die lot van ander volke kom nie hier in die blikveld van die profeet nie.

Die begrip Dag van die Here word ook nie eksklusief as òf heil òf onheil geteken nie. Beide aspekte van heil en onheil sal teenwoordig wees wanneer die Dag van die Here aanbreek. Vir die goddeloses in die gemeenskap hou die Dag van die Here totale vernietiging in. Beelde soos die Dag wat sal brand soos 'n oond, kaf wat verbrand sal word, 'n uitroei met wortel en tak dui op die totale vernietiging van die goddeloses. Die Dag hou egter heil in vir die regverdiges. Omdat hulle die besondere eiendom van Jahwe is, kan hulle reken op sy bewaring en beskerming by die aanbreek van die Dag. Vir die regverdiges hou die Dag geen verskrikking in nie. Met beelde soos die son onder wie se strale daar genesing is en kalwers wat huppel in die veld word die vreugde van die regverdiges by die Dag van die Here geskets.

Die vreugde van die regverdiges by die Dag van die Here staan antities teenoor hulle skeptiese vrae oor die sin en betekenis

¹⁹ Daar bestaan uitgebreide studies oor die begrip Dag van die Here in die Ou Testament. Vgl. Prinsloo W.S., The Theology of the Book Joel, BZAW, Walter de Gruyter, Berlin, 1985, vir 'n uitvoerige bibliografie.

²⁰ Ander gedeeltes in die Ou Testament sien die Dag van die Here as 'n gebeurtenis in die verlede of as 'n onmiddellike voorhande gebeurtenis.

van om Jahwe te bly dien. Die vernietiging van die goddeloses by die Dag van die Here staan weer antities teenoor hulle optrede in die huidige situasie waar hulle God selfs uitdaag en vry kom. Everson praat in die verband van 'n patroon van "dramatic reversal" by die aanbreek van die Dag van die Here.²¹

Die begrip Dag van die Here word in hierdie perikoop dus beskryf met behulp van antitieses. Die huidige situasie word teenoor die toekomstige Dag van die Here gestel, die posisie van die regverdiges word teenoor die posisie van die goddeloses gestel en heil en onheil word ook antities teenoor mekaar gestel.

Opsommenderwys kan die bydrae van hierdie perikoop tot die begrip Dag van die Here soos volg saamgevat word:

1. Die begrip Dag van die Here is 'n gebeurtenis wat in die toekoms in die vooruitsig gestel word.
2. Die lot van die gemeenskap van Israel word beskryf.
3. Die Dag van die Here beteken heil (vir die regverdiges) én onheil (vir die goddeloses) vir Israel.
4. Die Dag van die Here bring 'n omruiling van rolle te weeg tussen die regverdiges en die goddeloses.

²¹Everson A.J., The Day of Yahweh as historical event: A study of the historical and theological purposes for the employment of the concept in the classical prophets of the Old Testament, Th. D. dissertasie, Union Theological Seminary, Richmond, Virginia, V.S.A., 1969, 168.

5. Die Dag van die Here word in antitetiese terme beskryf.

Wanneer perikope D en F se uitsprake oor die Dag van die Here vergelyk word, is daar opvallende ooreenkomste en verskille tussen die twee perikope.

Die volgende ooreenkomste val op tussen die twee perikope: In beide perikope word die Dag van die Here met behulp van beelde beskryf. In perikope D word onder andere die beeld van vuur en seep gebruik. In perikope F word onder andere die beeld van 'n brandende oond en die strale van die son gebruik. 'n Verdere ooreenkoms tussen perikope D en F is dat by beide perikope die Dag van die Here as 'n toekomstige gebeurtenis in die vooruitsig gestel word.

Die verskille tussen die twee perikope is egter belangriker as die ooreenkomste. Die belangrikste verskil tussen die twee perikope is dat die Engel van die Verbond wat so 'n belangrike rol speel in perikope D, glad nie voorkom in perikope F nie. Die tweede opmerklige verskil, wat saamhang met die bogenoemde verskil, is dat perikope F geen kultiese beklemtoning bevat soos wat in perikope D die geval is nie. 'n Laaste opmerklige verskil tussen perikope D en F is dat die Dag van die Here by perikope F in antitetiese terme beskryf word, terwyl antitieses ontbreek in perikope D in die deel wat handel oor die Dag van die Here.

Die begrip Dag van die Here kom ook voor by perikope G. In teenstelling tot perikope D, kry die voorloper tot die koms van Jahwe nou 'n naam: Elia. Die voorloper se taak word ook uitgebrei om die hele Israel in te sluit en nie net die priesters nie. Elia het 'n versoenende taak om te vervul: die hart van die vaders moet teruggebring word tot die kinders, en die hart van die kinders moet teruggebring word tot hulle vaders.

5. Antiteses in Maleagi 3:13-21

5.1 Antitese in kolon 47

Die antitese in kolon 47 lê in dit wat Jahwe sê (subkolon 47.1) en die volk se bevraagtekening van Jahwe se woord (subkolon 47.2). Soos aangetoon in 2.2.1 vorm die kolon 'n chiasme. Deur middel van 'n stilistiese verskynsel, naamlik 'n chiasme word die antitese tussen die woorde van Jahwe en die antwoord van die volk treffend aangetoon.

5.2 Antitese in kolon 48

In kolon 48 word die sentrale tema van die kolongroep nader aangedui en gepresiseer. Dit handel oor die kontras tussen diegene wat God dien (subkola 48.1 - 48.2) en die vermeteles wat Hom nie dien nie (subkola 48.3 - 48.6). Hierdie antitese word verskerp deur die woord וַתַּהַרְמֵם waarmee subkolon 48.3 ingelei word.

Die antitese bestaan daarin dat daar van die regverdiges gesê word dat hulle God dien (subkolon 48.1), hulle bewaar sy bevels (subkolon 48.2) en hulle loop in rouklere rond (subkolon 48.2). Daarteenoor staan die goddeloses. Hulle doen goddeloosheid (subkolon 48.4) en hulle daag God uit (subkolon 48.5), sodat die oormoediges eintlik gelukkig geprys kan word.

Deur middel van die gebruik van die emfatiese ׀²² in subkola 48.4 en 48.5 word die antitese tussen die regverdiges en goddeloses verder geaksentueer.

²²In sy artikel "The emphasizing particle gam and its connotations" sê Labuschagne dat die primêre funksie van die partikel dié van beklemtoning is en sekondêr dié van toevoeging. Vgl. Labuschagne C.J. in: Studia Biblica et Semitica, Festschrift vir Th.C. Vriezen H., Veenman en Zonen, N.V. Wageningen, 1966, 193-204.

Ander geleerdes het ook hierdie teenstelling in kolon 48 opgemerk. Van der Woude praat byvoorbeeld van die "keersy" van die klag van die vromes om daarmee die antitetiese verband met die voorafgaande tot uitdrukking te laat kom.²³ Verhoef stel dit nog skerper as hy sê dat die profesie van Maleagi toegespits is op 'n teenstelling in die bondsvolk self.²⁴

5.3 Antitese in kolon 48.3 - 48.6

Kolon 48 kontrasteer die regverdiges met die goddeloses soos aangetoon hierbo. Binne subkola 48.3 - 48.6 is daar egter ook 'n paar antiteses wat aangetoon moet word. Hierdie subkola van kolon 48 vertoon ook drie antiteses.

Vermeteles (arrogantes, oormoediges) זדים word geprys as gelukkig. Die antitese lê daarin dat die זדים normaalweg nie as gelukkig geprys word nie.

Die tweede antitese lê daarin dat goddeloses gebou word. Goddeloses word normaalweg nie gebou nie maar is die voorwerp van Jahwe se toorn en word daarom vernietig in plaas van gebou.

Die derde antitese lê daarin dat God selfs versoek word deur die goddelose en dat hulle nie as gevolg daarvan omkom nie, maar juis ontkom.

Die antitese binne kolon 48.3 - 48.6 lê dus in die onverwagte lot van die goddeloses. Teen die verwagting in en in teenstelling met wat normaalweg verwag word van die lot van goddeloses, word hier die goddeloses gelukkig geprys, word hulle gebou in plaas van gebreek, versoek hulle God en ontkom sonder dat straf en onheil hulle tref.

²³Van der Woude A.S., Maleachi, 148 en 149.

²⁴Verhoef P.A., Maleachi, 246.

5.4 Antitese tussen kola 53, 54 en 55

In hierdie twee kola word die antitese wat alreeds in kolon 48 aangedui is, nader gepresiseer.

Hierdie twee kola kontrasteer die regverdiges en die goddeloses op "die dag wat Ek skeep" (vgl. subkola 53.2 en 54.3).

Die regverdiges (oftewel die wat die Here vrees - vgl. kolon 49) is vir Jahwe 'n סגלה . Die woord dui eiendom wat persoonlik verwerf is en wat sorgvuldig bewaar word, aan.²⁵ Die woord is 'n verbondsterm²⁶ wat in Maleagi 3:17 dit wil sê dat die regverdiges vir Jahwe 'n besondere eiendom is en dat hulle dus in 'n verbondsverhouding met Jahwe staan. Verhoef merk op: Die verheffing van Israel tot סגלה van Jahwe is 'n wesenlike deel van die Sinaïetiese verbond.²⁷

Deur middel van 'n vergelyking van vader en seun word die verbondsverhouding tussen Jahwe en die regverdiges verder aangedui. Wie 'n "seun" van die "vader" is, sal nie in die oordeel getref word nie. Om Jahwe te dien (vgl. kolon 48.1), is dus nie nutteloos nie, hulle wat Jahwe dien, kan reken daarop dat Jahwe aan hulle goed sal doen.

Teenoor dié wat 'n besondere eiendom van Jahwe is en wat kan reken op sy bewaring en beskerming op die dag wat kom (kolon 53), staan die goddeloses vir wie die dag 'n dag van oordeel en gerig gaan wees. Vir die vermeteles (let op die verband met kolon 48!) en die doeners van goddeloosheid sal die dag brand soos 'n oond (kolon 54.1). Hulle sal in die dag 'n

²⁵Van der Woude A.S., Maleachi, 151.

²⁶McKenzie S.L. en H.N. Wallace, Covenant Themes in Malachi, 561.

²⁷Verhoef P.A., Maleachi, 250.

שק (stoppel, strooi, kaf) wees wat dus nie teen vuur bestand is nie. Vir die goddelose sal daar in die dag van oordeel geen bestaansmoontlikheid meer wees nie.²⁸ In 'n nuwe beeld word die volledige vernietiging van die goddelose aangedui as daar gesê word dat hulle met wortel en tak uitgeroei sal word.²⁹

Kolon 55 stel weer die lot van die regverdiges antities met dié van die goddeloses van kolon 54. Kolon 55 skets die lot van die regverdiges met behulp van drie beelde wat gebruik word.

Die eerste beeld wat gebruik word, is dié van die son van geregtigheid in subkolon 55.1. Sonder om in besonderhede in te gaan op die interpretasiemoontlikhede van die uitdrukking,³⁰ kan gestel word dat die uitdrukking simbool is van die heilshandeling van Jahwe.³¹

In die (strale van die) son sal daar ook genesing wees (subkolon 55.1). Die beeld word verder gevoer deur te wys op die genesing van wonde wat die regverdiges opgedoen het.³²

²⁸Ibid., 254.

²⁹Rudolph W., Maleachi, 289; Van der Woude A.S., Maleachi, 153. Vgl. ook Botterweck G.J., *Die Sonne der Gerechtigkeit ...*, 258-259.

³⁰Vgl. Verhoef P.A., *Sol Iustitia illustra nos, Sol Iustitiae*. Erebundel opgedra aan proff. B.B. Keet, J.C.G. Kotze, J.J. Müller, W.J. van der Merwe, T.N. Hanekom en F.J.M. Potgieter, onder redaksie van P.A. Verhoef, D.W. de Villiers en J.L. de Villiers, N.G. Kerk Uitgewers, sj,1-23 vir 'n volledige bespreking van die uitdrukking.

³¹Rudolph W., Maleachi, 289 en ook Elliger K., Maleachi, 215. Van der Woude A.S., Maleachi, 153.

³²Rudolph W., Maleachi, 289 en Verhoef P.A., Maleachi, 258.

Met die tweede beeld, die beeld van huppelende kalwers uit die stal word die uitbundige vreugde van die regverdiges by die aanbreek "van die dag wat Ek skep" weergegee. Verhoef merk op: "Die tertium comparationis is die uitgelatenheid waarmee vetgemaakte kalwers uit die stal die veld in draf. Die bedoeling is dus om die uitbundige vreugde van die vromes te skets".³³

Die derde beeld is die beeld van die stof of as van die goddeloses waarop die regverdiges sal trap nadat Jahwe sy gerig voltrek het. Met behulp van hierdie beeld word sege en triomf uitgedruk.³⁴

Teenoor die regverdiges wat kan reken op Jahwe se beskerming omdat hulle sy besondere eiendom is (kolon 53) en teenoor die uiteindelijke lot van die regverdiges wat in kolon 55 met behulp van beelde aangedui word, staan die lot van die goddeloses in kolon 54 in skrilte kontras.

Verskillende geleerdes het die antitese in die perikoop opgemerk. Verhoef skryf byvoorbeeld: "Dan sal die teenstelling in lot en bestemming tussen die goddeloses en regverdiges blyk, want vir eersgenoemdes sal die dag 'n verterende vuur en vir laasgenoemde 'n uitstralende son van geregtigheid wees".³⁵ In sy kommentaar praat Verhoef van die duidelike onderskeid wat daar in die gedeelte is tussen die

³³Verhoef P.A., *Ibid.*, 260.

³⁴Frey H., *Das Buch*, 179, Verhoef P.A., *Maleachi*, 261, Van der Woude A.S., *Maleachi*, 154.

³⁵Verhoef P.A., *Sol Iustitia illustra nos*, 14. Op p. 5 van die artikel praat Verhoef van 'n radikale onderskeid waarom dit hier gaan.

regverdiges en die goddeloses.³⁶ McKenzie en Wallace praat van twee opponerende groepe, die regverdiges en die slegtes.³⁷ Rudolph se gevolgtrekking is ook dat die lot van die goddeloses teenoor die vromes gestel word in hierdie perikoop.³⁸ Elliger maak in die verband die volgende opmerking: "Worin der Unterschied sich auswirkt, sagt der abschliessende Gottesspruch über den kommenden Tag, der zunächst das Geschick der Gottlosen, dann das der Gottesfürchtigen beschreibt."³⁹

Kola 53, 54 en 55 in die vorm van 'n inclusio, staan dus duidelik in antitetiese verband tot mekaar. Verlossing en beskerming vir die regverdiges word gekontrasteer met oordeel en vernietiging van die goddeloses. Uit die strukturele opbou van kola 53-55 is dit duidelik dat die lot van die regverdiges beklemtoon word in die kontrastering van regverdiges en goddeloses. Kola 53-55 beantwoord dus die vraagstelling van kolon 48.

5.5 Antitese in subkola 53.4 en 55

Binne die antitetiese verband van kola 53-55 soos hierbo onder 5.4 uiteengesit, bevat twee van die subkola ook antiteses wat aangetoon moet word.

In subkolon 53.4 kom die antitese tussen die regverdiges en goddeloses binne een kolon na vore. צדיק en רשע staan in subkolon 53.4 langs mekaar en verskerp die antitetese tussen die regverdiges en die goddeloses.

³⁶Verhoef P.A., Maleachi, 253.

³⁷McKenzie S.L. en H.N. Wallace, Covenant Themes in Malachi, 561.

³⁸Rudolph W., Maleachi, 288-289.

³⁹Elliger K., Maleachi, 215.

Subkolon 53.4 beklemtoon ook 'n verdere teenstelling naamlik dié wat God dien en dié wat Hom nie dien nie as 'n nadere aanduiding van regverdiges en goddeloses.

Hierdie subkolon beklemtoon die onderskeid wat daar is (of sal wees) tussen regverdige en goddelose, tussen die wat God dien en Hom nie dien nie. Rudolph,⁴⁰ Van der Woude,⁴¹ Elliger⁴² en Verhoef⁴³ maak ook melding van die onderskeid en teenstelling wat in die subkolon na vore kom.

In subkolon 55.5 is daar ook 'n teenstelling tussen die regverdiges en die goddeloses. Die regverdiges sal naamlik die goddeloses vertrap want hulle sal soos stof onder die voete van die regverdiges wees. Hierdie antitese skets die triomf waaraan regverdiges deel sal hê op die dag van gerig teenoor die vernietiging van die goddeloses. Dit is belangrik om daarop te let dat dit Jahwe is wat die gerig voltrek en nie die regverdiges nie.⁴⁴

Kola 53 en 55 handel oor die verlossing en beskerming van die regverdige in teenstelling tot kolon 54 wat handel oor die goddeloses. Dit is interessant dat aan die einde van beide kola 53 en 55 die regverdige gekontrasteer word met die goddelose. In kolon 53 word dit gedoen in die laaste subkolon en in kolon 55 word dit gedoen in die laaste subkolon van kolon 55.

⁴⁰Rudolph W., Maleachi, 288.

⁴¹Van der Woude A.S., Maleachi, 152.

⁴²Elliger K., Maleachi, 215.

⁴³Verhoef P.A., Maleachi, 260 en 262.

⁴⁴Elliger K., Maleachi, 215.

Dit bevestig enersyds die inclusio van kola 53 - 55 deur die ooreenstemmende strukturele opbou en andersyds beklemtoon hierdie verskynsel die antitese tussen die regverdiges en die goddeloses.

Uit die bespreking hier en onder 5.4 is dit ook duidelik dat die eie afgesonderde posisie van kola 53 - 55 soos uiteengesit in die struktuuranalise en onder 2.4, bevestig word.

5.6 Antitese tussen kola 48 en 49-52

Verskeie geleerdes het 'n teenstelling tussen kolon 48 en kola 49-52 opgemerk. Die weë loop egter uitmekaar oor die vraag hoe die teenstelling geïnterpreteer moet word.

Die een standpunt wat verdedig word, lui dat kolon 48 en kola 49-52 twee verskillende groepe mense is. Dit is byvoorbeeld die standpunt van Waldman.⁴⁵ Volgens hom word die gesprek van die twyfelaars in verse 13-15 (kolon 47-48) gekontrasteer met die gesprek van die wat Jahwe vrees in vers 16 (kola 49-52). Dit is ook die standpunt van Verhoef. Volgens hom is die sprekers van vers 16 (kola 49-52) nie dieselfde as dié van verse 13-15 (kola 47 en 48) nie: "Met TR = toen, dan, wordt een teenstelling met wat voorafgaan geponeerd".⁴⁶

Die ander standpunt identifiseer die sprekers van verse 14 en 15 (kolon 48) met dié van vers 16 (kola 49-52). Van der Woude merk byvoorbeeld op dat daar geen enkele rede bestaan om die sprekers van verse 13-15 te onderskei van die vromes van vers 16 nie. Volgens hierdie standpunt is diegene wie se klag in

⁴⁵Waldman N.M., Some notes on Malachi 3:6; 3:13; and Ps 42:11, JBL 93 (4) Des. 1974, 546.

⁴⁶Verhoef P.A., Maleachi, 247.

kolon 48 verwoord word, vromes wat in hulle diens aan God deur twyfel oorval word.⁴⁷

Sintakties word die laasgenoemde standpunt gesteun deur die ooreenstemmende vorme van דבר wat in kolon 47 en kolon 49 gebruik word. Sintakties beskou, is daar verder geen aanduiding dat 'n ander groep veronderstel word in kola 49-52 nie. In hierdie studie word daar uitgegaan van die standpunt dat dië wat die klag van kolon 48 uitspreek dieselfde is as dië wat Jahwe vrees in kola 49-52.⁴⁸

Die antitese tussen kolon 48 en kola 49-52 lê dus nie in twee verskillende groepe wat aan die woord is nie. Die antitese tussen kolon 48 en kola 49-52 lê op 'n ander vlak.

Die antitese lê in dit wat die vromes/regverdiges ervaar (kolon 48) en dit wat inderdaad gebeur (kolon 49-52). Die regverdiges se ervaring is dat dit nie help om God te dien nie, dat daar geen nut in is om Jahwe se bevale te bewaar/onderhou/gehoorsaam nie, en dat boetedoening selfs nie 'n verandering in Jahwe se gesindheid te weeg bring nie. Daarom kan vermeteles maar gelukkig genoem word, Jahwe slaan in elk geval geen ag op die goddeloses nië en selfs diegene wat God uitdaag word nie gestraf nie. So word die ervaring van die regverdiges verwoord.

Antiteties hierteenoor staan kola 49-52. Dit is nie so dat Jahwe onbetrokke is by die regverdiges nie, intendeel Jahwe merk alles op en hoor en daar word selfs 'n gedenkboek aangelê vir die regverdiges waarin alles opgeteken staan.

⁴⁷Van der Woude A.S., Maleachi, 149 en 150. So ook Rudolph W., Maleachi, 288.

⁴⁸Met hierdie standpuntinname word die teorie wat in subkola 49.3 - 49.6 (vers 15) 'n verwysing na die Samaritane sien, afgewys.

Rudolph merk ook hierdie antitese by implikasie op as hy sê: "Es ist gar nicht so, dass Jahwe ihren Willen, ihm zu dienen, ignoriert, er, der Allwissende und Allgegenwärtige, hat ihre unterredungen genau verfolgt, er weiss, dass hinter ihrem Aufbegehren nur der Wunsch steht, ihn zu verstehen und ihm wiederhin vertrauen zu können ..."⁴⁹

Frey het die antitese tussen kolon 48 en kola 49-52 goed saamgevat: "Wunderbar ist der Gegensatz: auf der eine Seite die Frommen, die sich verlassen meinen und Gott anklagen, auf der anderen der Angeklagte, Gott. Während sie ihn beschuldigen, dass er sie nicht hört, ist seine ganze Aufmerksamkeit gespannt auf sie gerichtet".⁵⁰

Teenoor die beleving van die vromes/regverdige as sou Jahwe afwesig en onbetrokke wees by hulle (kolon 48), staan die realiteit van Jahwe se aktiewe teenwoordigheid en betrokkenheid by hulle (kola 49-52).

Of daar van die standpunt uitgegaan word dat dit twee verskillende groepe is in kola 48 en 49-52 en of daar van die standpunt uitgegaan word dat dit dieselfde groep is, is daar in elke geval 'n antitese tussen kolon 48 en kola 49-52.

5.7 Antitese tussen kola 47 en 49-52

Perikoop F open met die woord חזק wat in die semantiese betekenisveld van "sterk wees" lê. Daar is dus "sterk" woorde teen Jahwe gebruik, so sterk dat Jahwe die uitsprake van sy gemeente nie meer kan verdra nie.⁵¹ Die voorstel van Waldman

⁴⁹Rudolph W., Maleachi, 288.

⁵⁰Frey H., Das Buch, 176.

⁵¹Van der Woude A.S., Maleachi, 147.

in sy artikel verdien dan ook gunstige oorweging as hy voorstel dat Maleagi 3:13 (kolon 47) weergegee moet word met: "Your words have been too much for me".⁵²

Die antitese tussen kolon 47 en kola 49-52 lê daarin dat die sterk woorde van die regverdiges onder die volk in kontras staan met die antwoord van Jahwe. Jahwe antwoord nie op die aanklag met ooreenkomstige sterk woorde nie, intendeel sy woorde is vriendelik en tegemoetkomend.⁵³ In teenstelling met die klag se sterk woorde staan Jahwe se verbasend vriendelike woorde.

5.8 Antitese tussen kola 48 en 53-55

Daar is alreeds gewys op die feit dat kolon 48 en kola 53-55 regverdiges en goddeloses kontrasteer. Tussen kolon 48 en kola 53-55 bestaan daar egter nog drie antiteses.

In kolon 48 word die goddeloses in 'n gunstige posisie geteken (vgl. subkola 48.3 - 48.6), terwyl die regverdiges in 'n ongunstige posisie geteken word (vgl. subkola 48.1 - 48.2). Die goddeloses word gelukkig geprys terwyl die regverdiges vra of daar nog enige nut in is om God te dien.

In kola 53-55 is dit die regverdiges wat in 'n gunstige posisie geteken word (vgl. kola 53 en 55), terwyl die goddeloses in 'n ongunstige posisie geteken word (vgl. kolon 54). Aan die regverdiges word bewaring en verlossing verseker terwyl die goddeloses onheil en vernietiging te wagte kan wees.

Die antitese lê dus in die omruiling van die rolle van die regverdiges en die goddeloses. Teenoor die ongunstige posisie

⁵²Waldman N.M., Some notes on Malachi ..., 545.

⁵³Vgl. Rudolph W., Maleachi, 288.

van die regverdige in kolon 48 staan die gunstige posisie van die regverdige in kola 53 en 55. Teenoor die gunstige posisie van die goddeloses in kolon 48, staan die ongunstige posisie van die goddeloses in kolon 54.

Hierdie antitetiese verband waarin die regverdiges en goddeloses staan, word verder deur die woord עבד wat in kolon 48 (subkolon 48.1) en kolon 53 (subkolon 53.4) voorkom, versterk - die enigste twee gevalle waar die stamvorm voorkom. In kolon 48 word die woord gebruik in die beskrywing van die ongunstige posisie van die regverdige. In kolon 53 word dieselfde stamvorm gebruik om die gunstige posisie van die regverdige teenoor die goddeloses te beskryf (subkolon 53.4).

Die tweede antitese tussen kolon 48 en kola 53-55 is 'n antitese in temporele sin. Kolon 48 beskryf die regverdige en goddelose vanuit die beleving van die regverdiges in hulle huidige situasie.

Kola 53-55 beskryf die regverdiges en goddeloses vanuit 'n eskatologiese perspektief. Kola 53-55 kyk vooruit na die dag wat Jahwe skep en wat klaarblyklik nog in die toekoms lê.

Die derde antitese tussen kolon 48 en kola 53-55 lê in die onderskeie sprekers wat aan die woord is in die kola. In kolon 48 is dit die regverdiges wat aan die woord is terwyl Jahwe aan die woord is in kola 53-55.

Benewens die antitetiese verband tussen kolon 48 en kola 53-55, beklemtoon die verband tussen die kola tog ook die eenheid van die betrokke kolongroep.⁵⁴

⁵⁴Contra McKenzie en Wallace wat Mal. 3:16-21 (kola 50-56) as 'n latere byvoeging sien. Vgl. hulle artikel: Covenant Themes in Malachi, 560, e.v.

5.9 Antitese tussen Maleagi 3:6-12 en Maleagi 3:13-21

Beide Verhoef en Van der Woude maak melding van die antitetiese verband tussen perikoop F en perikoop E. Verhoef sê byvoorbeeld: "Dit antithetisch verband moet erkent word ..." ⁵⁵ en volgens van der Woude "kan een zeker antithetisch verband tussen beide niet ontkend worden ..." ⁵⁶ Die volgende word dan genoem: In perikoop E (Maleagi 3:6-12) word die volk van Jahwe gelukkig geprys, terwyl die goddeloses gelukkig geprys word in perikoop F. In perikoop E word die toehoorders van die profeet opgeroep om Jahwe te beproef deur gehoorsaamheid aan sy gebooie, terwyl die regverdiges kla in perikoop F dat die goddeloses Jahwe beproef deur hulle sondige handel en wandel sonder dat onheil hulle tref.

6. Die boodskap van Maleagi 3:13-21

Die ondersoek na die moontlike antiteses in hierdie perikoop het 'n hele aantal antiteses opgelewer. Hieruit blyk dat ook hierdie perikoop sterk antiteties opgebou is. Hierdie antitetiese opbou van die perikoop moet 'n invloed hê in die bepaling van die boodskap van die perikoop.

Kolon 47 en 48 dui die tema van die perikoop aan. Die regverdiges redeneer dat dit tevergeefs is om God te dien of om sy gebooie te onderhou of selfs om deur rourituele boete te doen voor Jahwe. Hulle ervaring is dat die goddeloses voorspoedig is - hulle word nie vernietig nie, maar juis gebou. Hierdie kontrastering van die regverdiges en die goddelose word dwarsdeur die perikoop volgehou.

⁵⁵Verhoef P.A., Maleachi, 238.

⁵⁶Van der Woude A.S., Maleachi, 146.

Dit is hierdie aanklag van die volk wat Jahwe beskryf as sterk woorde wat teen Hom gebruik word. In teenstelling tot die sterk woorde van mense teen Jahwe, antwoord Jahwe nie met sterk woorde terug nie.

Die klag van die regverdiges word deur Jahwe opgemerk en gehoor. Hy is dus nie onbetrokke by wat gebeur soos wat die regverdiges gedink het nie. Die ervaring van die regverdiges staan dus in antitese tot die werklikheid van Jahwe se aktiewe betrokkenheid by hulle situasie. Daar is selfs 'n gedenkboek aangelê vir die wat Jahwe vrees en sy naam eer.

Alhoewel die uitdrukking ספר זכרון uniek is aan die boek Maleagi, is die gedagte van 'n boek by God waarin alles opgeteken word nie vreemd aan die Ou Testament nie.⁵⁷

In die huidige situasie van die regverdiges moet dit vir hulle tot bemoediging dien dat hulle situasie nie onopgemerk by Jahwe verbygaan nie. Hierdie perikoop open egter ook 'n eskatologiese perspektief vir die regverdiges.

Jahwe is egter nie net nou in hulle huidige situasie aktief betrokke nie, op die dag wat Hy skep, gaan Hy die onderskeid tussen regverdiges en goddeloses duidelik maak. Vir die goddeloses gaan dit 'n dag van oordeel en uiteindelijke totale vernietiging wees (kolon 54). In teenstelling hiermee sal dit vir die regverdiges 'n dag van redding en triomf wees. Omdat die regverdiges vir Jahwe 'n besondere (verbonds)-eiendom is, met wie Hy in 'n vader:seun-verhouding staan, sal die dag wat Hy skep vir die regverdiges geen verskrikking inhou nie. Trouens die beelde wat gebruik word, is beelde wat die uitbundige vreugde van die regverdiges skets (kola 53 en 55).

⁵⁷Vir verdere besonderhede vgl. Verhoef P.A., Maleachi, 249 e.v., Van der Woude A.S., Maleachi, 150; Rudolph W., Maleachi, 288; Frey H., Das Buch, 176.

Wat die regverdiges nou in hulle huidige situasie ervaar, staan dus antities teenoor hulle lot in die toekoms. Die regverdiges se huidige en vir hulle ervaring - ongunstige posisie, gaan verander word deur Jahwe in 'n gunstige posisie. Hulle gaan naamlik die voorwerpe wees van Jahwe se heilshandeling, hulle gaan vreugde ervaar en gaan deel in die sege en triomf van Jahwe op die dag wanneer Hy die goddeloses gaan oordeel.⁵⁸

Teenoor die regverdiges se huidige situasie staan die toekoms eskatologies geteken as iets waarheen hulle kan uitsien.

⁵⁸Die artikel van Wendland E., Linear and concentric patterns in Malachi, *The Bible Translator*, 36 no. 1, 1985, 108-121, waarin hy o.a. gewag maak van chiasmes en antitieses in die boek Maleagi, het verskyn tydens die finale afronding van hierdie studie. Uitvoerige aandag kon daarom nie aan die bevindinge van Wendland gegee word nie. Resultate in hierdie studie verskil egter in belangrike opsigte van dié van Wendland.

PERIKOOP 6: MALEAGI 3:22-24

1. STRUKTUURANALISE VAN MALEAGI 3:22-24

זכרו תורת משה עבדי אשר צויתי אותו²²

בחרב על-כל-ישראל חקים

ומשפטים:

הנה אנכי שלח לכם את אליה הנביא²³

לפני בוא יום יהוה הגדול

והנורא:

והשיב לב-אבות על-בנים ולב בנים על-אבותם²⁴

פן-אבוא והכיתי את הארץ הרם:

56

57

58

2. Die strukturele opbou van Maleagi 3:22-24 (4:4-6)

2.1 Die verbinding van die kola

2.1.1 Motivering vir die verbinding van die kola

Kolon 57 en 58 verbind met mekaar. Hierdie verbinding word genoodsaak deur die waw-konsekutief¹ waarmee kolon 58 begin. Die stamvorm כוא wat by beide kola 57 en 58 voorkom, terwyl dit nie voorkom by kolon 56 nie, dien as verdere kriterium vir die verbinding van kola 57 en 58. Die tweede persoon manlik enkelvoudsvorm van die werkwoord in kolon 58 (והשיב) dui op die heropname van die profeet Elia wat die verbinding verder versterk. Die profeet Elia is 'n nuwe aktant wat vir die eerste keer in kolon 57 genoem word en wat dus kolon 57 in 'n nouer verbinding met kolon 58 laat staan as met kolon 56. 'n Laaste kriterium vir die verbinding van kolon 57 met kolon 58 is die woord חנה waarmee kolon 57 begin en wat dui op 'n nuwe beklemtoning in die perikoop. Daar is breë konsensus dat Maleagi 3:23-24 nader aan mekaar sluit.²

Kolon 56 verbind met kola 57-58. Alhoewel Rudolph opmerk dat dit skyn asof daar geen verbinding is tussen kolon 56 en kola 57-58 nie, vind hy tog 'n verbinding tussen verse 23 e.v. en vers 22 (kola 57-58 met kolon 56) deurdat daar 'n verband is

¹Verhoef P.A., Maleachi, 272.

²Vgl. bv. die kommentare van Van der Woude A.S., Maleachi, 157-158; Elliger K., Maleachi, 216; Rudolph W., Maleachi, 291-292; Horst F., Maleachi, 275; Frey H., Das Buch, 180-182 en veral ook die proefskrif van Clark D.G., Elijah as Eschatological High Priest: An Examination of the Elijah Tradition in Mal. 3:23-24, D. Phil dissertasie, Departement of Theology, Notre Dame, Indiana 1975.

tussen die vaders en seuns wat met mekaar versoen word in vers 24 en die vyfde gebod wat deel is van die wet van Moses wat in vers 22 (kolon 56) genoem word.³

Daar is egter 'n gewigtiger kriterium as die ietwat kunsmatige kriterium wat Rudolph aanlê vir die verbinding van kolon 56 met kola 57-58. In al drie kola is Jahwe in die eerste persoon aan die woord (vgl. die groot aantal eerste persoon enkelvoudsuitgange by kola 56, 57 en 58). Dit wys daarop "dat wij 4:4 (3:22) literair niet van de volgende twee verzen hebben los te maken".⁴


2.2 Afwesigheid van parallelismes en inclusio

Hierdie perikoop openbaar 'n opvallende gebrek aan 'n parallelisme of 'n inclusio wat by haas elke ander perikoop van die boek voorkom.

'n Ander opvallende kenmerk van die perikoop is die afwesigheid van אמר יהוה צבאות -formule wat dominerend is in die res van die boek.

2.3 Chiasme in kolon 58

Die eerste gedeelte van kolon 58 vertoon chiasiese trekke wat skematies soos volg weergegee kan word:



³Rudolph W., Maleachi, 291-292.

⁴Van der Woude A.S., Maleachi, 157.

Hier word die ABBA-patroon gevolg wat tipies is van 'n chiasme.

3. Die Gattung van Maleagi 3:22-24 (4:4-6)

Perikoop G kan nie onder een Gattung saamgevat word nie. Kolon 56 word as die Gattung van die "Mahnwort" beskryf deur Renker,⁵ Horst⁶ en Rudolph.⁷ Kolon 57 en 58 sou beskryf kon word as 'n "blosse Drohwort" na die omskrywing wat Schreiner gee van 'n Drohwort: "Das blosse Drohwort stellt in kurzem Spruch Jahwes strafendes Handeln fest in Aussicht. Es kann, wie übrigens alle Prophetensprüche, mit ..., an jenem Tag' bzw, an jenem Tag wird es geschehen, dass u.ä. eingeleitet werden".⁸ Schreiner merk verder op dat die Mahnspruch dikwels met die Drohwort verbind word.⁹ Dit is dan wat klaarblyklik hier gebeur.

Maleagi 3:22-24 onderskei homself dus duidelik van die ander perikope waarin die Disputationswort die kenmerkende Gattung van die boek Maleagi is. Pfeiffer behandel Maleagi 3:22-24 glad nie in sy ondersoek na die Gattung van die Disputationswort in die boek Maleagi nie.

Maleagi 3:22-24 vertoon dus 'n samestelling van die Gattung van die Mahnwort of Mahnspruch en die Gattung van die Drohwort.

⁵Renker A., Die Tora bei Maleachi, 98.

⁶Horst F., Maleachi, 275.

⁷Rudolph W., Maleachi, 291.

⁸Schreiner J., Formen und Gattungen im Alten Testament, in Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese, Echter Verlag, Würzburg, 1971, 211.

⁹Ibid., 212.

4. Tradisiëkritiek

Dit is betekenisvol dat Elia so sterk figureer in die slotperikoop van die boek Maleagi. Clark het in sy proefskrif uitvoerig ingegaan op die gebruik van wat hy noem die Elia-tradisie in Maleagi 3:22-24.¹⁰ Sy gevolgtrekking is dat die profeet wat sal kom een soos Moses sal wees wat 'n ontmoeting met Jahwe gehad het op die berg Horeb. Buiten Moses, was dit slegs Elia wat 'n ontmoeting met Jahwe in 'n teofanie op die berg Horeb gehad het. Clark wys op talle parallele tussen Moses en Elia.¹¹ Elia was dus die ideale keuse as die Mosaïese eskatologiese profeet omdat Moses en Elia se loopbane op soveel verskillende maniere 'n ooreenkoms vertoon.

Elia se lewe was 'n prefigurasie van sy eskatologiese sending. As die laaste profeet voor die einde, sal Elia Israel voorberei vir die finale verlossing deur versoening te bewerk tussen vaders en kinders en kinders en vaders.¹²

Die Dag van die Here is 'n volgende prominente motief in die slotperikoop van die boek Maleagi.

Die primêre doel van die slotperikoop is om die boodskapper wat die Dag van die Here voorafgaan, te identifiseer as Elia die profeet.¹³ Die taak van die voorloper word uitgebrei om die hele Israel in te sluit en nie net die priesters soos in Maleagi

¹⁰Clark D.G., Elijah as eschatological High Priest, 68-70.

¹¹Ibid., 80.

¹²Everson A.J., The Day of Yahweh as Historical Event, 167.

¹³Clark D.G., Elijah as eschatological High Priest, 71.

3:1b-4 nie. Beide Clark en Everson is dit eens dat die perikoop nie 'n nuwe insig bring met betrekking tot die Dag van die Here nie.¹⁴

Everson se gevolgtrekking is dat die begrip Dag van die Here ook hier gebruik word as 'n aansporing tot gehoorsaamheid en getrouheid met die belofte van 'n seker uitkoms en as 'n waarskuwing met betrekking tot die onafwendbare uitkoms van goddelose optrede.¹⁵

5. Redaksiekritiek

Dit lyk waarskynlik dat Maleagi 3:22-24 verstaan moet word as 'n latere redaksionele byvoeging by die boek. Clark merk op dat "... scholarly consensus comes nearest to unanimity in assigning the last three verses to one or more glossators".¹⁶ Die afwesigheid van die אמר יהוה צבאות -uitdrukking in die perikoop asook die verskil in Gattung tussen hierdie perikoop en die ander perikope van die boek Maleagi bevestig die byna eenparige konsensus onder geleerdes dat die laaste perikoop as 'n latere redaksionele byvoeging beskou moet word. Deur die antitese van heil en onheil in die perikoop laat die redaktor die laaste perikoop kunstig aansluit by die res van die boek.

Deur die boodskap van toepassing te maak op die hele volk, is die boodskap waarskynlik geaktualiseer vir 'n later tyd.

¹⁴Clark D.G., Elijah as eschatological High Priest, 71 en Everson A.J., The Day of Yahweh as Historical Event, 167.

¹⁵Everson A.J., The Day of Yahweh as Historical Event, 167.

¹⁶Ibid., 36. Verhoef P.A., Maleachi, 265 e.v. en Frey H., Das Buch, 180 e.v. beskou o.a. die gedeelte egter as van die hand van Maleagi.

Sonder om volledig in te gaan op al die Redaksiekritiese vrae van die laaste perikoop in die boek Maleagi, kan daar tog die standpunt gestel word dat die analise van die opbou van die perikoop ook wys in die rigting dat die laaste perikoop van die boek Maleagi verstaan moet word as 'n slotwoord vir die boek self. Die klaarblyklige doelbewuste heropname van bepaalde temas in die boek (byvoorbeeld die verband met 2:17 - 3:5 en die verwysing na die Dag van die Here wat ook voorkom in 3:13-21) asook woordelike toespelings op vorige perikope in die boek (vgl. bv. kolon 34.2 met kolon 57 en kolon 54.1 met kolon 57) is 'n aanduiding dat Maleagi 3:22-24 as 'n slot by die boek Maleagi verklaar moet word en nie so seer as 'n slot vir die twaalf Klein Profete of vir die profeteboek in sy geheel nie.¹⁷ Die feit dat hierdie laaste perikoop minstens een antitese bevat, is 'n addisionele argument vir die standpunt dat perikoop G 'n afsluiting vir die boek Maleagi is. Soos in die res van die studie aangetoon, is antiteses tipies van die boek Maleagi - in elke perikoop van die boek kom daar in 'n mindere of meerdere mate antiteses na vore. Dat dit in die laaste perikoop nie anders is nie, is 'n aanduiding dat die gedeelte beskou moet word as die afsluiting van die boek Maleagi.

6. Antiteses in Maleagi 3:22-24

6.1 Antitese tussen heil en onheil

'n Antitese van heil en onheil word gevind in kolon 58. Die taak van Elia is om as voorloper tot die koms van Jahwe, die hart van die vaders terug te bring tot die kinders en om dié van die kinders terug te bring tot die vaders. Elia se taak is dus om 'n versoenende rol te speel tussen vaders en kinders¹⁸ om

¹⁷Van der Woude A.S., Maleachi, 159; Verhoef P.A., Maleachi, 266 e.v. Contra Rudolph W., Maleachi, 291 wat die laaste perikoop beskou as 'n afsluiting van die profeteboek wat strek vanaf Josua.

sodoende die breuk in die gemeenskap van die godsvolk te herstel.¹⁹ Hierdie taak van Elia is dus 'n oproep tot die volk voor Jahwe se oordeel kom. Tot die einde toe is Jahwe bereid om sy volk te red voor die gerig kom.²⁰ Met die sending van Elia beoog Jahwe dus die heil van die volk.

Daarteenoor staan die sekerheid van Jahwe se koms. Indien daar nie gehoor gegee word aan die oproep tot heil nie, sal Jahwe se koms nie anders as onheil vir die volk beteken nie omdat Hy verplig sal wees om die land met die banvloek te tref.

Die antitese bestaan dus in die oproep tot en pogings van Jahwe om deur die optrede van Elia die heil van die volk te bewerk - daarteenoor staan die sekerheid van sy koms wat onheil vir hulle gaan beteken omdat die land met die ban getref gaan word indien hulle nie gehoor gee aan Elia se opdrag tot heil van die volk nie.

6.2 Antitese tussen Maleagi 3:22-24 en Maleagi 2:17-3:5

Dat Maleagi 3:22-24 'n teruggrype is op onder andere Maleagi 2:17-3:5 en met name 3:1 hoef nie betoog te word nie.

Tussen die twee perikope bestaan daar egter 'n antitese wat aangetoon moet word.

Die eerste antitese tussen die twee perikope betref die identiteit van die voorloper tot die koms van Jahwe. In die behandeling van Maleagi 2:17 - 3:5 is aangetoon dat die

¹⁸So tereg vertaal die NAV

¹⁹Van der Woude A.S., Maleachi, 159.

²⁰Frey H., Das Buch, 183.

voorloper verstaan moet word as 'n engel-figuur.²¹ In Maleagi 3:22-24 word die voorloper aangedui as Elia. Twee verskille lê hier voor die hand. In die eerste plek is Elia nie 'n engel nie en in die tweede plek word die naam van die voorloper aangedui teenoor die anonimiteit van die voorloper in Maleagi 2:17-3:5. Tereg merk Clark dus op: "The first and most obvious change in the forerunner tradition is that he has been given a name".²²

Die tweede opvallende antitese tussen perikoop D en G betref die werksaamheid van die voorloper. Soos alreeds aangetoon, het die engel van Maleagi 2:17-3:5 se taak bestaan in 'n kultiese reiniging wat veral gerig is op die priesterskap. In Maleagi 3:22-24 is die werk van Elia gerig op die hele volk. Van der Woude merk in hierdie verband op: "... de inhoud van de arbeid van de voorloper is hier (d.w.s. Maleagi 3:22-24 S.D.S.) anders dan daar (d.w.s. Maleagi 2:17-3:5 S.D.S.): zijn werkzaamheid betreft het volk als geheel, niet enkel de priesterschap ...".²³

Dit is ook die gevolgtrekking waartoe Clark kom: "... Elijah's task is broadened to include all Israel and not just the priests".²⁴

²¹Vgl. die bespreking van Perikoop D asook die artikel van van der Woude, *Der Engel des Bundes*.

²²Clark D.G., Elijah as Eschatological High Priest: An Examination of the Elijah Tradition in Mal. 3:23-24, 64.

²³Van der Woude A.S., Maleachi, 159. Vgl. ook van der Woude se artikel, *Der Engel des Bundes*, 299: "... die Aufgabe Elias ist in Mal. 3,22-24 nicht dieselbe wie die des Engel des Bundes in Mal. 3, 1b-4".

²⁴Clark D.G., Elijah as Eschatological High Priest ..., 71.

7. Die boodskap van Maleagi 3:22-24

Die boek Maleagi sluit met 'n perspektief van heil en onheil. Die heil bestaan in die stuur van die profeet Elia om die hart van die vaders terug te bring na die kinders en andersom. Dat Jahwe 'n profeet stuur om 'n verandering by sy volk te weeg te bring in die lig van sy sekere koms tot gerig, moet as heil vir die volk gesien word. Daarteenoor staan die werklikheid van Jahwe se koms. Die dag van sy koms sal 'n groot en verskriklike dag wees. Wanneer Hy kom en geen verandering aantref by die volk as gevolg van die werksaamheid van die profeet Elia nie, sal Hy nie anders kan as om die land met die ban te tref nie. Deur middel van 'n imperatief word die volk ook opgeroep om die tora van Moses in ag te neem.

Dit moet ten slotte opgemerk word dat die perikoop talle traditions-geschiedlike en redaktions-geschiedlike vrae oproep. Vraagstukke rondom die inhoud en omvang van die tora van Moses; waarom Horeb en nie Sinai nie; watter tradisie speel dus hier 'n rol; waarom sal juis Elia kom; die Dag van die Here-motief; is die perikoop 'n afsluiting van die boek Maleagi, òf van die twaalf Klein Profete òf van die hele tweede gedeelte van die Hebreeuse kanon (Josua tot Maleagi) en ander vrae is alles dringende probleme wat aan die orde gestel sou kon word, maar wat nie binne die bestek van hierdie studie val nie.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKING

Die aanvanklike waarneming dat die boek Maleagi 'n opvallende voorkoms van antiteses vertoon, is deur die ondersoek bevestig. Die ondersoek het selfs nog meer antiteses aan die lig gebring as die sporadiese verwysings daarna deur verskillende outeurs in kommentare, tydskrifartikels en verhandelings oor die boek Maleagi. Omdat antiteses besonder prominent voorkom in die boek Maleagi, sal die feit van 'n antitetiese teenoormekaarstelling van begrippe, persone en so meer deeglik inaggeneem moet word by die bepaling van die boodskap van die afsonderlike perikope en van die boek as geheel.

Die funksie van die antiteses in die boek Maleagi is hoofsaaklik dié van beklemtoning. Die liefde van Jahwe vir Jakob/Israel word byvoorbeeld beklemtoon deur dit te kontrasteer met die haat van Jahwe vir Esau. Deur die uitspraak oor Jahwe se haat vir Esau wil die outeur die liefde van Jahwe vir Sy volk beklemtoon in perikoop A.

In perikoop B is die funksie van die antiteses ook hoofsaaklik dié van beklemtoning. Om die ondenkbaarheid van swak gehalte offers aan God te beklemtoon, word God en 'n owerheidspersoon antiteties teenoor mekaar gestel. Die antitese tussen Israel en die nasies wat veral deur kolon 7 skerp in die fokus kom, beklemtoon die onbegryplikheid van die volk se minagting van Jahwe se Naam soos dit na vore kom in die offerdiens. Ter wille van 'n beklemtoning van die wanpraktyke van die priesters, word die kwaliteite van 'n goeie priester geskets.

Die beklemtoning van die één God en één Vader van Israel staan in antitese met die praktyk van gemengde huwelike en egskeiding wat in die res van perikoop C blootgelê word.

Deur middel van die antitese tussen die bevraagtekening van die reg wat Jahwe uitoefen en die versekering dat Hy gaan kom om die reg uit te oefen, word die onafwendbare sekerheid van Jahwe se koms beklemtoon in perikoop D.

Ter wille van 'n beklemtoning van die volk se voortdurende onvermoë om te verander, word hulle onveranderlikheid gekontrasteer met Jahwe se onveranderlikheid in perikoop E. 'n Beklemtoning van Jahwe se onveranderlikheid en tegelykertyd 'n beklemtoning van die volk se voortdurende afwyking word in hierdie perikoop gegee.

Die lot van die regverdiges word beklemtoon in antitese met die lot van die goddeloses in perikoop F. Dit is nie die lot van die goddeloses wat in die fokus staan van die perikoop nie. Die lot van die goddeloses word antiteties teenoor dié van die regverdiges beskryf om sodoende die lot van laasgenoemde te beklemtoon.

Hierdie voorbeelde waar antiteses ter beklemtoning aangewend word, kan vermenigvuldig word.

Sintakties gesproke word die voorkoms van antiteses in die boek Maleagi bevestig deur antitetiese woordpare (liefde:haat, seën:vloek, heilig:ontheilig, goed:kwaad), die voorkoms van die antitetiese waw, persoonswisseling ens.

Stilisties gesproke lewer die boek Maleagi onder andere 'n opvallende aantal chiasmes op. Loader maak die stelling in sy studie oor polariteit in die denke van Kohelet dat 'n chiasme 'n formele tegniek is wat neig om teenoorgestelde pole te beklemtoon.¹ 'n Stilistiese tegniek, naamlik dié van 'n chiasme, word dus gebruik om polêre patrone/strukture na vore te bring.² Dit is ook gevind by Maleagi.

¹Loader J.A., Polar structures in the book of Qohelet, BZAW 152, Walter de Gruyter, Berlin, 1979, 10.

²Ibid., 14.

'n Chiasme was dikwels die aanleiding vir die identifisering van 'n antitese. In ander gevalle is die twee gespreksgenote in 'n perikoop deur middel van 'n chiasme antiteties teenoor mekaar geplaas. Die stilistiese inkleding van die boek dien dus die verskynsel van antiteses in die verskillende perikope van die boek.

Die Gattung van al die perikope in die boek (met die uitsondering van die laaste perikoop) is geïdentifiseer as die Gattung van die Disputationswort. Die Gattung het 'n dispuut of diskussie tussen twee partye as agtergrond. Schreiner beskryf 'n Disputationswort soos volg: "Das Disputationswort bestreitet eine vorgebrachte oder vorausgesetzte These, die als Negativ des hingestellten Zielsatzes deutlich wird, und sucht sie zu widerlegen".³

Die Gattung van die Disputationswort wat deurlopend deur die outeur aangewend word in die verskillende perikope van die boek Maleagi, dien die antitetiese teenoormekaarstelling van persone, begrippe ensovoorts wat in die boek gevind word.

Tradisiemateriaal wat aangetref word in die boek, dien ook die antitetiese opbou van perikope in die boek. Jakob en Esau staan in die tradisies oor die aartsvaders antiteties teenoormekaar. Hierdie tradisie word nou gebruik om die antiteses in perikoop A te aksentueer. Die tradisies rondom Jakob vertel van Jakob se oneervolle optrede en Jahwe se voortdurende handeling met Jakob sodat daar reeds in die aartsvadertradisies sprake is van 'n antitese tussen Jakob en Jahwe. In perikoop E word dié tradisies rondom Jakob gebruik met die doel om die antitese tussen die onveranderlike God en die onveranderlike nageslag van Jakob te beklemtoon.

Die motief van die Dag van die Here word ook beskryf met behulp van antiteses. Die regverdige en goddelose en heil en onheil word byvoorbeeld teenoor mekaar gestel.

³Schreiner J., Formen und Gattungen im Alten Testament, in Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese, 216.

In twee perikope is redaksionele byvoegings tot die boek geïdentifiseer. In die een geval (perikoop D) lewer die redaksionele uitbreiding as sodanig geen antiteses op nie. Dit is besonder opvallend in die lig van die antiteses wat in die res van die boek aangetref word. Enersyds bevestig die gebrek aan antiteses in Maleagi 3:1b-4 dié deel as 'n latere byvoeging. Andersyds beklemtoon dit die opvallende voorkoms van antiteses in die res van die boek.

In die tweede geval is perikoop G as redaksionele byvoeging geïdentifiseer. Hier word wel 'n antitese gevind. Deur middel van die antitese laat die redaktor die laaste perikoop van die boek kunstig aansluit by die res van die boek. In hierdie geval bevestig die redaksionele uitbreiding die opvallende voorkoms van antiteses in die res van die boek.

Geen logiese ontwikkeling in die opbou van die boek Maleagi kon gevind word nie.⁴ Kursories beskou, bestaan die boek uit die volgende perikope:

1. Perikoop A: Jahwe het Sy volk lief.
2. Perikoop B: Kultiese beklemtoning.
3. Perikoop C: Etiese beklemtoning.
4. Perikoop D: Eskatologiese, Etiese, Kultiese beklemtoning.
5. Perikoop E: Kultiese beklemtoning.
6. Perikoop F: Eskatologiese beklemtoning.
7. Perikoop G: Eskatologiese beklemtoning.

Bogenoemde kursoriese oorsig toon dat daar geen ontwikkelende gedagtelyn is in die opeenvolging van die verskillende perikope van die boek nie.

⁴Vgl. hoofstuk 1, 2.3, p.8; Wallis G., *Wesen und Struktur der Botschaft Maleachis*, 229 e.v.; Van Selms A., *The inner cohesion of the book of Malachi*, 27 e.v. vir 'n oorsig van pogings om 'n logiese ontwikkeling in die opbou van die boek te vind.

Volgens van Selms lê die kohesie van die boek in die eerste en laaste perikoop. Die eerste perikoop verkondig God se ewige liefde vir Jakob met behulp van 'n verwysing na Israel se verkiesing in die verlede. Die laaste perikoop van die boek bevat 'n verwysing na die eskatologiese moment wanneer alles wat die profeet gesê het, 'n sigbare werklikheid sal wees. Die boek begin aldus van Selms met 'n verwysing na die verlede en eindig met 'n verwysing na die toekoms.⁵ Hierdie bevinding van van Selms oortuig egter nie omdat perikoop D alreeds eskatologies gerig is. 'n Eskatologiese gerigtheid na die toekoms word dus nie vir die eerste keer aan die einde van die boek gevind nie.

'n Ander verdienstelike poging om 'n ontwikkelende gedagtelyn in die boek te vind, is dié van van der Woude. Die eerste perikoop is volgens hom doelbewus eerste geplaas omdat dit inhoudelik die basis vorm waarop die volgende perikope berus. Deur hierdie rangskikking word tot uitdrukking gebring dat die verhouding van Jahwe met sy volk die draende grondslag vorm vir Maleagi se heils- en oordeelsprediking. Die vertroosting staan voor die vermanings wat die profeet gaan uitspreek vanweë die laksheid, ontrou en kleingelowigheid van die volk.⁶

Die standpunt van van der Woude lewer die mees bevredigende antwoord op die vraag na 'n soeke na 'n eenheidstruktuur in die boek, maar is tog ook nie vry van gebreke nie. Perikoop A is naamlik nie die enigste perikoop waarin die trou en vertroosting van Jahwe beklemtoon word nie. Perikoop E beklemtoon byvoorbeeld ook die getrouheid van Jahwe. Dit is egter veral perikoop F wat by uitstek vertroostend van aard is. Die gedagte van 'n gedenkboek wat aangelê is, die volk as kosbare besitting van Jahwe, Jahwe as vader en die gedagte van heil en uitkoms vir die regverdiges as die Dag van die Here aan breek is sterk vertroostend en bemoedigend en sou nie as

⁵Van Selms A., *The inner cohesion of the book of Malachi*, 35.

⁶Van der Woude A.S., Maleachi, 85.

vermanend beskryf kon word nie, trouens van der Woude se opskrif vir perikoop F is "Troost voor aangevochtenen".⁷

Alhoewel daar geen ontwikkelende gedagtelyn in die opeenvolging van die verskillende perikope in die boek is nie, is daar tog bo en behalwe die bydrae van van Selms 'n kohesie tussen die verskillende perikope.

Eerstens is die herhaalde voorkoms van bepaalde temas in die boek 'n belangrike argument ten gunste van 'n kohesie tussen die verskillende perikope van die boek. Die temas wat in die boek aan die orde kom wentel hoofsaaklik rondom die **kultus** (perikope B, D, E), **etiese verhoudings** (perikope C, D) en 'n **eskatologiese uitsig** wat die boek bied (perikoep D, F, G).

Tweedens is die konstante voorkoms van 'n groot aantal antiteses in elke perikoop van die boek 'n sterk aanduiding van 'n kohesie tussen die perikope in die boek.

Derdensmoet die kohesie tussen die verskillende perikope van die boek gesoek word in die verband tussen perikope A en F. Beide perikope handel in hoofsaak oor troos: in perikoop A troos Jahwe sy volk met die versekering van sy liefde vir hulle. Hierdie troos word gemotiveer vanuit die verlede met spesifieke verwysing na die aartsvadertradisie. In perikoop F troos Jahwe die regverdiges in hierdie geval met 'n verwysing na die toekoms wanneer die Dag van die Here sal aanbreek en wat heil inhou vir regverdiges. In beide gevalle (perikoop A en F) word die volk getroos. In die een geval word die troos gemotiveer vanuit die verlede, in die ander geval vanuit die toekoms. Die boek open en sluit dus met Jahwe se troosvolle en bemoedigende woorde.⁸

⁷Ibid., 146.

⁸Dit versterk die standpunt dat perikoop G waarskynlik 'n latere redaksionele byvoeging is.

Op sintaktiese, stilistiese en inhoudelike vlak word die voorkoms van 'n antitetiese teenoormekaarstelling van persone, sake en begrippe as tipiese kenmerk van die boek Maleagi bevestig.

SAMEVATTING

ANTITESSES IN DIE BOEK MALEAGI

deur

STEPHANUS DANIEL SNYMAN

Promotor: Prof. W.S. Prinsloo

Departement: Ou Testamentiese Eksegese en Teologie

Graad: Doctor Divinitatis

Hierdie studie ondersoek antiteses in die boek Maleagi met die doel om die antiteses op sintaktiese, stilistiese en inhoudelike vlak te identifiseer en om die invloed van die antiteses op die boodskap van elke perikoop in die boek, te bepaal.

Vir die doel van hierdie ondersoek word 'n antiese soos volg omskryf: wanneer minstens twee sake en/of elemente en/of begrippe en/of persone en/of groepe van persone teenoor mekaar gestel word op sintaktiese en/of stilistiese en/of inhoudelike vlak in 'n perikoop of perikope in die boek Maleagi, is dit 'n antiese.

In die relevante literatuur wat handel oor die boek Maleagi word daar terloopse en sporadiese verwysings gevind na, wat genoem word, teenstellings, kontraste en antiteses wat deurlopend in die boek voorkom. Sover vasgestel kon word, is die voorkoms van antiteses in die boek nog nie sistematies en volledig ondersoek nie.

Aan die hand van die volgende stappe is 'n teksimmanente ondersoek gedoen na die boek Maleagi met die doel om die antiteses verantwoord te identifiseer: Met behulp van bepaalde sintaktiese kriteria is die verskillende perikope van mekaar afgebaken waarna die teks van die boek Maleagi tekskrities ondersoek is en enkele tekskritiese wysigings aangebring is. 'n Struktuuranalise van die opbou van die verskillende perikope in die boek is gedoen, die Gattung van elke perikoop is bepaal en in relevante gevalle is 'n tradisiiekritiese en 'n redaksiiekritiese ondersoek ook gedoen. Hieruit is die antiteses wat in die verskillende perikope van die boek voorkom geïdentifiseer

en aangetoon. Die boodskap van elke perikoop in die lig van die geïdentifiseerde antiteses is ook bepaal.

Op sintaktiese vlak word die voorkoms van antiteses in die boek Maleagi bevestig deur antitetiese woordpare (liefde:haat; seën:vloek; goed:kwaad), die voorkoms van die antitetiese waw, persoonswisseling ens.

Stilisties gesproke lewer die boek onder andere 'n opvallende aantal chiasmes op. 'n Chiasme is 'n stilistiese tegniek wat neig om teenoorgestelde pole te beklemtoon.

Die Gattung van al die perikope in die boek (met die uitsondering van die laaste perikoop) is geïdentifiseer as die Gattung van die Disputationswort. Die Gattung het 'n dispuut of diskussie tussen twee partye as agtergrond. Die Gattung van die boek staan dus in diens van die outeur om deur middel van antiteses sy boodskap tuis te bring.

Tradisiemateriaal wat in die boek aangetref word, dien ook die antitetiese opbou van perikope in die boek.

In enkele gevalle waar redaksionele byvoegings tot die boek geïdentifiseer is, het dit die voorkoms van antiteses as prominente verskynsel in die boek Maleagi bevestig.

Die funksie van antiteses in die boek is hoofsaaklik dié van beklemtoning.

Alhoewel daar geen ontwikkelende gedagtelyn in die opeenvolging van die verskillende perikope in die boek is nie, is daar tog 'n kohesie tussen die verskillende perikope wat die boek saam bind tot 'n eenheid.

Op sintaktiese, stilistiese en inhoudelike vlak word die voorkoms van 'n antitetiese teenoormekaarstelling van persone, sake en begrippe as tipiese en prominente kenmerk van die boek Maleagi, bevestig.

SUMMARY

ANTITHESES IN THE BOOK OF MALACHI

by

STEPHANUS DANIEL SNYMAN

Promoter: Prof. W.S. Prinsloo

Department: Old Testament Exegesis and Theology

Degree: Doctor Divinitatis

This study investigates antitheses in the Book of Malachi on the level of syntax, style and content with the purpose of identifying them and of determining their influence on the message of each pericope in the book.

For the purpose of this investigation, an antithesis is defined as follows: when at least two issues and/or elements and/or concepts and/or persons and/or groups of persons are contrasted with each other on the level of syntax, style and content, an antithesis is formed.

Relevant literature on the Book of Malachi yields sporadic and incidental references to contrasts and antitheses which are featured throughout the book. As far as can be ascertained, the occurrence of antitheses has not yet been investigated systematically and thoroughly.

A text-immanent investigation of the Book of Malachi has been made on the basis of the following steps with the purpose of identifying antitheses in a well founded manner. The different pericopes in the book have been demarcated by means of certain syntactical criteria whereupon the text of the book was subjected to a text-critical investigation. A number of text critical alterations were made. A structural analysis of the different pericopes in the book has been done, the Gattung of each pericope determined and in relevant cases an investigation made of issues concerning tradition criticism and

redaction criticism. On the basis thereof the antitheses occurring in the different pericopes of the book have been identified. The message of each pericope has also been determined in the light of the identified antitheses.

At a syntactical level the occurrence of antitheses in the Book of Malachi is confirmed by antithetical word couples (such as love:hate; blessing:curse; good:evil), the occurrence of the antithetical waw, change of pronouns etc.

Stylistically the book yields a surprising number of chiasmi, a chiasmus being a stylistic technique which tends to emphasise opposites.

The Gattung of all the pericopes in the book (with the exception of the last) has been identified as a Disputationswort. The background of the Gattung portrays a dispute or discussion between two parties. The author has thus used this particular Gattung to convey his message by means of antitheses.

Traditional material found in the book also serves to support the antithetical structuring of pericopes in the book.

In some cases where redactional additions to the book have been identified, the occurrence of antitheses as a prominent phenomenon in the Book of Malachi has been confirmed.

The function of the antitheses in the book is mainly that of emphasis.

Although there is no developing train of thought in the sequence of the various pericopes in the book, a cohesion nevertheless exists which binds it together as a unity.

On the level of syntax, style and content the occurrence of an antithetical contraposition of persons, issues and concepts as a typical and prominent feature of the Book of Malachi, is confirmed.

BIBLIOGRAFIE

- Ackroyd P.R., **Exile and Restoration**, A study of Hebrew Thought of the Sixth Century B.C. SCM Press Ltd, London, 1968.
- Adam G., O. Kaiser en W.G. Kummel, **Einführung in die exegetischen Methoden**, Chr Kaiser Verlag, München, 1975.
- Althann R., Maleachi 2, 13-14 and UT 125, 12-13, **Biblica** 58 (3), (1977), 418-421.
- Armending C.E., **The Old Testament and Criticism**, W.B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids-Michigan, 1983.
- Baldwin J., Malachi and the worship of the nations in the Old Testament, **Tyn B** 23 (1972), 117-124.
- Baldwin J., **Haggai, Zechariah, Malachi**, An Introduction and Commentary, Tyndale Old Testament Commentaries, Intervarsity Press, Leicester, England, 1976.
- Barr J., **The Semantics of Biblical Language**, Oxford University Press, 1969.
- Barth H. en O.H. Steck, **Exegese des Alten Testaments. Leitfaden der Methodik**. Ein Arbeitsbuch für Proseminare, Seminare und Vorlesungen, Neukirchener Verlag, 10. Auflage, 1984.
- Barton J., **Reading the Old Testament**, Method in Biblical Study, Darton Longman and Todd, London, 1984.
- Bennet T.M., **Malachi** (The Broadman Bible Commentary) Vol 7, Hosea-Malachi,. Marshall, Morgan & Scott, Londen, 1973.
- Boecker H.J., Bemerkungen zur formgeschichtlichen Terminologie des Buches Maleachi, **ZAW** 78 (1966), 78-80.

Botterweck G.J., Jakob habe ich lieb - Esau hasse ich, **Bibel und Leben** 1 (1960), 28-38.

Botterweck G.J., Ideal und Wirklichkeit der Jerusalemer Priester, Auslegung von Mal. 1; 6 - 10; 2, 1-9, **Bibel und Leben** 1 (1960), 100-109.

Botterweck G.J., Schelt- und Mahnrede gegen Mischehe und Ehescheidung, Auslegung von Mal. 2:2, 10-16, **Bibel und Leben** 1 (1960), 179-185.

Botterweck G.J., Die Sonne der Gerechtigkeit am Tage Jahwes, Auslegung von Mal. 3:13-21, **Bibel und Leben** 1 (1960), 253-260.

Braun R., Malachi - A Catechism for Times of Disappointment, **Currents in Theology and Mission** 4 (1977), 297-303.

Bright J., **The Kingdom of God**, Abingdon, Nashville, V.S.A., 1953.

Brockington L., Malachi, in **Peakes Commentary on the Bible**, London.

Brongers H.A., Some remarks on the Biblical Particle h^alo in **Remembering All the Way ... Oudtestamentische Studiën XXI** uitgegee deur A.S. van der Woude, E.J. Brill, Leiden, 1981, 177 e.v.

Childs B.S., **Introduction to the Old Testament as Scripture**, SCM Press Ltd, London, 1979.

Clark D.G., **Elijah as Eschatological High Priest: An Examination of the Elijah Tradition in Mal. 3:23-24**, D. Phil dissertasie, Departement of Theology, Notre Dame, Indiana, 1975.

Clements R.E., **Old Testament Theology, A Fresh Approach**, Marshall, Morgan and Scott, London, 1978.

- Cloete W.T.W., **Die Verbondsgedagte by die na-eksiliese Profete**, ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1979.
- Coppens J., Malachi's Messenger not Jesus. **Theology Digest** 22,(1974), 145-150.
- Cowley A.E., **Gesenuis Hebrew Grammar**, (as edited and enlarged by the late E. Kautzch, 2nd English Edition Revised in accordance with the 28th German Edition 1909 by A.E. Cowley), Clarendon Press Oxford, 14 e druk, 1978.
- Davidson A.B., **An Introductory Hebrew Grammar**, T & T Clark, 38 George Street, 26ste uitgawe, Edinburgh, 1966.
- Deist F.E., Die Ou Testamentiese Eksegese en Algemene Literatuurwetenskap, **NGTT** 14 (1973), 75-81.
- Deist F.E., **Die dag sal brand**, N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1976.
- Deist F.E., Ope vrae aan die diskoersanalise, **NGTT** 19/4 (1978), 260-271.
- Deist F.E., **Towards the Text of the Old Testament**, Dutch Reformed Church Booksellers, Pretoria, 1978.
- Deist F.E., Again: Methods of Exegesis, **Old Testament Essays** 1 (1983), Department Old Testament, UNISA, Pretoria, 73-88.
- Dentan R.C., Malachi, in **The Interpreters Bible**, Abingdon, New York, Nashville, 1956.
- De Vaux R., **Hoe het oude Israel leefde, De instellingen van het Oude Testament**, deel 2, Romen-Roermond, 2e druk, 1973.

Di Marco Angelico, Der Chiasmus in der Bibel, 2. Teil, **Linguistica Biblica** 37 (1976), 49-68.

Du Toit A.B., The significance of Discourse Analysis for New Testament Interpretation and Translation: Introductory Remarks with special Reference to 1 Peter 1:3-13, in **Linguistics and Bible Translation**, Neotestamentica, 8 (1974), 54-79.

Dumbrell W.J., Malachi and the Ezra-Nehemiah Reforms, **The Reformed Theological Review** 35(1976), 42-52.

Eichrodt W., **Theology of the Old Testament, vol. I, II**, vertaal deur J.A. Baker, SCM Press Ltd, London, 1972, 1975.

Eissfeldt O., **The Old Testament, An Introduction**, Oxford, Basil Blackwell, 1965.

Elliger K., Maleachi und die Kirchliche Tradition, in **Tradition und Situation: Studien zur alttestamentliche Prophetie**, E. Wurthwein en O. Kaiser (redakteurs), Festschrift A. Weiser zum 70. Geburtstag. Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen, 1963, 43-48.

Elliger K., **Das Buch der zwölf kleinen Propheten II**, ATD 25, 7. durchgesehene Auflage, Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen, 1975.

Everson A.J., **The Day of Yahweh as historical event: A Study of the historical and theological purposes for the employment of the concept in the classical prophets of the Old Testament** D.Th. Dissertasie, Union Theological Seminary, Richmond, Virginia, V.S.A., 1969.

Eybers I.H., **Twelve Theocratic Testimonies**, United Protestant Publishers, Kaapstad, 1977.

Eybers I.H., Textual criticism of the Old Testament as an aspect of the exegetical process- a few notes, in van Wyk W.C. (red). **Aspects of the exegetical process, Old Testament Essays, OTWSA** 20 (1977) and OTWSA 21 (1978), 21-32.

Fischer J.A., Notes on the literary form and message of Malachi, **CBQ** 34 (1972), 315-320.

Fischer J.A., Understanding Malachi, **Bible Today** 66 (1973), 1173-1177.

Fohrer G., Tradition und Interpretation im Alten Testament, **ZAW** 73, (1961), 1-29.

Fohrer G., **Introduction to the Old Testament.** Engelse vertaling van die oorspronklike Duits, Einleitung in das Alte Testament, deur D.E. Green, Abingdon Press, New York, 1968.

Fohrer G., **Theologische Grundstrukturen des Alten Testaments**, Walter de Gruyter, Berlin, 1972.

Fohrer G. e.a., **Exegese des Alten Testaments, Einführung in die Methodik**, 2. durchgesehene und überarbeitete Auflage, Quelle und Meyer, Heidelberg Uni Taschenbücher, 1976.

Fohrer G., **Das Alte Testament, Einführung in Bibelkunde und Literatur des Alten Testaments und in Geschichte und Religion Israels**, Zweite und dritter Teil, Gütersloher Verlagshaus, Gerd Mohn, 3. überarbeitete Auflage, 1980.

Fourie L.C.H., **Die Betekenis van die Verbond as sleutel vir Maleagi**, ongepubliseerde M.Th-skripsie, Univ. van Stellenbosch, 1982.

- Frey H., **Das Buch der Kirche in der Weltwende**, Die kleinen nachexilischen Propheten, BAT, 5. Auflage, Calwer Verlag Stuttgart, 1963.
- Gemser B., **Hebreeuse Spraakkuns**, J.L. van Schaik Bpk, 3e verbeterde druk, Pretoria, 1968.
- Habel N.C., **Literary Criticism of the Old Testament**, 6e druk, Fortress Press, Philadelphia, 1983.
- Hayes J.H. (red.), **Old Testament Form Criticism**, Trinity University Press, San Antonio, 1974.
- Hayes J.H. en C.R. Holladay, **Biblical Exegesis. A Beginner's Handbook**, John Knox Press, Atlanta, 1982.
- Horst F., Zwei Begriffe für Eigentum (Besitz), in **Verbannung und Heimkehr, Beiträge zur Geschichte und Theologie Israels im 6. und 5. Jahrhundert v. Chr.**, Wilhelm Rudolph zum 70. Geburtstage. herausgegeben von A. Kuschke, J.C.B. Mohr, (Paul Siebeck) Tübingen, 1961.
- Horst F., **Die Zwölf kleinen Propheten, Nahum bis Maleachi**, HAT 14, 3. Auflage, Verlag von J.C.B. Mohr (Paul Siebeck), Tübingen, 1964.
- Jacob E., **Theology of the Old Testament**, vertaal deur A.W. Heathcote en P.J. Allcock, Hodder and Stoughton, London, 1974.
- Jagersma H., The Tithes in the Old Testament, in **Remembering all the way...**, Oudtestamentische Studiën, Deel XXI uitgegee deur A.S. van der Woude, E.J. Brill, Leiden, 1981.
- Jenni E. en Westermann C., **Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament**, Band II, Chr Kaiser Verlag München, Theologischer Verlag Zürich, 1976.

- Köhler L., **Theologie des Alten Testaments**, J.C.B. Mohr (Paul Siebeck) Tübingen, vierte überarbeitete Auflage, 1966.
- Kaiser O., **Einleitung in das Alte Testament**, Gütersloher Verlagshaus, Gerd Mohn, 4. erweiterte Auflage, 1966.
- Kaiser W.C., **Toward an Old Testament Theology**, Zondervan Publishing House, Grand Rapids Michigan, derde druk, 1979.
- Kaiser W.C., **Malachi, God's unchanging love**, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1984.
- Kessler M., Inclusio in the Hebrew Bible, **Semitics** 6 (1978), 44-49.
- Kieffer R., Die Bedeutung der moderne Linguistik für die Auslegung biblischer Texte. **Theologische Zeitschrift** 30 (1974), 223-233.
- Knight D.A. (red.), **Tradition and Theology in the Old Testament**. SPCK, London, 1977.
- Koch K., Reichen die formgeschichtlichen Methoden für die Gegenwartsaufgaben der Bibelwissenschaft zu? **ThLZ** 98/11 (1973), 801-814.
- Kraus H.J., **Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments**, 3. erweiterte Auflage, Neukirchener Verlag, 1982.
- Kremer J., Alte, neuere und neueste Methoden der Exegese, **Bibel und Liturgie** 53/1 (1980), 3-12.
- Labuschagne C.J., The emphasizing particle gam and its connotations, in **Studia Biblica et Semitica**, Festschrift vir Th.C. Vriezen. H Veenman en Zonen, N.V. Wageningen, 1966, 193-204.

- Loader J.A., **Aspekte van menslike mag in die Ou Testament**, Ongepubliseerde DD-proefskrif, Groningen, 1975.
- Loader J.A., Gedagtes oor gekontroleerde eksegesi, **HTS** 34 (1 en 2) (1978), 1-40.
- Loader J.A., **Polar structures in the book of Qohelet**, BZAW 152, Walter de Gruyter, Berlin, 1979.
- Loader J.A., A Structural Analysis of Psalm 113, in van Wyk W.C. (red.) **Studies in the Chronicler, Old Testament Essays**, OTWSA 19, 64-68.
- Louw J.P., **Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks**. Pretoria, 1976.
- Malchow B.V., The Messenger of the Covenant in Mal. 3:1, **JBL** 103/2 (1984), 252-255.
- March W.E., The Basic types of Prophetic Speech, in Hayes J.H. (red.) **Old Testament Form Criticism**, Trinity University Press, San Antonio, V.S.A., 1974.
- McKenzie J.L., **A Theology of the Old Testament**, Geoffrey Chapman Publisher, 1974.
- McKenzie S.L., en H.N. Wallace, Covenant Themes in Malachi, **CBQ** 45(4) (1983), 549-563.
- Pfeiffer E., Die Disputationsworte im Buche Maleachi, Ein Beitrag zur formgeschichtlichen Struktur, **EvTh** 19 (1959), 546-568.
- Preuss H.D., Linguistik - Literaturwissenschaft - Altes Testament, in **Verkündigung und Forschung**, 27. Jahrgang, Beihefte zu Evangelische Theologie, 1982, 2-28.

Prinsloo W.S., **Jahwe die Vrymagtige in die Ou Testament**,
Ongepubliseerde D.D.-proefskrif, Univ. van Pretoria, 1976.

Prinsloo W.S., Isaiah 5:1-7: A synchronic Approach, in van Wyk W.C.
(red.) **Studies in Isaiah, Old Testament Essays**, OTWSA 22(1979)
en 23 (1980), 183-197.

Prinsloo W.S., Die Metodiek van Eksegese: 'n Diskussie, **NGTT** 20
(1979), 201-210.

Prinsloo W.S., The Theology of Jeremiah 27:1-11 in Deist F.E. en
J.A. Loader (red.), **Papers read at the 24th meeting of Die Ou
Testamentiese Werkgemeenskap in Suider Afrika**, OTWSA 24 (1981),
67-83.

Prinsloo W.S., Isaiah 14:12-15 - Humiliation, Hubris, Humiliation,
ZAW 93/3 (1981), 432-438.

Prinsloo W.S., **The Theology of the Book Joel**, BZAW, Walter de
Gruyter, Berlin, 1985.

Prinsloo W.S., **Die Metodiek van Eksegese**, Klasaantekeninge, Univ.
van Pretoria, sj.

Rehm M., Das Opfer der Völker nach Mal. 1, 11, in **Lex tua Veritas**,
Festschrift für Herbert Junker, H. Gross en F. Mussner, Paulinus
Verlag, Trier, 1961, 193-208.

Rendtorff R., Malachi, in **Die Religion in Geschichte und Gegenwart**,
3. Auflage 4. Band, J.C.B. Mohr, (Paul Siebeck) Tübingen, 1960.

Rendtorff R., **Das Alte Testament, Eine Einführung**, Neukirchener
Verlag, Neukirchen-Vluyn, 1983.

- Rengstorf K.H., Gesetz und Propheten, in Rost L., **Studien zum Alten Testament**, Beiträge zur Wissenschaft vom Alten und Neuen Testament, Sechste Folge, Verlag W. Kohlhammer, Stuttgart, 1974.
- Renker A., **Die Tora bei Maleachi, Ein Beitrag zur Bedeutungsgeschichte von Tora im Alten Testament**, Freiburger Theologische Studien, Herder, Freiburg, 1978.
- Richter W., **Exegese als Literaturwissenschaft**, Entwurf einer alttestamentlichen Literaturtheorie und Methodologie, Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen, 1971.
- Ridderbos J., **De Kleine Profeten**, Derde deel, Haggai, Zacharia, Maleachi, Korte Verklaring der Heilige Schrift, J.H. Kok, N.V. Kampen, 1935.
- Rogerson J.W., Resensie op Richter W., Exegese als Literaturwissenschaft, **Journal of Semitic Studies** 20 (1975), 117-122.
- Rudolph W., **Haggai - Sacharja 1-8 - Sacharja 9-14 - Maleachi**, KAT XII 4., 1. Auflage, Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn, 1976.
- Rudolph W., Zu Mal. 2:10-16, **ZAW** 93 (1981), 85-90.
- Schenk W., Die Aufgaben der Exegese und die Mittel der Linguistik, **ThLZ** 98/12 (1973), 881-894.
- Schmidt W.H., **Einführung in das Alte Testament**, Walter de Gruyter, Berlin, 1979.
- Schoors A., The particle **וְ**, in **Remembering all the way...** Oudtestamentische Studiën XXI, uitgegee deur A.S. van der Woude, E.J. Brill, Leiden, 1981.

- Schreiner J., Formen und Gattungen im Alten Testament, in Schreiner J. (red.) **Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese**, Echter Verlag, Würzburg, 1971, 194-231.
- Schreiner S., Mischehen - Ehebruch - Ehescheidung. Betrachtungen zu Mal. 2:10-16, **ZAW** 91/1 (1979), 207-228.
- Smend R., **Die Entstehung des Alten Testaments**, Verlag W. Kohlhammer, Stuttgart, zweite durchgesehene und ergänzte Auflage, 1978.
- Smith J.M.P., **A Critical and Exegetical Commentary on the book of Malachi**, I.C.C., T & T Clark Ltd, Edinburgh, 1980.
- Snyman S.D., **Die Boodskap van die boek Maleagi, 'n sinchroniese ondersoek**, ongepubliseerde B.D.-verhandeling, Univ. van Pretoria, 1979.
- Snyman S.D., Chiasmies in Maleagi 1:2-5, **Skrif en Kerk** Jaargang 5/1(1984), 17-22.
- Snyman S.D., Haat Jahwe vir Esau? (n Verkenning van Mal. 1:3a), **NGTT** 25/4 (1984), 358-362.
- Soggin J.A., **Introduction to the Old Testament**, Engelse vertaling van die oorspronklike Italiaans, Introduzione all' Antico Testamento, deur John Bowden. SCM Press Ltd, London, 1980.
- Staerk W., Zur alttestamentlichen Literarkritik, Grundsätzliches und Methodisches, **ZAW** 42(1924), 34-47.
- Swetnam J., Maleagi 1:11, An Interpretation, **CBQ** 31(1969), 200-209.
- Van Aarde A.G., Moderne Semantiek en Formele Homiletiek, **HTS** 34 (1 en 2), (1978), 41-55.

- Van der Woude A.S., Der Engel des Bundes, Bemerkungen zu Maleachi 3,1c und seinem Kontext in **Die Botschaft und die Boten**, Festschrift für Hans Walter Wolff zum 70. Geburtstag. Herausgegeben von Jorg Jeremias und Lothar Perlitt Neukirchener Verlag (1981), 289-300.
- Van der Woude A.S., **Haggai Maleachi**, POT, Uitgeverij Callenbach bv, Nijkerk, 1982.
- Van Selms A., **Genesis**, Deel II POT Uitgeverij G.F. Callenbach NV-Nijkerk, 1967.
- Van Selms A., The inner cohesion of the book of Malachi, in van Wyk W.C. (red) **Studies in Old Testament Prophecy** OTWSA (1971), 27-40.
- Van Zyl A.H., Literêre vorme en eksegesi, **NGTT** 13, 3(1972), 149-159.
- Van Zyl A.H., Redaksiegeskiedenis en prediking, **NGTT** 14, 2, (1973), 114-125.
- Van Zyl A.H., Eksegesi! In die maalstroom? **Skrif en Kerk** 2/1(1981), 43-50.
- Verhoef P.A., Some notes on Malachi 1:11, **Biblical Essays**, Pretoria, 1966, 163-172.
- Verhoef P.A., **Maleachi**, COT, Kampen Uitgeversmaatschappij J.H. Kok B.V., 1972.
- Verhoef P.A., **Metodiek van die Eksegesi**, N.G. Kerk Uitgewers, 1973.
- Verhoef P.A., Sol Iustitia illustra nos, in **Sol Iustitiae**. Erebundel opgedra aan proff. B.B. Keet, J.C.G. Kotze, J.J. Müller, W.J. van der Merwe, T.N. Hanekom en F.J.M. Potgieter,

onder redaksie van P.A. Verhoef, D.W. de Villiers en J.L. de Villiers, N.G. Kerk Uitgewers, sj, 1-23.

Von Bulmerincq A., **Der Prophet Maleachi, Kommentar zum Buche des Propheten Maleachi**, Tartu, 1932.

Von Rad G., **Theologie des Alten Testaments, Band I, Die Theologie der geschichtlichen Überlieferungen Israels**, Chr Kaiser Verlag, München, 7. Auflage, 1969.

Von Rad G., **Theologie des Alten Testaments, Band II, Die Theologie der Prophetischen Überlieferungen Israels**, Chr Kaiser Verlag, München, 6. Auflage, 1975.

Von Rad G., **Old Testament Theology vol. II, The Theology of Israel's Prophetic Traditions**, Engelse vertaling deur D.M.G. Stalker, SCM Press Ltd., London, 1975.

Vorster W.S., Concerning semantics, grammatical analysis and Bible translation, in **Linguistics and Bible translation, Neotestamentica** 8 (1974), 21-41.

Vorster W.S., **Aischunomai en stamverwante woorde in die Nuwe Testament**, D.D.-proefskrif, Univ. van Pretoria, 1974.

Vorster W.S., **’n Ou Boek in ’n nuwe wêreld**, UNISA, Pretoria, 1977.

Vriezen Th. C., **Hoofdlinjen der Theologie van het Oude Testament**, 3e druk H. Veenman en Zonen nv Wageningen, 1966.

Vriezen Th. C., **Hoofdlinjen der Theologie van het Oude Testament**, vierde hersiene en uitgebreide druk, H. Veenman en Zonen n.v., Wageningen, 1974.

Vriezen Th. C., How to understand Malachi 1:11, in **Grace upon Grace, Essays in Honor of Lester J. Kuyper**, Cook J.I. (red.). W.B.

Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan, sj, 128-136.

Vriezen Th.C. en A.S. van der Woude, **De Literatuur van Oud-Israël**, Servire BV., Katwijk aan Zee, sesde druk, 1980.

Waldman N.M., Some notes on Malachi 3:6; 3:13; and Ps 42:11, **JBL** 93(4), (1974), 543-549.

Wallis G., Wesen und Struktur der Botschaft Maleachis, in **Das ferne und nahe Wort**, Festschrift L. Rost, BZAW 105, Walter de Gruyter, Verlag Alfred Töpelmann, Berlin, 1967, 229-237.

Weiser A., **Einleitung in das Alte Testament**, Vandenhoeck und Ruprecht in Göttingen, 6. verbesserte Auflage, 1966.

Wendland E., Linear and concentric patterns in Malachi, **The Bible Translator**, 36/1 (1985), 108-121.

Westermann C., **Basic Forms of Prophetic Speech**, Westminster Press, Philadelphia, 1967.

Wolmarans H.P., Wat sê Maleagi van Egskeiding, **HTS** 22 (4), 46-47.

Würthwein E., **Der Text des Alten Testaments**, Wurthtembergische Bibelanstalt, Stuttgart, 1973.

Zenger E., Ein Beispiel exegetischer Methoden aus dem Alten Testament in Schreiner J., **Einführung in die Methoden der Biblischen Exegese**, Echter Verlag Würzburg, 1971, 97-148.

Zimmerli W., **Grundriss der Alttestamentlichen Theologie**, zweite, durchgesehene und erweiterte Auflage, Verlag W. Kohlhammer, Stuttgart, 1975.